



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

***Die gebruik van die pastor pastorum in die
pastorale versorging van die predikante
van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.***

deur

Frank Terence Cooke.

***Voorgelê ter vervulling van die vereistes
vir die graad DD in die Fakulteit Teologie
aan die Universiteit van Pretoria.***

Promotor: Prof. M. Nel.

Augustus 2007.

Die gebruik van die pastor pastorum in die pastorale versorging van die predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Deur

Frank Terence Cooke.

Voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad DD in die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Pretoria.

Promotor: Prof. M. Nel.

Augustus 2007.

Voorwoord.

Aan my studieleier, prof. Malan Nel, vir sy aandag en tyd. Ook vir die feit dat hy getrou aan sy belofte met ons eerste ontmoeting, tot aan die einde as my "opponent" opgetree het en daardeur my aandag telkens nie net op probleme nie, maar ook op moontlikhede gevestig het.

Die skrywer wil graag erkenning gee aan 'n gewaardeerde vriend, wyle dr Mike van Tonder wat op 8 Augustus 2005 in 'n motorongeluk gesterf het vir sy bydrae tot die denkpatroon agter die studie. Ook aan die ander lede van die Algemene Kommissie vir Predikantebediening van die NG Kerk wat op een of ander wyse die denke beïnvloed het.

Die departement statistiek aan UP en in die besonder dr Mike van der Linde en mev. H.F. Strydom vir hulle hulp met die empiriese navorsing.

Die biblioteek aan UP was van besondere diens en het geen moeite ontsien om tot diens te wees nie. Hier moet die name van mevv. Thea Heckroodt en Retha Kruidenier in die besonder vermeld word.

Verskeie persone verbonde aan die Noordwes Universiteit in Potchefstroom het waardevolle bydraes gelewer in die voltooiing van die studie. Ds. Gert Kruger het die studie taalkundig versorg en baie meer as net taalkundig tot die eindresultaat bygedra. Mev. Alta Enslin het die grafiese werk gedoen en mev. Hettie Sieberhagen, was verantwoordelik vir die vertaling van die opsomming.

Aan my gesin vir hulle begrip en bystand oor die tydperk van die studie. Woorde kan nie die dankbaarheid wat mens teenoor jou gesin het uitdruk nie. In die besonder dankie aan Conrad wat dikwels vir sy pa goed moes aflewer en biblioteek toe gaan.

Alhoewel die gevaar bestaan dat dit 'n geykte wyse van afsluiting is, kan ek nie anders as om my hemelse Vader te bedank vir sy seënende teenwoordigheid in my lewe die afgelope ses jaar wat ek met die studie besig was nie.

Soli Deo Gloria.

Summary.

This study was undertaken around the following problem statement:

As a result of erratic pastoral care for the ministers' corps of the Dutch Reformed Church (DRC) by the denomination, ministers are often left to their own resources (to fend for themselves?) and consequently experience solitude. Because of developments in society and the church, they exist and function more and more on the periphery of the lives of people and of society. With some ministers, this results in an alienation from their calling and uncertainty about how this calling should be realised in specific circumstances and contexts.

From this, the following research hypothesis was formulated:

When the DRC appoints *pastors pastorum* as an essential component of a **comprehensive and holistic approach** to the **pastoral care** of the **minister**, ministers will fulfil their calling with renewed self-confidence, improved competence and greater authority.

This study was approached from the methodological question: *Who does what, regarding who, how, where, when, why?*

The DRC functions according to the presbyterial synodal system of church government. Each pastor and congregation is, although self-reliant, also part of the DRC and the Church of Christ in general. The presbyterial synodal church government system is not the only way in which the church can be managed and is also not infallible. The weaknesses in the system have a negative effect especially on pastors who have attained an exceptionally important position in the system. The system of corporate episcopacy is inadequate in current circumstances.

Concerning episcopacy.

The service of episcopacy is scripturally defined, but the nature thereof depends on place, time and circumstances. In churches with an episcopal character, the episcopacy are the function of the bishop and possess an individual character.

A general consensus exists that episcopacy can be executed in a synodal-collegial manner, OR in an episcopal-personal manner. It is not necessary to apply the service in the figure of the bishop exclusively. It is essential to supplement the system of corporate episcopacy in the DRC with a system of personal episcopacy. The function of episcopacy must be applied to all levels of church life.

Concerning the pastor.

The term pastor is preferred to that of minister or preacher. No definition is given for a pastor, but the profile of the pastor is described in terms of the triangle: person, office and profession. The *calling* of the pastor is considered to be fundamental to this triangle.

The pastoral care of pastors comprises the totality of activities provided by the entire church in order to, by means of a personal episcopo (thus officially), communicate the gospel to the pastor in all facets of his humanity and, by utilizing all possible aids, to enable the pastor to fulfill his calling with renewed self-confidence (security of identity), authority (security of office) and competence (security of profession).

On the strength of this description, the following responsibility is assigned to each church assembly in the process of pastoral care of pastors:

The synod functions on the level of profession and office with favourable results on the personal level of the pastor.

The circuit functions on the level of mutual care among pastors.

The church council and congregation function on the level of the general priesthood of believers.

The pastor pastorum

The ministry of the pastor pastorum should be founded upon the metaphor of the shepherd. To be able to use this nowadays, the metaphor should be deconstructed first in order to look past the various romantic portrayals thereof. Then it has to be reconstructed in order to be applicable to current circumstances. The position and profile of the pastor pastorum is pointed out. Special attention is paid to the pastor pastorum as shepherd and as person who should be able to think systemically.

Empirical research

The empirical investigation attempts to connect the *who* and the *what* to the *where* and the *when*.

1. The empirical investigation confirms the supposition that a need exists for pastoral care among pastors.
2. The pastor prefers to be pastorally cared for by the church.
3. For the pastor, the receiver of the pastoral care, it is not really important which church assembly the care emanates (comes?) from. Care from a major assembly which is removed further than the regional synod from the pastor, would, however, not be effective.
4. It seems that lack of a vision on the whole is a serious problem, especially in churches from the reformed tradition.
5. Solutions concerning pastoral care of pastors should be directed towards the person of the pastor as well as towards the structure in which the pastor works.

The church can and must learn from other church traditions.



Inhoudsopgawe.

Voorwoord.....	2
Summary.....	3
Inhoudsopgawe.....	5
1. Verantwoording.....	9
1.1. Die predikant, 'n belangrike persoon.....	9
1.2 Die predikantekorps is in die moeilikheid.....	9
1.3 Stres onder predikante is 'n feit.....	10
1.3.1 Oorsake van stres onder predikante.....	10
1.3.1.1 Intrapersoonlike oorsake.....	10
1.3.1.2 Interpersoonlike oorsake.....	11
1.3.1.3 Rolverwante stres.....	11
1.3.1.4 Gemeenteverwante stres.....	11
1.3.1.5 Stres en verandering.....	11
1.4 Uitbranding.....	12
1.5 Oorsake van die probleem.....	13
1.5.1 Alleenheid.....	13
1.5.2 Onsekerheid oor die presiese aard van die predikant se roeping.....	16
1.6 Probleemstelling.....	18
1.7 'n Prakties-Teologiese Studie.....	18
1.7.1 Metodologie.....	18
1.7.2 Hipotese.....	20
1.7.2.1 Wie doen wat? Wie is die akteur?.....	20
1.7.2.2 Ten opsigte van wie tree die kerkverband op? Die kerkverband versorg sy geestelike leiers (predikante) pastoraal.....	21
1.7.2.3 Hoe doen die kerkverband dit?.....	21
1.7.2.4 'n Pastorale studie.....	21
1.7.2.5 Waarom doen die kerkverband dit?.....	23
1.7.2.6 Wanneer doen die kerkverband dit?.....	23
1.7.2.7 Beoogde uitkomst.....	23
1.8 Beperking.....	24
2. Die Pastor.....	26
2.1. 'n Definisie?.....	27
2.2. Dominee of pastor?.....	29
2.3. Geskiedenis van die pastor.....	29
2.3.1 Die predikant in Nederland.....	29
2.3.2 Die predikant in Suid-Afrika.....	31
2.4. Profiel van 'n pastor.....	33
2.4.1 Die identiteit van die pastor.....	34
2.4.2 'n Pastor is 'n geroepene.....	35



2.4.2.1 Geen algemene roepingservaring.	36
2.4.2.2 Geen roeping tot prediking alleen nie.	37
2.4.2.3 Geen ongetoetste roeping nie.	37
2.4.2.4 Roeping en weerstand gaan hand aan hand.	37
2.4.2.5 Geen lewenslange roeping in absolute sin nie	38
2.4.2.6 Wat roeping wel is.	40
2.4.2.7 Die verskil tussen roeping en beroep.	42
2.4.2.8 Is die pastor se roeping anders as die roeping van ander mense?	43
2.4.2.9 Die menslike kant van die roeping.	46
2.4.2.10 Keuring.	52
2.4.3 Geskiktheid/persoon.	54
2.4.3.1 Selfaanvaarding.	55
2.4.3.2 Introspeksie.	57
2.4.3.3 'n Deurleefde spiritualiteit.	58
2.4.3.4 Die persoon van die pastor word al hoe belangriker.	59
2.4.3.5 Samevatting.	61
2.4.4 Beroep/bekwaamheid.	62
2.4.4.1 Samevatting.	64
2.4.5 Die kompetensies/bekwaamhede van die pastor.	64
2.4.6 Opmerkings	68
2.4.7 Bevoegdheid/amp.	68
2.4.7.1 Verandering in die ampsrol van die pastor.	72
2.5. Die toekoms van die pastor.	75
2.6. Samevatting.	78
3. Die verantwoordelikheid van die kerkverband in die pastorale versorging van die pastor.	80
3.1 Inleiding.	80
3.2 Die Kerkverband.	81
3.2.1 Die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel.	82
3.2.1.1 Kenmerke van die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel.	82
3.2.1.2 Swakhede van die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel.	82
3.2.1.3 Samevatting.	85
3.2.2 Die episkopaalse stelsel.	86
3.2.3.1 Wat is 'n biskop?	86
3.2.3.2 Waarom het sekere kerke biskoppe?	87
3.2.3.3 Waarom het die kerke van die Reformasie nie biskoppe nie?	88
3.2.3.4 Wat het die gereformeerde kerke verloor deur nie meer van die biskop gebruik te maak nie?	89
3.2.3 Vertoon die NG Kerk nie tog ook elemente wat ooreenstem met die episkopaalse stelsel nie?	91
3.3 Die onderskeid tussen episkopus en episkope.	93
3.3.1 Episkope altyd in die gestalte van 'n episkopus?	93
3.3.2 'n Protestantse siening van episkope.	94



3.3.2.1 Metodiste Kerk.....	94
3.3.2.2 Skotse Baptiste.	96
3.3.2.3 “Theses on Episkope and Episcopacy”.....	97
3.3.3 Indien nie episkopaals nie, dan wel deur ’n individu?	99
3.4 Is daar plek vir ’n biskoplike figuur in kerke van die gereformeerde tradisie ?.....	101
3.4.1 Die aantal ampte in die kerk.....	101
3.4.2 Is die pastorale versorging van pastors ampsdiens of is dit die taak van die algemene priesterskap van die gelowiges?	103
3.4.3 Verskillende standpunte oor die moontlikheid van ’n biskop in ’n gereformeerde kerk.....	104
3.5 Samevatting en gevolgtrekkings.	109
4. Pastoraat en Pastor Pastorum.	111
4.1 Inleiding.....	111
4.2 Pastoraat.....	111
4.2.1 Pastoraat, ’n omskrywing.....	111
4.2.1.1 Sielsorg en pastoraat.	112
4.2.1.3 Geen omvattende omskrywing nie.....	112
4.3 Die pastorale versorging van die pastor.....	113
4.3.1 Bespreking van omskrywing.	113
4.3.1.1 “ ... totale kompleks...”	113
4.3.1.2 “... van die hele kerk...”	113
4.3.1.3 “... om deur middel van ’n persoonlike episkope (dus amptelik) ...”	114
4.3.1.4 “... en op herderlike wyse ...”	114
4.3.1.5 “... die evangelie aan die pastor te kommunikeer ...”	114
4.3.1.6 “... in al die fasette van sy menswees ...”	117
4.3.1.7 “... met die gebruik van alle moontlike hulpmiddels ...”	119
4.3.1.8 “... om die pastor van die groot ontferming van God te verseker (Rom 12:1, 2 Kor 4:1) ...”	122
4.3.1.9 “... om met nuwe selfvertroue (identiteitsekerheid), gesag (ampsekerheid) en kompetensie (beroepsekerheid) sy roeping uit te leef”	122
4.4 Die rol van die verskillende kerkvergaderings in die pastorale versorging van pastors.....	122
4.4.1 Sinode	123
4.4.2 Ring.....	126
4.4.3 Die kerkraad.	129
4.4.4 Selfsorg.....	131
4.5 Die pastor pastorum.	132
4.5.1 Eienskappe van die pastor pastorum.	133
4.5.2 Die funksionering van die pastor pastorum.	135
4.5.2.1 Die pastor pastorum as herder.	135
4.5.2.2 Implikasies van die herdermetafoor vir die pastor pastorum.	138



4.5.2.3 Die pastor pastorum as sisteemdenker.....	145
4.6 Samevatting.....	160
5. Empiriese Onderzoek.....	161
5. Empiriese Onderzoek.....	161
5.1 Werkswyse.....	162
5.2 Resultate.....	162
5.3 Ander empiriese navorsing rondom die pastor.....	174
5.3.1 Die belewenis van die kerkverband deur die pastor.....	174
5.3.1 ONDERSTEUNING VAN EN HULPVERLENING AAN DIE PASTOR.	175
6. Die wyse waarop die kerk haar pastors bestuur.	179
6.1 Inleiding.....	179
6.2 Die kerkorde.....	179
6.2.1 Opmerkings.....	179
6.2.2 Die toepassing van die kerkorde.	183
6.2.3 Gevolgtrekkings.....	187
6.3 Besluite van die Algemene Sinode.....	187
6.3.1 Opmerkings.....	189
6.4 Prosesse in die verskillende sinodes rondom die versorging van pastors.....	190
6.4.1 Die eenheid waarbinne die pastor versorg moet word.	193
6.4.2 Die rol van die sinode in die versorging van pastors.....	193
6.4.3 Die noodsaaklikheid vir 'n pastor om van werkkring te verander.	194
6.4.4 Onderlinge sorg tussen pastors.....	194
6.4.5 Koste.....	194
6.4.6 'n Verbintenis van die hele kerkverband tot die saak.....	195
6.4.7 'n Holistiese/omvattende benadering is nodig vir die versorging en begeleiding van pastors.	195
6.4.8 'n Gesentraliseerde of gedesentraliseerde benadering?.....	196
6.4.9 Die A-Z Handleiding.....	199
6.4.10 Samevatting.....	200
7. Afsluiting.	201
7.1 Samevatting.....	201
7.2 Gevolgtrekkings.....	208
7.3 Implikasies van die studie.....	209
Bylaag 1. VRAELYS AAN PREDIKANTE	211
Bylaag 2: VRAELYS AAN LEIERGROEP.	215
Bylaag 3: Resultate van empiriese navorsing.	219
Bylaag 4. Voorveronderstellings aangaande Die Woord.....	233
Bronnelys.	235

1. Verantwoording.

1.1. Die predikant, 'n belangrike persoon.

Hoe vreemd die proklamasie van God se plan
Die engele wat dit met groot élan
Kon doen, moet eenkant staan vir Sy
metode van die waarheid plus 'n man (De Villiers 1972:15)

"Maar as een of ander mensie uit die stof opstaan en in die Naam van God spreek, dan betoon ons ons eerbied vir die Here as ons ons graag deur sy dienaar laat leer, hoewel hy in geen opsig ons meerdere is nie. Hy leer ons om die skat te waardeer en nie op die draer daarvan te let nie" (Calvyn in Sizoo sj:deel 3:55).

'Een dominee word geroepen om het hoge Woord te vertolken, maar beseft ook zelf niet meer te zijn dan een mensje uit het stof verresen. Dat maakt dit werk tot een waagstuk." (Heitink 2002:14.)

2 Kor 4:7 *Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.*

Hierdie drie aanhalings toon duidelik die belang aan van die amp van die predikant, asook die teenstellings wat daar in hierdie amp bestaan. Aan die een kant: die verhewenheid om met gesag in die Naam van die Here te kan praat en 'n besondere plek in God se raadsplan te kan inneem, om 'n skat in jou persoon te kan dra en, aan die ander kant: die onbelangrikheid, die breekbaarheid en die doelbewuste op die agtergrond skuif van die persoon van die predikant.

1.2 Die predikantekorps is in die moeilikheid

Hierdie situasie van *aan die een kant baie belangrik te wees* en aan die ander kant *doelbewus op die agtergrond te verdwyn*, skep in sigself spanning. Dit moet as 'n gegewe aanvaar word dat die predikant altyd in spanning sal verkeer in die uitleef van sy roeping. Daarby is die amp van predikant een wat in die geskiedenis gewortel is en daarom een wat by talle historiese en kulturele omstandighede moes aanpas (Heitink 2002:5). Dat predikante hierdie spanning ervaar, blyk duidelik uit verslae en navorsing wat wêreldwyd gedoen word. Mens sou kon aanvoer dat die predikantekorps in 'n krisis verkeer. Heitink (2002:255) praat van "*een overbodig beroep*". Hierdie krisis, en wat daaraan gedoen kan en behoort te word, is die motief vir hierdie studie. In die proses word daar eerstens gekyk na die formulering van die probleem. Daar word begin deur die oppervlaktestruktuur van die probleem te beskryf en van daar af te beweeg na die oorsake van die probleem.

1.3 Stres onder predikante is 'n feit

Met oppervlaktestruktuur word bedoel: dit wat waargeneem word as predikante se gedrag dopgehou word en na hulle uitlatings geluister word. Wanneer na predikante en ook na hulle gesinne gekyk en geluister word, is dit duidelik dat spanning en stres baie by predikante voorkom. Dit is 'n verskynsel wat nie beperk is tot die NG Kerk, of predikante in die sogenaamde hoofstroomkerke, of selfs tot die kerk in Suid-Afrika nie. In Nederland (<http://www.kerkweborg.nl> 2000) is 'n studie onder 'n groep van 275 predikante gedoen. Van die groep was 29 vrouens. Binne vyf jaar het 15 die bediening verlaat en in die volgende vyf jaar het nog 10 hulle gevolg. Onder die mans het die grootste uitvalgroep in die derde vyfjaarperiode voorgekom. Die meeste gee probleme op as oorsaak vir diensverlating. Die tweede meeste voer 'n behoefte aan variasie en spesialisasie aan. Krakower (2007) toon aan dat die lewenspad vol slaggate is en dat diegene wat lede is van godsdienstige instellings die luuksheid het van 'n voltydse geestelike leier, sielkundige gids en lewensnavigator. Wie sien egter om na laasgenoemde as hulle in daardie slaggate val? Dikwels is die mense wat dit die nodigste het diegene wat dit die minste ontvang en dit is die predikant. In Australië (Mark 2002) het navorsing getoon dat 53% van predikante dit oorweeg om die bediening te verlaat, omdat die druk te groot is. Sowat 38% is oorweldig deur die kompleksiteit van die bediening en die omvang van eise om pastorale versorging wat hulle elke dag in die oë moet kyk.

In Suid-Afrika is die situasie nie veel anders nie. Die kerk se mediese skema, Bestmed het in die eerste sewe maande van 2002, R1168 000 aan antidepressante uitbetaal wat 3816 voorskrifte verteenwoordig.

1.3.1 Oorsake van stres onder predikante.

Die literatuur bied baie stof oor die redes vir die krisis waarin die lede van die predikantekorps hulle bevind. Pappas (1995:9) onderskei die oorsake van stres onder predikante as intrapersoonlik, interpersoonlik, rolverwant, gemeenteverwant en 'n veranderende omgewing. In latere hoofstukke word gebruik gemaak word van hierdie gegewens, maar vir die vasstelling van die kern van die probleem en die vorming van 'n navorsingshipotese, word dit hier slegs aangedui.

1.3.1.1 Intrapersoonlike oorsake

Onder hierdie hoof noem Pappas (1995:18):

Dissonansie: dit wat nie sin maak nie.

Weerstand: Psigologiese of administratiewe voetesleep in wat gesien word as 'n groot tree vorentoe. Kenmerkend hiervan is die huidige debatte in die kerk oor kerkhereniging en die debat oor homoseksualiteit. Op die 2006 sinode van Wes-Transvaal het meer as een spreker dit beklemtoon dat daar in die baie tyd wat aan beide sake spandeer is, niks nuut na vore gekom het nie, en dat steeds niksseggende besluite geneem word.

Oorskakeling: die proses om emosionele energie nie te verplaas na die situasie wat dit veroorsaak het nie, maar na 'n ander, veiliger situasie.

Angs: dit wat ontstaan uit 'n waargenome bedreiging van verwagtings en begeertes.

Drome: Hieronder verstaan Pappas(1995:22) dit waarvoor die bewuste nie kans sien nie.

1.3.1.2 Interpersoonlike oorsake

Interpersoonlike verhoudings is dit waaroor die predikant se werk gaan. Vir ander mense is dit net 'n deel van hulle werk. Interpersoonlike stres vorm patrone. Pappas (1995:31) beskryf dit as stilisties, temperamenteel, transaksioneel, offensief/patologies en motiveringsgebaseerd.

1.3.1.3 Rolverwante stres

Daar moet ooreenstemming wees tussen die predikant as mens en die predikant in sy beroep. Die stres ontstaan as die gemeente 'n bepaalde verwagting van hulle predikant het en hy wil iets anders wees. Daar ontstaan ook stres as die gemeente en predikant dieselfde verwagting het, maar die predikant is ontoereikend in die uitleef van die verwagting. 'n Verdere manier waarop stres ontstaan is wanneer die predikant en die gemeente dieselfde verwagting het maar dit word oneffektief uitgeleef (Pappas 1995:61). Bisschoff en Schoeman (2000:43) kom tot die slotsom dat leraars se selfverstaan van hulle roeping en verwagtinge wat by lidmate heers, op 'n manier met mekaar versoen moet word en dat daar 'n voortdurende heroriëntering moet plaasvind sodat lidmate veilig kan voel en saam kan ontwikkel. Hierdie versoening behoort só te geskied dat lidmaat en predikant saam veilig kan voel en ontwikkel.

1.3.1.4 Gemeenteverwante stres

In die gemeente veroorsaak die volgende faktore stres by predikante (Pappas 1995:77):

Patrone van mag en kommunikasie. Dit gebeur veral as die gemeente een patroon in gedagte het en die predikant 'n ander.

Die grootte van 'n gemeente dra by tot die stresvlak van die predikant. Klein gemeentes sukkel om te oorleef en te groot gemeentes is moeilik om te beheer.

Gemeentelike kultuur speel ook 'n rol in die stresvlak van die predikant. Die kultuur van die gemeente is moeilik om te definieer. Dit is baie soos die lug wat mens inasem. Dit is daar, maar mens sien dit nie. Dit sluit in dinge soos oormatige betrokkenheid by mekaar of min of geen betrokkenheid. Die geskiedenis van die gemeente speel ook in hierdie verband 'n rol. Die rol van die politiek en konteks in die laaste dekades van die vorige eeu het 'n beduidende rol gespeel in die lewe van veral gemeentes op die platteland.

1.3.1.5 Stres en verandering

Dit blyk meermale dat sosiale omstandighede 'n groot invloed op die kerk uitoefen. Die verandering wat in Suid-Afrika plaasgevind het sedert 1994 en die veranderende rol wat die kerk in die samelewing speel, is beslis een van die stressors van die predikant.



1.4 Uitbranding.

Uitbranding is die tweede baie sigbare saak by predikante en is baie nou verwant aan stres. Uitbranding is die gevolg van chroniese stres wanneer 'n persoon, soos 'n predikant, sy kapasiteit om te luister en om te gee oorskry (Oswald 1998:58). Uitbranding lei tot fisiese en emosionele uitputting, sinisme, ontnugtering en selfdepresiasie. Swart (2001:94) het die volgende oor uitbranding by predikante gevind: 'n Verskeidenheid faktore dra by tot predikante se uitbranding; onder andere die sosiale konteks van die gemeente, persoonlikheid van die predikant, kwalitatiewe en kwantitatiewe werksoorlading, tyddruk, onvoldoende persoonlike-, interpersoonlike- en bestuursvaardighede, onduidelike rolbeskrywings en rolverwagting, min terugvoer en sigbare resultate, min skeiding tussen werk-private- en familielewe, min kontrole, beheer, outonomie, deelname in en seggenskap oor besluite, lae mobiliteit, min geleenthede vir rus en ontspanning, asook eise wat bestaande hulpbronne en ondersteuning oorskry. Hierdie aspekte dra by tot uitbranding en die negatiewe effek daarvan op predikante se welsyn en die kwaliteit van werk wat hulle lewer. Dit het 'n direkte impak op die mense met wie hulle in gemeentes werk.

'n Enkele opmerking oor die lae mobiliteit moet gemaak word. Die jongste beskikbare gegewens in die NG Kerk kom voor in Bisschoff en Schoeman (2000 en 2003). Die opname toon dat 41% van leraars in die kerk langer as 10 jaar in hulle huidige gemeentes is, terwyl meeste aandui dat 10 jaar die maksimum tydperk is wat 'n leraar in 'n gemeente behoort te wees. Dit korrespondeer met Swart (2001:95) se bevinding dat 'n gebrek aan horisontale mobiliteit 'n groot bydraende faktor tot uitbranding by predikante is. Die beroepe het eenvoudig opgedroog en predikante wat op topskaal of daar naby vergoed word, is doodeenvoudig nie meer in die mark as dit kom by beroepe nie. Dit kos 'n gemeente in 2003 tussen R250 000 en R270 000 om 'n predikant op topskaal te besoldig. Dit is egter nie net horisontale mobiliteit wat problematies is nie. In die geval van die predikant is daar geen vertikale mobiliteit nie. In dié verband merk Pienaar (1996) op: "Prinsipiële beoordeel gaan dit in die predikantsamp nie om bevordering nie en behoort status nie belangrik te wees nie. Die antwoorde wat die predikant in sy midlewe op bogenoemde vrae gee, klink meesal anders as byvoorbeeld die antwoorde van die sekulêre bestuurder in sy midlewe. By die predikant bring 'n toename in ervaring en 'n horisontale verskuiwing (verhuising van een gemeente na 'n ander) nie 'n vertikale verandering (toename in status) teweeg nie. Dit beteken dat die predikant in hierdie opsig anders is as enige van die professionele beroepe."

Stres en uitbranding is aangedui as die waarneembare van die problematiek van die predikantekorps, maar dit is slegs die simptome van die problematiek. Wat veral deur Pappas (1995:77) hierbo aangetoon is as oorsake van stres, gaan wel effens onder die oppervlak van die verskynsel in, maar kan gesien word as net 'n goeie beskrywing van die verskynsel by predikante. Om by die kern van die predikant se problematiek uit te kom, moet die dieptestruktuur van hierdie simptome ook in aanmerking geneem word.

1.5 Oorsake van die probleem.

Bostaande paragraawe het almal te doen met die oppervlaktestruktuur van die problematiek van die predikant, met ander woorde: dit is die simptome van die siekte. Wanneer onder die oppervlakstruktuur van die predikant se problematiek gesoek word na die oorsake van stres en uitbranding, is dit duidelik dat die problematiek ingewikkeld is en baie fasette het. Die volgende twee aspekte: alleenheid en roepingsonsekerheid, vat die oorsake goed saam en dit is waarop gefokus gaan word. Wanneer daar dan gevra word na die oorsake van alleenheid en roepingsonsekerheid, dan is dit duidelik dat mens te doen het met die aanvraag wat aanbod oorskry (McCormick & Davenport 2003:92; Willimon 1989:31). Vir die grootste gedeelte van die studie gaan daar op die alleenheid en roepingsonsekerheid gefokus word en in die gedeelte oor die pastor pastorum na die verhoging van die predikant se kapasiteit of aanbod.

1.5.1 Alleenheid

Wanneer alleenheid as oorsaak van stres en uitbranding by predikante aangedui word, moet eerstens omskryf word wat met alleenheid bedoel word. Die skrywer wat die rigting hierin aangewys het, is Henri Nouwen, en veral sy werk *The Wounded Healer*. Nouwen (1972:xv) begin by die vraag: "Wat beteken dit om predikant te wees in ons eietydse samelewing?" Hy probeer die vraag beantwoord deur na vier deure te verwys waardeur hy die probleme van die bediening in ons moderne wêreld probeer verstaan. Die deure is:

- Die toestand van 'n lydende wêreld.
- Die toestand van 'n lydende geslag.
- Die toestand van 'n lydende mens.
- Die toestand van 'n lydende predikant.

Hy kyk eers na wat in die wêreld gebeur voordat Hy na die predikant beweeg. Dan beskryf hy die toestand van die wêreld as die probleem van die *kernmens*. Dit is die *mens* wat daarvan bewus is dat dieselfde magte wat hom in staat stel om nuwe leefstyle te skep, ook die potensiaal van selfvernietiging in hom dra. Vir só 'n mens bring die toekoms nie nuwe gevare nie, want daar is dalk nie 'n toekoms nie. Hierdie mens leef in **historiese dislokasie**. Sy band met sy geskiedenis is verbreek en hy is soos 'n boog sonder snaar – betekenisloos. Die kernmens is **ideologies gefragmenteer**. Hy is aan soveel verskillende idees blootgestel dat hy hom nie aan een idee of konsep kan verbind nie en die kernmens soek na 'n **nuwe onsterflikheid**. Wanneer die mens nie verder as sy eie dood kan kyk nie, verloor hy sy kreatiwiteit. Die kernmens kom nie verder as sy eie beperkinge nie.

Wanneer die toestand van die lydende geslag ondersoek word, gee hy die volgende kenmerke van die geslag:

Dit is die **na-binne-gekeerde geslag**. Daar is niks daar buite of daar bo nie. Daarom soek die mens na iets sinvol binne in homself. Indien dit positief ontwikkel, kan dit die mens transformeer.

Dit is ook die **geslag sonder vaders**. Hulle het ouers maar nie vaders nie, want enige iemand met gesag word met agterdog bejeën. Die tirannie van gesagsfigure



word vervang deur die tirannie van die portuurgroep. Dit bring 'n skuif vanaf 'n skuld-kultuur, na 'n skandekultuur.

Die derde kenmerk van die lydende geslag is dat dit 'n **krampagtige geslag** is. Hierdie geslag is bewus daarvan, dat dit nie behoort te wees soos dit nou is nie. Hulle is op soek na visie en hoop.

Hierdie geslag het predikante nodig wat die innerlike kan **artikuleer**, wat **medelye** het en wat **kontemplatief** (nadenkend) is.

Die toestand van die lydende mens is soos iemand wat bang is vir die dood én bang is om te lewe, omdat hulle niemand het wat vir hulle wag nie. Die lydendemens het geestelike leiers nodig wat **persoonlik omgee**, wat **geloof in waarde en betekenis van die lewe het**, en wat **hoop** het.

Nouwen gaan dan voort om te beskryf dat die predikant die gewonde geneser is, hy moet na sy eie wonde omsien en die van ander gesond maak. Die wonde van die predikant beskryf hy as **alleenheid** (Nouwen 1990:83-87), **persoonlike alleenheid en professionele alleenheid**. Persoonlike alleenheid word beskryf as die pynlikste van menslike wonde. Die mens raak al meer geïsoleer en soek al meer daarna om daarvan te ontsnap. Die predikant moet dit egter as 'n kosbare geskenk sien en dit bewaar. Sy alleenheid openbaar aan hom 'n innerlike leegheid wat vernietigend kan wees as dit verkeerd verstaan word, maar baie belofte inhou as dit verdra kan word. Dit leer die predikant om nie te veel verwagtings van die wêreld te koester nie en as die predikant sy eie alleenheid kan aanvaar, kan hy 'n diens bied aan die naaste wat nie sy eie lyding verstaan nie. Professionele alleenheid is om op die periferie van mense se lewens te staan en te beleef dat jou impak op ander mense verminder. Die predikant wat so graag die sentrum van ander mense se lewens wil aanraak en verander, staan tevergeefs op die kant en wag vir toelating. Daarby beoefen die predikant sy beroep as professionele persoon in isolasie. Die predikante maak feitlik nêrens deel uit van die span van deskundiges wanneer mense se welstand as 'n geheel bespreek word nie. Die belangrike bydrae wat die predikant het om te lewer, word in isolasie gelewer. Wanneer met ander rolspelers in die mediese en hulpwetenskappe in gesprek getree word, word dit allerweë erken dat alle mediese, sosiale en persoonlike probleme ook 'n geestelike dimensie het, tog word die deskundige op daardie gebied feitlik nooit betrek nie.

Die alleenheid van die predikant word in die kerk verder geaksentueer deur die gebrek aan begrip van gemeentes en kerkrade en die afwesigheid van die kerkverband by die predikant.

Nouwen (1990:88) sluit sy boek af deur te wys op die risiko's verbonde aan die wyse, wat hy beskryf, om 'n predikant te wees. Enige persoon wat dit as sy lewensroeping beskou om daaglik daardie risiko's te loop, moet pastoraal versorg word om te voorkom dat hy in die proses ten gronde gaan. Dit is die doel van hierdie studie om 'n bydrae te lewer tot die bewusmaking van die kerkverband vir sy verantwoordelikheid teenoor diegene wat dit oplei en beroep en uitstuur om die evangelie te verkondig. Die verantwoordelikheid eindig nie met die toekenning van ampsbevoegdheid nie. Die kerkverband moet besef dat gelukkige predikante ook

gelukkige gemeentes tot gevolg het. In hierdie verband het die kerkverband 'n onmiskenbare bydrae te lewer.

Ook ander skrywers skryf oor die alleenheid van die predikant. Plomp (1967:28) sny die alleenheid van die predikant aan as hy Dankbaar aanhaal wat stel dat die presbiteriale stelsel die predikant so geïndividualiseer het, dat die stelsel hulle op kritieke punte van kerklike beleid – en in hulle persoonlike lewens – alleen laat.

Jentsch (1989:21) merk op dat hoe meer 'n persoon hulp uitstraal, hoe meer sal so 'n persoon op een of ander wyse eensaam word. Die opmerking is van besondere belang as mens die pastorale uitgangspunt van die studie wat in die volgende afdeling uitgespel gaan word, in aanmerking neem. Die helpende mens (predikant) is gewoonlik deur baie mense omring en dit lei tot baie kontakte met mense. 'n Veelheid van kontakte gaan ongelukkig dikwels gepaard met 'n gebrek aan verhoudings. In hierdie kontakte is die predikant die meeste van die tyd die helper, en bitter min die ontvanger van hulp. Dikwels is die predikant ook nie alles wat hy dink 'n predikant behoort te wees nie. Hy behoort die heilige te wees, maar is dikwels meer walglik as heilig. Jentsch noem dit prestasiestres om altyd te moet voorgee om iets ander te wees as wat die persoon werklik is, en dit rig die predikant ten gronde. Vir die predikant is dit makliker om oor eensaamheid te praat en te preek as om self eensaam te wees.

Cilliers (1996: 82-92) wy 'n hoofstuk aan die vereensaming van die prediker. Die probleem lê volgens hom daarin dat predikers mededelings *oor* die heil maak en nie mededelings *van* die heil nie. Die evangeliese volgorde dat God onvoorwaardelik genade skenk en dat die mens dit onverdiend aanvaar, word omgekeer en die potensiaal en handeling van die godsdienstige mens word voorwaarde vir die genade. Die eerste gevolg van hierdie omkering van genade na verdienste is dat die gesagsbasis verskuif van die Bybelteks na die persoon van die prediker. Cilliers (1996:88) gaan voort om te sê dat geen mens onbepaald kan voortgaan om die volle gesagsbasis te vul nie. Hierdie valse outoriteit lei tot vereensaming by die prediker: "Die eensaamste van almal is egter die geïsoleerde prediker. Hy moet op die kansel verskyn as een wat reeds aan die eise van die Bybelteks voldoen het, wat dít doen wat van die gemeente geëis word."

Nel (2002:77-79) sluit ook aan by Nouwen se gedagte van die gewonde geneser. Hy toon aan dat die gewondheid van predikante(leiers) op verskillende vlakke lê:

Lewensmoeg van al die eise wat aan hulle gestel word.

Huweliksprobleme: Waarheen gaan 'n predikant met syne?

'n Verlies van visie en die vraag of dit sinvol is om aan te gaan met die werk.

Gesinskrisisse: Die ou verhaal van die pastoriekind wat kla dat sy pa nooit by hom of haar uitgekome het nie, want hy was te besig om na God se kinders om te sien.

Intense worsteling met die sonde in sy eie lewe. Indien die worsteling bekend word, word die predikant so maklik deur ander mense afgeskryf. Hy maak die

baie waar opmerking dat deursigtigheid nie iets is wat mens in die kerk maklik kan waag nie.

Wanneer die alleenheid en gewondheid van die predikant pastoraal behandel word, moet die predikant begelei word om die alleenheid te aanvaar vir wat dit werklik is, nie as iets wat vernietigend is nie, maar wat belofte inhou as dit verwerk word. Die verantwoordelikheid van die kerkverband is om die predikant hierin by te staan in die aanvaarding daarvan en ook om te help dat daardie alleenheid nie vernietigend word nie.

1.5.2 Onsekerheid oor die presiese aard van die predikant se roeping

Peterson (1992a:4) gee 'n uiteensetting van wat 'n pastorale roeping is en probeer pastors help om hulle roepingsheiligheid te herwin. Daar is vir hom 'n verskil tussen persoonlike heiligheid en beroepsheiligheid. 'n Opregte skrynwerker is nie verseker van 'n tafel wat se pote ewe lank is nie. Vroom predikante met goeie bedoelings is nie verseker daarvan dat dit hulle beroep sal vorm nie. Dit is moontlik dat persoonlike heiligheid "coexist alongside vocational idolatries" (Peterson 1992a:4).

Hy gaan van die standpunt uit dat die pastor sy werk in baie onvriendelike toestande moet verrig. Dit word begrens deur 'n verbuikersmentaliteit en 'n "*marketing mind-set*". Vir die gemeentelid is die pastor se roeping een waarin die godsdienstige behoeftes van lidmate op aanvraag bevredig word en uit die pastor se oogpunt moet daardie behoeftes so vinnig en effektief moontlik bevredig word.

Geestelike leierskap word volgens hom heeltemal onderbenut, omdat baie meer aktiwiteite gegenereer word deur die leier as wat daar bronne is om die aktiwiteite te ondersteun. Die volume van die godsdienstsbesigheid oorskry die geestelike kapasiteit van die leiers ver. Dit het twee gevolge:

Eerstens vervang die pastor inhoud met beeld, waardeur lidmate tydelik en in goeie tye bevredig word. Die tweede gevolg is bankrotskap wat dikwels geestelik van aard is, maar in baie gemeentes tot fisiese bankrotskap lei.

Op die vraag waarom pastors so swaarkry, antwoord Peterson (1992a:4) dat waar twee of drie in sy Naam vergader is, stel ons 'n kommissie aan om afgode te bou. Ons soek gode waar daar geen gode is nie, sodat ons soos gode kan wees. Peterson is van mening dat die pastorale beroep in Amerika banaal is omdat dit beoefen word volgens die reëls van effektiwiteit en loopbaanbeplanning. Volgens hom is dit afgodery omdat dit 'n roeping van God verruil vir werk wat gemeet en gemanipuleer kan word. Dit het tot gevolg dat predikante hulle werk laat vorm deur die markplek en nie deur hulle heilige roeping nie.

Die belang van Peterson vir hierdie studie is dat hy die vraag na die identiteit van die predikant op die tafel plaas. Wat is 'n predikant nou presies? Dit bring die hele kwessie van roeping en loopbaan na vore. Vrae soos: Het die predikant 'n ander roeping as ander mense? Het die predikant dan nie 'n loopbaan soos enige ander

persoon met bevorderingsmoontlikhede en ander geleenthede nie? Is dit 'n lewenslange roeping, of kan die predikant ook van werk verander? Die aanname van die studie is nie dat predikante roepingloos is nie, maar dat die predikant uit die historiese gefundeerdheid en die kontekstuele bepaaldheid van sy lewe en werk, die roeping in die lig van verandering in omstandighede en lewensfase, telkens opnuut moet herontdek en sy plek in die liggaam van Christus onderskei.

Hierdie studie maak 'n besliste aanname dat die predikant geroep is tot diens in, aan en deur die gemeente. Daardie word nie gepoog om die geroepenheid te probeer bewys nie, maar eerder om die aard daarvan aan te toon; verder dat onsekerheid daaroor tot spanning en oneffektiewe funksionering onder predikante kan lei.

Die problematiek van die predikantekorps is dan eensyds alleenheid en roepingsonsekerheid. Andersyds is die predikantekorps se probleem dat die kerkverband hulle nie voldoende versorg nie.

'n Voornemende predikant meld hom op sy eie aan vir teologiese opleiding en nadat dit deurloop is, word die persoon beroepbaar gestel en bevestig in 'n gemeente. Dan word die predikant in werklikheid ware die hoof uitvoerende amptenaar van 'n onderneming met gemiddeld 958 werknemers (die gemiddelde getal doop en belydende lidmate per gemeente {NGK., 2002c:365}) en 'n begroting van meer as 'n halfmiljoen rand per jaar. Dit moet die predikant bestuur en geestelik versorg sonder enige noemenswaardige steunstelsels vanaf die kant van die kerkverband. Die enigste steunstelsel kom uit die gemeente. Indien dit nie werk nie, moet 'n predikant al die eise van die bediening op sy eie dra en dit is 'n resep vir die ontwikkeling van stres en werksfrustrasie.

Oswald (1998:12) beskryf die predikant se rol as een waarin die predikant die deskundige is op geestelike sake, maar min of geen ondersteuning kry om sy eie geestelike honger te stil nie. Hy is nie beïndruk met die ondersteuning wat predikante kry om fisies en emosioneel/geestelik gesond te bly nie.

In die lig van bogenoemde word dan die volgende probleemstelling geformuleer:

1.6 Probleemstelling.

As gevolg van gebrekkige pastorale versorging van die predikantekorps van die NG Kerk deur die kerkverband, is predikante dikwels op hulleself aangewese en ervaar meermale alleenheid. As gevolg van ontwikkelings in die samelewing en die kerk beweeg hulle ook al meer op die periferie van mense se lewens en die samelewing. Dit het tot gevolg dat daar by predikante 'n vervreemding van hulle roeping bestaan en onsekerheid heers oor hoe hulle daardie roeping in bepaalde omstandighede en in bepaalde kontekste moet uitleef.

1.7 'n Prakties-Teologiese Studie.

1.7.1 Metodologie.

Hierdie is 'n prakties-teologiese studie. Daar is nie eenstemmigheid oor die naam Praktiese Teologie nie. Heyns en Jonker (1977:296) betoog dat die naam Praktiese Teologie te wyd en verwarrend is en dat alle handeling van die kerk daaronder gereken kan word. Hulle verkies ook nie die naam amptelike vakke nie, omdat dit onbewus die klem op die besondere ampte laat val. Hulle kies saam met Kuyper (1909:471) die term diakonologiese vakke. Hier word, sonder om dit verder te beredeneer, gekies vir die term praktiese teologie.

Wanneer dié naam gebruik word, staan twee terme onmiddellik voorop: teorie en praktyk. In die klassieke tyd was **teorie** die mens se antwoord op 'n gegewe wêreldorde, 'n geordende kosmos (Heitink 1993:147). Vandag is teorie 'n manier om 'n deurmekaar wêreld in te rig. Dit is uit dié hoek dat hierdie studie aangepak word. Die teorie van die pastorale begeleiding van predikante kan nie 'n bestaande werklikheid beskryf nie, daarvoor is die saak, in elk geval in die NG Kerk, te nuut. Daar gaan eerder gepoog word om op 'n gefokusde wyse 'n bydrae te lewer tot die inrigting van die werklikheid daarvan.

Onder **praktyk** word verstaan die optrede van groepe en individue in die samelewing – sowel binne as buite die kerk – wat in hulle lewens en samelewing geïnspireer word deur die Christelike tradisie (Heitink 1993:148).

Die groot probleem lê altyd in die verbinding van teorie en praktyk. In dié verband maak Heitink (1993:149) 'n aantal stellings wat hy ook by die Duitse teoloog Greinacher gevind het. Dit word vir hierdie studie met instemming gebruik.

Daar is geen teorie sonder praktyk nie.

Daar is 'n onbewuste, maar nie 'n teorielose praktyk nie. Die praktyk word altyd mede bepaal deur die teorie. Wanneer iemand nie daarvan bewus is nie, verval

daardie persoon in 'n ideologiese praktyk. Die prioriteit van teorie bo praktyk word afgewys. Ook die omgekeerde, die prioriteit van praktyk bo teorie word afgewys. Die verhouding tussen teorie en praktyk word nie bepaal deur volledige skeiding nie, nóg deur identifikasie van beide, maar deur 'n bipolêre spanningseenheid. Dit beteken dat teorie altyd deur die praktyk geverifieer en die praktyk deur teorie getransendeer moet word. In eenvoudiger terme beteken dit dat die teorie altyd getoets moet word in die praktyk en die praktyk altyd krities vanuit die teorie beskou moet word.

Vir Heitink (1993:146) bestaan die prakties-teologiese handelingsteorie uit hermeneutiese, empiriese en kritiese aspekte wat aan mekaar verbonde is. Die kritiese aspek word sigbaar in die historiese karakter van wat mense doen en speel af in 'n konkrete werklikheid en word verwoord deur die vraag: *Wie* doen *wat* in *watter* situasie (Heitink 1993:146).

Die hermeneutiese en empiriese perspektiewe vorm, volgens Heitink (1993:154), tereg die kern van 'n handelingsteorie en moet saam ontwikkel word. Die vraag: *Wie* doen *wat*, word dan uitgebrei en soos volg omskryf: *Wie* doen *wat*, ten opsigte van *wie*, *waar*, *wanneer*, *waarom* en *hoe*?

Hierdie vraag verwys na die akteur: *Wie* tree op?

Hier kom ook die aspek by van: *Ten opsigte van wie* tree die akteur op?


Die tipe handeling : *Wat* doen die akteur?

Die modaliteit : *Hoe* doen die akteur dit?

Die konteks: *Waar, wanneer en onder watter omstandighede* doen die akteur dit?

Die rede: *Waarom* tree die akteur op?

Uit hierdie vraagstelling kom Heitink (1993:160) dan by die volgende metodologie vir die praktiese teologie uit:



Figuur 1. Metodologie vir die praktiese teologie

Vir die doel van hierdie studie word Heitink se siening aanvaar en word die studie daarop gebou. Die situasie van die predikant in die bediening wil begryp en

verklaar word. Die uiteindelijke doelwit is om 'n bydrae te lewer tot die verandering/verbetering van die situasie.

Saam met Heitink (1993:151) word die vertrekpunt vanuit die praktyk geneem en vanuit die teorie deurdink. Dit is reeds gedoen met die probleemstelling waar die problematiek van die predikantekorps vanuit die praktyk, en nie vanuit die teorie nie, benader is. In die NG Kerk is die pastorale begeleiding van predikante in sy kinderskoene. Soos aangetoon is daar nie so iets soos 'n teorielose praktyk nie. Die studie ondersoek die teorie wat ten grondslag lê van die huidige praktyk, daardie praktyk word krities beskou en dan word gepoog om 'n nuwe teorie daar te stel wat dan weer in die praktyk geverifieer moet word. Aangesien 'n prioriteit van praktyk bo teorie en omgekeerd afgewys is, beweeg die studie tussen teorie en praktyk. Dit bring die studie by die punt van die formulering van 'n navorsingshipotese.

1.7.2 Hipotese.

Die navorsingshipotese word soos volg geformuleer:

Wanneer die **kerkverband pastors pastorum** aanstel as 'n **noodsaaklike** onderdeel van 'n **omvattende benadering** tot die **pastorale versorging** van die **predikant**, sal predikante met nuwe selfvertroue, meer kompetensie en groter gesag hulle roeping uitlewe.

Met hierdie hipotese en met die gekose metodologie en vraagstelling, word die studie soos volg aangepak rondom die vraagstelling "Wie doen wat, ten opsigte van wie, waar, wanneer, waarom en hoe?"

1.7.2.1 Wie doen wat? Wie is die akteur?

Die Kerkverband tree op.

Kerke met dieselfde belydenisgrondslag word vir bepaalde doeleindes saamgesnoer en aan mekaar verbind. Die band wat op hierdie manier tot stand kom, staan bekend as die kerkverband (Kleynhans 1985:13). Die manier waarop hierdie verband uitgedruk word, behoort nie tot die wese van die kerk nie, maar dien die welwese van die kerk (Kleynhans 1985:8). Die opleiding van bedienaars van die Woord behoort tot die taak van die kerkverband en, spesifiek in die geval van die NG Kerk, die Algemene Sinode. In praktyk word die taak behartig deur 'n kuratorium, aangewys deur die streeksinode waar die opleidingsinrigting is. Die funksie van die kuratorium is die finale verantwoordelikheid vir die keuring van, begeleiding van en toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van alle teologiese studente binne sy sinodale gebied.

In hierdie studie word die verantwoordelikheid van die kerkverband teenoor predikante wat na legitimasie en ordening tot die bediening toegelaat is, ondersoek en bepaal. Daar is meer in die kerk as bloot die kerkverband; die algemene priesterskap van die gelowiges is ook in die saak van groot belang. Maar in hierdie

studie word gefokus op die rol en verantwoordelikheid van die kerkverband. Hoofstuk 3 word daaraan gewy, terwyl die huidige stand van sake in die kerk in hoofstuk 6 as deel van die empiriese ondersoek aan die orde kom.

1.7.2.2 Ten opsigte van wie tree die kerkverband op? Die kerkverband versorg sy geestelike leiers (predikante) pastoraal.

Die studie gaan van die standpunt uit dat die predikant 'n geestelike leier in die gemeente is. Daarmee word nie beweer dat die predikant die enigste geestelike leier in die gemeente is nie en veral nie dat dit wenslik is dat hy dit behoort te wees nie. In die NG Kerk, soos in feitlik alle kerke wat deel uitmaak van die sogenaamde hoofstroom kerke, is dit 'n feit dat die predikant die enigste voltydse en besoldigde amptenaar in diens van die gemeente is wat spesifiek daarvoor opgelei is. Ander amptenare in diens van die gemeente is dikwels ook professionele en opgeleide mense, soos byvoorbeeld die orrelis, of musiekleier in die gemeente. Daardie amptenare is egter nie afhanklik van die gemeente vir die uitvoering van hulle beroep nie. Die meeste van hulle, byvoorbeeld orreliste of musiekleiers, beklee ook ander beroepe.

Die studie gaan ook van die standpunt uit dat die predikant 'n geroepene is. Iemand is 'n predikant omdat hy oortuig is dat die Here hom of haar tot hierdie besondere diens geroep het en nie sommer iemand is wat om een of ander rede besluit het om hierdie loopbaan te volg nie.

Wat die betekenis van die term *roeping* betref, word volstaan met Nel (2001: 99) se omskrywing: "Roeping is 'n roeping tot bediening, in, aan en deur die gemeente." Nel beklemtoon die totaliteit van die bediening en hierdie studie sluit daarby aan. Die roeping word *omskryf*, eerder as *bewys*.

Die studie wil aan die kerkverband en aan die individuele predikant duidelikheid gee oor wat die predikant is. Dit moet die kerkverband help in die bepaling van die sorg wat die predikant ontvang en die individu in staat stel om, met sekerheid oor sy identiteit, sy roeping te vervul (sien 2).

1.7.2.3 Hoe doen die kerkverband dit?

Die kerkverband stel pastors pastorum aan om, as deel van 'n omvattende strategie, die kerk se geestelike leiers pastoraal te versorg (sien 4.5).

1.7.2.4 'n Pastorale studie.

Hierdie is 'n pastorale studie. Alhoewel daar nie 'n enkele hoofstuk is wat spesifiek aan die pastoraat gewy word nie, is die pastoraat, met die moderne rekenaarterminologie in die geheue, altyd op die agtergrond (4.2 en 4.3).

i) Die pastor pastorum.



Wanneer gekyk word na die modaliteit (die hoe) van die vraag "Wie doen wat?" gaan die kwessie van die pastor pastorum aan die orde kom. Die stappe wat die kerkverband neem om predikante pastoraal te versorg, kan nie maar net kits- of noodoplossing wees nie; dan sou die kerk, in die woorde van Heitink (1993:149), in teorieleose praktyk verval. Stappe wat geneem word moet gebore word uit 'n omvattende strategie waardeur predikante van die aanvang van hulle studies af tot in emeritaat, pastoraal begelei en versorg word. Deel van die vraag na die "hoe" gaan die empiriese navorsing insluit, wat ook 'n ontleding en evaluering insluit van wat tans in die kerk gedoen word op die gebied van die pastorale versorging van predikante (sien 5 en 6).

Die belang van die pastor pastorum en die noodsaaklikheid om die toepasbaarheid daarvan binne die kerklike tradisie van die NG Kerk te ondersoek, word duidelik as mens in aanmerking neem dat wanneer hierdie term gebruik word, mens in die episkopale tradisie in beweeg, waar die versorging van die predikant of priester deel is van die verantwoordelikhede van die biskop. Die studie moet dus ook daardie kerklike tradisie in aanmerking neem en verantwoord of dit in ons presbiteriale kerkregeringstelsel kan werk.

Die vraag na die moontlike gebruik van 'n episkopale figuur word behandel (sien 3.4) terwyl die pastor pastorum in 4.5 aan die orde kom. Die spesifieke gebruik daarvan in die NG kerk word dan uiteengesit.

Een van die kernvrae wat in hierdie deel van die studie ondersoek word, is die kwessie van gesag wat in die episkopale tradisie so kenmerkend is, maar waarvoor die gereformeerde tradisie terugdeins, ten minste in so verre as wat een mens gesag oor 'n ander het. Die verslag van die Archbishops Group (Episcopal ministry 1990:vii) begin met die volgende: "*...a bishop must have many and varied qualities; but, above all, the ability to exercise authority as a spiritual leader.*" Indien die kerk die pastor pastorum wil gebruik, sal alle rolspelers in die kerk moet verstaan dat een mens gesag oor ander het, al is dit dan net koninkryksgesag.

Wanneer literatuur van kerke uit die episkopale tradisie nagegaan word, is daar sekere terme wat herhaaldelik voorkom, terme soos "oversight" en "supervision". Dit is veral die gebruik en toepassing van hierdie begrippe wat vir hierdie studie belangrik is en wat nagevors sal word om die bruikbaarheid daarvan binne die Gereformeerde tradisie te bepaal.

Die studie wil nie die amp van die biskop ondersoek nie. Daarvoor is die siening en verstaan van die amp te wyd uiteenlopend. Die aartsbiskop se verslag (Episcopal Ministry 1990:319), vermeld dat die biskop onder andere die volgende is: 'n pastor vir die pastors. Wanneer die verslag dan op punt 3 hierbo uitbrei (Episcopal Ministry 1990:320), word genoem dat die biskop veral predikante en priesters (afhangende van die tradisie waarin iemand staan) moet bedien – veral die wat van hulle verskil – en dat diegene volle geleentheid moet kry om hulle saak te stel om wedersydse

respek en vertroue te bevorder. In hierdie verband is die begrippe *episkopus* en *episkope* veral van belang (sien 3.3).

1.7.2.5 Waarom doen die kerkverband dit?

Die uitkoms van die studie en die implementering van die bevindings het in die oog dat predikante met **nuwe selfaanvaarding, meer kompetensie en groter gesag, veiligheid en vreugde hulle roeping uitlewe.**

Die uitkoms is ook, soos die geheue van 'n rekenaar, voortdurend op die agtergrond aan die werk. Dit is die resultaat van 'n droom wat na jare in die praktyk sigbaar sal word. Die toetsing van die uitkoms moet in die toekoms die onderwerp van 'n studie deur iemand anders moet wees.

1.7.2.6 Wanneer doen die kerkverband dit?

Hierdie vraag is nie die fokuspunt van die studie nie, maar daar word tog sonder bepleit dat aanbeveel dat die kerkverband vanaf aanmelding vir teologiese studie tot in emeritaat pastoraal by predikante betrokke sal wees.

1.7.2.7 Beoogde uitkomst.

Die uitkoms word in 'n paar kernwoorde uitgedruk. Die kernwoorde word ontleen aan die skema (Heitink 2002:179) wat die identiteit van die predikant uitdruk, naamlik: geskiktheid, bekwaamheid en bevoegdheid.

Selfaanvaarding

Die begrip word hanteer onder die *geskiktheid* of *persoon* van die predikant. In selfaanvaarding gaan dit om die erkenning van sowel sterkpunte as swakpunte (hierby moet ook die donker kant van die self ingesluit word) en die vermoë om met daardie eienskappe te kan saamleef.

Kompetensie

Die predikant is in die eerste plek 'n teoloog en die studie pleit deurgaans vir die behoud van deeglike teologiese opleiding. Oor wat die teologiese opleiding aan die pastor moet bied, kan met Van der Ven (1998:110) saamgestem word oor die volgende vereistes:

Kennis: Dit is die vermoë om gestruktureerde inligting narratief en konseptueel te produseer.

Insig: Dit is die vermoë om gestruktureerde inligting narratief en konseptueel te produseer.

Vaardighede: Dit is die vermoë om metodes en tegnieke in konkrete situasies volgens die eise van die werk te gebruik.

Houding: Dit is die affektiewe, evaluerende oriëntasie wat 'n professionele persoon tot sy beskikking het om sy werk op 'n gepaste wyse te doen. Hierdie sake word in hoofstuk 2.4.5 behandel.

Gesag

Hierdie uitkoms het te doen met die bevoegdheid of amp van die predikant. Enige predikant, of hy dit wil weet of nie, het ook 'n roeping tot gesag uit hoofde van die amp wat beklee word (Nel 2001:56). Gesag het te doen met die wettige reg om te beveel en gehoorsaamheid af te dwing, asook om as gevolmagtigde op te tree en invloed te laat geld (Labuschagne en Eksteen 1993).

Enige navorser wat in 'n postmodernistiese tyd daaraan dink om 'n gesagsfiguur in die kerk in te bring, betree 'n mynveld. Nel (2001:55) wys daarop dat die huidige houding teenoor enige vorm van gesag juis spruit uit 'n reaksie teen die gevolge van outoritêre leierskap wat dikwels meer kwaad as goed gedoen het. Hy meld egter dat die gevolge van die reaksie net so noodlottig is as die reaksie self. Daarom gaan hierdie studie daardie mynveld betree in die oortuiging dat vermyding van die probleem meer skade sal doen as om risiko's te neem in die ondersoek daarvan. Die oortuiging is verder dat beide die persoon wat die gesag uitoefen en die persoon op wie gesag uitgeoefen word, onder die gesag van die Woord en die koninkryk staan.

Die studie wil graag 'n meer pastorale inhoud, soos hierbo uiteengesit, aan die rol van die pastor pastorum gee. Indien die pastor pastorum in 'n hulpverlenende diensknegverhouding tot die predikant staan, ontwikkel die potensiaal om as reisgenote in die geloof op weg te gaan op soek na antwoorde op lewensvrae.

Gesag word in hierdie studie op twee wyses hanteer. Eerstens word voorgestel dat 'n figuur met ware kerklike gesag optree en dat die predikant die gesag sal aanvaar. Andersyds moet die predikant begelei word om self gesag te kan uitoefen. Gesag word deurentyd nie in die outoritêre sin van die woord gebruik nie, maar in die intelligente sin daarvan (Hiltner 1958:67).

Indien predikante pastoraal versorg word, sal een van die uitkomstes wees dat hulle onafhanklik en as gevolmagtigdes kan optree.

Die amp kom in hoofstukke 2.4.6 (prinsipiëel) en 3.4 (die toepasbaarheid van die amp van biskop of pastor pastorum) ter sprake.

1.8 Beperking.

Die werk van die predikant behels baie verskillende fasette. Vir 'n perspektief daarop kan die Afdeling "*Maak mijn uren en mijn tyd...*" (Heitink 2002:219-224) gelees word. Dit is onmoontlik om elke aspek van die predikant se lewe en werk te behandel. Daarom word slegs op die predikant gekonsentreer. Belangrike aspekte soos huwelik en gesin word nie behandel nie sonder om die belang daarvan vir die predikant te onderskat of te ontken.

Daar is verder verskeie benaderings tot die versorging van predikante, soos byvoorbeeld 'n mentorstelsel, retraites en geestelike begeleiding. Die studie fokus op


die pastor pastorum, die belang van die ander benaderings word erken, maar word slegs bespreek in soverre dit bydra tot die verstaan van die pastor pastorum.

Die kerklike tradisie is 'n verdere beperking in die studie. Die studie het die versorging van predikante in 'n kerk van gereformeerde tradisie in die oog. Daar word wel van ander tradisies kennis geneem word en gekyk na toepassingsmoontlikhede, maar die ruimte waarbinne die *Wie-doen-wat*-vraag beantwoord word, is die gereformeerde tradisie en dan meer spesifiek die NG Kerk.

Taalgebruik in die studie is inklusief. Wanneer na die predikant verwys word, word beide geslagte bedoel, ook as slegs manlike persoonlike voornaamwoorde gebruik word.

2. Die Pastor.

In die gekose metodiek handel dit oor die vraag: *Wie* doen *wat?*, met die uitbreiding: ten opsigte van *wie*. Die predikant is die persoon ten opsigte van wie die kerkverband moet optree. Daar is aangetoon dat die predikantekorps in die nood verkeer en dat die nood nie genoegsaam aandag geniet nie. In hierdie hoofstuk gaan dit oor die beantwoording van die vraag: Wie is die predikant? Dit word gedoen deur 'n profieltekening van die predikant te gee en deur die noodsaaklikheid, al dan nie, van 'n definisie te bespreek. Vervolgens word kortliks na die geskiedenis van die predikant gekyk. Daarna word die tekening gedoen aan die hand van die volgende skema wat deur Heitink (2002:181) gebruik word. Dié studie doen egter 'n noodsaaklike toevoeging: sy geroepenheid. Die sirkel wat Heitink om die driehoek getrek het om die eenheid en samehang aan te dui, word hier gebruik om die roeping van die pastor mee aan te dui. Roeping is die saak wat die verskillende komponente byeenbring en -hou.



Figuur 2. Die predikant

Die skema word gebruik om identiteit en kompetensies van die predikant te omskryf. Die identiteit sal aan die hand van vier bepalende aspekte in die lewe en werk van die predikant, naamlik roeping, persoon (geskiktheid), beroep (bekwaamheid) en amp (bevoegdheid) beskryf word. Die kompetensies word aan die hand van literatuur ondersoek en onder die hoof: beroep/bekwaamheid behandel word. Die tekening word voltooi deur te let op die veranderende rol van die pastor in vandag se wêreld en enkele opmerkings te maak oor die toekoms van die pastor.



2.1. 'n Definisie?

Toe met die omskrywing van die konsep predikant begin is, het die navorser gevind dat in sy hele teologiese boekery daar geen duidelike teologiese definisie vir die woord predikant is nie. Dus moes hy hom eerstens wend tot ander bronne vir omskrywings. In woordeboeke is gesoek onder die woorde *dominee*, *predikant* en *pastor*. Die drie begrippe is gekies omdat dit in hierdie studie 'n belangrike rol speel. In die nagaan van die woorde het dit geblyk dat daar 'n groot verskeidenheid van betekenis aan die woorde geheg word.

Toe met die omskrywing van die konsep predikant begin is, is gevind dat daar geen enkelvoudige, of duidelike omskrywing van die begrip dominee, of predikant bestaan nie. Woordeboeke is nagegaan vir die begrippe dominee, predikant en pastor. Die drie begrippe is gekies omdat dit in hierdie studie 'n belangrike rol speel. In die nagaan van die begrippe het dit geblyk dat daar 'n groot verskeidenheid van betekenis aan die woorde geheg word. De Stadler (1994) teken dominee onder die volgende betekenisvelde aan: *Meedeel, gesaghebber, prediking en geestelike*. Die begrip het ook dikwels negatiewe betekenis wat daarop dui dat dominees gekant is teen verandering (Labuschagne et al, 1993).

Die term predikant word meer beskryf uit 'n amptelike oogpunt (Odendal et al, 1994), terwyl pastor weergegee word as die titel van 'n dominee (Labuschagne et al, 1993).

Uit hierdie omskrywings is dit duidelik dat daar buite die kerk nie 'n helder begrip is van wat 'n predikant presies is nie en daar is baie negatiewe konnotasies, wat aan die begrip geheg word.

Ook binne die kerk is daar nie eenstemmigheid oor wie die predikant is en wat hy behoort te doen nie. Die eerste beeld wat mense gewoonlik van 'n predikant het, is dat hy 'n prediker is. Predikante self glo dat die prediking hulle eerste prioriteit in die bediening is. Gemeentes glo dit ook. Advertensies om vakatures in die Kerkbode bekend te stel, vereis dikwels dat kandidate beskikbaar moet wees vir 'n onderhoud **en preekbeurt**. Nel (2001:100) meld dat uit die talle navrae wat teologiese skole van gemeentes ontvang wat op soek is na 'n jong predikant, die predikant se vermoë om te preek telkens bo aan die lys van gemeentes se vereistes is. Dit is opmerklik dat wanneer die literatuur nagegaan word, daar telkens by die prediking begin word as daar oor die predikant geskryf word, maar dat daar ook spoedig 'n deurmekaarloop van begrippe plaasvind.) "*Practical ministry can never be anything less than the ministry of the Word.*" (Adams 1979:2). 'n Voorbeeld van die vermenging van terme is Den Boer (1981:14). Hy noem dit 'n hoë roeping om 'n *Verbi Divini Minister* te kan wees. Predikantwees is "*koninklijk onderscheiding*", omdat hy as ambassadeur die heil bemiddel tussen die hoë God en die mens. Dan gaan hy voort en noem iemand wat die *herdersamp* (my kursivering) beklee, 'n

geseënde mens (De Boer 1981:15). Dit is tog meteens duidelik dat die term *herder* veel meer inhou as net prediking. Die Engelse terme *pastoral* en *shepherding* moet ook hier in berekening gebring word. Hiltner (1958:15) het aangetoon dat in die gereformeerde tradisie alles wat die pastor gedoen het *shepherding* was. Dus 'n oorkoepelende term. 'n Tweede gebruik van die term is afgelei uit die Griekse woord *poimen*, wat beteken om na die kudde om te sien. Vir Hiltner het *sheperding* meer met 'n houding te doen en *pastoral* meer met struktuur. Die belang van Hiltner is dat hy, naas prediking, ook op ander aspekte van die pastor se werk klem lê. Hy skryf dat dit nie saak maak wat die taak van die predikant binne die groter roeping en professie van die bediening is nie, elke predikant is 'n *shepherd* en daarom 'n pastorale teoloog (1958:32).

In die soeke na 'n definisie moet daar eerder gekyk word na die amp van die predikant. Daar is in die algemeen konsensus dat die predikant 'n ampsdraer is. Die woordeboeke beskryf die term as 'n openbare betrekking waartoe iemand benoem is, ook 'n bediening of 'n pos (Labuschagne et al, 1993). Daar word egter nie hier gepoog om vanuit hierdie hoek 'n definisie van 'n predikant te formuleer nie, aangesien die hele kwessie van die amp later in die hoofstuk en ook in die volgende hoofstuk aan die orde kom. Die probleem met 'n definisie vanuit 'n ampsbenadering is dat die predikant dan weereens gereduseer word tot sy funksie en die mens weer agter die amp verdwyn. Dit blyk nie op een lyn te wees met die Bybelse siening dat God die mens volledig ernstig opneem nie. Waar dit later in hierdie hoofstuk blyk dat die persoon van die pastor al hoe belangriker word, is dit noodsaaklik dat die persoon agter die amp ernstig geneem sal word. Elke predikant asook die kerk sal daarteen moet waak dat die mens agter die ampsdraer verdwyn.

Die vraag is: Is dit hoegenaamd nodig of moontlik om 'n definisie te formuleer wat die predikant altyd en in alle omstandighede kan omskryf? Die probleem met 'n definisie is dat elke predikant dan aan die hand van die definisie gemeet kan word en, waar 'n individu dan afwyk van die definisie, kan die predikant self of sy gemeente probeer om hom of haar in die raamwerk van 'n definisie te laat inpas. So 'n definisie sal eerder daartoe bydra dat die begrip vir die posisie en werk van die predikant verskraal word, dít juis in 'n tyd, soos wat aangetoon sal word, waarin die taakoms krywing van die predikant geweldig verander en uitbrei. 'n Klinkklaar definisie sal dit vir die predikant moeilik maak om noodsaaklike aanpassings te maak in sy persoon en werk wat, op sy beurt, weer die hele doel van hierdie studie in die wiele sal ry.

Daarom word eerder 'n profieltekening van die predikant gedoen. Dit word gedoen deur eerstens 'n naam te vind vir wat vandag as *die predikant* staan.



2.2. Dominee of pastor?

Watter benaming is die geskikste om die amp van predikant mee te beskryf? Daar moet onderskei word tussen die *aanspreektitel*: dominee, en die *ampsnaam*: predikant. Hierbo is dominee en pastor genoem. Die benaming *dominee* kan as uitgedien beskou word. Dit is afgelei van die Latynse *Dominus* (heer) en *domus* (huis). Dit gee aan die pastor 'n verhewe status in die wêreld en pas nie by die Bybelse beeld van *dienaar* nie (Heitink 2002:14).

Die naam pastor is, volgens sommige (Kalthoff 1998:143), die mees gebruikte naam vir die beroep. Vandag het die populariteit van die naam verseker ook met die privatisering, individualisering in die samelewing en die prominensie van hulpverlening in die "Kliniese Pastorale Vorming" (Heitink 2001:200) te doen. "Hierdie naam dra meer as funksie. Dit behoort meer so tot die wese van die beroep as ander." (Nel 2004:604.) Ook Moe (1995:xii) kies vir die term om gebruik te word vir enige ander term wat 'n persoon aandui wat die geestelike leier is van 'n gemeente.

In A-Z(2007:2) (Die A-Z Handleiding aangaande predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk 2007 = A-Z 2007) word só oor die benaming geskryf: "In die beleid is uiteindelik gekies om die naam 'predikant' te behou. Daar is wye ooreenstemming dat dit nie die mees beskrywende naam vir hierdie bediening is nie. Die naam is histories te verstaan en te waardeer. Hierdie persone doen meer as preek. Die naam wat internasionaal die meeste gebruik word is dié van 'pastor'. Waarskynlik is die mees aanduidende naam vir die tyd en behoeftes van die tyd dié van 'publieke predikant'. Die eis van leierskap is nie nuut nie, maar krities. Die aard van hierdie leierskap word in besonder deur die begrip 'pastor' vertolk. Hierdie leierskap verskil van die van alle gelowiges in die gemeente daarin dat dit 'n bepaalde toegesegde publieke karakter dra. Onder andere in die lig van die feit dat die Kerkorde reeds verskeie name vir hierdie beroepsgroep gebruik, is besluit om voorlopig te volstaan met die naam 'predikant'." Die Handleiding maak slegs 'n voorlopige keuse, maar hier word die begrip 'pastor' voortaan gebruik.

2.3. Geskiedenis van die pastor

2.3.1 Die predikant in Nederland

Heitink(2001) gee 'n uiteensetting van die geskiedenis van die dominee. Die gestalte van die predikant is deur die eeue deur die konteks bepaal. Heitink verdeel die geskiedenis van die predikant in sekere tydperke en toon aan hoe die konteks van die samelewing die gestalte van die kerk bepaal en dat die konteks van die kerk weer op sy beurt die gestalte van die predikant bepaal. Vir hom is die belangrike vraag waar die *dominee* vandaan kom (Heitink 2002:23). Enige persoon wat die predikant beter wil verstaan, moet hierdie boek van Heitink lees. Slegs die eerste spore wat hy aantoon word hier weergegee en dan 'n skematiese opsomming gegee van sy boek van oor die 300 bladsye. Eers het die gemeente mense aangewys vir bepaalde dienste, waaronder leierskap, omdat ontdek is dat hulle daarvoor die nodige gawes ontvang het. Hierdie mense het mettertyd die benaming *ampsdraer* gekry. Die samelewing van die sestiende eeu was verdeel in verskillende klasse en

die ampsdraers is verbind met die sogenaamde “deftige stand” en die amp van predikant het kerklike trekke begin vertoon. Met die hervorming van Martin Luther is die ampsbediening gegrond in die algemene priesterskap van die gelowiges.

In Nederland het die gemeente, en nie die amp nie, die basis gevorm van die kerk en veral in die vorm van die plaaslike gemeente. By Calvyn leef die gedagte dat Christus sy gemeente op aarde regeer deur sy Woord en Gees en dat Hy plaasvervangend van mense gebruik maak. Hier verskyn die dominee nou as bedienaar van die Woord (Heitink 2002:29). In die onderstaande tabel word aangedui hoe die predikant in verskillende tydperke deur die samelewing en kerk gesien is en hoe hy homself gesien het.

Samelewing	Kerk	Predikant
1560-1795	1560-1795	1560-1795
Openbare amp in 'n publieke kerk, openbare bid en dankdae	Diens aan die Woord, kerkregering en tug	Huisbesoek, sieketrooster.
1795-1848	1795-1848	1795-1848
Samelewing	Kerk	Predikant
Volksopvoeder en handhawer van goeie orde.	Voorsitter en notuleerder in kerkraad	Klem op kategetese deur die jaar.
1848-1892	1848-1892	1848-1892
Samelewing	Kerk	Predikant
Man van aansien, kulturele rol, skrywer en digters	'n Binnekerklike beroep, evangeliedienaar.	Word afhankliker van gunste van die kerkvolk.
1892-1960	1892-1960	1892-1960
Samelewing	Kerk	Predikant
Predikant verdwyn uit die sosiale beeld. Het soms nog 'n publieke rol in politiek en samelewing.	Word ook 'n liturg, al meer aandag aan pastoraat.	Die rol van die predikant as hoof van die gesin en die lewe in die pastorie dien as voorbeeld.
1960- vandag	1960- vandag	1960- vandag
Samelewing	Kerk	Predikant
Publieke rol uitgespeel, diakonale rol bly, geestelike rol al hoe belangriker.	Professionalisering, klerikalisering en personalisering vind plaas, Vrou in die amp. Spesialisasie en werkbegeleiding. Al meer nadruk op die pastorale aspek van die beroep	Word 'n pastor. Meer klem word gelê op die persoon van die predikant. Moet voldoen aan uiteenlopende religieuse behoeftes van lidmate.

Hy toon duidelik aan dat die dominee van die verlede nie meer bestaan nie. Hy is nie meer die openbare figuur wat tot die belangrike mense in die samelewing behoort nie. Hy is nie meer die volksopvoeder en bewaker van die goeie sedes wat vaderlandsliefde aanvuur nie. Hy staan nie meer Sondae voor 'n vol kerk nie. Sy getal werkterreine het al meer geword. Heitink beskryf die verandering van die laaste paar dekades as: *Professionalisering*, *personalisering* en *klerikalisering* (Heitink 2002: hoofstuk 6). Die kerk gee, soos nog nooit tevore nie, aandag aan die praktiese skoling, begeleiding en naskoling, maar die aanvraag daarvoor word al hoe groter. Dit gebeur omdat die druk op die **persoon** van die predikant al hoe groter word.

2.3.2 Die predikant in Suid-Afrika.

Hierdie baie goeie en bruikbare oorsig van Heitink het egter in die Suid-Afrikaanse konteks beperkte toepassing. Dit is juis Heitink se korrekte uitgangspunt, dat die konteks die gestalte van die predikant bepaal, wat die toepassing daarvan beperk, want die predikant het van die begin af in Suid-Afrika in 'n totaal ander konteks opgetree. Die eerste predikant aan die Kaap was ds. Joannes van Arckel wat in Augustus 1665 aan die Kaap aangekom het (Van der Watt 1976:7). Toe die eerste sinode op 2 November 1824 konstitueer, was daar slegs 14 gemeentes, waarvan 12 teenwoordig was. Een gemeente was vakant (Beaufort-Wes) en Cradock het nie 'n afgevaardigde gestuur nie (Van der Watt 1976:41). Wanneer mens net die afstand tussen Cradock en Kaapstad in ag neem en dink dat 13 predikante vir die hele geografiese gebied verantwoordelik was, gee dit al aan 'n mens 'n idee van die konteks waarbinne die predikant moes optree en wat aan hom gestalte gegee het. Dit was pioniersomstandighede. Die predikant het opgetree in 'n omgewing sonder enige noemenswaardige infrastruktuur, waar hy met gebrekkige riglyne moes optree. Die kerk aan die Kaap het wel die Dordtse kerkorde gevolg, maar die predikant moes hom aan streng bepalings van die owerheid hou. So was daar 'n bepaling dat 'n politieke kommissaris na kerkraadsvergaderings gestuur is, wat moes toesien dat alleen kerklike sake op kerklike wyse deur die vergadering behandel word. Die kommissaris sou ook besluite en versoeke van die vergadering aan die owerheid voorlê (Van der Watt 1976:29).

Hierdie pioniersomstandighede het die predikant gedwing om self sy weg te vind in hierdie omstandighede en die manier waarop die predikant sy weg gevind het, het hom 'n leier in die gemeente, maar ook in die samelewing, gemaak. Die predikant het telkens die nood in die samelewing raakgesien en in die poging om die nood op te hef, het die predikant 'n al hoe groter leiersfiguur geword. Gebiede waarop die predikant leiding geneem het sluit in: onderwys, armsorg en die kulturele gebied.

Die predikant se betrokkenheid by die onderwys is byna vanselfsprekend as in ag geneem word dat die eerste 44 predikante aan die Kaap byna almal Nederlanders was en dat hulle die gereformeerde tradisie aan die Kaap oorgeplant het (Van der Watt 1976:23). Vir die predikant aan die Kaap sou die onderwys daarom vanselfsprekend



belangrik wees. Alhoewel die kategetiese onderrig met die oog op die aflegging van belydenis van geloof die fokuspunt was, het die kerk en predikant besef dat 'n mate van skoolonderrig hiervoor ook belangrik was. Kategese en skool het hand aan hand geloop (Van der Watt 1976:57). In Tulbagh en Swartland het die predikant en die sieketrooster die onderwys behartig (Van der Watt 1976: 59). De Mist wou later die onderwys onttrek van die direkte invloed van die kerk. Na die tweede Britse besetting het goewerneur Cradock die kerk en onderwys weer aan mekaar verbind as 'n redmiddel vir die onderwys, en was skole onder direkte toesig van die kerk (Van der Watt 1976: 60). Ook na die Groot Trek, toe die onderwys in die Vrystaat en Transvaal in 'n krisis verkeer het, was dit weereens 'n predikant (Andrew Murray) wat die impetus was dat die staat meer aandag aan die onderwys gegee het en beter voorsiening gemaak het vir die verskaffing van onderwysers (Van der Watt 1977:63). Hierdie vermelding deur van der Watt teken miskien die rol van die predikant in die onderwys die beste. Hy het nie altyd die onderwys self behartig nie, maar was deurentyd betrokke en het dikwels as impetus vir belangrike ontwikkelings gedien. Hierdie tendens word vandag voortgesit deur predikante se betrokkenheid by die daarstelling van 'n nuwe godsdiensbeleid in staatskole (2003).

Ook wat die armsorg betref was die predikant dikwels aan die voerpunt van inisiatiewe om toestande te verlig. Gebrekkige kerklike organisasie aan die beginjare het die staat gedwing om die armsorg self te behartig, maar met die stigting van die eerste gemeente in 1665 het die Kaapstadse kerkraad die diens van barmhartigheid oorgeneem (Van der Watt 1976: 54). Onder die kategorie *armes*, het nie net behoeftiges geval nie, maar ook siekes, bejaardes, weduwees en weeskinders. In hierdie verband kan gedink word aan die betrokkenheid van ds. Abraham Kriel by wat vandag as die Abraham Kriel Kinderhuis bekend staan. Ook hierdie tendens leef vandag voort. Dink maar aan ds. Johan Krige en die Beeld se Kinderfonds.

Ook op kulturele gebied het predikante behoeftes raakgesien en daaraan aandag gegee. Daar is die rol van taalstryders soos ds. S.J. du Toit. Die meelewing van predikante met die lewe van die volk, waarvan hulle deel uitmaak, is ook 'n saak wat vermelding verdien. So was daar ds. Paul Roux wat in die Tweede Vryheidsoorlog 'n veggeneraal aan Boerekant was en ook ds. J. D. Kestell wat as predikant 'n besondere bydrae tot die geestelike versorging van kommandoede tydens die oorlog gelewer het.

Ongelukkig kan daar nie nagelaat word om die rol van predikante ook by een van die ongelukkigste hoofstukke in die geskiedenis van Suid-Afrika te vermeld nie, naamlik die hoofstuk oor apartheid. Die kerk, en by name predikante, het in hierdie stryd aan weerskante 'n leidende en bepalende rol gespeel. Serfontein (1982:63), haal dr. E.P.J.Kleynhans aan wat na sy verkiesing as moderator van die Algemene Sinode op 'n vraag waarom die kerk altyd die regering navolg, geantwoord het dat dit nie die kerk is wat die regering volg nie maar andersom en dat die kerk eerste was met 'n beleid van afsonderlike ontwikkeling sedert 1850. Wanneer Kinghorn (1986:100 e.v.) nagegaan word in verband met die soeke na 'n eksegese vir die fundering van apartheid, verskyn daar name van predikante wat letterlik volksbesit geword het: J.D. du Toit (Totius, Gereformeerde Kerk), E.P. Groenewald, G Cronje, J.D. Vorster en J.H. Kritzinger. Daar

was in hierdie tyd ook verskeie predikante wat die bediening verlaat het en die politiek of joernalistiek betree het. Hieronder tel name soos D.F. Malan, A.P. Treurnicht, D de Villiers, W.J. Lubbe en vele ander. Ook in die stryd teen apartheid tel die name van verskeie predikante. Die name van Beyers Naudé, David Bosch, Ben Keet, en Ben Marais is seker die bekendste.

Benewens die predikant se betrokkenheid, soos hierbo aangedui, was daar ook ander faktore wat die predikant sy prominente plek in die kerk en samelewing gegee het. Prof. P.B. Watt, emeritus professor in Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan UP het in 'n persoonlike onderhoud telkens die woord "Godsman" gebruik wanneer hy na die rol van die predikant in die geskiedenis verwys. Dit sluit nou aan by 'n sentrale tema in hierdie studie en dit is van geroepenheid. Predikante kon 'n bepalende rol op verskeie terreine speel omdat hulle as ware geroepenes opgetree het. In dié verband dien die name van proff. J.J. de Klerk en J.A. Heyns vermeld te word vir die rol wat hulle as ware geroepenes in die kerk gespeel het. Die pastorale versorging van predikante moet ook ten doel hê om diensknegte van die Here te bewaar en toe te rus om hulle rol in die kerk en samelewing te speel.

Heitink (2002:13) vra die vraag hoe dit moontlik is dat die kerk van die Reformasie, al is dit ook onbedoeld, 'n domineeskerk geword het. In Suid-Afrika het die invloed van die kollegiale kerkregeringstelsel 'n belangrike bydrae daartoe gelewer. Die kollegialisme het deur staatswetgewing tot die kerk deurgewerk (Kleynhans 1982:88). In 1816 het koning Willem die sogenaamde Algemene Reglement aan die kerk opgelê. Die eerste sinode van die NG Kerk in 1824 het die Algemene Reglement as grondslag geneem vir die bestuur van die NG Kerk en dit het die kollegialisme se invloed hier laat geld. Hanekom (1951:178) beskryf hierdie invloed as onkruid op die akker van ons godsdienstige lewe. Die gevolg van hierdie invloed was dat die dominee net nog belangriker geword het met negatiewe gevolge vir die hele kerk en, nie in die minste nie, vir die dominee self.

Die laaste belangrike faktor wat as rede genoem word vir die belangrike posisie wat die dominee in die kerk inneem, is die feit dat die dominee vir baie jare die enigste geleerde persoon in die gemeente was. Dit het hom iemand gemaak waarna opgekyk is vir raad in verband met omtrent enige aangeleentheid. Hierdie situasie het tot in die onlangse verlede in die mate voortgeduur dat Prof. J.J. de Klerk in 1977 klas teologiese studente in die gewaarsku het om te onthou dat hulle nie meer die enigste gradueerdes in die gemeentes is nie.

2.4. Profiel van 'n pastor.

Profieltekening

Dit is duidelik dat daar twee hoofkomponente moet wees in 'n omskrywing van wat 'n pastor is. Die eerste is die van Woordverkondiger en alles wat daarmee saamgaan en die tweede is die van hulpverlener en alles wat dit behels. Alhoewel dit reeds gestel is dat die prediking nie die enigste faset in die roeping van 'n pastor is nie, kan geen persoon 'n pastor wees sonder om, al is dit net by geleentheid, te preek

nie. Prediking is ook nie net beperk tot die erediens nie. In die pastorale optrede van die pastor kom daar dikwels momente van Woordverkondiging ter sprake en dit is van die uiterste belang dat die pastor ook in hierdie gevalle die Woord reg en verantwoordelik gebruik. Dit verklaar die belang van goeie teologiese en eksegetiese opleiding. Dit is waar Thurneysen se siening van die pastoraat as verkondiging van die Woord aan die enkeling 'n waarheidsmoment bevat wat steeds geldig is. Wanneer die studie die oog wil open vir die toenemende pastorale rol van die pastor, wil dit geensins die belang van die prediking relatiewe nie.

Dit is duidelik dat die twee nie slegs hoofkomponente is nie, ook nie parallel bestaan in die bediening van die pastor nie, maar wel ten nouste verweef is. Daar is 'n verkondigingsmoment (of, soos verkies, 'n moment om die evangelie te kommunikeer) in die pastoraat. In die prediking is daar weer pastorale momente. Laasgenoemde kom na vore in wat Nel (2001:106) 'n pastorale openheid noem wanneer die prediker begin met die waargenome nood wat die mense na die kerkbank bring. Daarom is meeste van die eienskappe wat nodig is om 'n pastor te wees, ook nodig wees om 'n prediker te wees. Daar is wel verfyning nodig om die roeping van *pastor wees* nader te omskryf. Hiermee word nie te kenne gegee dat party pastors geroep is om te preek en ander om pastors te wees nie. Daar word slegs aangedui dat daar in die pastorale werk ook ander aspekte bykom wat nodig is om 'n goeie pastor te kan wees.

Die profiel word hier bespreek onder twee hoofde, naamlik die identiteit en die kompetensies van die pastor.

2.4.1 Die identiteit van die pastor.

Algemeen.

Identiteit is eerder iets wat jy *is* as iets wat jy *het*, en is 'n sosiaal gekonstrueerde werklikheid (Nel 2005:461). Dit is belangrik, soos deur verskeie gedagterigtings in die pastoraat uitgewys word, dat identiteit relasioneel verstaan moet word. Die pastor, soos ander mense *beleef* identiteit, en *demonstreer* identiteit in die manier waarop hy met God, met die self, met die naaste en met die werklikheid omgaan. Met hierdie omskrywing as uitgangspunt, kan nou gekyk word na die identiteit van die pastor.

Die pastor het sonder twyfel 'n ingewikkelde taak. Van Dam (2003:19) omskryf dit as:

Veelvuldige take waarin die pastor 'n verantwoordelikheid het.


Uiteenlopende verwagtings van mense.

Verskillende geloofsbelevensisse.

Tendense van die tyd, soos 'n gemarginaliseerde kerk.

Van Dam (2003:20) verkies om nie gebruik te maak van die klassieke indeling van die pastor as professionele, gelowige en mens nie. Hy verkies om saam met Heitink te werk vanuit die perspektief amp, beroep en persoon. Heitink (2002:181) gebruik

die terme geskiktheid, bekwaamheid en bevoegdheid. Daardie indeling word ook hier gevolg met, as 'n noodsaaklike invoeging, sy geroepenheid. Die sirkel wat Heitink om die driehoek getrek het om die eenheid en samehang aan te dui, word hier gebruik om die roeping van die pastor mee aan te dui. Roeping is die saak wat die verskillende komponente byeenbring.



2.4.2 'n Pastor is 'n geroepene.

Die pastor staan in die algemeen bekend as 'n geroepene. Dit beteken vir die meeste mense dat die pastor nie uit eie wil besluit het om aan te meld vir teologiese studies nie, maar dat hy dit doen uit die oortuiging dat die Here aan hom of haar 'n opdrag gegee het om hierdie werk vir Hom te doen. Vroeër is dit oor die algemeen aanvaar dat die pastor sy opdrag van God af kry en dat dit 'n besondere roeping is. Vandag is dit nie meer die algemeen aanvaarde standpunt nie. 'n Besoek aan 'n aantal Nederlandse webblaaie toon dat daar groot klem gelê word op die feit dat elke gelowige geroep word om in die Here se diens te staan en dit is korrek (Rothuizen 2007). Te Hennepe (2007) gaan selfs so ver om te beweer dat mense wat gegryp is deur die nood van die wêreld het nie 'n roeping nodig nie, maar eerder "n skop onder die ..." (my eufemisme). Hy maak die stelling want:

Ons ken God en weet wie Hy is.

Ons het 'n boodskap wat die wêreld verander.

Ons het 'n bestemming waar ons die boodskap kan bring.

Die vraag is dus nie of ons 'n roeping het nie, maar hoe ons dit kan gehoorsaam. Dit is egter ook duidelik dat die uitsprake oor roeping nie die diens van Christene in die wêreld deur die nood van die wêreld wil laat bepaal nie, daarvoor word daar te veel ander uitsprake gemaak wat tog getuig van die betrokkenheid van die Here as oorsprong by dit wat die mens in sy diens doen. So word op dieselfde webblad gesê dat dit 'n besondere voorreg is as God jou uitkies om 'n bepaalde taak uit te voer en

dat baie mense konkrete leiding van die Here ontvang om 'n bepaalde taak in die koninkryk uit te voer. Ook Kaptein, wat later aan die orde, kom praat in een asem van die "job" van die pastor en dat die geestelike gebeure van die roeping nie uit die oog verloor moet word nie.

Om die roeping van die pastor te beskryf, is makliker as dit afgeteken staan teen wat dit **nie** is nie.

2.4.2.1 Geen algemene roepingservaring.

In die roeping van mense deur God is daar elemente wat nie rasioneel of wetenskaplik verklaar kan word nie. Om dit te illustreer word twee verhale van mense se roeping vertel. Eers dié van Heitink (2002:300-303) en dan dié van 'n persoonlike ervaring.

Heitink vertel dat hy van kleins af die kerk interessant gevind het, veral die dinge wat hy nie verstaan het nie. Hy was dus van kleins af kerklik gesosialiseer. Toe hy omtrent agt jaar was, het hy saam met sy ma na 'n sendeling uit Indië gaan luister en was diep onder die indruk van wat hy gehoor het. Op pad huis toe het hy aan sy ma vertel dat hy ook 'n pastor wou word, verkieslik 'n sendeling – wat hy klaarblyklik nooit geword het nie. Sy verhaal verloop van skynbaar onbelangrike gebeurtenisse tot 'n verbintenis wat met die gewigtige woord *roeping* beskryf word.

Die verhaal van my persoonlike ervaring is die van 'n seun wat tydens advent in standerd agt (1971) tydens die oggenddiens na "ou dominee" geluister het. Hy was vir my die verpersoonliking van alles wat 'n pastor nie moet wees nie. Die teks was Genesis 3. By die lees van die teks het ek by vers 9 vasgehaak: Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?" Ek weet van die res van die diens niks, want ek het self preek gemaak oor die teks. Sowat ses maande later het ek die verbintenis gemaak om pastor te word en is dit nou al vir vyf-en-twintig jaar. Ek was nie bewus van enige snaakse gevoel, of verskyning van die Here nie. Selfs die ervaring van die Emmausgangers: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?" (Lukas 24), het ek nie gehad nie. Tog was dit een van die vormende oomblikke van my lewe al het ek dit eers in 2005 gewaag om oor die teks te preek

In "Word predikant" (2005) word kommentaar gelewer op die poging van die "Samen op Wegkerken" om pastors te werf. Die vraag is: Het die pastor 'n ander roeping? *"Een pastor heeft een andersoortige motivatie nodig dan een putjesschepper. Hoewel beiden een eerbare bezigheid beoefenen. Is er een goddelijke roeping nodig tot het predikambt? Dr. B. Plaisier, scriba van de SoWkerken, ontkent het niet. Maar tegelijk stelt hij vast dat er geen briefje uit de hemel valt terzake van zo 'n roeping."*

Gesien in die lig van die "onwetenskaplike" aard van bogenoemde twee verhale is dit 'n vraag of mens in 'n wetenskaplike geskrif daarvoor mag skryf. Die standpunt is dat dit in wetenskaplike terme beskryf kan word, maar nie wetenskaplik beoordeel kan

word nie. Daarom moet eerstens gestel word dat die Heer werklik te groot en uniek is om op patroonmatige wyse mense tot sy diens te roep.

2.4.2.2 Geen roeping tot prediking alleen nie.

Word die pastor tot prediking alleen geroep? Uit die persoonlike verhaal hierbo en in elke vorm wat ingevul word oor prioriteite, blyk dit dat prediking vir pastors altyd heel eerste staan. Dit kan verstaan word want die erediens op Sondag bly die geleentheid waar die pastor die meeste van die lidmate byeen sien en waaruit die gemeente se diens tot die wêreld vloei. Nel (2001:99) definieer roeping as die totale bediening van die pastor in, aan en deur die *gemeente*. Dit is 'n aanvaarbare definisie maar daar is ook 'n verruiming van die omskrywing nodig (A-Z 2007:27). (Sien 2.4.2.8 ii).

2.4.2.3 Geen ongetoetste roeping nie.

Enige persoon wat deur die Here geroep word, beland in 'n geloofskrisis, want daar moet besluit word of die roeping aanvaar en gehoorsaam moet word. In sy nou alreeds klassieke werk, *The Cost of Discipleship*, maak Bonhoeffer (1937:48) veel van die feit dat die roepstem onmiddellik gehoorsaam moet word. Dit moet gehoorsaam word omdat dit die Here Jesus self is wat roep. Aan die hand van die roeping van Levi wys hy daarop dat gehoorsaamheid beteken om alles te los en Jesus te volg, al weet die mens nie die volle inhoud van God se plan met hom of haar nie.

Die roeping vra 'n beslissing wat wys hoe die geroepene oor God dink. Gehoorsaamheid vra om soms die onlogiese te doen (Jos 6) en om alle sekuriteit prys te gee (Rigters 6).

Roeping is feitlik in alle gevalle die opdrag om die bomenslike te doen. Blackaby (1999:114) noem dit opdragte van goddelike omvang.

2.4.2.4 Roeping en weerstand gaan hand aan hand.

Dit is 'n natuurlike eienskap van die mens om God se roeping te weerstaan. Die Bybel is vol van mense wat weerstand bied teen hulle roeping. Roeping veroorsaak spanning tussen mens en opdrag. Die roeping van Jeremia kan hier as voorbeeld van die weerstand teen die roeping dien. Die spanning wat by Jeremia ontstaan, is omdat die roeping nie strook met die vrese en begeertes van Jeremia nie (Veldkamp 1978b:15). Daarby word Jeremia geroep om ondergang aan te kondig en nie redding nie. Sy opdrag bring hom ook, soos die boek duidelik uitwys, in konflik met sy volksgenote. Wat Jeremia 'n effektiewe profeet gemaak het is die feit dat in die konflik mens/profeet, die profeet gewen het en nie die mens nie.

Ook in die roeping van Esegïel moet die teensin van die profeet gebreek word. Dit is opmerklik dat die Here, wanneer Hy profete roep, hulle totale menswees betrek by hulle werk. Jeremia mag nie trou nie, Hosea moet met 'n slegte vrou trou en Esegïel

mag nie treur as sy vrou sterf nie. Die Here eis volkome oorgawe na siel en liggaam, soos Esegïel wat 430 dae op sy twee sye moes lê om die volk se sondes te dra. Dit is duidelik dat die Here mense roep tot 'n bediening in totaliteit en die geroepene moet in sy totaliteit tot beskikking van die Here wees.

Hoe moet oor hierdie weerstand teen die roeping geoordeel word? Moet dit as sondig afgewys word? Moet enige mens op wie die Heer sy hand lê dan nie so dankbaar en bly wees dat die Here aan hom of haar dink, dat die kans om in sy diens te staan met beide hande en met vreugde aangegryp moet word nie? Hierdie weerstand moet nie as sondig afgewys word nie, maar as noodsaaklike deel van enige mens se roepingsgeskiedenis beskou word. Shawchuck&Heuser (1993:64) is van mening dat sonder die weerstand, daar nie aanvaarding van die roeping kan wees nie. Sy argument is dat in God se skepping enige iets wat nie deur weerstand sterk gemaak is nie, nie kan oorleef nie. Toegepas op die pastor beteken dit dat waar die pastor sy weerstand kan oorwin, die aanvaarding van sy roeping ook soveel sterker is sodat hy in die toekoms dan in staat is om groter weerstand te kan oorwin. Hierdie (korrekte) insig is van groot belang in die bepaling van die uitkoms van pastorale sorg aan pastors. Dit beteken dat pastors deur pastorale sorg begelei moet word om hierdie weerstande te kan oorwin om hulle roeping uiteindelik met vreugde en oorgawe te aanvaar.

2.4.2.5 Geen lewenslange roeping in absolute sin nie

Dit blyk al meer dat die dae van lewenslange loopbane iets van die verlede is. Matrikulante word vertel dat hulle in hulle leeftyd drie maal van beroep gaan verander en telkens weer opgelei gaan word. Geld dit ook vir die pastor? Dit is 'n siening wat nie vinnig inslag vind in die kerk nie. Die rede daarvoor is die siening van gemeentelêde dat die pastor 'n spesiale of hoër roeping het as ander mense. Selfs met duidelike tekens dat die pastorkorps in 'n krisis verkeer, word daar baie goeie advies verskaf oor hoe die pastor sy werk beter kan doen, maar die vraag word nie gevra of 'n lewenslange roeping vir elke pastor beskore is nie. Die antwoord op hierdie vraag is vir hierdie studie belangrik omdat elke persoon in 'n beroep die vrees het om vas te brand en die begeerte het om steeds te ontwikkel. Dit bring mee dat die persoon eise aan homself stel. Kan die beroep van die pastor aan daardie eise voldoen? Die vraag is van groter belang vir jong pastors met 'n beroepsloopbaan van veertig jaar voor hulle as vir pastors wat op later leeftyd die bediening betree het en die wat nader aan aftrede is. Is daar vir iemand met hierdie *vocatio particularis* 'n funksie buite die kerk? Die verskynsel dat pastors die bediening verlaat is natuurlik nie vreemd nie, dit gebeur dikwels, maar is dit toelaatbaar? Wat die vraagstuk kompliseer is dat daar in die kerk nie veel van 'n keuse vir 'n pastor is nie. Dit is gewoonlik nie moontlik om in die kerk 'n ander funksie te vervul as gemeentepastor nie, tensy iemand pastor word in sinodale diens. Die geskiedenis van hierdie poste tesame met die huidige finansiële klimaat in die kerk, maak dit 'n baie beperkte moontlikheid. Die pastor se enigste keuse is: Bly aan in die gemeente, of verlaat die bediening heeltemal.



Die kerk het dit nog altyd so verstaan dat 'n pastor 'n lewenslange roeping het. In die Rooms-Katolieke Kerk het die ordening van die priester 'n sakramentele karakter en is onuitwisbaar (indelibes). As iemand tot priester gewy is, is hy altyd 'n priester, die amp kan nie weggeneem word nie, net die uitoefening daarvan kan weggeneem word. Die Gereformeerde standpunt is dat die amp nie aan die persoon kleef nie, maar aan die diens van die kerk, dit wat die *vocatio particularis* van die pastor se roeping is.

Die kernvraag is of God mense net tydelik kan roep en of enige roeping permanent van aard is en wie het die reg om te besluit of die roeping getermineer kan word, die geroepene (mens) of die Roeper (God)? Dit is duidelik dat wanneer dit gaan oor die *vocatio realis* en *verbalis* wat tot alle gelowiges kom, die roeping permanent is. Die vraag is of die *vocatio particularis* dan permanent is.

Hier moet daarteen gewaak word dat daar nie onbewustelik weer 'n onderskeiding insluip tussen die *particularis* van die pastor en die van ander mense soos dokters, onderwysers, boere, ens. nie. Die *particularis* van die pastor se roeping is nie van 'n hoër of belangriker orde as die van ander mense nie. As daar dan uit 'n menslike oogpunt geredeneer word en daar nie beswaar is as 'n onderwyser, boer of dokter van werk verander nie, behoort daar ook nie by die mense beswaar te wees as die pastor van beroep verander nie.

Die argument moet egter nie uit die hoek van die mens (geroepene) beantwoord word nie, maar uit die oogpunt van God (Roeper). Die mens en die kerk het al dikwels deur die eeue stellige uitsprake gemaak wat op die ou end niks meer bereik het as om God in sy almag te beperk nie. Die gevaar is groot dat wanneer oor die permanente aard van die roeping van die pastor nagedink word, dit weer kan gebeur dat stellige uitsprake gemaak word dat die Roeper in sy almag beperk word en uiteindelik die slaaf word van sy eie besluite om bepaalde mense tot 'n bepaalde bediening te roep en dan teen wil en dank met daardie besluit te moet volhard. Dit moet aanvaar word dat God in sy vrye genade 'n mens tot hierdie diens roep en dat Hy uit dieselfde vrye genade dieselfde persoon weer van hierdie roeping kan vrystel. In beginsel kan die pastor dus die roeping laat vaar om 'n ander beroep te gaan beoefen.

Die groot gevaar is dat die mens sy eie oorweging kan gebruik in hierdie saak en dit dan as die besluit van God kan aanbied. Alhoewel die formulering "gewigtige redes" (Kerkorde 2004:artikel 11) vaag is en nie bevredigend is nie, is dit tog belangrik. Dit is ook beter as om stellige uitsprake te maak wat nie water hou nie. Tog sal die kerk weer moet nadink oor hierdie formulering. Die nadenke kan aan die hand van die volgende plaasvind:

Wanneer 'n persoon aanmeld vir opleiding as pastor getuig daardie persoon van 'n bepaalde roeping en dat daar op een of ander wyse 'n ontmoeting met die lewende God plaasgevind het. Die kerk aanvaar nie daardie getuienis sonder meer nie maar toets dit heeltemal tereg.

Wanneer dieselfde persoon na 'n aantal jare in die bediening te kenne gee dat hy die bediening wil verlaat, word te kenne gegee dat die roeping nie meer bestaan nie. Dit is ook 'n getuienis en behoort ook te getuig van 'n ontmoeting met die lewende God, waarin die geroepene van sy roeping vrygestel word. Ook hierdie getuienis, behoort nie sonder meer deur die kerk aanvaar te word nie. Die kerk behoort hierdie saak met dieselfde erns te nader as die oorspronklike toetsing van die roeping. Die kerk behoort seker te maak dat die getuienis van die pastor waar is en dat die Heer hom van die bediening vrygestel het en dat die besluit nie om ander redes geneem is nie. Dit behoort deel van die normale deel van die Kommissie vir Pastorbediening se werk te wees om hierdie pastors te begelei. Ongelukkig werk dit in die praktyk so dat die Kommissie eers kennis neem van hierdie gevalle nadat die bedanking reeds deur die kerkraad goedgekeur is.

Hierdie studie lê besondere klem op die verantwoordelikheid wat die kerkverband het in die pastorale versorging van pastors. Waar pastoraat die somtotaal van die kerk se bediening aan die pastor is, behoort so 'n benadering die boodskap aan die pastor uit te stuur dat hy vir die kerk belangrik is en dat die kerk hom of haar graag in die bediening wil behou.

2.4.2.6 Wat roeping wel is.

Hierdie studie maak die aanname dat die pastor 'n geroepene is en dat dit nie maar net nog 'n loopbaan naas andere is nie en dat die oorsprong van die werk by die Here self lê. Daar is met 'n aantal negatiewe stellings verduidelik wat roeping nie is nie. Daar moet egter ook positief van die begrip rekenskap gegee word.

Vrae rondom roeping, werk, daaglikse arbeid en werkloosheid, ja, vrae rondom rus en spel en die sin van die lewe en alles wat met roeping mag saamhang, is tegelyk van die mees persoonlike en ernstigste lewensvrae wat daar is, én van die ingewikkeldste – meer nog so in ons tyd en in ons soort wêreld.

Smit (2003:6) wys daarop dat in die tyd van Luther roeping hoofsaaklik verstaan is as roeping uit die wêreld en alledaagse lewe uit na 'n klooster. Dit het 'n duidelike onderskeid gemaak tussen 'n geroepene (geestelike) en die wat nie 'n roeping ontvang het nie (leke).

Luther het baie klem daarop gelê dat almal 'n roeping ontvang het en dat dit nie nodig was om die wêreld te verlaat om aan die roeping gehoorsaam te wees nie. Dit is ook die uitgangspunt van hierdie studie. Daar het egter met die eeue veranderinge ingetree wat die mens se verstaan van sy roeping beïnvloed het. In Luther se tyd het mense mekaar se dienste en produkte nodig gehad. Dit het mense in persoonlike kontak met mekaar gebring. Dit het 'n groot invloed op die Protestantse werksetiek gehad, want om getrou in sy werk te wees het beteken dat die mens direkte liefde aan God en die naaste betoon het. Roeping en werk het dus byna dieselfde saak geword.

In vandag se wêreld met sy gevorderde tegnologie en globalisering waar meeste besigheid op die rekenaar gedoen kan word, is kontak met ander mense al minder noodsaaklik en dit word dan ook al hoe moeiliker vir die mens om sy roeping op die tradisionele manier te verstaan. Die verskuiwing raak die pastor se verstaan van sy roeping en ook die manier waarop hy sy taak verstaan. Die pastor kan maklik dink dat hy ook die werk op 'n afstand kan doen, terwyl die pastorale belading van die pastor al hoe groter word, wat juis meer persoonlike kontak vereis.

Die siening oor die roeping het soos volg verander. Roeping en werk word toenemend as identies gesien, sodat later nog net die werk oorbly, en die roeping totaal verlore gaan. Die idee van roeping vervaag en word vervang. Al wat oorbly is die toenemende beklemtoning van en waardering vir die aktiewe lewe, die daaglikse lewe van stand en taak. Die aktiewe lewe word algaande nie meer die terrein waarbinne die roeping verneem word nie, maar dit word die roeping self.

Enige onderskeid tussen beroep en roeping val weg. Al meer begin Protestante dink en glo hulle beroep *is* self hulle roeping. Of nog skerper gestel: Hulle voel nie meer hulle word geroep om as Christene in hulle beroep te staan nie, maar hulle begin aanvaar hulle word as Christene geroep om in hulle beroep te staan. Die roeping is nie meer soos by Luther, en ook by Calvyn, om te strewen om as Christen, uit liefde vir God en naaste, as moeder, as onderwyser, as amptenaar of wat ook al te leef en te werk nie, maar *om* 'n ma, 'n onderwyser, 'n amptenaar of wat ook al te *wees*, dít word toenemend die roeping.

As die roeping nie meer is om 'n Christen te wees binne jou beroep of stand nie, maar juis om jou beroep self te beoefen, word die belangrike vraag : Watter beroep behoort die mens dan te volg?

Binne die Protestantisme ontwikkel die oortuiging geleidelik dat mense hulle natuurlike, aangebore vaardighede, vermoëns of talente moet sien as aanduiding van hulle ware roeping in die lewe. So word die moderne konsep van beroepskeuses gebore. Dit bring 'n radikale breuk met Luther se siening. Deur hulle natuurlike talente en aanleg te volg, veroorloof mense hulle in toenemende mate die vryheid om te besluit wat hulle graag wil wees of doen. Dit het ook deurgewerk na die korps van pastors waar die besluit om pastor te wees toenemend 'n *beroepskeuse* is en nie die *antwoord* op 'n roeping nie.

Kaptein (1966:78), wat krities oor die roeping van die pastor skryf, praat oor die sekularisasie van die amp. Dit hang volgens hom saam met die verdwyning van die godsdiens as faktor uit die samelewing. Die godsdiens het 'n bewarende funksie in die samelewing en die verdwyning van daardie funksie lei tot 'n disintegrasie van die etiese. Die voordeel wat dit meebring is dat sekularisasie bevryding gebring het van die wetmatigheid van die godsdiens. Saam met die sekularisasie van die amp het egter ook die sekularisasie van die arbeid gekom. Volgens hom moet die pastor daaruit leer dat hy, net soos ander, 'n loopbaan of "job" het. Volgens hom kan daar net van die eie van die roeping van die pastor gepraat word indien die uitoefening van die roeping institusioneel vasgelê is en daar van die pastor verwag word om

bekende werk op 'n bekende manier te doen. Hy reken dat om dít te doen, die lewe van die pastor geweld aangedoen word, want dit is nie meer moontlik om bekende werk op 'n bekende manier te doen nie. Dit is sinloos en die pastor gaan as gevolg van die sinlose werk ten gronde (Kaptein 1966: 80). Kaptein is reg in die tweede deel van sy stelling dat dit nie meer moontlik is om bekende werk op 'n bekende manier te doen nie, maar dit is 'n té groot sprong om van daar af te gaan na die stelling dat die pastor net 'n "job" soos enige iemand anders het. Dit was en dit is in sommige opsigte steeds nodig om die pastor se uitgesonderde posisie in die kerk te relativeer, want 'n té belangrike pastor is nie 'n goeie pastor nie. Tog moet daar nie in die strik getrap word om te eindig by 'n pastor wat geen belangrikheid meer het nie. Dit sou ook nie die belange van die koninkryk dien nie.

In die jongste tyd is daar egter weer 'n verandering aan die ontwikkel in die siening oor die roeping. Dit wil lyk asof 'n sirkel voltooi word en asof daar terugbeweeg word na die begin. In sommige kerklike kringe word dit nou van voor af uitsluitlik gebruik vir die oortuiging dat iemand in voltydse geestelike en kerklike diens wil gaan staan, soos in die roeping om pastor te word. Pastors ontvang 'n roeping, ander mense beoefen beroepe – presies die soort voorstelling waarteen die Hervorming aanvanklik in verset gekom het!

2.4.2.7 Die verskil tussen roeping en beroep.

In die sekularisasieproses het die werksetiek verander en die sleutelwoord is nie meer plig nie, maar sukses. Dit het deurgewerk tot in die kerk en is sigbaar in norme vir sukses wat dikwels gebruik word om pastors en gemeentes aan te meet.

Hier moet enkele opmerkings oor sukses in die bediening gemaak word. Daar is 'n legitieme kant aan die mens, en dus ook die pastor, om te probeer slaag in die daaglikse arbeid (Kaptein 1966:83). Om te wil slaag bring die mens in kontak met die werklikheid en kry mens bevrediging in die daaglikse werk. Soos in alles het die sonde ook hierdie legitieme en natuurlike kant van die mens aangetas. Die soeke na erkenning word onafhanklik van dit wat presteer word. In die geval van die pastor wat die erkenning alleen maar by die gemeente kan kry, val die hoofaksent later op die doen van die insidenteel goeie (Kaptein 1966:83). Dit lei tot 'n gevoel van onbevrediging en dit lei tot meer werk in 'n poging om meer erkenning te kry. Die implikasies van so 'n houding vir die pastor is duidelik: Die pastor wat erkenning en sukses najaag, word al eensamer en raak meer onbevredig en dit bring mens weer by die kern van die problematiek van die pastor – alleenheid (sien hoofstuk 1).

Salter (1990:168) het geskryf oor "...*pastoral success in flourishing churches* ...". Hy skryf dat in die Nuwe Testament alles deur 'n Christologiese lens gesien word, wat Christus vergroot en die self verklein en alle prestasies in die regte perspektief plaas. Hy kom saam met Chambers tot die gevolgtrekking: "*It is required in stewards, that a man be found faithful and not successful.*" In die alleenheid van die pastor is getrouheid, en nie sukses nie, die sleutelwoord. In sy bespreking van Paulus se siening van sukses kom hy tot die gevolgtrekking dat dit vir Paulus gaan oor

karakter eerder as meetbare sukses. Paulus het nie geweet wat die begroting van enige van sy gemeentes was nie, maar hy het die gemeentede as beter mense agtergelaat (Salter 1990: 191). In sy eie samevatting oor sukses in die bediening, gee hy twee perspektiewe. Om in totale *vertroue* op God en *toegewyd* aan God, die beste te lewer (Salter 1990:195).

Hiermee is dan gemotiveer hoekom daar steeds van die roeping van die pastor gepraat word en nie maar van die pastor se loopbaan of "job" nie.

Dit is in hierdie deel ten slotte nodig om duidelik uit te spel wat die verskil is tussen roeping en loopbaan.

Die verskil tussen die werk wat 'n pastor doen en wat iemand in 'n "gewone" beroep doen, lê in die motivering waarom die beroep aangepak word. Coffin (1993: 75-83) onderskei soos volg tussen roeping en beroep:

'n Beroep wil suksesvol wees, 'n roeping waardevol.

'n Beroep wil geld maak, 'n roeping wil 'n verskil maak.

'n Beroep vereis tegniese intelligensie om vaardighede aan te leer, om uit te vind hoe om van A na B te gaan. 'n Roeping vereis kritiese intelligensie, om te bepaal of dit die moeite werd is om van A na B te gaan.

'n Roeping sien diens as die doel van die lewe, dit is nie gekant teen ambisie nie, maar sien ambisie as 'n goeie dienskneg maar 'n slegte baas.

2.4.2.8 Is die pastor se roeping anders as die roeping van ander mense?

Met die uitgangspunt dat die pastor wel 'n geroepene is, moet nou aangetoon word of die pastor uniek is in die opsig van geroepenheid. Die antwoord daarop is eerstens 'n duidelike nee, alle mense word geroep. Tweedens moet tog gelet word op die eiesoortige aard van die pastor se roeping wat hom onderskei van ander roepings.

Wanneer die Here iemand roep om 'n pastor te word, is dit nie moontlik om 'n wetenskaplike beskrywing van daardie gebeurtenis te gee nie, of om elke persoon wat aanmeld vir teologiese opleiding aan die hand van sekere wetenskaplike meetinstrumente te toets of die aanspraak geldig is of nie. Tog is daar deur die jare baie oor hierdie saak geskryf en dit het noodwendig tot 'n sekere sistematisering van die saak gelei. Bavinck (1967:iv) onderskei die volgende:

Vocatio realis of saaklike roeping.

Vocatio verbalis of woordelike roeping.

Die *vocatio verbalis* word weer onderverdeel in *vocatio externa* en *vocatio interna*.

Vocatio particularis

Vocatio providentialis

Dit moet weereens beklemtoon word dat die roeping nie net vir pastors geld nie, maar vir alle mense. Die *vocatio externa* is die omstandighede waardeur God Hom tot die mens rig (Heyns 1978:304). Die *vocatio interna* is die roeping tot die nuwe lewe en diens wat tot alle gelowiges kom. Die pastor deel hierin maar by die pastor

is daar ook die *vocatio particularis* en die *vocatio providentialis* wat belangrik is. Alhoewel hierdie roeping nie uniek is aan die amp van die pastor nie, is dit onontbeerlik vir die toetrede tot die amp.

i) Die *vocatio particularis* van die pastor

Wat is die *particularis* in die geval van 'n pastor? Dit moet nie gesien word as 'n baie spesiale of belangriker roeping as wat enige ander mens in ander beroepe het nie. Wat maak die bediening dan eiesoortig en anders as ander roepings?

Handelinge 20:28, wat ook later by die pastor *pastorum* na vore gaan kom, blyk in hierdie geval 'n sleutelteks te wees: "Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun." Paulus spreek die ouderlinge (leiers) van Efese toe. Hulle het 'n kudde (gemeente) om te versorg. Hierdie kudde is deur die Heilige Gees onder hulle sorg gestel en daar is vir die kudde betaal deur die bloed van die Seun. Dit maak die roeping van die pastor uniek. Die dokter en prokureur en ook ander beroepe het 'n kliënte- of pasiëntebasis en hulle betaal om dit te wees. In die geval van die bediening kry die pastor lidmate waarvoor reeds betaal is. Die roeping van die pastor is dus nie van 'n hoër orde as ander mense se roeping nie, tog is dit anders en die uniekheid word deur die gemeente veroorsaak. Geen mens kan 'n pastor wees sonder 'n geloofsgemeenskap nie, net soos wat geen mens 'n dokter kan word sonder pasiënte nie. Siekte, en die bekamping daarvan, is die *particularis* van die dokter. Só is die geloofsgemeenskap die *particularis* van die pastor. Daar is nie 'n onderskeid in belangrikheid tussen die dokter en die dominee nie, wel in die besondere terrein van elkeen se roeping. Die belangrike aspek hier is of die gemeente wel die *particularis* van die pastor se roeping is. Die A-Z (2007:5) druk dit soos volg uit: "Wat wel anders is in die roeping van 'n predikant is die goedkeuring en legitimering van die geloofsgemeenskap dat hierdie persoon 'n spesifieke taak in die publieke ruimte van die betrokke geloofs-gemeenskap vervul." Die belangrike van dié sin in die Handleiding is dat die tradisionele standpunt dat die gemeente die *particularis* is, verbreed word om die geloofsgemeenskap in te sluit. Dié siening vind verder neerslag in die aanbevelings wat gemaak word oor die bevoegdheid van proponente en die ordening van pastors en die vraag of 'n pastor aan 'n gemeente gekoppel moet wees (A-Z:27).

ii) Ander benaderings tot die roeping.

Die Lutherse en Anglikaanse tradisies orden die pastor met 'n roeping tot die wêreld. Grey (1990:57) onderskei tussen 'n fundamentalistiese benadering en 'n funksionele of dinamiese ekwivalent en kies dan vir laasgenoemde benadering. Hy haal Rössler aan wat sê dat beroeping deur 'n gemeente die enigste legitimasië is vir die beoefening van die geestelike amp. Uit sy gekose benadering doen Grey 'n sterk pleidooi vir spesialisasie en privatisering in die kerk. Hy sny baie sake aan wat intussen die algemene gebruik geword het in die kerk, soos onder andere 'n verandering in die beroepstelsel en tentmakers. Oor privatisering skryf hy: "Privatisering deur 'n pastor van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sou beteken dat 'n pastor deur 'n bepaalde gemeente beroep en bevestig word as leraar met 'n

spesiale opdrag in 'n wyer verband as net die gemeente. Hy doen dus aan die gemeente verslag oor sy aktiwiteite maar is deels onafhanklik. Hy is dus voltyds met geestelike werk besig in wissel- en samewerking met die Kerk of 'n gemeente, maar is vir sy finansiële behoeftes afhanklik van onder andere, óók buitekerklike of ànder bronne en nié, of nie nét, van gemeentelike of kerkfondse nie." (Grey 1990:305.) Hy haal dan ook uit 'n onderhoud van J.A. Heyns aan waar dié sê dat die bedieningsetos van die kerk vir hom te eng is. 'n Gemeente moet ook iemand kan stuur in 'n werkring ruimer as die NG Kerk (Grey 1990:306). Met Heyns se opmerking kan instemming betuig word, maar daar is tog probleme met die gedagte van privatisering.

Oor die gedagte van privatisering die volgende opmerkings:

Sal die pastor voltyds met sy bediening besig kan wees? Sal dit nie ook maar gaan soos in die "gewone" gemeente dat die inset van die pastor onontbeerlik gaan wees, en baie van die pastor se tyd in beslag geneem gaan word deur die insameling van fondse nie? Daar is al pastors wat in die kerk op die basis van privatisering werk en hulle kommer oor waar die finansies vir hulle werk vandaan gaan kom, is waarskynlik meer as die van die pastor in diens van die gemeente. Dit bly 'n vraag waar daardie fondse vandaan gaan kom. So 'n werk sal nie deur 'n totaal nuwe bron gefinansier word nie. Dus sal die bestaande koek nog verder verdeel moet word. Die lidmate se dankoffers sal gerek moet word om meer te kan doen, wat weer 'n ondraaglike las op die gemeente se finansies kan plaas.

Waar gaan die werkkrag vandaan kom wat so 'n pastor se werk sal ondersteun? Dit is te betwyfel of dit nuwe werkers in die koninkryk sal wees. Hulle gaan waarskynlik uit die geledere van die bestaande aktiewe lidmate van die gemeente kom. Gaan dit nie lei tot kompetisie tussen verskillende bedieninge nie? Wat die kerk ongelukkig doen is om die poel van beskikbare middele, finansiële en menslike hulpbronne, telkens te herverdeel. Dit beteken dat die aktiewe lidmate van die kerk rondgeskuif word om die werk gedoen te kry. Dit bring 'n afrokkeling van "mekaar" se lidmate en geld mee. Dit is tog 'n werkswyse wat vreemd is aan die wese van die evangelie. Die Bybelse idee is tog om die poel van beskikbare hulpbronne te vergroot om sodoende die evangeliese opdrag beter te kan uitvoer.

Wat Grey egter in die debat inbring is die verruiming van die roeping om die koninkryk en die wêreld in fokus te kry. Heyns (1976:21) omskryf die koninkryk as God se heerskappy en die gehoorsame aanvaarding deur die onderdane: mens, stof, plant en dier. Die koninkryk, en nie die kerk nie, is God se einddoel met die skepping. Daarom moet ook pastors en gemeentes die koninkryk deurentyd in fokus hou. Dit is dus nodig dat die verstaan van die pastor se roeping breër as die gemeente verruim moet word sodat dit die roeping tot diens in en aan die wêreld en die geloofsgemeenskap in sluit. Die gedagte van spesialisering is nie net aanvaarbaar nie, maar noodsaaklik. Die gedagte van privatisering is egter iets wat nie te rym is met dit waarvoor die geloofsgemeenskap staan nie.



'n Vinnige deurlees van die Algemene Sinode se agendas maak dit dadelik duidelik dat die probleme nog lank nie opgelos is nie. Die kerk is in vele opsigte in 'n oorgangsfase en wanneer besluite geneem word is daar nie dadelik duidelikheid oor wat presies die regte pad is om te loop nie. Die kerk is geneig om oor baie belangrike sake ondeurdagte besluite te neem. Ongelukkig is baie van die ondeurdagte besluit dié wat die pastor raak. Elders word verwys na die kerk se omslagtige wyse van bestuur en besluitneming. Dit wil voorkom of die kerk oor minder belangrike sake, soos kleredrag, die voete sleep, maar oorhaastige besluite neem oor ander belangrike sake.

iii) *Vocatio providentialis*.

'n Belangrike vraag is of enige persoon 'n pastor kan word en of 'n mens ook oor 'n bepaalde persoonlikheid en gawes moet beskik om die beroep *vocatio providentialis* te kan beoefen. Van Arkel in Smuts(1986:24) probeer die vraag beantwoord. Waar dit by die *vocatio interna* gaan oor dinge wat innerlik is, gaan, dit by die *vocatio providentialis* om die sigbare wat die noodsaaklike gevolg van 'n roeping deur God is. Ander teoloë wat hieroor skryf is Calvyn soos aangehaal in Sizoo(sj deel 3:65) wat meen dat die Here diegene wat vir die amp bestem is, eers met die wapens toerus wat vir die vervulling daarvan vereis word. Dit kan gestel word dat waar daar geen gawes is nie, daar ook nie 'n roeping van die Heilige Gees kan wees nie. Van Arkel (in Smuts 1986:30) kom tot die gevolgtrekking dat die pastor nie as 'n persoonlikheidstipe geïdentifiseer kan word nie, tog speel die persoonlikheid van die pastor 'n baie belangrike rol in die werk wat 'n pastor doen.

In die geval van die roeping tot die bediening is dit nie voldoende dat n persoon maar net op die roeping aanspraak maak en dan maar kan begin werk nie. In die vroeë kerk waar daar nog geen struktuur was nie en daar baie rondreisende predikers was, is die gemeentes gemaan om nie enige iets as die waarheid te aanvaar nie.

1 Tess 5:19-20: Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie. Moenie profetiese uitsprake van dié wat die boodskap van God verkondig, geringskat nie, maar toets dit alles, behou wat goed is, en bly weg van alles wat sleg is.

2 Joh 10: As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie en hom selfs nie groet nie, ...

Daarom is dit ook deel van die *providentialis* van die pastor dat daar ook 'n tweede roeping (beroep) van die geloofsgemeenskap se kant af kom.

2.4.2.9 Die menslike kant van die roeping.

Tot dusver is daar grootliks gefokus op God wat roep. Dit beteken egter nie dat daar nie ook 'n menslike kant in die roepingsgebeure ter sprake kom nie. Die mens moet per slot van sake 'n besluit neem om op daardie roepstem positief of negatief te antwoord. Dit is eers as die Roeper en geroepene volledig ernstig geneem word dat die saak van God se koninkryk tot sy reg sal kom. Wanneer daar nou op menslike kant van hierdie gebeure gefokus word, is die vraag wat voortdurend in die

agtergrond saampraat of die motivering van 'n persoon wat aanmeld vir die bediening, sonder meer aanvaar kan word.

In roeping is die volgende sake aan die orde:

God se plan en bedoeling met die lewe van die gelowige.

Die bereidheid van die gelowige om dit te aanvaar.

Die afhanklikheid en gehoorsaamheid van die gelowige. Dit is in hierdie laaste deel wat die geskiktheid van die mens wat geroep word ter sprake kom en ook ander faktore meepraat.

i) Sosiologiese faktore.

In hierdie afdeling gaan dit veral om die laaste twee van die genoemde faktore. Dit kan nie ontken word nie dat in die geval van die pastor daar nog altyd 'n kombinasie van menslike faktore betrokke was, en is, by die besluit van 'n persoon om hom vir die teologiese studie aan te meld. Vroeër het sosiologiese faktore 'n belangrike rol gespeel. Die amp van die pastor was 'n begeerlike roeping waarna baie mense gestreef het (Kaptein 1966:143). In Suid-Afrika was die amp van pastor ook dikwels 'n goeie springbord na die joernalistiek en politiek. Mettertyd het dit duidelik geword dat sosiologiese faktore in die besluit om 'n pastor te word, nie meer haalbaar is nie. Dit is juis as gevolg van sosiologiese oorwegings dat die kerk in sy huidige gestalte nie meer aanvaarbaar is in die moderne wêreld nie. Kotze (1980:293) beskryf die pastor met sy monopolistiese waarneming van geestelike diens as 'n absurditeit in hierdie wêreld. Dit het 'n realiteitsverlies tot gevolg waaraan die ampte en die pastor hulle doodbloei. Met die tyd saam het daar al meer stemme opgegaan en gaan daar steeds stemme op (sonder dat daar ag op geslaan word) vir deegliker keuring by die toelating tot die bediening. Daar sal meer gelet moet word op die geskiktheid vir die amp. Kotze (1980:134) wys dit egter af en, terwyl hy sê die kerk is op sosiologiese gronde onaanvaarbaar, bepleit hy tog vir 'n tipiese sosiologiese benadering as hy vra dat die kerk in haar jeugwerk, net soos dit destyds was, by jongmense die begeerte moet opwek na die 'voortreflike' werk. Dit sou verkeerd wees om alle sosiologiese oorweginge oorboord te gooi en te vervang met psigologiese oorwegings. 'n Gebalanseerde benadering wat alle menslike faktore in die antwoord op die roeping insluit, moet in aanmerking geneem word.

ii) Psigologiese faktore

Aangesien dit is waar die klem vandag val, sal vervolgens aandag gegee word aan psigologiese faktore by die besluit om die bediening te betree.

Om die punt te illustreer, sal eers die faktore gegee word wat 'n rol gespeel het in Oswald (1998:14) se besluit om tot die bediening toe te tree. Vir Oswald was die konfrontasie met sy onderliggende motivering om 'n pastor te word, pynlik. In die eerste plek het hy dit gedoen om sy ouers tevrede te stel (sosiologies). Tweedens het hy dit gedoen om God te versag. Hy het homself as 'n verskriklike sondaar beskou omdat hy sterk seksuele gevoelens gehad het. Verder het hy 'n sterk behoefte gehad om te voel dat hy nodig is. Wanneer mense hom nodig gehad het, het hy gevoel sy roeping is bevestig. Dit lei daartoe dat elke menslike behoefte gesien word as 'n roepstem van God en dit lei weer tot vyandige verhoudings met

gemeentelede. Elke pastor kan iets hiervan in die eie bediening raaksien en ook nog byvoeg. Oswald (1998:15) vind die oplossing deur roeping te verklaar as 'n uitnodiging tot bevryding en heelheid. Die roeping na 'n gemeente moet gesien word om God te dien en nie net noodwendig mense nie. Die pastor se eerste verantwoordelikheid teenoor 'n gemeente is om 'n vreugdevolle geredde mens te wees. Met die stelling word saamgestem, maar tog leer die eie ervaring dat baie jare in 'n gemeente daardie vreugde kan wegneem. Soos die volgende paragrawe sal aantoon, is die oplossing van die probleem ook nie so eenvoudig nie.

Rulla (1988:4) uit die Katolieke tradisie, onderskei drie gemeenskaplike teologiese elemente wat kenmerkend is van die priesterskap en ander beroepe wat as geloofsberoepe bekend kan staan.

Die bediening is primêr 'n uitnodiging van God en 'n inwendige genade. Die uitnodiging is 'n geskenk, waardeur die Heer 'n persoon nooi om homself te wy aan die bediening.

Hierdie uitnodiging lê beslag op die totale bestaan van die mens. Dit is nie 'n uitnodiging tot 'n werk of funksie, of deelydse liefhebberie nie, dit is 'n uitnodiging tot 'n nuwe bestaan, waarin die persoon toegewy is aan die waardes van die koninkryk van Jesus Christus.

Hierdie uitnodiging behels 'n nuwe toewyding aan dit wat alreeds in die doop (Katoliek) ingesluit is en bestaan uit 'n keuse vir 'n bepaalde vorm van lewe in die kerk.

Na die teologiese uitgangspunte gaan Rulla (1988:6) voort om sekere psigologiese uitgangspunte te stel. Hy werk met die ideale self wat bewustelik is en die werklike self wat bewustelik of onbewustelik kan wees. Dit gaan oor wat 'n individu begeer om te wees en wat hy in werklikheid is. Die hoofinhoud van hierdie struktuur is waardes, houdings en behoeftes.

Waardes: Die ideale vir die lewe wat die persoon wil lewe.

Houdings: 'n geneigdheid tot aksie maar meer spesifiek as waardes.

Behoeftes: Moderne sielkunde het ongeveer twintig behoeftes ontwikkel wat fundamenteel is vir die mens. Byvoorbeeld affektiewe afhanklikheid, seksualiteit, outonomie, kennis ens. Hierdie behoeftes vind uitdrukking deur houdings (Rulla 1988: 9).

Sommige van hierdie behoeftes is in konflik met waardes wat fundamenteel is aan die bediening. Dit laat die moontlikheid dat daar 'n teenstrydigheid kan wees tussen die ware self en die ideale self. Rulla (1988:8) onderskei vier tipes van ooreenstemming of teenstrydigheid tussen waardes, houdings en behoeftes.

Sosiale ooreenstemming: Wanneer 'n behoefte in ooreenstemming is met die waardes en houdings van die individu. Dit word sosiaal genoem want die persoon is sosiaal goed aangepas.

Psigologiese ooreenstemming: Die persoon het 'n behoefte wat in ooreenstemming is met sy waardes, maar nie noodwendig met sy houdings nie. Byvoorbeeld die persoon wil graag ander help maar het bewus of onbewus houdings van aggressie of egoïsme. Al is die persoon as gevolg van sy houding dalk sosiaal wanaangepas, is hy psigologies in ooreenstemming.

Psigologiese teenstrydigheid: Die behoefte is nie in ooreenstemming met die waarde of houdings nie. Byvoorbeeld: 'n Persoon het 'n onbewuste behoefte aan hulp van ander. Sy houding neig in die teenoorgestelde rigting: hy help ander. Die persoon is uiterlik 'n goeie gelowige, maar psigologies teenstrydig.

Sosiale teenstrydigheid: 'n Onbewuste behoefte is nie in ooreenstemming met die waardes van die bediening nie en die houding van die persoon gehoorsaam die behoefte meer as die waardes. Byvoorbeeld: 'n Behoefte aan affektiewe afhanklikheid produseer houdings wat nie in ooreenstemming is met die bediening nie, soos die voortdurende soeke na vriendskap en aanvaarding.

Ooreenstemming en teenstrydigheid bestaan dikwels in dieselfde persoon.

'n Sentrale begrip in Rulla (1988:100) se werk is: Selfoortreffende ooreenstemming. Die bediening vereis die oortreffing van die self, aangesien dit 'n uitnodiging is om oortreffende waardes na te jaag waarvan die direkte doel nie self-vervulling is nie.

Teen dié agtergrond moet die volgende vrae gevra word:

Tree mense tot die bediening toe oor wat hulle bewustelik van hulle self dink, of wat hulle bewustelik wil wees?

Moet die uitgespreekte motivering waarom persone tot die bediening toetree op gesigswaarde aanvaar word, of moet sekere onbewuste motiverings ook in aanmerking geneem word?

As die bewuste motivering nie die hele motivering is nie, watter uitwerking het dit op mense wat tot die bediening toetree (intrapsigiese dinamiek)?

Bestaan hierdie intrapsigiese dinamiek voort in persone wat in die bediening bly?

Beïnvloed psigodinamiek ook diegene wat die bediening verlaat en die effektiwiteit van persone in die bediening?

Rulla (1988:74) se studie het aangetoon dat persone keuses maak op grond van persoonlike ideale en 'n idealistiese beeld van **die instelling**, eerder as op bewuste kennis van **persoonlike eienskappe**.

Daar is definitiewe gevare daaraan verbonde om 'n keuse te maak op grond van idealistiese sienings, maar Rulla (1988:75) wys daarop dat dit in ooreenstemming is met die roeping tot selfoortreffing wat 'n integrale deel van die bediening is.


Wat die tweede vraag betref, bevind Rulla (1988:84,85). dat die motiewe nie op sigwaarde geneem kan word nie. Vir baie persone is die ideaalbeeld waarvolgens keuses gemaak word, nie geldig nie as gevolg van onbewuste teenstrydighede.

Op die derde vraag bevind Rulla (1988:99) dat na vier jaar in die bediening, baie min persone 'n vlak van volwassenheid bereik waarin hulle konflikte kan hanteer. Persoonlike ontwikkeling en bedieningsontwikkeling is nie tweeledig nie, maar interafhanklik.

Baie persone wat tot die bediening toetree, het tekortkominge in hulle persoonlikheid wat, hoewel nie patologies nie, hulle tog kwesbaar maak in hulle motiewe vir die bediening. Hierdie tekortkominge bestaan vóór opleiding en is dikwels onbewus.

Dus: Tekortkominge bly voortbestaan en het 'n invloed op die bediening van die persoon.

Rulla (1988:173) se bevindings kan soos volg voorgestel word:



Die psigiese dimensie in die mens se besluit om tot die bediening toe te tree, kan soos volg saamgevat word:

Die bediening begin gewoonlik met ideale wat oënskynlik Bybels is, onselfsugtig en selfoortreffend. Hierdie ideale ontwikkel soms in die regte rigting, maar ook in 'n selfgesentreerde rigting.

In die tyd waarin die amp gesekulariseer word en individualisme vooropstaan, het die fokus verskuif na psigologiese motiverings in die bestudering van die menslike kant van die roeping.

Die gevaar om op psigologiese oorwegings te kies om pastor te word, is dat die keuse gekleur is en dat wanneer die pastor dan met die werklikhede van die

bediening te doen kry, daardie gekleurdheid ontbreek en dit dan in ander beroepe gesoek word waarin daar menslike kontak en emosionele geborgenheid is.

Verder sal pastors wat op hierdie basis gekies het om pastor te word, baie dinge innerlik moet verwerk en baie opruiming in hulle lewens sal moet doen voordat hulle tot sinvolle arbeid kan kom.

Kaptein (1966:43) is van mening dat die motivering waarom iemand 'n pastor word nie so belangrik is nie. 'n Mens moet nou eenmaal 'n rede hê om iets te doen, bewus of onbewus. Die belangrike is dat mens tot 'n besluit kom en by daardie besluit bly.

In hierdie menslike proses is daar twee dinge wat kan gebeur wat dit 'n onmenslike geskiedenis maak:

Die saak van die roeping word in die religieuse sfeer ingetrek (Kaptein 1966:144). Kaptein maak veel van die verdwyning van die religie as faktor uit ons samelewing. Religie het 'n bewarende funksie in die samelewing en die verdwyning daarvan het baie etiese gevolge. Dit is egter vir hom nie net negatief nie. Dit het tot gevolg dat die mens bevry word van die wetmatigheid wat die religie meegebring het. Dit skep vir die pastor in die besonder 'n nuwe toekoms deurdat die proses die pastor toelaat om sowel dominee as mens te wees (Kaptein 1966: 79). Wanneer die saak van die roeping dan van menslike kant af in die sfeer van die religie teruggetrek word, laat dit die pastor met 'n voortdurende ondersoek of sy motiverings wel suiwer is en meet hy sy gehoorsaamheid aan sy sogenaamde volmaaktheid (Kaptein 1966: 144). Ten spyte daarvan dat Kaptein (1966:144) van die werk van die pastor as 'n "job" praat, is die tweede rede waarom die menslike kant van die roeping onmenslik word, dat die pastor uit die oog verloor dat dit God is wat Hom in die amp gestel het en in die amp bewaar.

Om die menslike kant van die roeping te ignoreer, laat die pastor ontnugterd en die resultaat is moedeloosheid en wanhoop. Wanneer die laaste opmerking van Kaptein (hierbo) egter in berekening gebring word, gaan deure na die toekoms oop. In dié verband moet Rulla (1988:161) egter ook in berekening gebring word wat op dieselfde trant skryf dat God vanselfsprekend vir alle sielkundige afwykings kan vergoed, maar dat Hy hier, soos ook op ander terreine, die mens se persoonlikheid respekteer en daarop bou. Te Hennepe (2007) skryf:

“Vaak leidt God maar één stap tegelijk, zonder het hele traject te laten zien. Ik vind dat best wel eens moeilijk. In de wandel met God moeten we echter leren de controle aan Hem over te laten en ons te beperken tot het volgen. Een ding geloof ik zeker: als je verlangend bent om alleen te gaan waar Hij je wil hebben, zal God ervoor zorgen dat je nooit verkeerd uit zult komen.”

2.4.2.10 Keuring.

Wanneer die onderwerp van keuring vir die bediening ter sprake kom, maak dit baie emosies in mense los. Die vrae wat teenstanders van keuring gewoonlik vra, is hoe mens oor mense se motiverings 'n oordeel kan uitspreek en of kerklike instellings

kan oordeel oor die inwendige werk van die Heilige Gees in 'n mens se lewe. Rulla het hierbo aangetoon dat mense met tekortkominge in hulle persoonlikhede aanmeld vir die bediening en dat daardie tekortkominge bly voortbestaan en hulle kwesbaar maak in die bediening. Verder meld mense met die regte motivering hulle aan vir die bediening, maar daardie motiverings ontwikkel soms in 'n selfgesentreerde rigting.


Die argumente teen keuring is tekenend van 'n benadering waar die mens uitgeskakel word in God se werk en ook van 'n isolerende vroomheidstipe waar niemand anders iets te doen het met wat daar tussen 'n individu en God gebeur het nie. Jonger insigte soos onder andere verwoord deur Clinebell (1984:15) en die narratiewe pastoraat wat groot klem lê op die relasionele aard van die mens, soos ook aangedui word in die introspeksie en spiritualiteit van die pastor, dui daarop dat daar nie meer uit so 'n raamwerk gewerk kan word nie. Ook die insig dat God die mens nie uitskakel in sy werk nie, maar juis inskakel, impliseer dat die geroepene asook die mense teenoor wie die roeping nie willose "slagoffers" van 'n daad van God is nie, maar ten volle en met volle verantwoordelikheid daarby ingeskakel word. Met die volle besef van die implikasies vir individuele kandidate, moet daar tog gepleit word vir 'n keuringsbeleid ongeag hoe kandidate daardeur geraak word.

Die keuringsbeleid wat die kerk behoort toe te pas, moet ook gekies en toegepas word op 'n kerklike wyse. Daarmee word bedoel dat die doel van die keuring nie moet wees om die room af te skep of minder bekwaame kandidate uit te hou nie, wat teenstrydig sou wees met die Bybelse beeld dat God nie noodwendig die beste en bekwaamste roep nie, maar om dié wat Hy roep, bekwaam te maak en kandidate te help om hulle roeping en plek binne die liggaam van Christus te verstaan (Nel 2004:587). Met die oog hierop het die skrywer in 2004 'n sielkundige besoek om hom te adviseer of hy in die regte beroep staan en 'n battery toetse afgelê. Die battery het ingesluit die 16 PF-vraelys, die Myers-Briggs vlak 2-vraelys en 'n emosionele IK-vraelys. Die resultaat was nie 'n eenvoudige ja of nee ten opsigte van die bediening nie, maar eerder 'n uitwys van die moontlikhede wat die skrywer in die bediening het, maar ook van moontlike kwelpunte en sake waaraan gewerk moet word om selfaktualisasie te verbeter. Met die bespreking van die uitslae het die skrywer besef watter hulpmiddel dit kan wees om kandidate te kan help om hulle roeping te onderskei. Bewus daarvan dat alle voorstelle slegs voorlopig is, moet egter gestel word dat dit goed gefundeerde en bewese materiaal is wat tans tot die kerk se beskikking is. Indien die doel is om roeping te verstaan, kan die keuringsbeleid nie toegepas word sonder 'n begeleidingsproses nie.

Die moontlikheid van keuring bestaan reeds in die kerk. Die reglement vir die opleiding van evangeliedienaars het onder andere die volgende bepaling:
"Elke kuratorium benoem 'n kommissie(s) wat die teologiese studente begelei en wat die kuratorium adviseer ten opsigte van die keuring, toesig en begeleiding van studente tydens die tydperk van hulle voorbereiding vir die evangeliebediening. Die kuratorium verleen op grond hiervan jaarliks toestemming aan studente om voort te

gaan met hulle teologiese studie met die oog op legitimasië in hulle finale jaar." Ongelukkig maak die reglement nie in soveel woorde voorsiening vir die geestelike begeleiding nie. Verder bestaan daar 'n sterk vermoede dat daar van die bepalings in die reglement nie veel tereg kom nie.

Na die bespreking van die roeping van die pastor as basis van sy identiteit, moet nou voortgegaan word na die ander aspekte van sy identiteit. In die skema is die sirkel wat die roeping van die pastor aandui nou bespreek. Nou word beweeg na die driehoek se hoek aan die linkerkant wat gemerk is "P" en "Gesiktheid"



2.4.3 Gesiktheid/persoon.

Sowel Van Dam (2003:23) as Heitink (1977:372) bespreek die drie kante van die pastor se beroepsidentiteit in die volgorde bevoegdheid, bekwaamheid en gesiktheid. Die volgorde behoort egter te wees gesiktheid, bekwaamheid en bevoegdheid. Die bevoegdheid is die laaste deel van die driehoek wat voltooi word wanneer die kerk 'n student legitimeer wat die teologiese opleiding voltooi het. In 'n sin is die gesiktheid van die pastor die enigste veranderlike van die drie. Alle pastore is ewe bevoeg, het dieselfde (tot nou toe) legitimasië en basiese akademiese kwalifikasies. Alle pastore is egter nie ewe gesik vir die bediening nie.

Vir Van Dam(2003:23) kom die gesiktheid veral na vore as die pastor bereid is om homself te word en te wees. Dit kom verder tot uitdrukking as:


- Die pastor outentiek wil wees en die moet dit om dit te wees.
- Die pastor oor gesonde selfvertroue en gesonde selfrelativering beskik.
- Die pastor afstand kan neem van mense en werk en sy eie ruimte bewaar.
- Die pastor kan omgaan met sy eie verlede.
- Die pastor gesag kan dra en aanvaar.

Heitink(1977:372) vat die geskiktheid van 'n pastor saam met die begrippe: introspeksie, selfaanvaarding en deurleefde spiritualiteit.


2.4.3.1 Selfaanvaarding.

Dit is gepas om selfaanvaarding te kontrasteer met die teenoorgestelde selfveragting.

Vir Van Niekerk (1993:7) is selfveragting die laaste logiese stap in die voltooiing van 'n sirkel wat begin het met 'n ideale beeld van die self, wat gevolg word deur die bewuswording van die verskil tussen die ware self en die werklike self. Dan volg 'n selfbeeld wat geskaad is, skuldgevoelens, voornemens tot verbetering, 'n front wat opgebou word, mislukking en dan selfveragting.



Vir Van Niekerk is die manier om weg te kom van selfveragting om uit hierdie sirkel te ontsnap. Die proses lyk dan so:



Die sleutel is geleë in die onderste draaipunt van die sirkel, selfaanvaarding van sowel gawes as tekortkominge. Dit plaas mens weer terug by die heel mens wat in die antropologie aangespreek moet word en 'n bepalende invloed op die pastoraat uitoefen.

Van Niekerk se werk met die ideale beeld word aangevul deur Bosman uit 'n narratiewe perspektief. Vir (Bosman 2001:398) is dit belangrik dat die mens die vermoë moet hê om sy narratiewe self te konstrueer en vir homself 'n duidelike alternatiewe ideaalbeeld te skep. Dit is 'n belangrike alternatief vir die spanning wat met ideaalbeelde beleef word. Hy haal 'n gespreksgenoot aan wat self besig is om weg te beweeg van die ideaalbeeld van die pastor wat alles weet en kan doen, na 'n beeld van 'n persoon wat met mense in gesprek is en saam soek na moontlikhede om oor God te praat en vraagstukke te hanteer (Bosman 2001:399). 'n Pastor behoort met verskeie ideaalbeelde langs mekaar te werk en nie toe te laat dat een ideaalbeeld, byvoorbeeld die van "herder" só domineer dat ander ideaalbeelde uitgeskuif word nie. Dit moet ook die pastor help om homself binne die geloofsgemeenskap te kan plaas. Dit versterk die rol wat die gemeente in die pastoraat moet speel aansienlik.

Aldridge, soos aangehaal deur Nel (2001:112), verwys na die onderskeiding tussen:
Selfbeeld,
Selfkonsep (die denkende deel van die self),
Selfvertroue (dit wat die mens glo hy kan doen),
Selfwaarde (die voeldeel van die self).

Dit blyk dat dit in selfaanvaarding gaan om die erkenning van sowel sterkpunte as swakpunte (hierby moet ook die donker kant van die self ingesluit word) en ook die vermoë om met daardie eienskappe te kan saamleef. Hier skuil 'n gevaar, wat nogal sterk onder gelowiges leef, dat oorgawe aan Christus beteken om alles waarvan nie gehou word nie en moeilik is, as taak en opdrag te sien en enige toegewing aan dit wat prettig en aangenaam is, as verkeerd en sondig (Wijngaarden 1969:95). Die mens moet homself met sy gawes en beperkinge as opdrag aanvaar. Die mens is rentmeester oor homself en hy sal homself ook moet versorg soos sy naaste (Wijngaarden 1969:96).

Die implikasie van hierdie eienskap van die pastor is dat die pastor homself as 'n gawe van God sal beskou. Dit stel die mens vry om met vreugde te lewe en tot selfstandigheid te kom. So 'n mens kan ander versorg en lei.

2.4.3.2 Introspeksie.

Introspeksie kan in kort beskryf word as die waarneming van die self en die vermoë om die self te ondersoek. Ook wat introspeksie betref is daar 'n negatiewe kant. Party mense is geneig om so baie introspeksie te doen dat daar van enige produktiwiteit weinig sprake is. Heitink (1997:325) merk dan ook tereg op dat die mens wat homself deur en deur wil ken, alle selfvertroue kan verloor. Dit is duidelik dat 'n pastor wat op so 'n wyse introspektief is, homself en die pastorant gaan verloor.

Vir 'n wyse van introspeksie wat kan help in die pastoraat moet daar eerder gekyk word na die *examen of consciousness* (Shawchuck & Heuser 1993:51 e.v.). Hy beskou dit as 'n integrale deel van 'n leier se lewe. Die doel daarvan is nie om vas te stel of optredes moreel goed of sleg was nie, maar om uit te vind hoe die Heer in ons lewe beweeg en ons beïnvloed. Hierdie bewegings is so deel van die mens se lewe dat dit dikwels nie eers opgemerk word nie. Nógans het dit 'n invloed op die mens se gedrag.

Hierdie ondersoek na die bewuste is 'n tyd van gebed wat nie 'n strewe na selfperfeksie is nie. Dit is 'n ervaring in geloof van die unieke wyses waarop die Gees in die mens werk en roep. Gebaseer op die geskrifte van Ignatius van Loyola word vyf stadiums onderskei wat die pastor kan help om innerlik te luister. Gebed om verligting: die Gees word gevra vir insig in die lewe en 'n moedige reaksie op sy werk.

Reflektiewe danksegging: Die Heer word gedank vir sy gawes selfs in die mees onlangse verlede.

’n Persoonlike ondersoek na daade: Nie ’n ondersoek na goed of sleg, reg of verkeerd nie, maar ’n bewus wees van ons buie, gevoelens en behoeftes.

Berou en hartseer: Hierdie gevoelens spruit uit die gebrek aan moed wat aan die dag gelê moet word en eerlikheid om op die Gees se roepstem te antwoord.

’n Hoopvolle besluit vir die toekoms: Stel n duidelike koers vir die onmiddellike toekoms.

Dit hoef sekerlik nie beredeneer te word nie dat hierdie “prosedure” ’n integrale deel van enige pastor se lewe behoort te wees.

Bosman (2001:430) beklemtoon dat introspeksie nie gesien moet word as iets wat in isolasie plaasvind nie. Introspeksie is ook iets wat in verhouding met ander gebeur. Wanneer die pastor byvoorbeeld ’n boek lees, tree hy in gesprek met die skrywer en dit is ’n vorm van introspeksie.

Hiermee is aangetoon dat die regte introspeksie nie ’n doellose gekrap in die binneste moet wees nie, maar ’n wyse van omgang met die Heer wat die deur na die toekoms oopmaak.

2.4.3.3 ’n Deurleefde spiritualiteit.

Waarom, volgens Heitink (1977:372), spiritualiteit aanwys as een van die minimum vereistes om pastor te wees? Heitink wat baie vanuit die konteks werk, meen dat hoe meer die mens as gevolg van sekularisasie mondig geword het, hoe meer het daar ’n al hoe groter kloof tussen geloof en kerk ontstaan. Desnieteenstaande het die vraag na die mens as gees al groter geword. Mense soek steeds na ’n kern, ’n geestelike kern (Heitink 1996:23). Verskeie skrywers wys daarop dat spiritualiteit die bediening, en dus die pastoraat, ondersteun (Shawchuck & Heuser 1993:43). Hy meen tereg dat enige bediening wat mens in eie krag kan aanpak, nie die moeite werd is om aan te pak nie. Hierbo is aangetoon dat enige roeping van Goddelike omvang is. In die gehoorsaming van so ’n roeping is die bediening ’n energietappende werk. Spiritualiteit in so ’n situasie is iets wat die energie herstel en die visie hernu.

Pastoraat en spiritualiteit werk op mekaar in. Van Dam (2003:32) het aangetoon hoe die siening van die pastoraat ook die wisselwerking van pastoraat en spiritualiteit beïnvloed. Die eie spiritualiteit word ’n bron vir die pastoraat en dit kan ook andersom werk. Hierdie wisselwerking hou egter ook gevaar in, byvoorbeeld dat die pastor se lewe in sy werk verstrengel raak. Wat wel belangrik is, is dat pastors getuig dat hulle spiritualiteit groei deur krisisse, konfliktsituasies en tye wanneer die pastor nie weet hoe om verder te gaan nie. Beslissings in hierdie situasies nooi die mens uit om kreatief en betrokke met sy geestelike goedere om te gaan (Van Dam 2003:33).

Van Dam (2003:47) definieer spiritualiteit dan as 'n manier van lewe wat gegrond is op 'n Christelike lewensoriëntasie en op 'n wyse beoefen word wat dit ontvanklik maak vir die oriëntasie en weerbaarmaaking vir die manier van lewe.

Ook hier lewer die narratiewe pastoraat 'n belangrike insig en waarskuwing. Bosman (2001:428) vra dat daar weg beweeg moet word van 'n preokkupasie met individuele geestelike groei in isolasie van ander mense. Die pastor se spiritualiteit kan ook nie losgemaak word van die konteks waarbinne die pastor leef en werk nie. Daar moet ook nie eensydig klem gelê word op 'n persoonlike ontmoeting met God deur die Woord, sakramente en persoonlike stiltetyd nie. Sodanige beklemtonings is deel van die Westerse individualisme met die klem op outonome individue (Bosman 2001:429).

2.4.3.4 Die persoon van die pastor word al hoe belangriker.

Dit is verrassend dat Heitink (2002:205) opmerk dat daar groter klem gelê word op die persoon van die pastor. Ervaring leer eerder die teendeel. Trouens, die meeste pastors bestuur hulle gemeentes so dat hulle persoon 'n al hoe kleiner rol speel. Tog is Heitink heeltemal reg. Die redes vir hierdie teen-die-stroom-op ontwikkeling is die volgende:

Ons leef in 'n al hoe meer geïndividualiseerde samelewing, waar die pastor sy of haar persoon sal moet waarmaak.

Daar word al hoe meer inspirerende leierskap verwag wat 'n baie persoonlike saak is. Wanneer mense verandering verwag en dit nie gebeur nie, is daar volgens Rendle (1998:35) drie kitsoplossings. *People, Programs and Policy*. Oor die kitsoplossing van *people* sê hy: "*The most popular people to change for congregations are the clergy.*"

Louw (1987:64) het dan ook aangetoon dat persone in beroepe waar daar geen beskerming gebied word nie en hulle dus alleen vir die gevolge van hulle besluitneming verantwoordelik is, die prooi van beroepsuitbranding en depressie kan word. Die gevolg is dat pastors al meer op hulle persoon beoordeel word.

Nog 'n bydraende faktor tot hierdie verskynsel is die besluite van die NG Kerk rondom gemeentegrense. Alhoewel dit nooit die bedoeling van die sinode was nie, is die effektiewe uitwerking daarvan dat gemeentes en pastors mededingers kan word. Mens wil nou aan 'n bepaalde gemeente behoort, omdat 'n bepaalde pastor die leraar van die gemeente is. Dit verg 'n groot aanpassing van iemand wat geskool is om binne vasgestelde geografiese grense as dienskneg te werk, om eensklaps in 'n mededingende posisie in 'n oop gemeenskap te wees. Pastors sal pastoraal begelei moet word om hulle in so 'n situasie nie net te handhaaf nie, maar om te voorkom dat die dienskneggestalte van die amp van pastor nie heeltemal verdwyn nie.

Volgens Heitink (2002:15) word die lot van die pastor medebepaal deur wat in die kerk in die breë en in die samelewing gebeur. Heitink se siening stem ooreen met

Gibbs se bevindinge in sy werk *Church Next* wat twee jaar vóór Heitink se werk verskyn het. Een van die aspekte wat hy aanraak, noem hy die beweging van hiërargiese strukture na die apostoliese netwerke (Gibbs 2001:hoofstuk 3). In apostoliese netwerke vind die volgende plaas:

- Daar is 'n beweging van burokratiese gesag na persoonlike gesag;
- van wetlike strukture na verhoudingstrukture;
- Van kontrole na koördinasie en van rasonele na charismatiese leierskap.

In die gevestigde Afrikaanse kerke vind mens die afplatting van sinodale strukture. Daar is verskeie redes daarvoor, meestal finansiële van aard, maar die feit is dat sinodes al hoe minder voorskriftelik is en al meer slegs riglyne neerlê. Gemeentes moet al meer self besluit oor hoe beleid toegepas kan word en of dit hoegenaamd toegepas gaan word. Daarvoor kyk die gemeente na die leiersfiguur, die pastor, in die gemeente omdat hy die opleiding en ervaring het. Sy persoonlike standpunt oor sake soos byvoorbeeld die vrou in die amp en die kindernagmaal, word dan dikwels die standpunt van die gemeente. Indien lidmate van die standpunt verskil word 'n gemeente gesoek waar die pastor se standpunt met die van die lidmaat ooreenstem.

Hierdie ontwikkeling in die kerk is nie slegs negatief nie. Dit werk 'n verskynsel teen wat as sinodokrasie bekend staan en 'n werklike bedreiging in die NG Kerk was. Rossouw (1974:87) noem dit "kwaadaardige vergroeiings in die geïnstitueerde kerk". Enige ontwikkeling in die kerk wat hierdie "gewasse" kan verwyder, moet verwelkom word, maar die kerk moet ook die gevolge van hierdie ontwikkeling in die oog hou. Thielicke (1976:60) gebruik die voorbeeld van 'n oorerflike siekte wat 8 uit elke 1000 kinders wat gebore word, aantast. Sonder die regte behandeling en dieet, sterf hierdie kinders voor puberteit. Met die regte behandeling en dieet word hulle groot en dit het 'n berekenbare toename van die siekte in latere geslagte tot gevolg. Die punt wat Thielicke maak, is dat wanneer die mens op een plek in die natuur ingryp, moet daar ook op die ander punt ingegryp word. Die mens kan nie op een punt van die skepping ingryp en dan terugsit en sien wat gebeur nie. Die kerk sal iets uit hierdie voorbeeld moet verstaan en toepas. Die kerk sal 'n oog daarvoor moet hê dat as mens op een plek in 'n struktuur ingryp, dit gevolge op 'n ander plek het. Die afskaling van sinodale strukture en voorskrifte het gevolge vir die pastor. Dieselfde spanning is steeds in die sisteem(kerk) teenwoordig. Die sentrum van druk het net van 'n groot vergadering na 'n individu verskuif. Die kerk moet dit nie probeer vermy of die horlosie probeer terugdraai nie, maar eerder dit probeer bestuur deur daar waar die druk uitslaan, die nodige ondersteuning en leiding te verskaf.

Die amp van pastor is, meer as ander beroepe, 'n roeping waar al jou persoonlike vermoëns en kwaliteite in jou taak belê word (Whitlock in Smuts 1986). 'n Pastor is iemand wat outonoom en onafhanklik in gedrag moet wees, want daar is baie besluite wat alleen geneem moet word. Die pastor moet vry wees van eksterne druk en in staat wees om positief op frustrasies en mislukkings te reageer. Veral moet die pastor in staat wees om teleurstellings, kritiek en mislukkings nie persoonlik op te vat nie. Die pastor moet vaste oortuigings en waardes hê wat hy deur persoonlike en sosiale kontakte kommunikeer (Van Arckel 1986:30). Om so 'n

persoon te wees vra van die meeste pastors om 'n paradigmaskuif te maak wat van só 'n omvang is dat dit nie verwag kan word van iemand om hierdie skuif op sy eie en sonder behoorlike pastorale ondersteuning te maak nie.

Hier moet weer gewys word op die samehang van die drie aspekte van die identiteit van die geskiktheid, bekwaamheid en bevoegdheid. Wanneer die drie uitmekaargehaal word, kom daar eensydigheid na vore. In geval van geskiktheid, of die persoon van die pastor, vind daar dan personalisering plaas met die klem op die persoon en persoonlike beleving van die pastor (Heitink 2002:180).

Vir die persoon van die pastor is dit van die grootste belang dat hy die samehang van die drie sal verstaan. Wanneer die persoon en die amp saamval word die pastor 'n voorbeeldfiguur en 'n verpersoonliking van 'n Christelike leefwyse. Wanneer die persoon skuilgaan agter die amp dan het die pastor nie meer 'n eie lewe nie.

2.4.3.5 Samevatting.

Daar is nie bepaalde persoonlikheidstipes wat 'n mens geskik maak om 'n pastor te wees nie. Elke persoonlikheidstipe bring sy eie positiewe en negatiewe tot die bediening.

Vir die persoon van die pastor is selfaanvaarding, introspeksie en deurleefde spiritualiteit van kardinale belang in die bediening.


Psigologiese en sosiologiese motiewe speel 'n rol in die besluit om aan te meld vir die bediening. Die motiewe kan nie op sigwaarde aanvaar word nie.

Die kerk het 'n keuringsbeleid nodig om kandidate te begelei om hulle roeping te onderskei.

Die persoon van die pastor word al hoe belangriker en dit is belangrik dat dit begelei sal word om die samehang tussen persoon, amp en beroep te verstaan en te balanseer.

Dit is die taak van die kerkverband om die pastor te bemagtig om dit te doen.

2.4.4 Beroep/bekwaamheid.



In die skema word nou beweeg na die regterkantste hoek, gemerk "B" "Beroep". Jeroense (2000) merk die volgende op. Die pastor is in die eerste plek 'n teoloog. Hy het 'n wetenskaplike opleiding ontvang waarin hy geleer het om op 'n verantwoordelike wyse met tekste om te gaan. 'n Teoloog is iemand wat lees en dan, meer spesifiek, religieuse tekste uit die verlede. Hy het geleer om daardie tekste in breër verband te plaas en te interpreteer.

Die pastor word ook opgelei om mense se lewensverhale te lees en te interpreteer. Nie net word tekste geëksegetiseer nie, maar ook individuele mense en dit vind plaas binne die raamwerk van die evangelie, binne die gemeente. Uit hierdie eksegetiese wil die pastor in 'n helpende verhouding tree met mense om sin te gee aan geloofs- en lewensvrae.

Van Dam (2003:22) omskryf hierdie bekwaamheid as die vermoë om selfstandig met die Woord om te gaan en insig te hê in die Christelike tradisie en wat selfstandig 'n teologiese analise kan doen .

In die bespreking van dit wat later volg, sal die noodsaaklikheid van goeie teologiese opleiding na vore kom. Dit is nodig vir die korrekte hantering van die Woord in die pastoraat . Dit sal ook duidelik word dat tekorte in die pastoraat die gevolg is van swak dogmatiek. Dit beklemtoon die noodsaaklikheid van goeie teologiese opleiding. Dit sluit *volle* teologiese opleiding in en nie *blitskursusse* in byvoorbeeld eksegetiese of dogmatiek nie. In 'n tydperk waarin standarde oor die hele spektrum van onderwys en opleiding val, mag die teologiese opleiding nie deel daarvan word nie, maar behoort eerder die teendeel te gebeur. Dit is noodsaaklik vir 'n

voortgesette goeie versorging, nie net van die pastor nie, maar ook van lidmate in die kerk. Heitink(1996:28) skryf dat as dit op die gebied van geestelike versorging nie goed gaan nie, gaan dit met versorging nie goed nie, 'n stelling wat heelhartige instemming verdien.

Die samehang van beroep en geskiktheid moet ook raakgesien en verstaan word. By geskiktheid is gepleit vir 'n keuringsbeleid waardeur kandidate hulle roeping kan onderskei. Dit impliseer ook dat *een* nie *alles* uitstekend moet kan doen nie. Daar is reeds aangetoon dat roeping 'n roeping is tot 'n totale bediening. Dit beteken nie dat daar nie ook ruimte is vir wat Heitink (2002:282) "gematigde spesialisasie" is nie. Hy dink veral aan differensiasie en funksionele spesialisasie in 'n gemeente. Dit is in baie gemeentes reeds die praktyk. Nel (2004:612) vul dit verder aan: "Die geheel is nie onoorsigtelik nie, maar die behartiging van al die 'komponente' van die geheel is nie meer moontlik nie. ... 'n Kontekstuele verpligting tot alle vorme van bediening verander nog niks aan die beginsel nie. *Roeping tot voltydse bediening, 'n roeping tot alle vorme van bediening in die gemeente, impliseer nie uitmuntendheid in elke vorm van die bediening nie.*"

Die feit is egter dat daar sedert die tweede helfte van die vorige eeu 'n al hoe groter klem begin val het op die professionalisering van die amp van die pastor. In kort kom dit daarop neer dat daar al meer van 'n pastor verwag word om nie net baie te weet nie, maar om ook baie te kan doen. Die pastor moes ook 'n deskundige word. Dit is 'n tendens wat tans ook in Suid-Afrika in volle swang is. Daar kan nie beswaar teen die ontwikkeling ingebring word nie trouens, dit is noodsaaklik. Dit is egter ook medisyne met nuwe-effekte (Heitink 2002:204). Die nuwe-effekte kom na vore in die verhoudings waarin die pastor staan, want die klem val nou op die funksionaliteit van die verhoudings en dit maak egte verhoudings moeilik. Op sy beurt versterk dit weer die saak van maghebber en ondergeskikte in die verhouding. Tog kan geargumenteer word dat juis die funksionele aard van die verhouding groter toenadering moontlik maak met die nodige behoud van afstand.

Hier moet eers net onderskei word tussen verskillende betekenisse van die begrip *professioneel*. *Eerstens* is daar die verband met wat ons 'beroep' sou kon noem; *tweedens* is daar die onderskeiding tussen professioneel en amateur en *derdens* die algemene gebruik waar: "...*professional means 'qualified' or 'competent' or even simply 'well-done'*". (Nel 2004:591.) Hier word die begrip in sy eerste en tweede betekenisse gebruik.

Die beginsel wat die kerk hier moet vestig is die van *life long learning* (Senge 1990:11). Dit pas in die Bybelse beeld van die mens dat die mens voortdurend verander. Lewenslange leer is maar een deel van die verandering.

Die onderskeid tussen professioneel en professionaliteit moet uitgespel word deur te omskryf wat onder professioneel bedoel word. Vir Van Dam (2003:22) lê die professionaliteit van die pastor in:

Aanpasbaarheid: Wat ook die weerbaarheid, teen dit wat ongewens is, insluit.
Reseptiwiteit: Die vermoë om te kan ontvang, wat die ontwikkeling van die eie spiritualiteit insluit. Die vermoë om keuses te kan maak.
Distansiëring: word omskryf as die bestuur van die spanning afstand/nabyheid.
Kreatiwiteit: Dit is om tussen kultuur en tradisie te kan beweeg en in scenarios te kan dink.

2.4.4.1 Samevatting.

Die pastor is 'n opgeleide teoloog wat tekste en mense se verhale kan lees en hermeneuties kan integreer.

In die beroep van die pastor word al meer klem geplaas op die deskundigheid van die pastor. Dit is 'n noodsaaklike ontwikkeling wat die weg vir spesialisasie oopmaak.

Wanneer hierdie klem egter oorgaan in professionalisering, word die pastor 'n funksionele, en helaas, beperkte deskundige.

2.4.5 Die kompetensies/bekwaamhede van die pastor.

Die pastor verkry sy kompetensies deur teologiese opleiding. Tans is teologiese opleiding onder die soeklig in die NG Kerk en vind daar ook besinning oor die saak plaas. Dit is egter nie net in die NG Kerk waar die besinning plaasvind nie. Teologiese opleiding wêreldwyd verkeer in 'n krisis (Maré 2005:432). Gibbs (2001:93) wy 'n hoofstuk aan teologiese opleiding onder die titel: *From schooling professionals to mentoring leaders*. Hy kom onder andere tot die gevolgtrekking dat pastore wat in die Amerikaanse terapeutiese model opgelei is, swig onder die druk van hulle pastorale las en dat hulle nie energie oor het vir hulle taak van strategiese leierskap nie (Gibbs 2001:105). Maré (2005:434) gee 'n probleemstelling met opmerkings van AGS pastore oor hulle opleiding. Dit kon net sowel uit die NG Kerk se klas van 1980 aan UP se monde gekom het.

Daar kan nie hier op die hele kwessie van teologiese opleiding ingegaan word nie. Een aspek wat tog genoem word en waarvoor stemme ook in die NG Kerk opklink, is die saak van kerkgebaseerde-opleiding, waar die kerk self instaan vir die opleiding van pastore. Die gevaar van hierdie tipe opleiding is dat dit so gefokus is op vaardigheidskepping dat daar nie goeie teologiese onderbou is wat die egtheid van groei kan beoordeel nie (Gibbs 2001:101). Saam met Gibbs (2001; vergelyk Nel 2005) word tot die gevolgtrekking gekom dat die weg eerder gevind moet word in die samewerking tussen kerk en universiteit.

Oor wat die teologiese opleiding aan die pastor moet bied, kan saam met Van der Ven (1998:110) die volgende gestel word:

Kennis: Dit is die vermoë om gestruktureerde inligting narratief en konseptueel te reproduseer.

Insig: Dit is die vermoë om gestruktureerde inligting narratief en konseptueel te produseer.

Vaardighede: Dit is die vermoë om metodes en tegnieke in konkrete situasies volgens die eise van die werk te gebruik.

Houding: Dit is die affektiewe evaluerende oriëntasie wat 'n professionele persoon tot die beskikking het om die werk op 'n gepaste wyse te doen.

Met die nagaan van die literatuur blyk dit dat baie skrywers oor die pastoraat nie ingaan op die bekwaamhede/kompetensies van die pastor nie. Wanneer hulle dit wel doen, word dit gewoonlik uit die bepaalde perspektief van waaruit hulle skryf, gedoen. Dit is jammer want 'n gebrek aan omskrywing van benodigde kompetensies is 'n struikelblok in die tekening van die profiel van die pastor. Wanneer die omskrywing van pastoraat gedoen word (hoofstuk 4), sal aangetoon word dat elke perspektief op die pastoraat 'n bydrae te lewer het en dat die kompetensies wat aangedui word, almal belangrik is vir die pastor. Die ideaal sou wees dat elke pastor oor al die genoemde kompetensies moet beskik, maar dan sou mens op die end weer soek na, wat Kaptein noem, meer as 'n vierpotige dier. Daar moet dus na kernkompetensies gesoek word.

Adams.

In *Competent to counsel* (Adams 1970:59-64) word Rom 15:14 aangehaal: "Maar ek self ook, my broeders, is oortuig aangaande julle, dat julle self ook vol van goedheid is, vervuld met alle kennis, in staat om ook mekaar te vermaan (OAV). Daarby voeg Adams ook nog wysheid uit Kol 3:16: "Laat die woord van Christus ryklik in julle woon in alle wysheid."

Alhoewel die waarheid van Adams se stelling nie in twyfel te trek is nie, is die manier jammer waarop hy die Woord gebruik om by fundamentele stellings uit te kom.

Clinebell.

Daar is 'n terapeutiese driehoek (Clinebell 1984:416) wat, as dit teenwoordig is by die pastor en deur die pastorant waargeneem word, die verhouding bevorder waardeur heling en groei bewerk word. Die drie is:

Kongruensie wat in hierdie konteks opregtheid, integrasie en openheid beteken.

Nie-besitlike warmte wat vir Clinebell onvoorwaardelike agting en eerbied beteken.

Empatiese verstaan is om na die ander persoon te luister met 'n omgee bewussyn.

By hierdie driehoek voeg Clinebell nog drie ander by:

'n Stewige besef van die pastor se identiteit.

Die terapeutiese houding wat hy by Nouwen oorneem en wat die "*wounded healer*" genoem word.

Persoonlike lewendigheid. As die pastor die lewe in sy volheid by ander wil aanwakker, moet die pastor self leer om so vol as moontlik te lewe.

Ook die waarde van hierdie kompetensies word nie bevraagteken nie. Dit is egter jammer dat Clinebell die gesprek beperk tot beraders. In die hoofstuk oor pastoraat sal die grens tussen pastoraat en beraad getrek word en in daardie lig is Clinebell se omskrywing tog beperkend .

Jentsch

Jentsch (1989:52) onderskei drie kompetensies vir 'n pastor: *Sagen, Geben und Sorgen*.

Sagen: Vir die moderne pastor is die verhouding voorop en nie die verkondiging nie. Hy merk tereg op dat die verhouding ook 'n ideologie geword het. Die inhoud tree terug agter die vorm, die evangelie agter die metode en die getuieis agter die berading. Hy vra dan die vraag of die pastor niks meer te sê het nie. Die nood van die kliënt en die oriëntasie van die pastor kan op die duur nie kompetensie vir die pastor wees nie. 'n Pastor kan net *wees* deur die roeping en die opdrag van Matteus 28:19. Die *wat* en die *hoe* van die pastor kan nie geskei word nie. "*Weder das Verbale noch das Non-Verbale macht ein pastor selig.*" (Jentsch 1989:54.) Die pastor moet met sy hele persoon die Heer aankondig. Hierdie klem van Jentsch blyk onontbeerlik te wees vir 'n profiel van die pastor. In die lig van wat later omskryf sal word as die kritiese en omstrede rol wat die Woord in die pastoraat speel, wil die skrywer die term "kommunikasie van die evangelie" invoeg wat dan gekies sal word vir die verkondigingsaspek van die pastor se werk onder hierdie kompetensie.

Geben. Jentsch (1989:60) gebruik die term in die sin van *begenadigde*. Vir Jentsch, soos vir hierdie studie, het dit die belangrike implikasie dat die pastor nie minder mag gee as wat hy self ontvang het nie. Die pastor moet ook daarmee rekening hou dat die Heer ook met nulle somme kan maak en ook daaruit iets kan skep.

Sorgen: Dit beteken besorgdheid. Die pastor is in die naam van Jesus besorg oor die saak van God, terwyl hy terselfdertyd mense ernstig neem (Jentsch 1989:63). Jentsch wil nie die beeld van die herder heeltemal laat vaar nie. Alhoewel die beeld onpopulêr geword het, is daar weer herwaardering daarvoor. Een van die probleme met die gebruik van selfs Bybelse beelde en metafore is dat dit nie by beelde bly nie, maar teologie en later absolutisties word. Herwaardering van die herdermetafoor sal daartoe lei dat die pastor as beeld van die nuwe bestaanwyse in Christus gesien kan word. Vir Jentsch het die pastor beslis 'n toekoms.

Alhoewel die opmerkings van Jentsch kom uit sy boek *Der Seelsorger* en meer op die pastoraat gemik is, is dit in ooreenstemming met die keuse van *pastor* as omvattende term vir wat die dominee genoem word. Daarom is dit ook nodig om dit deel van die kompetensies van die pastor te maak.

Van der Meulen

Aan die einde van sy bespreking van die pastor as reisgenoot vra Van der Meulen (2004:277) watter kompetensies die pastor moet hê en onderskei dan vier: amptelik, hermeneuties, kommunikatief en mistagogies.

Amptelike kompetensie

Van die amp is reeds rekenskap gegee onder die identiteit van die pastor. Dit toon egter dat identiteit en kompetensie by die pastor baie nou verweef is. Die pastor moet in dit wat sy identiteit bepaal, ook bepaalde kompetensies hê. Die amp word nie weer hier bespreek nie. Daar word hier slegs toegevoeg dat die pastor in sy amp die vertroue van mense moet geniet. Dat dit vandag in Suid-Afrika van sowel die kerk as pastor waar is, mag na 'n teenstrydigheid klink, maar dit is so. Daar is baie verhale waar pastors die vertroue misbruik het, nogtans bly die vertroue staan (Van Dam 1994:87-107).

Hermeneutiese kompetensie

Met hierdie kompetensie word bedoel die interpretasie van die verhaal van mense en van die verhaal van God. Dit gaan egter ook om meer as om die verhale te interpreteer, dit moet ook verbind kan word. 'n Pastor met hierdie kompetensie moet kan pendel en weet wanneer om meer te vertoef by God se verhaal en wanneer meer by die pastorant se verhaal.

Kommunikatiewe kompetensie

Wanneer Van der Meulen (2004:279) hierdie kompetensie onderskei, onderskei hy tussen intrapersonlike kommunikasie en interpersoonlike kommunikasie. Onder die intrapersonlike kommunikasie word ook die pastor se kommunikasie met God gereken. Onder hierdie kompetensie behoort die empatiese luister ingesluit te word.

Mistagogiese kompetensie

Met mistagogie word bedoel die inleiding in die geheim van die heil. As kompetensie dui dit op die vermoë om die mens te begelei in die omgang met God en vorm deel van geestelike begeleiding (Van der Meulen 2004:280). (Sien 4.2.1.2.)

Integriteit

By hierdie lys van kompetensies hoort ook integriteit. Dit word deur Ezell (1995:83) beskryf as 'n hoë standaard van lewe wat gebaseer is op 'n persoonlike kode van moraliteit en wat nie swig voor die nukke van die oomblik of die wil van die meerderheid nie. Integriteit is nie reputasie of sukses nie. Dit is die somtotaal van wie die pastor *is* en van wat hy *doen*. Die oorsprong is geleë in wie die pastor is en manifesteer in hoe hy lewe.

Kreatiwiteit

Hoe meer gevorderd tegnologie raak en hoe meer toeganklik dit selfs vir kleiner gemeentes raak, hoe meer sal die pastor moet meeding met ander bronne om die gemeente se aandag te behou. Daarmee word nie gepleit vir byvoorbeeld preke wat in "powerpoint" aanbiedings verval nie, maar vir nuwe wyses waarop die ou boodskap oorgedra word sonder om die boodskap self te verander.


2.4.6 Opmerkings

Dit is duidelik dat hierdie beskrywing van identiteit en kompetensie nie volledig is nie, en dat sommige van die kompetensies ook tyd bepaald is en dat dit tans meer op die voorgrond staan as ander. Die gevaar bestaan ook dat die kompetensies en identiteit op 'n geforseerde manier op mekaar gepas word en kunsmatige konstruksies tot gevolg kan hê. Trouens, nadat verskillende modelle op die proef gestel is, is besluit om 'n ander weg te volg. Alle beskikbare omskrywings van die taak van die pastor deel die pastor se taak in twee hoofkomponente in: verkondiging (kommunikasie) en pastoraat. Wanneer mens die kompetensies aanteken wat daarvoor nodig is, word dit duidelik dat al die kompetensies nodig is vir beide komponente. Dit word dan duidelik dat die kenmerke van identiteit en kompetensie saamval. Die pastor moet dus ook kompetensie hê op die vlak van wat hy is.

Die pastor is dus 'n persoon waar die *wie hy is* nie geskei kan word, van *wat hy doen* nie. Klaarblyklik is dit meer so as in baie ander beroepe en dra dit by tot stres en uitbranding en verhoog die behoefte aan pastorale versorging.

Vir die pastor geld: *Wie hy is, is wat hy doen.*

2.4.7 Bevoegdheid/amp.



In die skema word daar nou beweeg na die boonste punt van die driehoek, gemerk "A" "Amp/bevoegdheid".

Wanneer oor bevoegdheid gepraat word, kom die amp ter sprake. Daar is min sake in die kerklike lewe waaroor daar soveel onsekerheid bestaan as oor die amp. Dit is egter van kardinale belang om hierdie aspek van die identiteit van die pastor te omskryf. Elkeen moet met sy bevestiging op die volgende vraag antwoord: "Is u oortuig dat God self u tot hierdie diens geroep het?" (NGK, 1988:123).

Omskrywing

Vir Van Dam (2003:22) is iemand bevoeg vir die amp as die persoon daartoe gemagtig is. Dit hou die volgende in:

Die pastor is beroep en verbonde aan 'n amptelike vergadering.

Om verbonde te wees aan die gemeenskap van die gelowiges.

Om te verstaan wat die simboolfunksie van die amp is.

Lekkerkerker (1971:6) begin sy bespreking met die vraag of die amp verstaan moet word as 'n *gesagvolle koms* tot die gemeente, soos in die Hervormde Kerk (Nederland), of as 'n *verbesondering van die amp van die gelowige*. Sy konklusie is dat die amp meer is as 'n funksie: dit is 'n opdrag: die opdrag van verkondiging en dit is 'n opdrag wat mens nooit laat los nie (Lekkerkerker 1971:213). Hierdie vraag: *gesagsvolle koms*, of: *opkomend uit die amp van die gelowige* is van die grootste belang vir die identiteit van die pastor.

Nauta (1971:47) wys daarop dat in ou kerkordes, *amp* beskryf is as dienste. Teen 1970 word dit omskryf as die opdrag van Christus waarin die dienswerk in die kerk aan sekere persone toevertrou word. Die belangrike punt is die verbinding van amp en dienswerk. In dié verband skryf Pont (1979:11), dat *amp* 'n betrekking of posisie is. Hy maak egter tereg die opmerking dat *amp* nie meer korrek weergee as wat die Nuwe Testament met *diakonia* bedoel nie. Pont (1979:11) se definisie van die amp is dan: "...mense wat deur Christus geroep word om 'n taak in en ten behoeve van die evangelie en die gemeente te verrig ...".

Trimp (1982:6) verstaan onder *amp* 'n opdrag wat deur God gegee is vir 'n voortgesette en institusioneel bepaalde dienslewering aan die gemeente met die oog op die gemeente se interne en eksterne opbou. Vir Trimp is dit belangrik dat die terme *amp* en *diens* nie gewissel mag word nie. *Diens* is die *wyse* waarop die opdrag uitgevoer word. Hierdie opmerking moet saamgelees word met Nauta (1971:48) dat *amp* en *dienswerk* nie geskei mag word nie, die dienswerk gee inhoud aan die amp.

Hieruit moet twee bakens geplaas word wat vir die identiteit van die pastor as ampsdraer belangrik is:

Die gemeente oefen nie gesag uit oor die ampte nie (Nel 1982:19). Dit beteken dat die amp nie uit die algemene priesterskap van die gelowiges kom nie, maar uit die hart van God.

Die pastor as ampsdraer is 'n dienskneg wat nie oor die gemeente moet heers nie, maar dit moet dien.

Die omskrywings hierbo het een saak in gemeen en dit is die diens *in, aan* en *ten behoeve van* die gemeente. Wat ontbreek, is die visie wat gegee is in die omskrywing van roeping as die totale bediening van die pastor *in, aan* en *deur* die gemeente. Die A-Z (2007:2) vat beide aspekte *aan* en *deur* die gemeente soos volg saam: "Die ampsgedagte veronderstel steeds dat God uiters belangrike bedieningsverantwoordelikhede aan sy volk of kerk toevertrou het, waarvoor die



ampte as bedieningskanaal moet dien. In die kerk van Jesus Christus is daar net een dienswerk, die dienswerk van Jesus Christus. Alle ander dienswerk is deelname aan die werk wat Christus deur sy Gees doen." Asook: "Die groeiende besef van die belang van missionêre kerkwees het ingrypende gevolge vir die verstaan en verruiming van die rol van ampte en in die besonder die rol van die predikant. Predikante word nie net opgelei om bestaande gemeentes in stand te hou nie, maar ook om as gestuurdes deel te neem aan God se sending na die wêreld. Die apostoliese karakter van die kerk en ook die taak van die predikant word sterk beklemtoon. Dit beteken onder meer dat die tradisionele verstaan van die bevoegdheid van 'n predikant wat slegs binne gemeentelike verband kan funksioneer, nie langer gehandhaaf kan word nie; en dat die verlening van bevoegdheid om uitdrukking te gee aan die missionêre karakter van die kerk, wat kerkverband insluit, dringend noodsaaklik is."

Dit is in ooreenstemming met Ef 4:11, waar die gawes persone is wat besondere gawes ontvang het as geskenk wat Christus aan sy kerk gee as georganiseerde funksionerende gemeenskap (Roberts 1983:114-119). Die punt wat Paulus wil stel, is dat Christus in die vorm van begaafde persone die middele voorsien waardeur die groot verskeidenheid van persone in die kerk saam die opbou van die een liggaam dien. Die woord "gee" tree hier op vir die gedagte van "daarstel" of "aanstel". Die "gee" is in die verlede tyd. Christus het met sy hemelvaart nie net genadegawes uitgedeel nie, maar daardeur 'n patroon van lewe vir die kerk geskep. Die klem val nie op die persone wat die gawes ontvang het nie, maar eerder op die ampte, of funksies, wat hulle in die kerk het. Die doel van die ampsdraers is die toerusting van die gelowiges vir hulle diens.


Rondom die begrip "toerus", skryf Roberts (1983:117) soos volg: "Die selfstandige naamwoord wat die gedagte van toerus hier weergee, kom slegs hiér voor in die Nuwe Testament, alhoewel dit verband hou met 'n werkwoord wat meermale voorkom. Die woord self word dikwels buite die Nuwe Testament aangetref - waar dit aangewend word in 'n hele aantal verskillende betekenisse. Onder hierdie betekenisse is daar verskeie wat daarmee te doen het dat iets of iemand in staat gestel word om te doen wat van hom verwag word, dit wil sê om reg te funksioneer. Die woord *toerus* gee wel aan hierdie gedagte uitdrukking, maar dit het 'n gelade term geword wat hoofsaaklik die gedagte aan 'n soort innerlike, "geestelike" groei oproep. Die gedagte wat Paulus wil oordra, is dié van bekwaamaking. Die lede van die kerk moet bekwaam gemaak word om hulle diens te kan uitvoer. Ons kan dit hier die beste weergee met die gedagte van opleiding. Die doel van die Oorwinnaar met die gee van begiftigdes in die kerk, is om die lede op te lei sodat hulle hulle *diens* op 'n bekwaame wyse kan uitvoer."

Verskillende benaderings tot die amp

Heitink (1977: 363), met wie Rossouw (1988:359) ooreenstem, poog om die verskillende standpunte rondom die amp soos volg te verwoord :

1. **Christus** → **amp** → **gemeente**. Dit is die hoogkerklike model wat veral in die Lutherse en Katolieke wêreld voorkom. Die amp is hier 'n heilsbemiddelende instansie tussen Christus en die gemeente. Heitink meen tereg dat die amp oorskat word en dat die ampsdraer oorvra word.

2. **Christus** → **gemeente** → **amp**. Dit is die laagkerklike model. Die amp is 'n verbesondering van die amp van alle gelowiges. Hier word die amp, volgens Heitink, weereens tereg onderskat. Die "teenoor" van die amp en die gemeente namens Christus, val weg en die gemeente word oorvra.



In hierdie model, wat uit die reformasie kom, is die amp en die gemeente elk in 'n eie verhouding tot Christus en met 'n eie verantwoordelikheid en staan in 'n wederkerige verhouding tot mekaar.

Die vraag is waar die NG Kerk in hierdie skemas inpas. Die kerk is en wil 'n gereformeerde kerk wees. Dicks (2002:216) bevind dat die kerkorde gebaseer is op die Skrif en op wat die kerk in sy belydenisskrifte bely. Hoewel dit waar is, moet daarmee rekening gehou word dat daar in die historiese ontwikkeling van die amp van pastor, ontwikkelings plaasgevind het wat, hoewel onbedoeld, nie rym met die belydenisskrifte nie. Dicks (2002:216) se bevinding dat die kerkorde die spanning in die bedieningspraktyk voldoende verantwoord, word egter bevraagteken.

Wat die pastor in die praktyk geword het, plaas die NG Kerk nie suiwer in die gereformeerde model nie, maar effens nader aan die hoogkerklike model. Daarmee word nie bedoel dat die amp van leraar in die NG Kerk 'n heilsbemiddelende funksie het nie, maar dat die amp oorwaardeer word teenoor die ander ampte en dat die pastor tog in 'n mate tussen die lidmaat en Christus staan.

2.4.7.1 Verandering in die ampsrol van die pastor.

i) Skaalvergroting.

Skaalvergroting beteken dat die lewe groter geword het. Die manier waarop die kerk georganiseer word het ontstaan en is gebaseer op 'n tyd toe die lidmate van die kerk in 'n baie klein samelewing geleef en gewerk het. Hierbinne kon die mens aan al die onderdele van daardie samelewing behoort (skool, werk, kultuur en kerk) sonder dat die dele in konflik met mekaar kom. Die gevolg was dat klein gemeentes in die kerk ontstaan het met 'n dominee wat die gemeente in hulle totale lewe kon begelei (Kaptein 1966: 74).

Die lewe van 'n mens speel nie meer binne die grense van 'n bepaalde gemeente af nie. In kleiner gemeenskappe gaan die kinders dikwels in ander dorpe skool, inkopies word in ander stede met groot sentrums gedoen. In groter sentra gebeur dit dikwels dat 'n persoon tussen stede pendel om te werk. In die Suid-Afrikaanse konteks gebeur dit al meer dat kinders in die buiteland is en vir kort tydperke die ouerhuis besoek. Massakommunikasie is besig om ons lewens te modelleer. Die gevolg is dat mense net soveel (of meer) tyd buite as binne die gemeentegrense deurbring.

Dié situasie word dikwels bestuur deur te sentraliseer. In die kerk gebeur dit al meer dat gemeentes saamsmelt. Wat in baie van die gemeentes wat oorbly gebeur, is dat 'n wanhopige stryd gevoer word om te bewaar wat bestaan. Gemeentes veg om hulle selfstandigheid te behou. In die proses word groot opofferings gemaak deur gemeentelede en pastors. Die uitwerking daarvan op die pastor is enorm. In hierdie situasies word die pastor wat Christus se werk op aarde moet voortsit en 'n koninkryk moet vestig, dus positief en opbouend moet werk, gereduseer tot 'n bewaarder van 'n situasie wat geen bestaansmoontlikheid meer het nie. Baie pastors in soortgelyke situasies getuig dan ook dat dit hulle belewenis is, dat al hulle stryd niks ander is as 'n uitstel van die onvermydelike nie: die sluiting van 'n gemeente.

Dit hoef nie beredeneer te word nie dat mense wat hulleself in hierdie situasies bevind, pastoraal begelei moet word. Die vraag is: hoe en watter vorm neem pastoraat in hierdie omstandighede aan? Dit is in dié verband dat Klink (1970: 1) se definisie van pastorale werk as die gehele kompleks van aktiwiteite wat uitgevoer word deur 'n persoon in sy hoedanigheid as leier van 'n godsdienstige gemeenskap, ter sake is. Pastoraat in hierdie omstandighede sal meer moet insluit as die luister na iemand, bemoediging en gebed. Dit sal ook in die vorming van voortgesette opleiding van pastors moet plaasvind om hulle in die bediening te skool om soortgelyke situasies te bestuur. Maar ook studente sal gedurende hulle aanvanklike opleiding daarop voorberei moet word dat hierdie tipe situasies vir hulle in die bediening mag wag en hoe hulle dit dan moet bestuur. 'n Ander vorm wat pastoraat in hierdie omstandighede sal moet inneem is struktuurverandering in die bediening. Kaptein (1966:128) merk tereg op dat die struktuur waarby die pastor as voltydse amptenaar die hele verantwoordelikheid vir alle aspekte van die kerk se werk in die wêreld moet dra, terwyl hy eintlik alleen verantwoordelik is vir 'n beperkte

geografiese gebied waarbinne die gemeente se lewe maar ten dele afspeel, het 'n onmoontlike konstruksie geword.

Om pastors te begelei om skaalvergoting te kan bestuur, sal die kerk struktuurveranderinge in die bediening moet aanbring.

ii) Werk in 'n situasie waarin daar wantroue is in institusionele gesag.

Daar is wantroue in institusionele gesag. Gesag se basis word al minder in status geplaas en al meer in verhoudings. Iemand kry gesag nie op grond van sy posisie nie, maar dit word verdien op grond van integriteit (Gibbs 2001:72). Die wêreld gee al minder aandag aan georganiseerde godsdienstige groepe (Hobgood 1998:13). Lidmate sien die kerk as 'n vrywillige organisasie waarvoor die mens self kan besluit wanneer hy moeg is daarvoor. Die moderne vraag is: "*What's in it for me?*" (Nel 2003:24.) Al meer word uitsprake gehoor soos: "Ek glo nog, maar behoort nie meer aan 'n kerk nie." En: "Die kerk raak my nie." Die eerste uitspraak word gemaak deur mense met 'n goeie kennis van die Christelike geloof en 'n tradisionele Christelike spiritualiteit. Die tweede uitspraak word gemaak deur mense wat sonder kontak met godsdienstige instellings grootgeword het. Dit is mense met 'n vae spiritualiteit en wat 'n persoonlike teologie ontwikkel het (Nel 2003:21). Die tyd waarin ons leef, kan beskryf word as 'n tyd van geringskatting (Hobgood 1998: 24). Baie mense leef nou met 'n houding waarin hulle nóg die kerk ondersteun, nóg die kerk teenstaan. Baie gelowiges vorm groepe en vermy doelbewus kontak met enige godsdienstige liggaam. Hierdie tendens het 'n geweldige impak op die pastor. Hy kom uit 'n kerklike tradisie van gesag waar die kerk, en daarmee saam die pastor, baie kontrole oor mense uitgeoefen het. Kontrole is om te besluit wat mense mag doen en wat nie. Waar gesag op grond van integriteit verdien word, gaan dit meer oor die aanspreeklikheid wat mense het oor wat hulle self besluit het om te doen.

Hierdie saak het implikasies vir die pastor. Pastors is mense wat nogal behoefte het aan beheer (Evans 1986:29). Moorer (1986:29) toon aan dat pastors geneig is om leierskap en kontrole in verhoudings uit te oefen. Al is hierdie nie 'n algemeen geldende verskynsel vir die pastor nie, beteken dit nogtans dat daar baie pastors is wat daarvan hou om kontrole uit te oefen terwyl daar in die omgewing al meer wantroue in hierdie wyse van optrede is. Die pastor in die een-en-twintigste eeu moet dus leer om minder kontrole oor mense uit te oefen en hulle meer aanspreeklik te hou vir hulle optrede. Daarby moet die pastor leer om aan te pas en te werk in 'n omgewing waar hy nie meer gewild is of as noodsaaklik beskou word nie.

iii) Groter diversiteit in die kerk.

Hierdie is so 'n omvangryke onderwerp dat hier net enkele opmerkings gemaak kan word.

Daar bestaan nie meer so iets as 'n tipiese NG Gemeente nie. Daar is gemeentes waar die pastor nog met toga en wit das preek en waar vrouens nie op die kerkraad mag dien nie en kinders nie nagmaal mag gebruik nie. Dan is daar ook gemeentes waar daar nie meer 'n kansel of orrel is nie. Hierdie diversiteit is nie van so 'n aard

dat mens bloot gemeentes van mekaar kan onderskei nie. Hierdie diversiteit is ook binne gemeentes. Op 'n besoek aan 'n gemeente in die Wes-Kaap vind mens vier lokale waar elke Sondagaand vier verskillende aanddienste, elkeen met sy eie karakter, aangebied word. Daar is egter 'n diversiteit wat nie baie genoem word nie, maar wat definitief teenwoordig is en in ag geneem behoort te word. Almal praat van die postmodernistiese tyd waarin ons ons tans bevind. Niemand kan ontken dat baie van die kenmerke van die postmodernisme baie duidelik teenwoordig in ons wêreld is nie. Tog kan mens ook nie ontken dat ons in Suid-Afrika nog nie die volle bloei van die modernisme beleef het nie en dat daar baie van ons lidmate is wat nog premoderne kenmerke vertoon en standpunte handhaaf.

Die diversiteit kom ook na vore in die verskillende spiritualiteitstipes wat in gemeentes aangetref word. Die onderskeid wat getref word, is nie meer net tussen 'n tipies Gereformeerde en 'n Pinkster of charismatiese spiritualiteit nie, maar tussen omtrent elke skakering daarvan wat te voorskyn kom met nuwere ontwikkelinge soos aangedui in die gewilde werke van Norman Walsh en Dan Browning se omstrede rolprent *The Da Vinci Code* 2006. Aan die ander kant is daar baie lidmate wat ouer geestelike dissiplines herontdek en probeer toepas. Werke soos Foster, "The Celebration of Discipline" word herdruk en skrywers soos Nicol se "Die gebed van die hart" gee nuwer perspektiewe daarop. Die diversiteit word verder beklemtoon deurdat daar nie 'n skeiding tussen oud en jonk in hierdie verskillende groeperinge is nie.

iv) Groter klem op die pastorale rol van die pastor.

Wanneer gepraat word van 'n groter klem op die pastorale rol van die pastor is daar verskeie redes daarvoor.

Eerstens is daar, soos in hierdie hoofstuk aangetoon, 'n herwaardering van die roeping van die pastor. Hy is nie net tot die prediking geroep nie maar tot die totale bediening. Die deel van die totale bediening wat in baie mense se beskrywing van die pastor ontbreek, is die pastorale funksie van die pastor.

Tweedens is daar 'n veranderde siening van die pastoraat. Selfs die siening van die pastoraat het te doen gehad met die prediking. Vergelyk Thurneysen (1980:14) se omskrywing van die pastoraat as 'n spesiale vorm van prediking aan die enkeling. Daardie siening is deur die jare sowel ontleed as gekritiseer; 'n siening waardeur soveel verskillende wyses van pastoraat tot stand gekom het. Die invloed van die Amerikaanse pastoraat op ons eie pastoraat is dat dit al meer die karakter aanneem van 'n helpende verhouding met terapeutiese kenmerke. Peterson (1992b:2) wys daarop dat die laaste twee geslagte se pastors gedomineer is deur literatuur uit die gedragswetenskappe. Ons leef in 'n tyd van vinnige veranderings. Baie van die dinge wat 'n pastor vandag moet hanteer, was tydens opleiding onbekend: vigs en, ondenkbaar, gay huwelike en aborsies. Daar is kwantumspronge gemaak in kennis en tegnologie en dit laat baie pastors dink dat wat in die verlede gewerk het eenvoudig nie vandag meer kan werk nie. Dit veroorsaak 'n siening dat die pastor, wat al klaar nie genoeg tyd het nie, meer van sy tyd moet spandeer om op datum te

kom. Heropleiding is nodig, die jongste inligting moet bekom word, nuwe tegnieke moet bemeester word om die pastor in staat te stel om sy werk te doen. So 'n benadering, alleen, veroorsaak 'n groot skuif in die pastor se werk en tydsbesteding in die rigting van die pastoraat.

Een van die laste van die gevestigde kerke is die groot *external constituencies* wat bestaan (Gibbs 2001:73). Dit is onaktiewe lidmate wat skielik aktief word as daar skielik 'n krisis ontstaan. Ons leef in 'n tyd waarin die familiestruktuur onder soveel druk is en daar soveel disfunksionele families is, enkelouer gesinne en 'n verouderende bevolking, wat alles veroorsaak dat die pastorale belading van die pastor al meer toeneem. Onder die lidmate wat die NG Kerk, en die meeste ander Afrikaanse kerke met hoofsaaklik blanke lidmate uitmaak, is daar die toenemende verskynsel van rasionalisasie en werkloosheid wat 'n pastorale lading op pastors veroorsaak.

V) Klerikalisering.

Klerikalisering vind plaas as daar eensydig klem op die amp gelê word en die samehang tussen geskiktheid, bekwaamheid en bevoegdheid verlore gaan. Wanneer die amp eensydig beklemtoon word verdwyn die persoon agter die amp.

Daar is genoem dat ander skrywers die bevoegdheid eerste plaas, ten minste numeries, wanneer hulle oor die saak skryf. Tog is bevoegdheid kronologies die laaste wat gebeur voordat iemand 'n pastor kan word. Die geskiktheid en bekwaamheid behoort eers vasgestel te word voordat die kerk bevoegdheid deur legitimisasie kan verleen. Dit is egter ook waar dat, soos deur Rulla (sien 2.4.2.9) aangetoon, die bevoegdheid in sommige gevalle die invalshoek is waardeur baie kandidate aanmeld vir teologiese opleiding. Dit dui daarop dat die driehoek wat aangegee is as dinamies bewegend in sirkelvormige bewegings verstaan moet word.

'n Laaste opmerking is nodig oor die samehang van die drie aspekte wat die identiteit van die pastor uitmaak. Die drie kan saamgevat word in een begrip: *kompetensie*. Wie kompetent is, sal geskik, bekwaam en bevoeg wees vir die taak van pastor (Heitink 2002:179). Elkeen van hierdie aspekte roep die ander aspekte ook op (Heitink 2002:215).

Aandag aan die persoon van die pastor relativeer die gewigtigheid wat aan die amp verleen word.

Aandag vir die amp korrigeer die eietydse funksionele opvatting van die beroep.

Aandag vir die beroep skep ruimte vir die persoon en die amp en sluit aan by sosiale ontwikkelinge.

Die identiteit van 'n pastor kan omskryf word as 'n persoon wat geskik, bekwaam en bevoeg is om sy roeping uit te leef

2.5. Die toekoms van die pastor.

Wat is die toekoms van die pastor? Wanneer Heitink se skematiese voorstelling op p.18 van hierdie hoofstuk van nader beskou word, blyk dit dat die pastor van links

bo na regs onder beweeg het. Die pastor se rol het verander van dié van 'n openbare amp in 'n publieke kerk na dié van 'n pastor wie se persoon al hoe belangriker word en wat moet voldoen aan die uiteenlopende religieuse behoeftes van lidmate. Die pastor het verskuif van 'n openbare figuur na 'n binnekerklike figuur. Heitink (2002:227) druk dit so uit dat die "beoefenaars van die geloof" die pastor minder waardeer en dat die samelewing die pastor minder respekteer. Alant het reeds in 1970 'n sosiologiese studie na die rol van die pastor in die samelewing gedoen. Sy bevindinge stem ooreen met dié van Kaptein in 1966 en Heitink in 2002. Sy bevinding was die volgende:

Die pastor se rol in die NG Kerk is gesekulariseer.

Wat die gesag van die pastor betref, skryf Alant (1970:76) dat die pastor se gesag onmiskenbaar 'n toegeskrewe gesag was; verbonde aan die pastor se besondere verbintenis met God as sy geroepene en gesant. Dit het verander in die mate dat die pastor se gesag vandag verwerf word deur opleiding, ervaring en persoonlike kwaliteite. Die toegeskrewe gesag het nie verdwyn nie, maar word gekwalifiseer in terme van 'n meer gespesialiseerde rol. Die pastor besit toegeskrewe gesag as hy suiwer kerklik-godsdienstige funksies vervul. Gesag buite dié sfeer word gekwalifiseer volgens persoonlike kwaliteite en deelname (Alant 1970:78).

Ook die status van die pastor het verander. Dit berus ook op persoonlike vermoëns en kwaliteite. Die pastor is nie meer die onaantasbare figuur van vroeër nie, maar tog "anders". Die "andersheid" blyk uit hoë verwagtings wat van hom ook op 'n beperkte gebied, die godsdienstig-kerklike, gekoester word (Alant 1970:79).

Wat die taak van die pastor betref, word die tendens voortgesit wat in die bespreking van die gesag en status bepaal is. Die rol en funksie van die pastor word beperk tot die terrein van die godsdienstig-kerklike. Daar word van die pastor verwag om die absolute waardes te verkondig sonder om dit op voorskriftelike wyse te formuleer (Alant 1970:80). Die gemeentelid wil dat die waardes vir hom of haar blootgelê word, maar wil self aan daardie waardes vorm gee of ander spesialiste gebruik om dit te doen. Die pastor word uitgewys as die persoon wat noodlydendes moet besoek en gereeld huisbesoek moet doen. Krisisgebeurtenisse is, soos in die verlede, ten nouste gekoppel aan die geïnstitusionele godsdienstige aktiwiteite waarby die pastor ten nouste betrokke is. Dié bevinding stem ooreen met wat reeds vroeër in hierdie hoofstuk genoem is oor die toenemende pastorale rol van die pastor. Dit wil dus voorkom asof die pastor in die toekoms op sy pastorale rol gaan oorleef.

Dit is duidelik dat die pastor aan funksieverlies ly. Daarom kan Heitink (2002:255) dan ook praat van 'n oorbodige beroep en kan Dawn en Peterson (2000) 'n boek skryf met die titel "*The unnecessary pastor*". Ook Grey (1990:57) se uitgangspunt is 'n funksionele benadering tot die pastor. Beide Heitink en Peterson omskryf egter baie duidelik wat hulle met *onnodig* en *oorbodig* bedoel. Peterson (2000:2) omskryf dit as:

Onnodig in wat die kultuur beskou as belangrik.

Onnodig in wat die pastors self dink waarvoor hulle nodig is, naamlik die spilpunt wat die gemeente bymekaar hou.

Onnodig vir wat die gemeente wil hê die pastor moet doen, hulle voor die kompetisie hou.

Uiteindelik gaan dit daarom dat die pastor deur die ontdekking van die eie onnodigheid ruimte kry om nodig te word. Dit is die tipe aanpak van beide Peterson (1992a;1992b;2000) en Nouwen(1990) wat vir 'n pastor veel bied in die bediening. Die aanpak kan beskryf word as een waar die pastor nie probeer om alles wat as negatief beleef word te vermy of systap nie, maar as gegewe te aanvaar en daardeur diensbaar te word.

Heitink (2002:256) noem sy eie aanpak nugterder en kom tot die konklusie dat wat onnodig is, tog waardevol kan wees. Heitink skryf heelwat oor die toekoms van die beroep maar hy het die deur na die toekoms, vroeër in sy werk, oopgemaak met die skema wat ook hier gebruik word; die van persoon, beroep en amp in ewewig. Die skaal is op die oomblik eensydig gelaai ten gunste van die persoon van die pastor en dus moet die ander twee die skaal weer in balans bring. Die profiel van die pastor is geteken as sy identiteit en sy kompetensies. Die volgende vraag duik op: Wat moet versterk word om die skaal weer in ewewig te bring: die identiteit of die kompetensie? Daar is in hierdie hoofstuk baie gefokus op die identiteit ("being") van die pastor en dit mag blyk dat die identiteit ("being") belangriker is as die kompetensie ("doing"). In van die literatuur wat nagegaan is, is daar hoofstukke getiteld *De pastor in het spel der disciplines* (Heitink 1996:29) en *De pastor in dialoog met andere beroepen* (Faber 1983:109). Dit fokus weer die aandag op die kompetensies van die pastor. Identiteit is iets wat uniek is aan elke mens, maar wat tog kan verander. Kompetensie daarenteen is makliker om te verander.

Die keuse vir 'n benadering om die drie komponente van die profiel van die pastor in ewewig te versterk maak die deur oop vir 'n omvattende en sistemiese benadering van die pastor. Daar moet dus ook ewewigtig op beide die identiteit as die kompetensies van die pastor gefokus word om die balans te herstel. Die fokus op identiteit het nie ten doel om identiteitsverandering nie, maar identiteitsversterking te bewerkstellig. Die implikasie daarvan is dat wat in hierdie hoofstuk oor onder andere keuring geskryf is, oor die hele loopbaan van die pastor toe te pas, en dit is die verstaan van die roeping. Daarvoor is die pastoraat, met al die gereedskap tot sy beskikking, die beste van al die dissiplines in die teologie en die hulpwetenskappe toegerus.

Die pastor het beslis 'n toekoms. Die pastor is egter nie die enigste rolspeler in hierdie saak nie. Waar hierdie studie herhaaldelik daarop wys en pleit dat die ander rolspelers hulle rol moet speel en reg moet speel, mag dit nooit die indruk laat dat die pastor nie self ook 'n rol te speel het nie, trouens die rol wat die pastor self speel gaan van deurslaggewende belang wees. Soos Oswald (1998:209) dit stel: "... *it requires dealing with one tough customer – ourselves*". Jentsch (1989:329) wys ook daarop dat sleutelpersoon in die pastoraat die pastor self is.

2.6. Samevatting.

In hierdie hoofstuk is die vraag gevra wie is die persoon ten opsigte van wie die kerkverband pastoraal moet optree? Die pastor.

Daar is 'n keuse gemaak om van die begrip pastor gebruik te maak en nie dominee of predikant nie.

Die pastor is omskryf in terme van sy identiteit en kompetensies.

Die profiel van die pastor is omskryf in terme van geskiktheid (persoon), bekwaamheid (beroep) en bevoegdheid (amp).

Die roeping van die pastor word as grondliggend tot hierdie driehoek beskou.

Roeping.

Die roeping van die pastor lê ten grondslag van alles wat die pastor doen.

Roeping is 'n roeping tot 'n totale bediening en nie net tot 'n deel, veral prediking nie.

Psigologiese en sosiologiese motiewe speel 'n rol in die besluit om aan te meld vir die bediening. Die motiewe kan nie op sigwaarde aanvaar word nie.

Die kerk het 'n keuringsbeleid nodig om kandidate te begelei om hulle roeping te verstaan.

Vir die pastor om effektief in die bediening te wees, moet die driehoek: persoon, beroep en amp in ewewig wees.

Persoon.

Vir die persoon van die pastor is selfaanvaarding, introspeksie en deurleefde spiritualiteit van kardinale belang.

Die persoon van die pastor word al hoe belangriker en dit is belangrik dat die pastor begelei sal word om die samehang tussen persoon, amp en beroep te verstaan en te balanseer.

Dit is die taak van die kerkverband om die pastor te bemagtig om dit te doen.

Beroep.

Die pastor is 'n opgeleide teoloog wat tekste en mense se verhale kan lees en hermeneuties kan integreer.

In die beroep van die pastor word al meer klem geplaas op die deskundigheid van die pastor. Dit is 'n noodsaaklike ontwikkeling wat die weg vir spesialisasie oopmaak.

Wanneer hierdie klem egter oorgaan in professionalisering, word die pastor 'n funksionele, en helaas beperkte, deskundige.

Amp.

Die bevoegdheid (amp) speel 'n belangrike rol in die identiteit van die pastor. Voortgaande bespreking is nodig sodat die pastor, vanuit die korrekte amperspektief kan funksioneer. Die uitgangspunt is dat Jesus Christus die Groot Ampsdraer is wat 'n enkelvoudige amp beklee het met drie aspekte. Die amp in die kerk ontstaan uit Jesus Christus die Groot Ampsdraer.

Die amp in die kerk is nie genadige surplusse waarsonder die kerk kan klaarkom nie. Die amp ontstaan nie uit die algemene priesterskap van die gelowiges nie.

Veranderinge in die rol van die pastor

Die pastor werk vandag in 'n wêreld waar skaalvergrotinge plaasgevind het.

Daar is wantroue in enige vorm van institusionele gesag waarvan die pastor deel uitmaak.

Die pastor moet groot diversiteit in die kerk bestuur.

Die pastorale uitdagings aan die pastor het aansienlik vermeerder.

Klerikalisering het in die ampswerk van die pastor ingetree.

Die veranderinge in die ampswerk van die pastor noodsaak ook struktuurveranderinge in die kerk.

Indien die skema: persoon, beroep en amp in balans is, kan die profiel van 'n pastor omskryf word as 'n persoon wat geskik, bekwaam en bevoeg is om sy roeping uit te leef.

Die pastor is 'n persoon waar die wie hy is, nie geskei kan word van wat hy doen nie. Dit dra by, meer as in ander beroepe, tot stres en uitbranding en verhoog die behoefte aan pastorale versorging.

3. Die verantwoordelikheid van die kerkverband in die pastorale versorging van die pastor.

3.1 Inleiding.

Die studie word onderneem binne die vraagstelling: *Wie doen wat, ten opsigte van wie, waar, wanneer, waarom en hoe?* In die vorige hoofstuk is gefokus op die "ten opsigte van wie", toe die pastor omskryf is. Nou word aanbeweeg na die "**Wie** doen wat"-gedeelte van die vraagstelling. Dit word as uitgangspunt geneem en literatuur bevestig dat daar 'n behoefte aan pastorale versorging aan die pastors van die kerk is. Dit is daarom noodsaaklik om vas te stel wie se verantwoordelikheid dit is om die versorging te verskaf. Die vraag is bedrieglik eenvoudig en die antwoord is alles behalwe eenvoudig. Enkele sake in die manier waarop die pastor in die NG Kerk bestuur word, word uitgelig om die kompleksiteit te illustreer. Wanneer 'n persoon aanmeld vir teologiese opleiding is daar vereistes waaraan die kandidaat moet voldoen en 'n proses wat deurloop moet word. Die proses word beskryf in die kerkorde artikels 5-8 en die reglement vir die Algemene Kommissie vir Teologiese Opleiding (AKTO) (NGK 2004a). Die verantwoordelikheid vir die verlening van ampsbevoegdheid berus by die Algemene Regskommisise (ARK). Nadat die ampsbevoegdheid verleen is, is dit die taak van 'n *kerkraad* om die gelegitimeerde te beroep. Die bevestiging vind plaas met die goedkeuring van die *ring*. Daarna is die pastor in diens van die kerkraad, maar onder toesig van die ring. Die kerkraad is die werkgewer en stel 'n dienskontrak op, maar kan nie dissiplinêr optree en die pastor ontslaan sonder die goedkeuring van die ring nie. In dié verband het die algemene sinode van 2002 besluit: "9. Alhoewel kerkrade en ander kerkvergaderinge as selfstandige werkgewers selfstandige besluite rakende diensverhoudinge kan neem, moet hulle steeds besef dat elke gemeente in die kerkverband ingebed is en dat hulle besluite nie die kerkverband in die verleentheid moet stel nie." (My kursivering) (NGK 2002a: 570: 8.10.2.3).

Hierdie kompleksiteit is reeds op gemeentevlak sigbaar. As een van die pligte van die pastor noem Die Kerkorde (NGK 2004a:5) huisbesoek *saam met die kerkradslede*. Artikel 16 stel dit onomwonde as 'n plig van die ouderlinge, terwyl artikel 51 dit as die plig van die pastor, ouderling en diaken stel. In minder gekompliseerde tye was die lees en toepas van die artikels baie maklik. Die pastor gaan een keer per jaar om op huisbesoek, die ouderlinge 4 keer per jaar voor nagmaal en die diakens 12 keer vir dankoffers. Gesprekke met pastors op kerklike vergaderings toon egter aan dat die ouderlinge dit nie getrou doen nie; dat baie pastors nie meer *daaraan glo* nie en dat daar ander maniere gekom het om die dankoffers in te samel. Dit kan maklik daartoe lei dat die verskillende ampte van die ander verwag om die taak te verrig en dat niemand dit op die ou end doen nie. Dit sal eerstens skadelik wees vir die gemeente, maar ook vir die pastor as geestelike leier van die gemeente.

In hierdie hoofstuk gaan gekyk word na die saak van die kerkverband en stelsels waarvolgens die kerk bestuur word. Die kenmerke van die presbiteriaal-sinodale stelsel en sy swakhede gaan nagegaan word. Vervolgens sal gekyk word na die hele saak van toesig en die rol van die biskop in die kerk. Laastens sal die hoofstuk let op die vraag of die pastorale versorging van die pastor ampdiens moet wees.

3.2 Die Kerkverband.

Kerke met dieselfde belydenisgrondslag word vir bepaalde doeleindes saamgesnoer en aan mekaar verbind. Die band wat op hierdie manier tot stand kom, staan bekend as die kerkverband (Kleynhans 1985:1). Die manier waarop hierdie verband uitgedruk word, behoort nie tot die wese van die kerk nie, maar dien die welwese van die kerk (Kleynhans 1985: 8). In die NG Kerk word gemeentes in ringe en streeksinodes saamgegroepeer, terwyl die verskillende streeksinodes dan saam die Algemene Sinode vorm. So is elke gemeente en elke pastor nie net aan die plaaslike gemeente verbonde nie, maar ook aan die kerk as geheel. Gemeentes word deel van 'n kerkverband omdat hulle dieselfde glo en nie omdat hulle dieselfde dinge wil doen nie.

Enige kerk wat uit meer as een gemeente bestaan en groei sal een of ander tyd 'n bestuurstelsel in werking moet stel om toe te sien dat alles glad en ordelik daaraan toe gaan soos die Skrif dit vereis. Deur die eeue het daar ook verskillende stelsels van kerkregering ontwikkel. Die NG Kerk, soos ander kerke in die gereformeerde tradisie, word volgens die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel bestuur. Baie gereformeerdes wil graag die gereformeerde of presbiteriaal-sinodale stelsel as die enigste Skriftuurlike en daarom die beste en deur die Woord van God gewilde stelsel beskou. Indien dit so sou wees, is dit duidelik dat daar geen vrae oor gevra mag word nie. Nadere ondersoek blyk egter dat dit nie so maklik is om die stelsel as die enigste uit die Skrif af te lei nie. Plomp (1967:1) toon aan dat daar meer as een gemeentetipe in die Nuwe Testament aangetref word. Met verwysing na Noordman konkludeer hy dat die kerkorde nie met dieselfde gesag uit die Skrif afgelei kan word as die sola fidei nie (Plomp 1967:11). Dit is inderdaad so dat die presbiteriaal-sinodale stelsel nie die enigste stelsel is wat Bybels verantwoordbaar is nie en daarom kan en moet sekere vrae aan die stelsel gevra word.

Alhoewel daar verskeie stelsels van kerkregering is, val die studiefokus op die presbiteriaal-sinodale stelsel en die episkopale stelsel. Eersgenoemde omdat dit die stelsel is waarbinne pastors in die NG Kerk werk en laasgenoemde omdat dit die stelsel is waar binne die pastor pastorum voorkom wat as moontlikheid vir die pastorale versorging van pastors binne die NG Kerk ondersoek word. Ander stelsels word volledigheidshalwe slegs genoem.

Die Roomse of papale stelsel.

Die Lutherse stelsel.

Die Erastiaanse stelsel.

Die episkopale stelsel.

Die independentistiese of kongregasionalistiese stelsel.

Die kollegiale stelsel (Kleynhans 1985:65).

3.2.1 Die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel.

3.2.1.1 Kenmerke van die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel.

Die NG Kerk word volgens die presbiteriaal-sinodale stelsel geregeer. Die stelsel het uit die hervormings van Martin Luther ontstaan en mense soos Zwingli, Calvyn, Bucer en Beza het 'n baie groot invloed uitgeoefen op die manier waarop die kerk geregeer word. Hierdie mense se werk is later deur Voetius wetenskaplik uiteengesit (Kleynhans 1985: 80). Die kenmerke van hierdie stelsel is die volgende:

- i) Die plaaslike kerk as sentrum van die kerklike organisasie. Die plaaslike kerk ontleen sy karakter nie aan die ampte nie, maar aan die gelowiges (Kleynhans 1985:80). In die eerste plek vind opsig in die plaaslike gemeente plaas. In die uitoefening van die opsig moet die regte verhouding tot die algemene priesterskap van die gelowiges nie uit die oog verloor word nie.
- ii) Die regering van die kerk is deur die ouderlinge en daar is 'n gelykheid tussen die ampte. Daar is geen wesenlike verskil tussen leraars en ouderlinge nie (Kleynhans 1985:81).
- iii) Alhoewel die plaaslike kerk in homself volledige kerk is, word die noodsaak van die kerkverband as noodsaaklik beklemtoon. Hierdie stelsel handhaaf die identiteit van die plaaslike kerk én die mistieke eenheid van die liggaam van Christus (Coertzen 1991:83).
- iv) Hierdie stelsel handhaaf ook die selfstandigheid van die kerk teenoor die staat.

Bogenoemde 4 punte word in feitlik alle geskrifte oor die kerkreg aangetref. Coertzen gebruik ook hierdie kenmerke, maar wys daarop dat die begrippe presbiteriaal en sinodaal, die samestellende dele van die naam, kenmerkend is van die manier waarop die kerk georganiseer en geregeer word, naamlik deur **die ampte** en **die vergaderings**. Die ampte word gesamentlik deur die begrip presbiter aan gedui en dit wil daarop dui dat die **ouderling**, en nie die **pastor** of **biskop** nie, kenmerkend is van hierdie vorm van kerkregering. Die begrip **sinodaal** dui daarop dat dit die ampte is wat gesamentlik die diens van die regering van die kerk in die Naam van die Here Jesus beoefen (Coertzen, 1991: 221). Vir hierdie studie is die klem op die rol van die **ouderling** in die regering van die kerk baie belangrik asook die klem op **kerkverband**.

3.2.1.2 Swakhede van die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel.

i) Die "ongelykheid" van ampte.

Die eerste punt van kritiek het te doen met een van die kenmerke van die stelsel, nl. die gelykheid van die ampte. Die gelykheid van ampte word telkens as een van die kenmerke van die presbiteriaal-sinodale stelsel genoem. Maar tereg vra Heitink



(2002:13) hoe dit moontlik is dat die kerk van die Reformasie 'n domineeskerk geword het. In die gereformeerde tradisie het daar mettertyd 'n rangorde van ampte ontwikkel. Met die skeiding van die regerende en lerende ouderling, en met die pastor as herder én leraar, word die pastor nodiger as die ouderling. Vir gereformeerdes is die gelykheid van ampte besonderlik geleë binne die leraarsamp. Mens kan egter nie ontken nie dat in die NG Kerk die amp van leraar in die handel en wandel as belangriker beskou word as die ander ampte. Alle ampte is gelyk, party is net meer gelyk as ander (Heitink 2002:75). In die onlangse geskiedenis blyk die ongelykheid van die ampte uit die feit dat beide die NG Kerk en Hervormde Kerk vir die vrou eers die amp van diaken oopgestel het en eers later die ander twee. Tans is die GKSA, na hulle sinode van 2003, besig met presies dieselfde proses. Dink verder hoe lank dit die kerk geneem het om te besluit dat diakens na meerdere vergaderings afgevaardig mag word. Die kerke van gereformeerde tradisie is daarmee in werklikheid ontrou aan hulle eie grondbeginsels. Dit het daartoe bygedra dat die **amp** van leraar oorlaai is. Dit hou gevolge in vir die **persoon** van die pastor. By hierdie swakheid wys Heitink (2002:38) ook nog daarop dat met die ontwikkeling van die amp van leraar, hy al meer vryheid gekry het om te doen wat hy wil en daarmee saam 'n al meer sentrale figuur in die kerk geword het; soveel so dat die kerk 'n domineeskerk geword het.

ii) Gebrek aan optrede vanuit 'n visie op die geheel.

Plomp (1967: 27) toon aan dat daar in kerke van die gereformeerde tradisie soms 'n ontstellende gebrek aan optrede vanuit 'n visie op die geheel is. Hy gebruik die voorbeeld van die beroep van pastors in Nederland, waar gemeentes nie broederlik met mekaar omgaan nie, maar as mededingers. In Suid-Afrika kan dieselfde gesê word van die optredes van gemeentes teenoor mekaar met betrekking tot gemeentegrense. Die NG kerk probeer in die jongste tyd, veral sedert 2002, op 'n baie ernstige en opregte wyse die gedagte vestig dat die kerk een groot familie is. Gesprekke met pastors op vergaderings en tydens broederkringe wys egter dat daar nog groot tekortkominge op dié terrein is. Die kerkverband is daar vir die plaaslike gemeentes as hulle nood het, verder loop elke plaaslike gemeente sy eie pad. Dit werk fragmentering en duplisering in die hand. Dit alles plaas net verdere las op die pastor.

Hierdie leemte is inherent aan die stelsel. Dit word in die hand gewerk deur die gereformeerde siening dat die plaaslike kerk selfstandige kerk is en dat geen vergadering oor 'n ander mag heers nie. Die siening is korrek, maar dit het in die praktyk verword van selfstandigheid tot outonomie, wat nooit die bedoeling van die gereformeerde vaders was nie.

iii) Gebrek aan effektiewe leiding in die kerk.

In die kerk moet baie mense beraadslaag oor baie dinge. Dit lewer wel resultate, maar op 'n baie tydrawende en vermoeiende manier. Daar bestaan in gereformeerde kringe dikwels die gedagte dat hoe meer mense oor 'n saak besluit, hoe groter is die kans dat alles in ag geneem sal word en dat die uiteindelijke besluit die regte een sal wees. Die gedagte is volgens Plomp (1967:28) te kinderlik

eenvoudig om waar te wees. Mens moet hom dit gelyk gee. Die kerk hou vergaderings met oor die 400 afgevaardigdes. Die vergaderings het dikwels oor twee weke gestrek (Van der Merwe 2003:7). Daarna is kommissies benoem wat ringsgewys saamgestel is. In die geval van Wes-Transvaal het dit 'n kommissie van 40 persone meegebring wat onmiddellik gehalveer is omdat die ouderlingde, as gevolg van die feit dat hulle ook voltydse beroepe beoefen, nooit aktief was by die kommissies nie. Begrip vir die situasie beteken egter nie dat die oë gesluit moet word vir die skade wat dit aan die werk van die kerk, die kerk se beeld, haar effektiwiteit, die verlies van die rol van die ouderling in die kerk en oorbelading van pastors doen nie. As die kommissie dan vergader, is dit selde voltallig. Hierdie werkswyse het veroorsaak dat die kerk agter geraak het in die wêreld, want wanneer 'n sinode 'n verslag ter tafel neem waarvoor die opdrag vier jaar tevore gegee is, het die situasie intussen so verander dat die verslag ter tafel niks anders as irrelevant is nie. Die kerk sal haar werkswyse in die lig van nuwe omstandighede moet herevalueer aangesien dit bydra tot die irrelevansie van die kerk in die samelewing. Hierdie irrelevansie dra weer by tot spanning by die pastor wat as geroepene moet toekyk hoe dít waaraan hy glo, al meer op die periferie van die mens se lewe te staan kom. Die klem op die plaaslike gemeente is dikwels ten koste van die kerkverband asof elke gemeente haar eie pad kan loop. Die dele word dus ten koste van die geheel beklemtoon.

Die kerk sal daarvan moet kennis neem dat daar op kerkrade, waar daar daagliks deur enkele mense binne 'n kort tydsbestek besluite geneem word waar miljoene rand by betrokke is, gelukkig nog lidmate sit wat hoë profiel poste in die samelewing beklee. Mens wonder watter beeld hierdie lidmate van die kerk het, waar daar dikwels lank gesloer word oor sake van mindere belang.

iv) Gebrekkige versorging van ampsdraers.

Oor die versorging van ampsdraers moet dit gestel word dat die presbiteriaal-sinodale stelsel die pastor in sy werk en in sy persoonlike lewe dikwels alleen laat. Die gedagtegang is skynbaar dat die pastor met sy nood hom moet kan wend na 'n persoon van sy eie keuse: 'n professionele persoon, 'n kollega, vriend of ouderling. Daarvoor maak Plomp (1967:29) die opmerking dat die persoon wat dit die nodigste het, dit dalk die minste doen en dan vra hy die vraag of die kerk die sorg oor 'n persoon wat vir die kerk so belangrik is, kan oorlaat aan eie inisiatief. Kronenburg (2004:155) wys daarop dat die klem op die algemene priesterskap van die gelowiges daartoe lei dat gemeentes en gemeentelede en *pastors (my kursivering)* aan hulleself oorgelaat word. Dit lei dikwels tot rusie, verdeeldheid en bymekaar-verby-leef. Dit is duidelik dat dit die kerkverband se plig is om die pastor te versorg en dit nie aan die eie inisiatief van pastor en gemeente oor te laat nie.

Hier kom die rol van die ouderling weer ter sprake. In die formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens staan daar: "Gee ook ag op mekaar, en op die leer en lewe van die bedienaar van die Woord." (NGKerk 1988:112.) Hieroor vra Plomp (1967:29) of die ouderling die pastor kan help, veral as dit gaan oor dinge wat eie is aan die amp van leraar en die omstandighede waarin hy moet werk.

Plomp besluit dan dat daar gevalle is waar die ouderling, as biegvader, laaste in aanmerking kom as hulp vir die pastor. Plomp moet hierin gelyk gegee word en in die lig van die laaste opmerking in die vorige paragraaf moet die kerk na weë soek om die pastor pastoraal te versorg.

v) 'n Onpersoonlike stelsel.

Die presbiteriaal-sinodale stelsel is per se 'n onpersoonlike stelsel as gevolg van die afwesigheid van 'n stelsel van persoonlike episkope. Die hele stelsel van korporatiewe episkope moedig terughoudendheid aan. Die kollegiale aard van die opsig is dikwels 'n hindernis, veral waar daar groot meningsverskille is of sake van baie vertroulike aard ter sprake is. Die stelsel van korporatiewe episkope het nie in sy doel geslaag nie en dit lewer 'n bydrae tot die spanning en uitbranding onder predikante. Die stelsel moet afgeskaf of hervorm word. Die keuse val op hervorming met die klem op byvoeging van elemente van persoonlike episkope wat aangevul word uit ander tradisies (episkopaals). Die episkopaalse stelsel bied eenvoudiger oplossings as wat moontlik is in 'n presbiteriaal-sinodale stelsel. Een so 'n moontlikheid is die pastor pastorum: **'n Kerklike persoon van aansien, wat oor die kwaliteite beskik om op te tree as pastor vir die wat as hul amp die bediening ontvang het.**

vi) Die verteenwoordiging van die kerk na buite.

Die verteenwoordiging van die kerk na buite is beperk. Wie kan en mag namens die kerk optree? Dit is 'n vraag wat veral in die pers dikwels ter sprake kom oor uitsprake wat deur kerkleiers gemaak word. Die Algemene Sinodes van 2004 en 2007 van die NG Kerk en uitsprake oor homoseksualiteit kan hier as voorbeeld dien.

Kronenburg (2004:156) betoog dat hierdie swakhede nie 'n mens se standpunt behoort te beïnvloed nie, maar dat daar ook binne hierdie tekortkominge moontlikhede is vir verandering. Aan die ander kant meen hy dat mens hierdie tekortkominge as inherent moet aanvaar.

Hy is reg dat mens se oog oop moet wees vir tekortkominge en ook die bereidheid om saam met die tekortkominge te leef en te werk. Dit moet egter nie as 'n algemene reël geld dat tekortkominge maar net aanvaar moet word nie, veral nie as daardie tekortkoming die leiersgroep van die kerk duidelik benadeel nie. Daarom moet die kerk veral aan die laaste drie punte hierbo genoem, ernstig aandag gee.

3.2.1.3 Samevatting.

Die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel is nie die enigste nie en ook nie onfeilbaar nie.

Die stelsel van korporatiewe episkope is ontoereikend in die huidige omstandighede.

Die swakhede in die stelsel het veral 'n negatiewe uitwerking op pastors wat in die stelsel 'n buitengewoon belangrike plek gekry het.

3.2.2 Die episkopale stelsel.

Daar gaan nie gepoog word om die episkopale stelsel volledig te beskryf, prinsipiële te beoordeel of met die presbiteriaal-sinodale stelsel te vergelyk nie. Die doel van die beskrywing en beoordeling is om by die biskop (episkopus) en die diens van toesig (episkope) en daardeur by die pastor *pastorum* uit te kom.

Eerstens moet daar egter op gewys word dat daar in hierdie stelsel onderskei moet word tussen die Roomse of papale stelsel (Kleynhans 1982:65) en die episkopale stelsel (Kleynhans 1982:74).

Die kenmerke van die Roomse, of papale stelsel, word deur Kleynhans (1982:65) soos volg beskryf:

1. Die eenheid van die sigbare kerk.
2. Die skerp onderskeid tussen geestelikes en leke.
3. Dit is in beginsel streng monargaal.
4. Die kerk heers oor die staat.

Die episkopale stelsel is volgens Kleynhans (1985:74) 'n vermenging van verskeie stelsels. Daar is nie meer 'n pous nie, sy plek word deur die koning van Engeland ingeneem. Die biskop word as ampsdraer met besondere kwaliteite erken en hulle staan in sinodes *jure divino* bo die gewone ouderlinge om die kerkregering uit te oefen.

3.2.3.1 Wat is 'n biskop?

Louw en Nida (1998:542) omskryf episkopos as "*one who serves as a leader in a church*". Die ooreenkoms met die profilerings in hoofstuk 2 van wat 'n pastor is, val onmiddellik op en is ook belangrik vir latere gevolgtrekkings in die hoofstuk.

Uit Lutherse oogpunt word die biskop soos volg omskryf in die Augsburgse Belydenis, artikel 28 van 1530 (Episcopal Ministry 1990: 70) :

"Die amp van biskop is volgens God se wette om die evangelie te verkondig, sondes te vergewe, die leer van die kerk te beoordeel, leer wat van die Bybel afwyk te verwerp, en om goddelose mense te dissiplineer of uit die gemeente te sit. Dit sonder enige sekulêre mag, maar net deur God se Woord." (Eie vertaling.)

In verskeie kerke in die wêreld is daar pogings tot hereniging en samesmelting. Voorbeelde daarvan is die Protestantse Kerk in Nederland, wat 'n vereniging is van die Nederlandse Hervormde Kerk, die Gereformeerde Kerke in Nederland en die Evangelies-Lutherse Kerk. Uit die Engelse wêreld is daar gesprekke en pogings tot vereniging tussen die Anglikaanse Kerk, die Metodiste Kerk en die Presbiteriaanse Kerk. In al hierdie gevalle is en word daar, steeds druk bespreking gevoer oor die plek en moontlike rol van 'n biskop in so 'n vereniging. Een baie belangrike dokument wat in hierdie proses die lig gesien het is: *Episcopal Ministry, The report on the archbishops' group on the Episcopate*. In dié verslag van die aartsbiskoppe word die volgende as funksie van die biskop beskryf (Episcopal Ministry 1990: 319):

'n Simbool van die eenheid van die kerk en sy sending in die wêreld.

'n Leraar en verdediger van die geloof.
'n Pastor vir die pastors en leke.
'n Bemagtiger in die prediking van die Woord en in die bediening van die sakramente.
'n Leier in die sendinge en 'n inisieerder van die uitreik na die wêreld wat die gemeenskap van gelowiges omring.
'n Herder wat die kudde van die Here voed en versorg.
'n Heler na wie die wonde van die gemeenskap gebring word.
Die stem van die gewete van die gemeenskap waarbinne die plaaslike kerk gesetel is.
'n Profeet wat die geregtigheid van God verkondig binne die konteks van die evangelie van liefdevolle verlossing.
'n Hoof van die familie in sy totaliteit van ellende en vreugde. Die sentrum van die familie se liefde en lewe.

3.2.2.2 Waarom het sekere kerke biskoppe?

In die kerke van die gereformeerde tradisie is daar nie so 'n figuur soos die biskop nie. Waarom het die kerk weggedoen met so 'n belangrike figuur? Om die vraag te beantwoord moet dit eers omgedraai word: Waarom het die kerk biskoppe gehad?

Heick (1973:93-104) gee 'n oorsig oor die geskiedenis van die biskop. Oorspronklik was die prediking en geestelike leierskap in die gemeente in die hande van mense wat erken is as mense wat op 'n besondere manier werktuie van die Heilige Gees was. Onder hierdie mense was die biskoppe (episkopoi) en die ouderlinge (presbiters). Volgens hom het die twee terme oorspronklik dieselfde beteken. Volgens Handeling 20:17 en 28 is al die ouderlinge in Efese aangestel as biskoppe. Hulle taak was die van toesig ("oversight"). Die biskoppe het al meer take tot hulle werk toegevoeg en geleidelik het 'n deel van die groep biskoppe/ouderlinge die titel *biskop* alleen begin gebruik om hulle self mee te beskryf. Later het Ignatius van Antiogië begin praat van die biskop aan die hoof van die ouderlinge en diakens in elke gemeente. In Jerusalem is Jakobus deur Simeon opgevolg en spoedig was daar 'n episkopale tradisie in Jerusalem wat na Antiogië oorgedra is. Geleidelik het die monargiese episkopaat ontwikkel wat uiteindelik tot die figuur van die pous sou ontwikkel.

Waarom het dit so ontwikkel? Die *nood van die tyd* (my kursivering) het dit genoodsaak. Dit was naamlik nodig om 'n vaste gesagstruktuur teen verspreiding van dwaalleer, met name die gnostisisme, daar te stel. Die eenheid van die geloof moes bewaar word. Die vroeë kerk het volledig op die leer van die apostels staat gemaak en die leer moes bewaar en oorgedra word. Die ketter was die eerste eksegete in die kerk wat aanspraak gemaak het op 'n opdrag om die geskrifte van die apostels te interpreteer. Die kerk het vir die verdediging van die leer van die apostels gekyk na die biskoppe van die moederkerke, waar die apostels self gewerk het. Die argument was dat in die kerke soos Jerusalem, Smirna, Efese en Rome die apostoliese tradisie op 'n besondere manier bewaar is.



Samevattend moet gestel word dat in die vraag hoekom daar biskoppe is, daar drie sake uitkristalliseer naamlik: die *nood van die tyd, die gesag en daarmee saam die toesig wat nodig is in die kerk*. Daar moet dus in die argument *vir of teen die biskop* nie gesoek word na 'n klinkklare Skrifbewys *vir of teen die amp* nie. Du Plessis (1987:126) merk op dat skrywers oor die amp van die biskop gewoonlik een van twee pole verteenwoordig en op die uiterstes beweeg: om óf die biskop en ouderling as absoluut identies te verklaar, soos Heick, óf om hulle as absoluut geskei te probeer verklaar. Hy merk tereg op dat die waarheid iets tussenin is. Die kerk van daardie tyd het met die lig tot hulle beskikking en in die lig van hulle omstandighede die weg van die biskop ingeslaan. Een van die hoofkenmerke van hierdie amp is die gesag wat daar aan die biskop toegeken is. In die "*Archbishops' Group Report*" (Episcopal Ministry. 1990:vii) staan die volgende:

"...a bishop must have many and varied qualities; but above all, the quality to exercise authority as a spiritual leader".

3.2.2.3 Waarom het die kerke van die Reformasie nie biskoppe nie?

Wanneer die Skrifgegewens nagegaan word, word dit duidelik dat die biskop nie die demoniese figuur is, soos wat dit dikwels voorgestel word nie. Waarom het die kerk van die Reformasie dan weggedoen met die biskop?

Die eerste rede waarom daar nie biskoppe in gereformeerde kerke is nie, is geleë in verskillende interpretasies van die Skrif. Kenners van die kerkreg in gereformeerde kerke wys gou daarop dat dit moeilik is om spore van ampsdraers in die Nuwe Testament te vind wat nie net oor een gemeente nie, maar oor 'n hele gebied aangestel was (Van Itterzon 1974: 68). Daar word ook op gewys dat in Hand. 20, die begrippe presbuteroi en episkopoi afwisselend gebruik word.

Die argumente dat in 1 Timoteus 3: 2 3 en Titus 1:7 episkopos in enkelvoud en diakens in meervoud gebruik word, oortuig volgens van Itterzon ook nie. Wat die primaat van Petrus betref, word gou daarop gewys dat Petrus na homself in 1 Pet 5:1 verwys as die "mede-ouderling".

Dit is duidelik dat in gereformeerde kringe daar 'n groot afkeer aan die figuur van die biskop is. Deel daarvan is 'n ander manier waarop die Skrif gebruik word. Du Plessis (1987:231), as dogma-historikus, wys daarop dat die vroeë kerk nie die amp van biskop wou laat ontaard op die wyse wat later so 'n afkeer sou ontketen dat dit selfs 'n belangrike bydrae tot die Reformasie sou lewer nie. Die kerk wou bloot verseker dat die evangelie suiwer oorgedra word. Hy wys op drie kardinale dinge wat verkeerd gegaan het:

a. Daar het 'n misverstand ontstaan, wat veroorsaak het dat die fokus op die persoon wat die geloofswaarhede oordra begin val het en nie meer op die waarheid wat oorgedra moet word nie. Dit is 'n geldige punt van kritiek op die biskopstelsel. Voordat die kerk van die Reformasie egter te maklik kritiek lewer, moet die kerk haarself afvra of syself vry te spreek is van die fout. Heitink (2002:38) wys daarop

dat dit juis een van die swakhede van ons kerkregeringstelsel is, dat die pastor al meer vryheid gekry het en ontwikkel het tot 'n sentrale figuur in die kerk, 'n pastorskerk.

b. Die een broer het hom oor die ander verhef en op die wyse is begin om heerskappy uit te oefen oor God se erfdeel.

c. Die kerk in Rome word mettertyd belangriker as die ander gemeentes en die gemeentes moes mettertyd om Rome verenig.

Die keuse van die Reformasie om weg te doen met die amp van biskop, is gedoen om baie goeie en begryplike redes wat ook histories bepaald was. Daarom kan die kerk van die Reformasie vandag weer na elemente van die biskopstelsel kyk of dit, aangepas, nie kan bydra tot 'n beter versorging van ampsdraers nie. Een saak wat in die verslag van die aartsbiskoppe gereeld na vore kom is die *ministry of oversight*. Dit het ook al in Protestantse kringe in Nederland inslag gevind in sogenaamde supervisie modelle.

3.2.2.4 Wat het die gereformeerde kerke verloor deur nie meer van die biskop gebruik te maak nie?

i) Die verlies van 'n persoonlike element in die bediening van episkope.

Die kerk van die Reformasie het in die wegdoen met die biskop en die behoud van sekere elemente daarvan, die belangrikste deel nie behou nie en dit is die persoonlike aard van die werk van die biskop. In die biskop, ten spyte van sy tekortkominge, het die kerk tog 'n gesig gehad. Nou is dit 'n kommissie, wat dikwels op onpersoonlike wyse sy werk doen, wat soms na die pastor omsien. In gevalle waar kommissies suksesvol in hulle werk is, is daar dikwels een persoon wat as 't ware die kommissie is. Daar is reeds daarop gewys dat die persoon van die pastor al hoe belangriker word en dit gaan in die toekoms meer so word. Die vraag ontstaan nou of die kerk in sy versorging van pastors nie ook van hierdie tendens moet kennis neem en ook sy versorgingstaak dienooreenkomstig moet aanpak nie. Waar persoon en persoonlike kontak al hoe belangriker word, kry die begrippe kerkraad, ring en kommissie 'n al negatiewer konnotasie. Die kerk sal moet toesien dat in sy versorging van pastors dit 'n baie persoonlike gesig moet kry, veral aangesien die gebrekkige versorging van ampsdraers reeds as een van die swakhede van ons kerkregeringstelsel uitgewys is.

ii) 'n Verlies aan gesag

'n Tweede verlies wat die kerk as gevolg van die verdwyning van die biskop gelyk het, is gebrek aan gesag. Die Hervormers het heeltemal tereg beswaar gemaak teen die mag van die biskop. Ongelukkig het die kerk in die poging om van die mag wat in enkele persone gesetel was ontslae te raak, twee sake met mekaar verwar: mag en gesag. Groep twee se verslag in *Two Consultations* maak die volgende opmerkings oor gesag en mag.

Daar is krag (dunamis en exousia) wat positief en konstruktief is.

Dit is 'n bepaalde vorm van mag, wat goeie nuus aan armes bring (Luk 4:18).

Dit is kwesbaar en gebruik nie die swaard nie (Matt 26:52).

Dit is die mag om jou lewe af te lê (Joh 10:18) en kan die wêreldorde omkeer.

Dit is die mag van God en volg die pad van die kruis, en lewe onder die teken van die kruis. Die kerk het van die begin af gesukkel om hierdie mag op die regte manier te gebruik en word voortdurend uitgedaag om dit te doen.

Die gebruik van verskillende vorms van mag en gesag is onafwendbaar in die daaglikse lewe van die kerk. Dit kan dwang insluit, maar daar moet altyd natuurlike geregtigheid en die reg tot appèl wees.

Elke gelowige het verskillende vorms van mag om die kerk mee op te bou of af te breek. Elke gelowige het gelyke status voor God, maar daar is 'n ongelykheid in toegang tot die vermoë om die lewe van die kerk te beïnvloed. Verkiesing tot kerkraad of moderatuur, of beroeping as pastor gee aan sekere gelowiges meer geleentheid as aan ander om gesag (en ook mag) uit te oefen. Hierdie ongelykheid moet erken word.

Die wat groter geleentheid het, moet verbind wees tot 'n openlike proses van lering waardeur die hele kerk opgebou word.

Waar mense mag of gesag besit is verantwoording noodsaaklik. Hierdie verantwoording is eerstens aan God, maar ook aan medegelowiges.

Daar is geen stelsel van kerkregering wat die kerk heeltemal kan vrywaar van foute nie. Selfs in die gereformeerde tradisie met sy groot vergaderings soos 'n Algemene Sinode kleef daar 'n voorlopigheid en tentatiewiteit aan besluite wat deur bekwame mense geneem word.

Kerke in die gereformeerde tradisie kan nie genoeg beklemtoon dat een persoon of vergadering nie 'n ander se meerdere is nie en dus nie gesag oor daardie persoon of vergadering het nie. Die oorspronklike ideaal van die Reformasie was sekerlik dat die gesag in die kerk sou verskuif van 'n persoon (biskop) na waar dit hoort, by Christus. Ongelukkig het dit nie gebeur nie. Daar het 'n skuif plaasgevind, maar net 'n halwe skuif. Daarom noem Heick (1973:318) die Reformasie 'n konserwatiewe reformasie. Die skuif in die kerk is net halfpad voltooi; van 'n persoon na 'n vergadering of kommissie en het aan menslike elemente 'n amper goddelike status besorg.

Enige waarnemer sal sien hoe min pastors in die NG Kerk hulle aan gesag steur. Hierdie miskennis van gesag strek oor die hele spektrum van die kerklike lewe. Van die bywoning van kerklike vergaderings tot by liturgiese voorskrifte. In die proses is daar net een persoon wat gesag kry en dit is die pastor self. Die kerk sal die aanvaarding van gesag tot sy reg moet laat kom en dit sal al by die teologiese opleiding moet begin.

Die kerke van die Reformasie het, deur met die biskop weg te doen, 'n hele aantal probleme wat daar destyds in die kerk bestaan het, uit die weg geruim. Tog het daardeur ook sekere belangrike sake in die geslag gebly soos hierbo aangetoon en dit is sake wat die pastor negatief beïnvloed. Dit is dus belangrik om nie net te vra

na die persoon of amp van die biskop nie maar ook na die diens wat verrig moet word.

3.2.3 Vertoon die NG Kerk nie tog ook elemente wat ooreenstem met die episkopale stelsel nie?

Dit blyk dat die kerk van die Reformasie baie skrikkerig is vir die figuur van die biskop. Tog moet mens vra of die kerk van die Reformasie nie tog nog baie kenmerke van die biskop oorgeneem het nie. Die vraag is al deur Heitink (2002: 14) gevra. Hoe is dit moontlik dat binne die Protestantse vroomheidstipe die priester vervang is met die pastor wat nie 'n minder sentrale figuur is nie en selfs met die aanspreekvorm *dominee* (heer) aangespreek word. Heitink meen dat selfs die Reformasie nie buite die amp om kon ontwikkel nie en dat die pastor spoedig ontwikkel het tot 'n bevoorregte posisie. Die funksies van die biskop is hierbo beskryf en dit is goed om die beskrywing langs die beskrywing van kerkvisitasie in die gereformeerde tradisie te plaas. Wanneer mens Kleynhans (1985:54) en Dordt se omskrywing van visitasie hiernaas plaas, blyk daar duidelike ooreenkomste te wees:

Die amp: Die getroue en gereelde uitvoering van die amp deur die leraar, ouderling en diaken.

Die leer: Die suiwerheid van die belydenis van die kerk.

Die orde: Die onderhouding van die kerkorde. Tug en dissipline is hierby ingesluit.

Die stigting van die gemeente, die jeug.

Kronenburg (2003:62-66) skryf dat ook die gereformeerde kerkreg aan die pastor bepaalde episkopale verantwoordelikhede gee in die vorm van boplaaslike verbondenheid aan die plaaslike gemeente. Hy wys op drie aspekte:

- a. Die bediening van Woord en Sakramente word voorbehou vir geordende pastors.
- b. Ampsbevestiging is geheel en al die taak van die pastor.
- c. Die pastor vervul 'n sleutelrol by visitasie. Al het die ouderling 'n rol daarby te speel, bly die pastor, deur die ring daartoe aangewys, verantwoordelik. Skrywer het in 25 jaar slegs van pastors visitasie ontvang en slegs by een geleentheid 'n ouderling saamgeneem op visitasie. Ook dit is 'n oorbyfsel van die episkopale invloed in die NG Kerk.

By die lees van die pligte van die biskop in publikasies (Episcopal Ministry 1990 :319 en Kronenburg, 2003: 500) word daar telkens klem op gelê dat die biskop se taak pastoraal van aard is, maar dit word feitlik nooit uitgespel wat die inhoud van daardie pastoraat is nie. Mens kry die indruk dat dit as 'n soort aanhangsel bygevoeg word. Tog moet ook erken word dat die omskrywing van kerkvisitasie nog minder pastoraal voorkom, die gedagte word selfs nie eens geopper nie.

Wanneer die geskiedenis van die Reformasie nagegaan word, blyk dit dat die kerk dikwels op 'n episkopale wyse opgetree het, al was dit nie die bedoeling nie. Plomp (1967:16) skryf dat Calvyn self twee dosyn klein plattelandse gemeentes uit Geneve bestuur het sonder om selfs te poog om kerkrade aan te stel. Calvyn het

aan koning Sigismund Augustus van Pole (Plomp 1967:16, voetnoot 57) geskryf oor die moontlikheid van provinsiale en stadsbiskoppe, wat as besondere taak die orde van die kerk sou dra. Calvyn was self, sonder enige titel, 'n biskop. Hy was die voorsitter van die pastorsvergadering, tweede voorsitter van die konsistorie (die voorsitter was die burgemeester-ouderling), die woordvoerder van die pastors en die kerkraad in die stadsraad (Plomp 1967: 16).

In kerke wat onder Calvyn se invloed ontwikkel het, heers daar van die begin af 'n sterk antihiërargiese gees. Van Ruler (1965:117) meld dat die episkope berus by vergaderings. Tog vind mens so vroeg as 1560 in die kerkorde van Skotland die aanstelling van superintendente wat duidelik biskoplike figure was. In Nederland is daar in 1581 gevra om superintendente aan te stel. Dit is eers geweier, maar in 1586 toegestaan. Dit het spoedig geblyk dat visitatore en superintendente nie ver van mekaar is nie. Na 1585 het die visitatore al meer selfstandige betekenis gekry. In artikel 44 van die kerkorde van Dordt is bepaal dat elke gemeente jaarliks besoek moet word en dat die ring die visitatore na goeddunke kan kontinueer.

Alhoewel die kerk van die Reformasie nooit weer volledig die biskop kan omhels nie, sal dit die kerk pas om eerlik genoeg te wees om te erken dat baie van die kenmerke van dit waarteen die oorspronklike hervormers in opstand gekom het, steeds in die kerk voortleef. Die manier waarop dit voortleef is dikwels nie 'n verbetering op die oorspronklike nie.

Die vraag is hoe die opkoms van visitatore en superintendente verklaar kan word? Plomp (1967:21) se antwoord is dat dit kom **uit die nood van die tyd**. In Skotland was daar pastors vir die hele land. Daarvan word sewe in die hoofsentra aangestel en die ander vyf as superintendente. Dit is die term "die nood van die tyd" wat hier baie belangrik is. Daar is reeds gewys op die krisis waarin die pastorskorp verkeer. Sou die nood van die tyd nie weer 'n figuur soortgelyk aan die biskop nodig maak in die kerk nie, veral vir die versorging van pastors?

Dit wil voorkom asof die biskop nog sterk leef in die kerk van die Reformasie, maar dat sy gesag verskuif is na 'n kommissie en 'n vergadering. Dit bly 'n vraag of die reformasie met die manier waarop die kerkbestuur toegelaat is om te ontwikkel, nie in wese ontrou is aan sy eie beginsels nie. Heick (1973:318) noem die reformasie 'n konserwatiewe reformasie. Die skuif in die kerk is net halfpad voltooi, van 'n persoon na 'n vergadering of kommissie en daardeur het menslike elemente amper goddelike status gekry. Die kerk het in die opsig een van twee keuses:

- a. Om die konserwatiewe reformasie, radikaal deur te voer.
- b. Om wat in die kerk bestaan, te erken en volgens die eise van die tyd daaraan 'n nuwe, eg reformatoriese inhoud te gee.

Die keuse val op laasgenoemde en daarom word die volgende vraag gevra binne die skopus van hierdie studie: Wat is die onderskeid tussen die biskop(episkopus) en die diens van toesig(episkope).

3.3 Die onderskeid tussen episkopus en episkope.

Wanneer gepoog word om die verantwoordelikheid aan te dui vir die versorging van pastors moet daar van 'n belangrike saak rekenskap gegee word, naamlik opsig, toesig of supervisie. Om dit te kan doen moet eers gelet word op die onderskeid tussen twee begrippe episkopus en episkopé.

Episkopé.

Dit kan omskryf word as "*the coming of divine power, either for benefit or judgement*" (Louw en Nida 1998:453). Dit gaan oor die diens van toesig oor ander en is 'n "*religious role involving both service and leadership*" (Louw en Nida 1998:541). Dit is 'n besoek of visitasie (Abbot en Smith 1968:174) en selfs 'n straf (Liddel en Scott 1971:260).

Episkopus.

Dit word omskryf as "*one who serves as a leader in a church*" (Louw en Nida 1998:542). In die verduideliking word voorgestel dat in die vertaling van beide begrippe gepoog moet word om die konsepte van beide *diens* en *leierskap* te kombineer. Dit is die verantwoordelikheid om aandag te gee aan die behoeftes van mense sowel as om rigting te gee aan mense se aktiwiteite. 'n Opsigter, biskop, wag (Abbot en Smith 1968:174). 'n Superintendent, opsigter, toesighouer, later 'n tegniese term vir 'n godsdienstige amp (Liddel en Scott 1971:260).

Uit hierdie omskrywings word die volgende gestel:

Episkopus is die persoon wat die amp beklee en die supervisie uitvoer.

Episkopé is die diens van toesig oor ander.

Die onderskeid kan ook gemaak word tussen die amp en die inhoud van die diens. Hierdie studie is meer gefokus op die inhoud van die diens.

Die argument in die reformatoriese denke is dat daar weggedoen kon word met die amp, maar, heeltemal korrek dat die diens behoue moes bly.

3.3.1 Episkope altyd in die gestalte van 'n episkopos?

Aangesien daar 'n saak is van toesig oor ander en 'n persoon wat toesig hou oor ander, moet die vraag beantwoord word of hierdie toesig altyd in die gestalte van die episkopos moet plaasvind.

Uit Katolieke hoek wys Brown (1980:322) daarop dat Katolieke die begrip episkopus goed ken, maar dat hulle die aandag wat in vandag se tyd aan episkopé gegee word, verwarrend vind. Hy wys tereg daarop dat die belangstelling en die diskussie ontstaan uit die begeerte van gelowiges om te verbaliseer dat meeste kerke "*fixed lines of authority and supervision*" het. Hy gaan egter voort deur op die volgende te wys: "*... but only some churches have bishops. Thus, when an episcopally structured church considers union with a nonepiscopally structured church, another*



question should precede the obvious question about the attitude of this other church toward having supervision in the hands of one called an episkopos. The first question involves detecting in the existing structure of the other church elements of episkope, i.e. supervision in matters pastoral, doctrinal, and sacramental. It is necessary to realize that there can be episkope without an episkopos, and that even in episcopally structured churches not all episkope is in the hands of the episkopoi” (my onderstreping). Uit ’n Katolieke oogpunt word dit dus toegegee dat die diens nie altyd in die hande van ’n biskop hoef te wees nie.

Gevolgtrekking.

Die diens van episkope staan Skriftuurlik vas, maar die gestalte daarvan hang van plek, tyd en omstandighede af. In kerke met ’n episkopaalse karakter berus die episkope by die biskop en het ’n persoonlike karakter.

Die vraag is dus: Hoe word die bediening van episkope in kerke uit ander tradisies uitgeoefen?

3.3.2 ’n Protestantse siening van episkope.

Navrae is by verskeie kerke gedoen oor die saak, maar hulle is traag om te reageer; of die antwoord is baie vaag. Die beste omskrywings word gevind in “Episcopal Ministry”. Wanneer die werk gelees word, kom mens agter dat dit meer gaan oor die persoon van die biskop as die diens van episkope.

3.3.2.1 Metodiste Kerk.

In antwoord op ’n navraag het Cragg (2003) van die Metodiste kerk, baie verhelderende opmerkings gemaak. Dit word met toestemming aangehaal:

“I am at present the General Secretary of the Church Unity Commission, a body which works to promote closer relationships and visible unity between the Anglican, Methodist, Presbyterian and Congregational Churches. As a result of our work the member churches have moved from a position where Anglicans and others could not take communion together to a position where ministers of any of our churches, while remaining ministers of their own denominations, may exercise a full ministry in any of our churches. We are now engaged on a search for consensus on the Ministry of Oversight which includes but is very much wider than the pastoral care of the clergy. We recognise that oversight is exercised in various ways: communally by church councils and Synods; collegially by people with the same responsibilities (eg bishops) meeting together and personally by a minister over a congregation or a bishop over a diocese. The differences between our churches focus on the issue of personal oversight at the level above the congregation (i.e. region or national). In the Anglican Church, and to a lesser extent in the Methodist Church, the bishop exercises a personal ministry of oversight which includes care of the pastors. In Presbyterianism, as in your Church, personal oversight is regarded with great suspicion and the focus of oversight (and care of the pastors) is with the corporate body of Presbytery. As you can imagine, we are treading in a minefield: the issue of bishops was one of the major factors why many union negotiations stumbled in the 20th Century.



You ask specifically about the care of pastors in my own church. Like Peter Witbooi, I am a Methodist. I think I can say that the care is not always very effective. At the local level the Circuit Steward, the chief lay official in the circuit, should care for the material needs of the minister – stpend (tikfout in e-pos, TC), housing etc. The Circuit Superintendent is immediately responsible for the ministers under his care but is seldom trained for that task. Moreover, many of our circuits are small with one or two ministers. The bishop of the district should be the true pastor pastorem (like the Anglican bishop) but (also like Anglican bishops) he is greatly overloaded with administrative work and has a large number of ministers to care for. None the less, some bishops fulfil this function very well. An informal ministry of care is exercised between colleagues and sometimes a Methodist minister forms a close pastoral relationship with a minister in another church. I think the problems we face are not unique to Methodism.”

Die belangrike uit die skrywe is die volgende:

Die wyse van episkope is dieselfde as wat na vore kom uit die verslag van die konferensie onder die titel: *Baptism, Eucharist and Ministry* (1982). Uit die verslag kom verskeie insigte na vore wat hier van belang is. Van die kritiek op die konferensie was dat die konferensie nie genoegsaam beklemtoon het nie dat die funksie van episkope op alle vlakke van die kerk se lewe toegepas moet word. Hierdie funksie word volgens omstandighede op verskillende wyses toegepas, op 'n gemeenskaplike, kollegiale of persoonlike wyse.

Daaronder word die volgende verstaan:

Gemeenskaplik: Alle gedooptes het gawes van die Heilige Gees ontvang en dit sluit in verskillende bedienings in die lewe van die kerk. Hierdie bedienings moet die belange van die hele kerk onder die leiding van die Heilige Gees reflekteer. In Handeling 15 kom gelowiges wat deur die kerk verkies is op grond van hulle statuur en leierskap, bymekaar met die goedkeuring van die hele kerk.

Kollegiaal: Die biskop is 'n spesifieke bediening in die diens van die kerk. Diegene wat gekies is om toesig te hou, moet kollegiaal optree en steeds onthou dat Christus aan die groep apostels as geheel die opdrag gegee het om die evangelie te verkondig.

Persoonlik: Die teenwoordigheid van Christus onder sy gemeente wys op 'n persoon wat georden is om teken van die Here se toesig te wees. Dit is 'n persoonlike en individuele bediening. 'n Persoon kan egter nie los van sy verbinding met sy gemeenskap (gemeente) gesien word nie.

Die Metodiste Kerk is steeds besig om die versorging van pastors te vestig en daarom die versugting dat dit nie altyd effektief is nie. Die persoon wat verantwoordelik is om na die pastors te kyk is nie altyd opgelei vir die taak nie. Die biskop behoort dit te doen, maar hy is oorlaai met administratiewe werk en het te veel pastors om na om te sien. Sommige doen dit beter as ander. Dit wys op die noodsaaklikheid om ook vir die rol van pastor pastorum keuring te doen.

Daar bestaan 'n informele bediening van onderlinge sorg. Dit is wat ook in die NG Kerk moet gebeur. Daar sal egter een of ander struktuur aan hierdie bediening gegee moet word, want wat normaalweg in so 'n informele stelsel gebeur, is dat die persoon wat dit die nodigste het, oorgeslaan word. Die bediening sal dus inklusief moet wees. Daar sal egter gewaak moet word dat reglementering van die bediening dit nie dood sal maak nie.

Die probleme rondom die pastor is nie uniek aan die Metodiste of NG Kerke nie, maar universeel. Kerke kan bymekaar leer.

3.3.2.2 Skotse Baptiste.

'n Ander kerk uit die Protestantse Tradisie wat op die navraag gereageer het is die Skotse Baptiste in die persoon van D. J. Hutcheon, Superintendent Baptist Union of Scotland (2003). Hy skryf soos volg:

1. *The responsibility for Pastoral Care of Ministers is primarily a Denominational one, but we would expect the local church also to have that as one of its concerns.*
2. *The local church is "the employer" although in law the minister is not an employee, but an "Office Bearer". Ministers are "Accredited" by the Denomination however, and so discipline belongs there.*
3. *We have a "Congregational" system of Church Government, but the person who cares for ministry is welcome in most of our churches and has free access to the minister for such care.*
4. *We care in the following ways. Providing a good, loving and serving example so setting standards for churches.
Personal visits to the minister's home. Provision of Retreats for ministers.
Financial provision in times of special need. Ongoing advice, help and support.
Personal Development help and advice. Annual Minister's Conference.
Advocacy in difficult church relationship. Mediation where required.*
5. *We have had a Pastoral Care person (under various names) for several decades now. There is now one full time person whose time is given to this. He is based in the central office with a Personal Assistant.
Both ministers and churches use their services frequently.
I hope this is of help to you."*

Die Skotse Baptiste plaas die verantwoordelikheid vir die pastorale versorging van pastors primêr in die hande van die kerkverband, alhoewel die plaaslike gemeente ook 'n verantwoordelikheid dra. Ongelukkig word die verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente nie uitgespel nie en die vermoede is dat die pastor daardeur steeds in die lug hang. Die studie maak die gevolgtrekking dat die primêre verantwoordelikheid by die kerkverband lê, met verantwoordelikhede vir die plaaslike gemeente. Die Skotse situasie, tesame met die eie situasie, wys op die belangrikheid om verantwoordelikheid duidelik toe te ken en uit te spel. Die Skotse Baptiste kom uit 'n Kongregasionalistiese kerkregeringstelsel, wat baie independentisties is (Kleynhans 1982:74-75). Tog het die pastor pastorum vrye toegang en is welkom in gemeentes. Waar mens in gesprekke met pastors 'n

gereserveerdheid opmerk ten opsigte van amptelike sinodale betrokkenheid by hulle as mense, wys die geval van die Skotse Baptiste dat dit tog moontlik is vir die kerkverband om betrokke te wees by die pastorale versorging van pastors en welkom te wees. Ten spyte van gebreke in die kerkregeringstelsel van die NG Kerk, behoort dit nie in die pad te staan van sinodale betrokkenheid nie. Trouens, dit behoort dit te bevorder.

Die wyse van sorg van die Skotse Baptiste omvat die behoeftes van pastors redelik omvattend. Daar word gekyk na sake soos persoonlike besoeke, tot persoonlike ontwikkeling en mediasie asook finansiële bystand.

Die kerk het gekies vir 'n persoonlike vorm van episkope en getuig dat dit werk. Die NG Kerk kan baie leer by die Skotse Baptiste, indien dit wat hulle doen, aangepas word by die situasie in die NG Kerk en Suid-Afrika.

3.3.2.3 “Theses on Episkope and Episcopacy”.

'n Belangrike dokument om die gereformeerde siening van episkope te verstaan, is die “Theses on Episkope and Episcopacy” (Kronenburg 2003:508). Die dokument is in 1970 aan die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke voorgelê. Dit is bedoel as 'n dokument vir Presbiteriane wat in die herenigingsproses is met episkopale kerke. Die belang van die dokument is dat dit een van die min dokumente is wat werklik oor die saak van episkope gaan en nie oor die biskop self nie. Die diens en die persoon wat die diens uitvoer, is so na aan mekaar dat min skrywers daarin slaag om veral oor die episkope te skryf sonder om te eindig met 'n diskussie oor die biskop self. Hierdie dokument plaas die biskop in 'n breër perspektief (Kronenburg 2003:174).

i) Kommentaar

Uit die negentien stellings wat in bogenoemde dokument vervat is, is daar baie wat belangrik is en waarmee daar groot instemming is. Sommige is van meer belang vir hierdie studie as ander. Die dokument het ook baie kommentaar uitgelok. Daaronder tel die volgende:

1. Die eerste stelling is dat Jesus Christus, as die Goeie Herder self, die Een is wat die episkope oor sy kudde uitoefen. Dit kan tog nie anders wees nie. Die stelling dat Hy van menslike instrumente gebruik maak is eweneens waar, maar die menslike instrumente kan nie anders as om in navolging van en as diensknegte van Jesus Christus op te tree nie. Die funksie van episkope is sekondêr tot ander funksies van die kerk “since it discharges the function not of nourishing (nourrissante) but of ordering (ordonnatrice) the church.” (Webblad van die World Alliance of Reformed Churches). Hierdie opmerking is belangrik omdat dit mens help om te onthou dat daar in episkopé altyd ook 'n element van dissipline is. Is episkopé met dissipline en direkte leiding met pastoraat te versoen? Die vraag oor die *hoe* daarvan word in die hoofstuk oor pastoraat aangespreek. Hier is dit genoegsaam om

saam met Calvyn (in Sizoo sj: deel iii:257) te kan stem dat dissipline die senings van die evangelie is waarsonder die liggaam nie aanmekaar gehou kan word nie.

Stelling 4. In die stelling word die term *burokrasie* gebruik. *Burokrasie* blyk 'n groter gevaar te wees in beide stelsels as wat erken word. Die vraag wat rondom die stelling gevra word is of dit die episkopé negatief beïnvloed. Dit blyk wel die geval te wees. Daarom word daar herhaaldelik gepleit vir duidelike struktuurgewing wat nie reglementering is nie. Die winspunt van die sinodale vorm van episkope is dat die verantwoordelikheid daarvoor deur die kerk versprei word. Dit is bepaald die geval, maar 'n teenvraag ontstaan onmiddellik. As almal veronderstel is om dit te doen, veroorsaak dit nie dat niemand dit doen nie? Dit blyk dikwels die geval te wees. Die winspunt van die episkopale stelsel is die persoonlike karakter daarvan. Dit sluit natuurlik die gevaar van outokrasie en burokrasie nie uit nie. Is dit nie moontlik om die beste van beide stelsels in een te korporeer nie? Dit kan moontlik wees as daar in die struktuurgewing van die saak duidelike grense aan die mag van die enkeling gestel word om outokrasie en burokrasie te voorkom.

Vrae is gevra oor stelling 5 wat lui dat die verkondiging van die evangelie die wese van die episkopé is. Dit blyk korrek te wees dat die verkondiging van die evangelie, reg verkondig en pastoraal toegepas, met die pastoraat verbind word. Die verduideliking op die webblad van die WARC is dat verkondiging in 'n inklusiewe sin verstaan moet word. Die verkondiging moet ook gestalte kry in diakonia. Dit is 'n siening wat in ooreenstemming is met hierdie studie se inklusiewe en omvattende benadering.

Stelling 7 en, meer spesifiek, die bewering dat kollegiale episkope "fundamentally adequate" is: Hierdie studie is juis gebore uit die waarneming dat dit nie voldoende is nie. Die webblad gee die verduideliking dat dit nie moet verstaan word as heeltemal voldoende, onverbeterbaar of onveranderbaar nie. Dit is juis omdat dit 'n goeie stelsel is dat dit oop is vir bespreking en verandering. Dit is waartoe hierdie studie dan ook hoop om 'n bydrae te lewer: die verbetering van 'n stelsel deur gebruik te maak van bruikbare elemente uit ander stelsels wat ook daarop aanspraak maak om voldoende te wees, sodat die nood van pastors die nodige aandag kan verkry.

Stelling 13. Die sinsnede "primarily entrusted" het heelwat kommentaar uitgelok. Die gedagterigting is dat gereformeerdes vandag erkenning kan gee aan die spesiale posisie van Petrus in die eerste eeu en dat Katolieke erkenning kan gee aan die waarde van episkope wat nie slegs deur 'n biskop uitgevoer word nie.

ii) Gevolgtrekkings.

Daar is onder Protestante 'n breë konsensus dat hierdie episkope uitgevoer kan word op 'n sinodaal-kollegiale wyse, of, op 'n episkopaal-persoonlik-monargiese wyse. Dit is dus nie nodig om dit in die gestalte van die biskop alleen toe te pas nie. Hierdie studie wil die klem laat val op die persoonlike wyse, met elemente van die episkopale daarby, maar nie die monargiese nie.

Die WARC-webblad sluit die bespreking met die volgende opmerking af waarmee volmondig saamgestem word. **The questions may be asked: can episkope in collegial form do as well ? And is it not desirable that at least conciliar episkope should be integrated with episcopacy as generally known ?**

3.3.3 Indien nie episkopaals nie, dan wel deur 'n individu?

Dit is nie noodsaaklik om die diens van episkopé aan 'n spesifieke persoon, die biskop, toe te ken nie. Die tweede belangrike vraag wat nou beantwoord moet word is: Kan dit in die gereformeerde raamwerk wel aan 'n bepaalde individu, wat publiek aangekondig en geïdentifiseer word, toegeken word? Of moet dit aan 'n groep (kommissie) wat kan verander, toegewys word?

Dit is nie nodig om die hele uiteensetting van die vorige punt te herhaal nie. As aanvaar word dat episkopé verskillende gestaltes, na gelang van plek tyd en nood, aanneem en dat dit nie noodwendig in die persoon van die biskop gesetel is nie, kan daaruit afgelei word dat daar geen beswaar is om dit wel aan 'n persoon toe te ken nie. Alhoewel die gereformeerde verstaan van episkopé kollegiaal is, kan dit aan individue opgedra word om dit uit te voer.

Indien dit aan individue toegewys word, sal hierdie individue die nodige gesag moet hê om die diens te kan uitvoer. Die gebrek *aan* en *vir* gesag as een van die swakhede van die NG Kerk se stelsel van kerkregering, is uitgewys en moet reggestel word. Daar sal 'n paradigmaskuif moet plaasvind by pastors van die NG Kerk om 'n gesagsfiguur te aanvaar en die kerkverband sal hierin 'n bepalende rol moet speel. Die beste wyse sou wees om die pastors aan 'n pastor pastorumbediening bloot te stel. Weeber (2005:20) het bevind dat die *pastor pastorumbediening* bekend is aan die respondente, maar dat sekere voorbehoude teenoor hierdie bediening bestaan. Dit wil voorkom dat daar 'n redelike groot mate van agterdog by pastors bestaan in verband met die *pastor pastorum*. Wanneer die bediening egter ervaar word, is dit in die meeste gevalle 'n positiewe ondervinding. Dit blyk 'n geval van onbekend, onbeminde te wees. Dit wil voorkom asof die traagheid in gereformeerde kringe om individue uit te sonder en aan te stel, wel een ding tot gevolg het en dit is dat die werk (episkope), wat ons glo deur almal gedoen moet word, deur niemand gedoen word nie.

Die diens kan nie hoofsaaklik administratief wees nie (stelling19), vgl. Cragg se opmerkings(sien 3.3.2.1). Daar sal gewaak moet word teen die skep van 'n nuwe burokratiese struktuur in die kerk. Dit sal die reeds onpersoonlike karakter van die presbiteriaal-sinodale stelsel net verder aksentueer. Aan die ander kant sal gewaak moet word teen so 'n beklemtoning van die persoonlike aard van die diens dat dit in 'n outokrasie verval wat dikwels in die episkopaalse stelsel gebeur het.

Mead (1991: 55) omskryf episkopé as die somtotaal van hoe elke kerkverband al die hulp wat die kerk aan die kerk op die grond beskikbaar kan stel, beskikbaar

maak. Mead se omskrywing is in ooreenstemming met die omvattende benadering tot pastoraat wat in hierdie studie gevolg word.

Die manier waarop daar aan 'n kerkverband inhoud gegee word, was dikwels 'n bron van konflik in verskeie kerke. Vir Mead (1991: 54) gaan dit nie oor wat die persone wat die diens lewer genoem word nie. Dit maak nie saak of mens praat van biskop, ouderling, kommissie of superintendent nie, dit gaan oor wat hierdie persoon of groep persone doen.

In die kerk is die diens tradisioneel verrig deur begaafde, professionele mense wat programme en prosesse bestuur het wat groter is as die vlak van die plaaslike gemeente. Mead het in 1991 voorsien dat die volgende in die daaropvolgende dekade sou gebeur: Elke gemeente sal meer stres beleef, daar gaan 'n magsverskuiwing plaasvind, finansiële bronne gaan geraak word en ook die diens van "episkope" gaan in gedrang kom. Sestien jaar later beleef die kerk in Suid-Afrika dit eksistensiële. Dit beteken vir alle kerke dat die behoefte aan hulp die kapasiteit om hulp te verleen, ver oorskry.

Vir die pastor beteken dit dat hy toegerus moet word vir nuwe vorme van die bediening waarvan baie nie gedink het dat dit ooit deel van hulle roeping sal wees nie. Mead maak die belangrike opmerking dat net die taak om by te bly by die pastorale versorging van pastors wat met stres oorlaai is, oorweldigend is. Na hierdie bykans onmoontlike taak wag dan eers die belangriker werk om pastors vir die bediening te behou en aan hulle 'n standvastige en betroubare institusionele raamwerk te bied (Mead 1991 :55).

Hierdie opmerking van Mead bied aan die hele kwessie van pastorsbediening in die kerk 'n tweeledige missie en raamwerk:

Ondersteun die pastor daar waar hy is.

Skep vir die pastor ruimte om sy werk te doen.

Alle denominasies het volgens hom 'n dringende behoefte aan beter funksionerende sisteme wat gemeentes en pastors sal versterk en bemagtig vir hulle dienswerk. Die ou sisteem van episkopé (volgens hom) "*approaches collapse*" (Mead 1991:55). Hierdie standpunt kan onderskryf word.

Die term biskop is 'n gelade term en 'n ander benaming moet verkieslik gebruik word. Die voorstel is dat die persoon genoem word wat hy doen en dit is pastor pastorum, 'n pastor vir die pastors.

Die erkenning deur die kerk van die nood van pastors en die behoefte aan episkope, gevolg deur die aanstelling van pastors pastorum, kan die eerste tree wees wat die kerk gee om vir een van haar belangrikste bates, die pastor, die nodige steunstelsels te skep om sy of haar werk te doen.

Gevolgtrekking.

Dit is noodsaaklik om die stelsel van korporatiewe episkopé in die NG Kerk aan te vul met 'n stelsel van persoonlike episkopé.

3.4 Is daar plek vir 'n biskoplike figuur in kerke van die gereformeerde tradisie ?

Die gevolgtrekking waartoe in die vorige punt gekom is, lei tot die volgende vraag in die bespreking. Is dit moontlik om die persoonlike episkopé te gaan soek in 'n stelsel wat juis gelei het tot die totstandkoming van die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel? Om die vraag te kan beantwoord moet rekenskap gegee word van die aantal ampte in die kerk en die vraag of die pastorale versorging van pastors ampsdiens moet wees.

3.4.1 Die aantal ampte in die kerk.

Calvyn het sekerlik die grootste invloed uitgeoefen op die gereformeerde ampsbeskouing. Sy beskouing van die amp kan hoofsaaklik op drie plekke gevind word: die Institusie, Kommentare en die Geneefse kerkorde. Hier word gekonsentreer op wat hy in die Institusie in boek 4 geskryf het.

Calvyn (in Sizoo sj: deel 3:58) onderskei vyf ampte soos dit in Efesiërs 4 voorkom, naamlik apostels, profete, evangeliste, herders en leraars. Die eerste drie noem hy buitengewone ampte wat die Here in die begin van die kerk se geskiedenis gebruik het om die kerk te vestig. Hy onderskei die ampte soos volg van mekaar:

Apostels: Hulle taak was om die evangelie te verkondig en is gestuur om die afvallige wêreld onder die heerskappy van God terug te kry.

Profete: Hulle was besondere uitleggers van God se wil. Hulle word uitnemender geag as gevolg van hulle gawe van openbaring.

Evangeliste: In waardigheid ná die apostels. Tog in amp, naaste aan die apostels en neem selfs hulle diens waar.

Die eerste vraag wat by die leser opkom, is of mens hier met 'n tipiese voorbeeld van "streepteologie" te doen het waar sekere verskynsels en dan ook ampte, slegs aan die begin van die kerk se geskiedenis voorgekom het. Tog is Calvyn haastig om op dieselfde bladsy nog by te voeg dat God hierdie ampte weer kan opwek as die omstandighede dit noodsaak om die afval van die kerk te stuit. Trouens, hy maak die bewering dat dit in sy tyd gebeur het. Hy volstaan egter met sy standpunt dat dit buitengewone ampte is wat nie 'n plek in 'n behoorlik ingerigte kerk het nie.

Wanneer die vraag van verandering van of byvoeging tot die amp ter sprake kom, sal die volgende vrae beantwoord moet word:

Is die nood van die tyd sodanig dat dit geregverdig is?

Is die afval sodanig dat dit nodig geword het?

Is die kerk só swak ingerig dat dit tot soveel wanorde lei dat dit nodig geword het?

Op die eerste twee vrae moet bevestigend geantwoord word. Op die derde vraag kan die NG Kerk nie daarvan beskuldig word dat sy swak ingerig is nie die teendeel is dalk eerder waar: die kerk is té goed ingerig.

Die tweede vraag wat na vore kom is of Calvyn se verlening van meer waardigheid aan die profeet en minder aan die evangelis, dan nie 'n streep trek deur die gelykheid van ampte waaroor die gereformeerde kerkreg so sterk voel nie? Wat die buitengewone ampte betref, kan dié afleiding gemaak word en dit het implikasies ook vir die gewone ampte. Die kerklike praktyk, waar die pastor verhef word bo die ouderling en diaken, bevestig dié afleiding.

Naas die buitengewone ampte onderskei Calvyn dan ook die gewone ampte van herder en leraar wat die kerk nie mag mis nie (Calvyn in Sizoo sj:deel 3:59). Die onderskeid tussen die twee ampte tref Calvyn dan daarin dat die leraar slegs met die verkondiging van die evangelie besig mag wees. Die leraar mag nie leiding neem met die tug, bediening van die sakramente, vermaning en opwekking nie, want dit is die taak van die herder. In die NG Kerk is hierdie twee ampte gelyk gestel. Hierdie feit blyk uit die beroepsbrief waarin die pastor meegedeel word dat hy as "herder en leraar" van die gemeente beroep word.

Calvyn (in Sizoo sj:deel 3:59), plaas die evangeliste by die apostels en deel dan die ampte in twee groepe in: apostels en herders en profete en leraars. Die profeet/leraargroep het groter uitnemendheid as gevolg van die gawe van openbaring.

Met hierdie onderskeid en die opmerking dat die Here buitengewone ampte weer kan opwek, ontstaan die vraag of die drie ampte wat ons tans het, vas is en of daar verander of bygevoeg kan word. Gesien in die lig van wat hier vermeld is oor Calvyn se standpunt rondom die amp, blyk dit dat hy ruimte laat vir die verruiming van die ampte in 'n kerk.

Meer reservert skryf Van Itterzon (1974:78) dat die Nuwe Testament talle riglyne gee wat vandag vir die kerk en, met name, ook vir die kerkorde van deurslaggewende betekenis is en dat die kerk nie nuwe ampte mag skep wat nie deur die Skrif "verorden" is nie. Hy waarsku tereg daarteen dat die kerk nie onder die invloed van die tydsgees die kerk moet sekulariseer en 'n sosiologies aangepaste vereniging moet skep met ander maatstawwe as dié van die Skrif nie. Al is die menswetenskappe ook hoe belangrik, mag dit nie die kerklike strukture weselik bepaal nie.

Wanneer hy oor die aantal ampte by Calvyn skryf, vind hy dit moeilik om te bepaal van hoeveel ampte Calvyn wel praat. Hy meen dit kan drie, vier of vyf wees. Hy stem egter met Koopmans saam (Van Itterzon 1974:86) dat die aantal en karakter van die ampte in die kerk bepaal moet word deur die funksie wat die kerk volgens die Bybel in die wêreld het. Die kerk kan nie sommer vir enige gebeurlikheid 'n nuwe amp skep nie. Daar moet steeds gevra word na wat die opdrag van die kerk in 'n bepaalde bedeling is. Van Itterzon (1974:95) sluit af deur te skryf dat naas die Episkopalisme, Kongregasionalisme en Individualisme, bly die presbiteriaal-sinodale

vorm van kerkregering deur die drievoudige amp syns insiens vir hede en toekoms onmisbaar. Dit laat egter nie die moontlikheid van ander ampte buite rekening nie.

Soos dit met die groot instemmende lees van Kronenburg nodig was om die temperende opmerkings van Heitink saam te hoor, is dit hier ook nodig om na die konstatering van Calvyn se soepelheid oor die amp, ook van Itterzon se meer "konserwatiewe" en waarskuwende opmerkings in berekening te bring.

Hier moet dit duidelik gestel word dat met die vraagstelling na die aantal ampte, dit nie die bedoeling is om die drievoudige amp te probeer afskaf nie. Daar moet eerder gekyk word na reformasie binne die ampte en moontlike aanvulling van ampte.

Dit is duidelik dat denkers uit die Reformasie nie die aantal ampte as 'n prinsipiële geslote aantal beskou nie, maar die standpunt huldig dat daar soveel ampte moet wees as wat noodsaaklik is vir die opbou van die gemeente (Dicks 2002:37).

Gevolgtrekking.

Daar is prinsipiële geen beswaar teen die aanvulling van die getal ampte in 'n gereformeerde kerk nie.

3.4.2 Is die pastorale versorging van pastors ampsdiens of is dit die taak van die algemene priesterskap van die gelowiges?

Daar is min sake waarvoor daar soveel onsekerheid in die kerk heers as juis die begrip "amp". So het die Nederlandse teoloog H. Berkhof byvoorbeeld 'n boek geskryf met die titel "Wat is er aan de hand met de ambt?" Onder pastors is daar amper 'n vrees om iets "amptelik" te moet doen. Die volgende twee aanhalings illustreer die saak: "As ek dit amptelik moet doen, kan ek dit net so wel los." (Kaptein 1966:27.)

"*De Heer is mijn herder, maar een herder wil liever geen heer meer zijn.*" (Heitink 2002:242.) Die ongemaklikheid is wel verstaanbaar as dit gesien word as komende uit die tyd wat Heitink (2002:51) noem: 'n openbare amp in 'n publieke kerk. Die gesagskrisis wat sedert die jare sestig oor die wêreld gespoel het, het ook in die kerk gesag, mag, orde en reg aangetas (Itterzon 1974:7). Lekkerkerker, soos aangehaal in Nel (1982:16), wys daarop dat daar in die vernuwingssteologie geen belangstelling is in prediking, erediens, gebed amp en sakramente nie.

Die feit is egter dat die pastor 'n ampsdraer is, wat al sy werk as ampswerk doen, daarom maak dit logies sin dat die pastor ook op amptelike wyse versorg word. Daar is aangetoon dat die ouderling nie die bes aangewese persoon is om die pastor pastoraal te versorg nie. Daar sal dus na 'n ander ampsdraer gesoek moet word om hierdie taak te verrig en daarvoor moet gesoek word na 'n ander pastor of dan eerder 'n pastor wat amptelik afgesonder moet word om dit te doen.

3.4.3 Verskillende standpunte oor die moontlikheid van 'n biskop in 'n gereformeerde kerk.

Daar het al verskeie stemme opgegaan wat die moontlikheid geopper het, maar ook voorbehoude gestel het.

i) Plomp.

Plomp (1967:31-35) het dit al bepleit. Hy voer die volgende voorwaardes aan:

Die figuur moet deur die kerk self gekies word en nou met die kerklike vergaderings saamwerk, maar tog met aansienlike (biskoplike) gesag.

Om so 'n figuur in die kerkorde in te skryf sal intuïsie en vernuf verg, maar is volgens Plomp nie onmoontlik nie.

Hy meen dat 'n kombinasie van die presbiteriale en episkopale stelsel in elk geval vandag 'n beter kans op sukses het as in die tyd net na die Reformasie. In daardie tyd was alle denke antities: óf die een, óf die ander. Intussen het die denkpatroon verander na meer komplimentêr. Veral ook in die postmodernistiese era waarin ons nou beweeg, is daar skaars meer plek vir eksklusiewe denke. Dit is nie meer **óf... óf nie**, maar **én... én**.

Die huidige presbiteriaal-sinodale stelsel het in reaksie op die tyd ontstaan en dit was nodig, maar daar is sedertdien verander en bygevoeg soos omstandighede dit genoodsaak het. Daar sal in die keuse, sowel as in die begrensing van die taak en bevoegdheid van die persoon, met groot omsigtigheid te werk gegaan moet word, anders is die medisyne erger as die siekte. Dit alles moet op so 'n wyse plaasvind dat dit kan lei tot onderwerping aan die heerskappy van die kerk se enigste Meester, Jesus Christus.

Plomp (1967:31) verwys in 'n voetnoot na Calvyn se Institusie (IV, 10,30), wat vir die beantwoording van hierdie vraag besonder belangrik is. Calvyn skryf dat die Here nie stuk vir stuk wil voorskryf wat ons moet volg nie, omdat Hy voorsien het dat dit afhang van tydsomstandighede en geoordeel het dat een vorm nie gepas is vir alle eeue nie. Daarom moet die kerk hom wend tot die algemene reëls en, daarmee saam, te ondersoek wat nodig is vir die kerk om die goeie orde en sedes te handhaaf. Calvyn maak ook voorsiening vir *verskeidenheid* as hy skryf dat elke volk in elke tyd sy sedes op verskillende wyses sal moet toepas en daarom sal die kerk gebruikelike instellings moet kan verander, afskaf of nuwes instel. Die vind van 'n gepaste en gesagsvolle figuur om pastors pastoraal te kan versorg, is een van die uitdagings van die kerk van vandag.

ii) Kronenburg.

In 2003 verskyn J. Kronenburg se belangrike werk *Episcopus Oecumenicus: Bouwstenen voor een theologie van het bisschopsambt in een verenigde reformatoriese kerk*. In sy verantwoording (Kronenburg 2003:21) spreek hy die versugting van menige pastor uit:

“ Mijn zoektocht naar authentiek kerkelijk gezag is begonnen toen ik in mijn Utrechtse tijd in een persoonlijke crisis verkeerde en grote behoefte had aan een pastor pastorum, een bisschop, een echte episkopos, dat wil zeggen iemand die in navolging van God 'omziet naar wie gezeten zijn in duisternis en schaduw van de

dood' (de lofzang van Zacharia, Lukas 1 : 68 en 78), anders gezegd: iemand die 'omziet naar scherven' (Lascaris)."

Kronenburg (2003: 495) se gevolgtrekking is dat dit tog moontlik is om in 'n reformatoriese kerk 'n vorm van episkopé te ontwerp waarop die volgende aanhaling uit die 17de eeu, volledig van toepassing kan wees. "*A Right Episcopacy will at once satisfy all just Desires and Interests of good Bishops, humble Prebyters and sober People; so as Church-Affairs should be managed: neither with Tyranny, Parity, nor Popularity; neither Bishops ejected, nor Presbyters despised nor People oppressed (Eikon Basilike 1649).*"

Op pad na hierdie gevolgtrekking maak Kronenburg (2003:36) vele opmerkings wat vir hierdie studie van groot belang is. Hy toon die volgende aan:

Die amp van biskop en pastor is fundamenteel dieselfde amp. Die biskop word alleen onderskei deur die geografiese gebied van jurisdiksie (bogemeentelik, regionaal).

Beide ampte is ingebed in die kerk as vergadering van gelowiges.

Die amp van biskop het histories ontstaan en dit is daarom mensewerk. Dit is wesenlik, sinvol en belangrik vir die kerk, maar nie noodsaaklik of onontbeerlik vir die kerk nie.

Hy (Kronenburg 2003:56) toon genoegsaam aan dat Calvyn nie teen die biskopsamp as sodanig was nie, maar teen die inkleding daarvan. Dit eerder Beza is wat verantwoordelik was vir die anti-episkopaalse ondertone in die gereformeerde kerkregering en die demonisering van die biskopsamp.

Aan die einde van sy terreinverkenning kom hy tot die volgende gevolgtrekkings (Kronenburg 2003:220):

Die Reformators het geen prinsipiële besware gehad teen die biskopsamp nie. Hulle het die hiërargiese en sakramentele deel daarvan verwerp, nie die vroegchristelike vorm daarvan nie.

In die geskiedenis van die kerke van die reformasie is daar benewens presbiteriale en kongregasionele kenmerke, ook talle episkopaalse kenmerke teenwoordig. Dit kom veral na vore in wat hy noem die funksionele prioriteit van die pastor, alleen hy kon met handoplegging georden word, alleen hy mag die sakramente bedien, alleen hy kon bevestig en visitasie behartig.

In die ekumeniese gesprek word die figuur van die biskop minder onaanvaarbaar vir Lutherane en gereformeerdes.

Daar is 'n groeiende konsensus oor een persoonlike amp van episkopé.

Vir hom staan die Protestantse kerk voor 'n keuse: beweeg in die rigting van die "una sancta" of hou vas aan die Protestantse eie.

In die tweede deel van sy beredenering, wat Kronenburg (2003:225) "*Noodzakelijke Bezinning*" noem, vra hy eerstens die vraag; *Waarom biskoppe?*

Dan is dit verblydend dat hy sy eerste motief "Een pastoraal motief noem". Dit is verblydend omdat, anders as by die Archbishops Report (Episcopal Ministry. 1990)

en ander bronne oor die biskop waar die pastoraat amper as 'n nagedagte sonder veel nadenke bygevoeg word, dit hier *ten grondslag* van 'n gedagte lê. Verder redeneer Kronenburg vanuit reeds genoemde tekortkominge van die presbiteriaal-sinodale stelsel. Hy is korrek as hy redeneer dat die persoonlike pastoraat nie tot die taak van die visitator behoort nie en dat die presbiteriaal-sinodale stelsel per definisie onpersoonlik is.

Gevolgtrekking.

Daar is genoeg motiewe voor die hand liggend om te kan pleit vir die invoer van 'n biskopsamp, waarin die pastor pastorum voorop staan.

Die amp van biskop kan nie uit die Skrifte verdedig of veroordeel word nie.

Die feit dat die samehang tussen kanon, geloof en die amp van episkopé in die Reformasie verlore gegaan het, het gelei tot 'n ontoelaatbare versplintering van die kerk.

In die soeke na 'n model van die biskopsamp vir vandag, moet gegaan word na die pre-Konstantynse model eerder as die post-Konstantynse model.

'n Persoonlike amp van episkopé is ook vir Protestante aanvaarbaar.

Daar is egter ook ander sienings rondom die amp van 'n biskop in 'n gereformeerde kerk. Die siening van Heitink word vervolgens bespreek.

iii) Heitink.

Heitink (2002:210) bespreek die "*clericalisering van die amp*". Hy gee baie aandag aan die Lima-rapport van 1982 wat 'n poging van die Wêreldraad van Kerke en die Rooms-Katolieke Kerk is om die verskille in ampsopvatting tussen kerke te oorbrug.

Heitink (2002: 212) kom tot die gevolgtrekking dat die Lima-rapport op gespanne voet staan met die gereformeerde tradisie. Sy punte van kritiek is die volgende:

Die pastor word klerikaal en sakramenteel opgegradeer.

Die ouderling en diaken verdwyn stilweg.

'n Hiërargiese element word in die kerk ingevoer via die biskop.

Die amp van pastor kry al meer 'n sakramentele karakter.

Heitink (2002:275) is tereg huiwerig vir 'n sakramenteel heilsbemiddelende funksie van die amp. Wanneer die biskop heilsnoodsaaklik word, is dit vir hom te veel. Hy is ook heeltemal reg as hy opmerk dat mens nie die biskop alleen kan neem nie. Saam met die biskop kom 'n ander begrip van amp, heil en kerk mee. In die gesprek daarvoor sal dit deeglik verreken word.

Firet se vraag: Wat is die amp? hanteer Heitink (2002:273) soos volg: Die amp wil die gemeente bewaar by haar geheim: geloof in Jesus Christus. Ampshandeling is verbonde aan die werk van die Heer self en gee dus geen status of waardigheid aan bepaalde mense nie.

Ondanks sy besware erken Heitink (2002:275) die behoefte aan 'n boplaaslike amp en is ook 'n voorstander daarvan. Hy dink egter nie aan 'n biskop nie, maar aan wat in die Rooms-Katolieke Kerk 'n *deken* genoem word. Die belangrike van die deken is

dat dit buite die hiërargie val en het min of meer 'n ooreenkoms met die superintendent wat al sedert die 16de eeu in gereformeerde kerke bekend is en in 2004 ook in die NG Kerk herleef het. Die superintendent is 'n senior pastor wat met verantwoordelikheid aan die ringe en, in samewerking met kollegas, die bevoegdheid ontvang om sake van gemeenskaplike belang te reël.

Heitink erken dat sy voorstel meer inhou as wat dit op die oog af lyk. Die plaaslike gemeente sal van haar selfstandigheid inboet in die proses. Sake wat ter sprake kom, is die personeelbeleid van die gemeente en die outonomie van die plaaslike kerkraad in die beroeping van 'n pastor, wat volgens Heitink die probleme rondom die pastor onoplosbaar maak. Dit is juis hierdie probleme en oplossings daarvoor wat hierdie studie dryf.

Wanneer mens Plomp en Kronenburg se werk met groot instemming lees, is dit tog goed om die meer temperende benadering van Heitink daarnaas te plaas. Heitink lig baie belangrike sake uit wat ernstig oorweeg moet word.

Alhoewel gepleit word vir oplossings wat uit die behoefte van die tyd kom, moet die kerk waak om nie moontlike oplossings net so oor te neem sonder om noodsaaklike aanpassings te maak nie. 'n Hiërargiese en sakramentele biskop kan nie in 'n gereformeerde kerk werk nie.

Wanneer Heitink die boplaaslike figuur as 'n senior pastor beskryf, raak hy tog 'n belangrike saak aan. Waar die pastor pastorum die uitgangspunt van die studie is, dui Heitink se omskrywing daarop dat persone wat aangestel word as pastor pastorum tog aan sekere vereistes sal moet voldoen. So 'n persoon sal eerstens bevoegdheid moet hê om die werk te kan doen. Hy sal die gesag van 'n kerkvergadering agter hom of haar moet hê om te kan optree. Verder sal hy ervaring moet hê. Akademiese opleiding alleen kan 'n persoon nie geskik maak nie. Die kerk sal dus uit sy pastorskorps mense moet keur. Oor dié vereistes word in hoofstuk 4 verder gehandel (sien 4.5.1).

In Heitink (2002:275) se omskrywing plaas hy hierdie boplaaslike figuur in verantwoordelikheid van die ring (klassis). Die winspunt daarvan is dat hierdie figuur iewers gekoppel moet word aan die kerklike struktuur. Dit mag nooit 'n losstaande outonome figuur word nie. Dit is egter 'n vraag of die ring die vergadering is waaraan die koppeling moet plaasvind. Die alternatiewe moontlikhede vir koppelings is: streeksinode of algemene sinode. 'n Koppeling aan die algemene sinode sou die figuur te ver weg neem van die mense wat bedien moet word. Suiwer kerkregtelik sou dit korrek wees om die koppeling aan die ring te maak. Die ring het egter in baie opsigte irrelevant geword in die NG Kerk. Prakties gesproke sou 'n koppeling aan ringe groot koste-implikasies vir die kerk meebring in 'n tyd wat finansies krisisaftemings aanneem. Dinge gebeur in die kerk op streeksinode- en gemeentevlak. Dit laat die streeksinode as die vergadering waaraan die koppeling moet plaasvind. So 'n koppeling sal onmiddellik beelde oproep van die pastor in

sinodale diens (PSD), wat juis in hierdie tyd in verskeie sinodes uitgefaseer word as gevolg van finansiële oorwegings.

In hoofstuk twee is aangedui dat die pastor 'n geroepene is en tans is daar in die NG Kerk 'n gesprek aan die gang oor die roeping van die kerk wat veral gestimuleer word deur die insette en leiding van dr Coenie Burger, moderator van die algemene sinode (vgl. Burger 2003). Dit is 'n baie tydige gesprek wat, as dit vrug wil oplewer, ook neerslag sal moet vind in roepingsgedrewe begrotings. 'n Roepingsgedrewe begroting sal eerstens sorg dat die kerk se prioriteite in orde gebring word en dat fondse aan daardie prioriteite toegeken word.

Die inkorting van die outonomie van die plaaslike gemeente is 'n saak wat ongetwyfeld emosies sal opjaag en lewendige bespreking sal uitlok, wat vrae op die tafel sal plaas wat aan die wese van ons kerkregeringstelsel gaan raak. Dit is egter nodig dat die vrae gevra word. Nederlandse skrywers soos Heitink gebruik die term outonomie. Is die plaaslike gemeente selfstandig of outonoom?

Die Groot Tesourus van Afrikaans gebruik die woord outonoom onder meer as byvoeglike naamwoord onder die betekenisveld "selfstandig". Die twee terme se betekenis is baie na aanmekaar en dui op 'n persoon of instansie wat na sy of hulle eie sake kan omsien. Dit is wel waar van die gemeente. Die plaaslike gemeente is egter nie outonoom in die sin dat sy niks met ander gemeentes, of die kerk in breër verband, te doen het nie. Die plaaslike gemeente is dus wel selfstandig, maar nie outonoom nie. Vir die welstand van die pastor en die gemeente as geheel, moet sowel pastor as gemeente bereid wees om van 'n eie selfstandigheid af te sien ter wille van die groter geheel.

Alhoewel Kronenburg en Heitink se standpunte op die oog af redelik ver van mekaar is, kom hulle langs verskillende weë tog by dieselfde eindpunt uit: die behoefte aan 'n boplaaslike figuur in die kerk om veral na die behoeftes van pastors om te sien.

3.4.3 Gevolgtrekkings oor die moontlike rol van 'n episkopale figuur in 'n gereformeerde kerk.

Die amp van biskop is nie vreemd aan die Skrif nie.

Die biskop en ouderling is nie dieselfde amp nie, eerder die biskop en pastor.

Die besware teen die biskop in gereformeerde kringe is nie op grond van Skrifgegewens nie, maar berus op die verworping daarvan in die eerste vier eeue.

Die nood van die tyd het 'n rol gespeel in die ontstaan en ontwikkeling van die amp van biskop en moet vandag ook 'n rol speel.

Daar is wel sekere elemente in die amp van biskop wat nie in 'n gereformeerde kerk aanvaar kan word nie. Dit sluit veral in: hiërargie, sakramentalisme en heilsbemiddeling.



Daar is egter ook elemente in die amp van die biskop, waarteen die gereformeerde tradisie nie besware het nie en wat selfs nodig mag wees, veral vir die nakoming van die kerkverband se verantwoordelikheid teenoor haar pastors. Dit sluit in:

Die behoefte aan 'n boplaaslike figuur, wat oor meer as een gemeente se grense heen spesifiek met pastors kan werk.

'n Figuur wat werklik met gesag kan optree.

'n Ware pastor pastorum.

'n Figuur wat kan meehelp aan die behoefte van samehorigheid onder pastors.

Wat ware leiding kan verskaf.

Iemand wat met ware ontferming kan omsien na herders wat geen herder het nie.

Dit hoef nie noodwendig 'n biskop te wees nie, maar eerder 'n nuwe skepping wat na aanleiding van lyne uit die Skrif 'n ampsdraer kan wees.

Die gevolgtrekking is dus dat die NG Kerk op sinodale vlak persone aanstel wie se primêre funksie is om as pastor pastorum op te tree.

3.5 Samevatting en gevolgtrekkings.

In hierdie hoofstuk is die verantwoordelikheid van die kerkverband in die pastorale versorging van die pastor nagegaan.

Die volgende bevindings word gemaak.

Oor kerkverband:

Elke pastor en gemeente is, alhoewel selfstandig, ook verbonde aan die NG Kerk en die kerk van Christus as geheel.

Oor die Presbiteriaal-sinodale stelsel:

Die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel is nie die enigste wyse waarop die kerk bestuur kan word nie en ook nie onfeilbaar nie. Die swakhede in die stelsel het veral 'n negatiewe uitwerking op pastors wat in die stelsel 'n buitengewoon belangrike plek gekry het.

Oor episkope:

Die diens van episkope staan Skriftuurlik vas, maar die gestalte daarvan hang van *plek, tyd* en *omstandighede* af. In kerke met 'n episkopale karakter berus die episkope by die biskop en het 'n persoonlike karakter.

Daar is 'n breë konsensus dat hierdie episkope uitgevoer kan word op 'n sinodaal-kollegiale wyse, **of** op 'n episkopaal-persoonlik-monargiese wyse. Dit is dus nie nodig om dit in die gestalte van die biskop alleen toe te pas nie.

Die stelsel van korporatiewe episkope is ontoereikend in die huidige omstandighede. Dit is noodsaaklik om die stelsel van korporatiewe episkopé in die NG Kerk aan te vul met 'n stelsel van persoonlike episkopé.

Oor die moontlikheid van 'n episkopale figuur in 'n gereformeerde kerk:

Oor aantal ampte in die kerk.

Daar is nie dwingende prinsipiële besware teen die aanvulling van die drie ampte volgens die nood van die tyd nie.

Oor ampsdiens

Die pastor doen al sy werk as ampswerk, daarom maak dit logies sin dat die pastor ook op amptelike wyse versorg sal word. Daar is aangetoon dat die ouderling nie die bes aangewese persoon is om die pastor pastoraal te versorg nie.

Dit kan nie net gaan oor wat die pastor wil hê nie, maar oor wat goed is vir hom of haar. Met die opmerking oor bediening vanuit die gebrekkige strukture waarbinne die pastor werk, moet daar dus na nuwe uitweë gesoek word en daarom die voorstel van die pastor pastorum.

Die amp van biskop is nie vreemd aan die Skrif nie.

Die biskop en ouderling is nie dieselfde amp nie, eerder die biskop en pastor.

Die besware teen die biskop in gereformeerde kringe berus nie op Skrifgegewens nie, maar op die verworping daarvan in die eerste vier eeue.

Die nood van die tyd het 'n rol gespeel in die ontstaan en ontwikkeling van die amp van biskop en moet vandag ook 'n rol speel. Daar is wel sekere elemente in die amp van biskop wat nie in 'n gereformeerde kerk aanvaar kan word nie. Dit sluit veral in: hiërargie, sakramentalisme en heilsbemiddeling.

Daar is egter ook elemente in die amp van die biskop, waarteen die gereformeerde tradisie nie besware het nie en wat selfs nodig mag wees, veral vir die nakoming van die kerkverband se verantwoordelikheid teenoor haar pastors. Dit sluit in:

Die behoefte aan 'n boplaaslike figuur, wat oor meer as een gemeente se grense heen spesifiek met pastors kan werk.

'n Figuur wat werklik met gesag kan optree.

'n Ware pastor pastorum.

'n Figuur wat kan meehelp aan die behoefte van samehorigheid onder pastors; wat ware leiding kan verskaf.

Iemand wat met ware ontferming kan omsien na herders wat geen herder het nie.

Dit hoef nie noodwendig 'n biskop te wees nie, maar eerder 'n nuwe skepping wat na aanleiding van lyne uit die Skrif 'n ampsdraer kan wees.

Slotopmerking

Die kerkverband aanvaar verantwoordelikheid vir die teologiese opleiding van die pastor en behoort dit ook te doen vir die pastorale versorging van die pastor nadat die aanvanklike teologiese opleiding voltooi is. Die kerk behoort die openheid te hê om ook sistemies te kyk na die stelsel waarvolgens die kerk regeer word en alhoewel dit nie bepleit word dat daar weggedoen word met die stelsel van die presbiteriaal-sinodale stelsel nie, die stelsel tog aangepas behoort te word by die eise van die postmodernistiese tyd.

4. Pastoraat en Pastor Pastorum.

4.1 Inleiding.

"When I look for help in developing my pastoral craft and nurturing my pastoral vocation, the one century that has the least to commend it is the twentieth. Has any century been so fascinated with gimmickry, so surfeited with fads, so addicted to nostrums, so unaware of God so out of touch with the underground spiritual streams which water eternal life? In relation to pastoral work, the present-day healing and helping disciplines are like the river Platte as described by Mark Twain, a mile wide and an inch deep." (Peterson 1992b:2.)

Met hierdie opmerking het Peterson die versugting van menige pastor en student van die pastoraat uitgespreek. Daar is soveel sienings oor die pastoraat en soveel kritiek op ander sienings en pogings tot omskrywing, dat dit werklik moeilik is om by 'n omvattende siening oor die pastoraat uit te kom. Dit is dan ook die uitgangspunt van hierdie studie om nie vir 'n bepaalde vorm van pastoraat te kies nie, maar gebruik te maak van die insigte in verskillende benaderings om die beste model van versorging vir die pastor te probeer formuleer.

Binne die raamwerk van die studie se kernvraag "Wie doen wat, ten opsigte van wie, waar, wanneer, waarom en hoe?", val hierdie hoofstuk steeds binne die vraag "Hoe versorg die kerkverband pastors pastoraal?" In hierdie hoofstuk sal eerstens rekenskap gegee word van wat onder pastoraat verstaan word. Daarna sal 'n definisie gegee word van wat verstaan word onder die pastorale versorging van predikante. Dan sal die kernsaak van die studie: die pastor pastorum en die plek wat dié figuur in die kerklike struktuur moet inneem, sowel as die verantwoordelikheid van die verskillende kerklike vergaderings in die pastorale versorging van die pastor, ter sprake kom.

4.2 Pastoraat.

4.2.1 Pastoraat, 'n omskrywing.

Soos baie terme in die praktiese teologie, is terme soos, *pastor en pastoraat* nie terme wat direk soos dit vandag gebruik word in die Skrif gevind word nie, alhoewel die saak waaroor dit gaan wel duidelike oorsprong in die Skrif het. Pastoraat is afgelei van die oosters-Bybelse beeld van die skaapherder. In die Afrikaanse Nuwe Vertaling kom die begrip *herder* 41 keer in 37 verse voor. Wanneer Wagenaar (1959:113) die voorkoms van die begrip in die bekendste gedeeltes nagaan (Ps. 23; Jes. 40, Jer. 23; Es. 34; Sag. 11; Joh. 10; Heb. 13; en 1 Pet. 2), merk hy bepaalde verskuiwings in die betekenis van die begrip. Die gedagte van *heers* tree terug, terwyl die gedagte van *dien* sterker op die voorgrond tree, tot op die punt van die oorgee van die Herder se lewe vir sy skape. Dit gaan in die Bybelse hantering van die begrip om die sorg en die daad. Alle pastoraat se uitgangspunt is die werk van die Goeie Herder wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien.

4.2.1.1 Sielsorg en pastoraat.

Wanneer die geskiedenis van die pastoraat nagegaan word, is dit vroeg duidelik dat daar baie begrippe voor gebruik word en dat daar aan dieselfde begrip verskillende inhoute gegee word deur verskillende teoloë. Furet (1977:118) noem sielsorg een van die vorms van pastorale optrede. Ander teoloë wat ook van die begrip gebruik is onder meer Bolkestein en Roscam Abbing. Wagenaar (1959:108) wys daarop dat in die Ou Testament die begrippe "nefesj" en "ruach" op die totaliteit van die menslike bestaan dui. Die gedagte dat mens uit die begrippe kan aflei dat die mens 'n ewige siel ontvang het, is vreemd aan die Skrif (Wagenaar 1959:109).

Die Nuwe Testamentiese begrippe "pneuma" en "psuche" moet weergegee word deur die begrip lewe eerder as siel (Wagenaar 1959:110). Die siening word deur 'n later, gesaghebbende werk ondersteun (Louw en Nida 1988: 262). Die feit dat die Bybel die begrip "sielsorg" nie ken nie, beteken nie dat die saak nie voorkom nie, maar dat dit soos met ander sake, wat ook in hierdie studie voorkom, nog nie geïnstitusionaliseer was nie. 'n Liefdevolle versorging van mekaar is met die menswees 'n gegewe (Heitink 1977:58). Hy onderskei *pastoraat* as die werksvorm en *sielsorg* as die gebeure (Heitink 1997:68).

Alhoewel die Skrif die beeld van die herder dikwels gebruik en die gedagte van sorg voorop staan, werk die Skrif nie die inhoud van die sorg uit nie. Dit laat dan aan die teologie die taak om daardie inhoud uit te werk. Hierdie vryheid van die teologie skep ook die gevaar dat daar baie allegories met die beeld omgegaan word. In hierdie studie word gekies om die begrip pastoraat eerder as sielsorg te gebruik.

In die omskrywing van die begrip pastoraat is daar verskeie benaderingswyses. Mens kan doodgewoon kronologies te werk gaan en van die begin af tot vandag die siening en omskrywing nagaan. Pastoraat is 'n redelike jong begrip in die veld van die teologie alhoewel, soos reeds aangetoon, 'n Bybelse saak. Mens kan ook die saak benader deur die verskillende omskrywings van die begrip saaklik te orden, soos De Klerk (1978:31) doen. Hy onderskei die kerugmatiese, eduktiewe en noutetiese benaderings. Nog 'n benadering is die van Heitink (1984:23-75), wat 'n mengsel is van 'n kronologiese en 'n geografiese benadering. Hy neem die Duits-Switserse literatuur, Amerikaanse literatuur en Nederlandse literatuur en behandel dit dan kronologies volgens ontwikkelings. Beide indelings doen geforseerd aan. Alhoewel hierdie 'n pastorale studie is, val dit nie op die weg van die studie om die pastoraat indringend te omskryf nie. Die verskillende aspekte van die pastoraat wat van toepassing is op hierdie studie sal egter gebruik word om 'n omskrywing van die pastorale versorging van pastors te omskryf.

4.2.1.3 Geen omvattende omskrywing nie.

Elke benadering gee 'n eie omskrywing van wat pastoraat is. Elke omskrywing lewer 'n bydrae gelewer tot 'n beter verstaan van die pastoraat, alhoewel daar in elke omskrywing ook tekortkominge is. Hierdie studie het nou by die punt gekom waar 'n omskrywing van pastoraat gegee moet word. Die vraag is egter of dit enige sin het om nog 'n omvattende omskrywing van die pastoraat te probeer formuleer. Hierdie

vraag behoort negatief beantwoord te word. Daar behoort na regte 'n deeglike studie gedoen te word van al die verskillende aspekte van die pastoraat. Dit kan lei tot 'n pastoraat aan die enkelouer, alkoholis, gay persoon, vigslyer, werklose, misdaadslagoffer. Die moontlikhede is talryk. Die onderwerp van hierdie studie is die pastorale versorging van pastors. Wanneer daar dan tot omskrywing gekom word, sal die omskrywing aan hierdie aspek van die pastoraat reg moet laat geskied.

4.3 Die pastorale versorging van die pastor.

In die lig van die vorige paragraaf word die volgende geformuleer as 'n omskrywing van die pastorale versorging van pastors, waarna die kernaspekte van die definisie bespreek sal word onder subopskrifte.

Die pastorale versorging van pastors is die totale kompleks van aktiwiteite van die hele kerk om deur middel van 'n persoonlike episkope (dus amptelik) en op herderlike wyse, die evangelie aan die pastor te kommunikeer in al die fasette van sy menswees en met die gebruik van alle moontlike hulpmiddels om die pastor van die groot ontferming van God te verseker (Rom 12:1, 2 Kor 4:1), sodat die pastor met nuwe selfvertroue (identiteitsekerheid), gesag (ampsekerheid) en kompetensie (beroepsekerheid) sy roeping uitleef.

4.3.1 Bespreking van omskrywing.

4.3.1.1 “... totale kompleks...”

Met die uitdrukking *totale kompleks* word bedoel: alle aktiwiteite wat die kerk met, namens en in belang van pastors uitvoer. Dit sluit aan by Klink (1970:1) se definisie wat die weg open om in pastorale versorging alle aspekte van pastorwees te betrek. Die vraag ontstaan of die bedoeling nie die pastoraat verbreed totdat alles wat in die kerk gedoen word daaronder ingesluit word nie. Die antwoord hierop is negatief. Die vraag in die pastoraat is nie of daar met die pastor oor geloof in gesprek getree kan word nie, maar of daar gelowig oor enige saak 'n gesprek gevoer kan word (Heitink 1996:17). Dit blyk noodsaaklik te wees dat pastors en ander lidmate as gelowiges oor sake soos vergoeding, medies en pensioen moet kan gesprek voer. Die fokus word spesifiek so wyd as moontlik gemaak sodat die volle spektrum van die lewe van die pastor in die oog kan kom.

4.3.1.2 “... van die hele kerk...”

Hiermee word bedoel dat die kerk die saak van die pastorale versorging van pastors as 'n wesensaak aanvaar (NGK 2004b:445). Dit beteken verder dat die hele kerk, en daarmee word bedoel al die vergaderinge van die kerk: kerkraad, ring sinode en algemene sinode, 'n rol te speel het in hierdie versorgingstaak. Dit is belangrik dat elke vergadering sal weet wat daardie vergadering se spesifieke rol in hierdie verband is. Hierdie rol sal by wyse van besluite van die algemene sinode en formulering in die kerkorde ingesluit moet word. Hiermee word dan deur die kerk gekies vir 'n holistiese en omvattende benadering tot die pastor. Met die insluiting

van die sinode en die algemene sinode in hierdie omskrywing, word ook op só 'n wyse vir 'n gesentraliseerde bestuur van die pastorkorps gekies dat die verskeidenheid in die verskillende sinodale gebiede tot sy reg kom.

Hier word die sentimente van Thurneysen (1980:26) en Heitink (1977:353) onderskryf. Die gemeente is nie maar bloot die konteks waarbinne die pastoraat bedryf word nie, maar is deel van die beweging van die heil van God na die wêreld. Die gemeente moet die heil deurgee en die mens opvang

As deel van die gemeente se werk moet dit ook ampswerk wees. Dit kan ampswerk wees sonder om enigsins die algemene priesterskap van die gelowiges te verskraal of op die agtergrond te skuif

4.3.1.3 “... om deur middel van 'n persoonlike episkope (dus amptelik) ...”

Daar is reeds tot die gevolgtrekking gekom dat die diens van episkope op 'n korporatiewe wyse, soos tans, of 'n meer persoonlike wyse uitgevoer behoort te word. Dit is die taak van die res van die studie om daardie wyse uit te werk. Dit is ook reeds vasgestel dat die versorging van pastors ampsdiens moet wees.

4.1.3.4 “... en op herderlike wyse ...”

,Welwetende dat baie van mening is dat die metafoor uitgedien is, word daar gekies om die herder metafoor te gebruik as basis vir die bediening. Die probleem lê egter nie by die metafoor nie, maar dat mense in die kerk die metafoor omskep het in 'n stuk teologie. Daarom sal die metafoor eers gedekonstrueer word, voordat dit op hierdie saak toegepas word.

4.3.1.5 “... die evangelie aan die pastor te kommunikeer ...”

Met die keuse van die omskrywing *kommunikasie van die evangelie*, mag dit lyk asof die studie op die terrein van die evangelistiek beweeg. Dit is nie die bedoeling en ook nie die geval nie. Kommunikasie van die evangelie geskied nie net aan sogenaamde ongeredde en onverskillige mense nie. Pastorale take soos bemoediging, vertroosting en versterking is ook kommunikatiewe handeling in diens van die evangelie. Kommunikasie van die evangelie vind plaas wanneer die pastor as geroepene en verteenwoordiger van die Heer, die mens in sy geloof en lewensvrae ontmoet en die ontmoeting tot 'n ontmoeting met die Derde lei. Die pastorale versorging van pastors moet daarom ook kommunikasie van die evangelie wees. Die pastor moet self die Heer as sy Reisgenoot ken. Net iemand wat self gelei word, kan ander lei (Van der Meulen 2004:280). As 'n persoon wat die evangelie aan ander kommunikeer, moet die evangelie ook aan die pastor gekommunikeer word. Die ontmoeting tussen pastor pastorum en pastor moet dus lei tot die ontmoeting met die Derde en moet die pastor bemaagtig om ook ander mense tot daardie ontmoeting te begelei.

i) Die gebruik van die Woord in die pastoraat.

Hier moet stilgestaan word by die gebruik van die Woord in die kommunikasie van die evangelie aan die pastor. Uit die literatuur is dit duidelik dat die gebruik van die Woord in die pastoraat omstrede is en dat daar verskeie sienings daaromtrent is. Op een lyn geplaas, kan dit as 't ware van links na regs ingedeel word: van Adams (biblisisties), Thurneysen (Woord kom nie aan die woord nie), Heitink (illustratiewe gebruik) tot by Hiltner (beskuldig dat hy dit nie gebruik nie).

Die verskeidenheid van menings is die gevolg daarvan dat alle gebruikers van die Woord met sekere voorveronderstellings met die Woord omgaan. Dit is belangrik om daardie voorveronderstellings raak te sien en te erken. Skrywer is bewus van sy eie voorveronderstellings en wil dit aan die begin weergee soos dit weergegee is in die Handeling van die Algemene Sinode van 2004 (sien bylaag 4).

ii) 'n Gevarieerde Skrifberoep is moontlik.

Ten spyte van bogenoemde voorveronderstellings, sal 'n gevarieerde Skrifberoep steeds moontlik bly. Om te illustreer hoe gevarieerd daar uit verskillende perspektiewe op die Woord 'n beroep gedoen kan word, word die volgende beroep op Matt 9:35-38 deur onderskeidelik Thurneysen en Hiltner gedoen.

Thurneysen (1968:24) beroep hom op hierdie teks om 'n parallel met Matt 28:18-20 (die groot sendingopdrag) te trek. Sy afleiding is dat die sending ook "*zur Seelsorge*" is. Prediking en pastoraat staan in verhouding tot mekaar soos saai en oes. Thurneysen (1980:14) se omskrywing van pastoraat as prediking aan die enkeling is onderliggend aan hierdie interpretasie.

Hiltner(1959:20) lê op sy beurt weer klem op die twee kante van Jesus se werk: prediking en genesing.

Dit is nie net in beroepe op dieselfde teks dat hierdie gevarieerdheid na vore kom nie, maar ook in die keuse van tekste vir bepaalde situasies.

Aan die hand van 'n gevallestudie gebruik Van der Meulen (2004:209 e.v.) 'n geskepte voorbeeld om die verskil tussen Capps, Wise en Adams in die keuse van 'n teks aan te toon:

'n Man met die naam John, gaan sien sy pastor omdat hy bekommerd is oor sy loopbaan, finansies, kinders en in die besonder sy vrou. Hy het 'n tyd lank 'n gevoel van groot wrewel teenoor sy vrou gehad; soveel so dat hy bang was dat hy haar fisies sou aanrand. Sy wrewel het afgeneem, maar is vervang deur gevoelens van kommer dat sy iets sou oorkom. Hy word angstig. Die pastor "diagnooseer" angs as simptoom van 'n dieperliggende probleem: wrewel.

Wise kies Matt. 6:25. Die keuse val nie op die 'n teks wat handel oor wrok nie, maar een wat handel oor die innerlike dinamiek van John. Wise se tekskeuse word bepaal deur die psigies-dinamiese relevansie daarvan.

Adams wat glo aan “*topical relevance*” sou kies vir ‘n teks soos Ef. 5:25 wat oor die huwelik handel of tekste uit Spreuke wat oor afguns, wrok ens. handel want hy wil ‘n verandering by John teweegbring. John se probleem is egter nie dissiplinêr nie, maar innerlik.

Capps kies vir die gelykenis van die verlore seun in Lukas 15. Hy sluit ook aan by die innerlike dinamiek, maar kies ‘n gedeelte wat John verder kan help. Die rol van die oudste seun is vir hom belangrik. Hy is vol wrewel teenoor sy broer en pa en deur sy wrewel het hy homself geïsoleer.

Die vraag wat die gekose tekste aan John stel, is of hy homself kan plaas in ‘n wêreld waarin die vervreemding opgehef is. Die pastor gee dus geen antwoord aan John nie. John kan dit alleen aan homself gee. Daar word ook nie ‘n trooswoord of teregwyding gegee nie. Die Woord open in die geval ‘n nuwe perspektief waardeur John homself en sy vrou kan sien.

Hierdie gevallestudie toon wat kan gebeur as die pastor toelaat dat sy voorveronderstellings oor die Woord en sy siening van die pastoraat die pastorale ontmoeting oorheers. Beide Wise en Adams bevind hulle in ‘n dilemma. Wise as gevolg van ‘n te groot fokus op die innerlike dinamiek en Adams as gevolg van sy Skrifbeskouing wat veroorsaak dat hy rigoristies na “*topical relevance*” soek. Dit is natuurlik nie verkeerd om na “*topical relevance*” te soek nie. Dit gaan oor die oorheersing van die “*topical relevance*” oor die ander aspekte van hierdie besondere geval.

iii) Gevare in die gebruik van die Woord in die pastoraat.

Wanneer die vraag nou aan die orde kom hoe die Woord in die pastoraat ter sprake kom, moet allereers gepleit word dat die Woord gebruik sal word vir dit waarvoor die Heer dit gegee het. Verskeie skrywers gee vele voorbeelde van die verkeerde gebruik van die Woord in die pastoraat, bv. Louw (1992:392). Clinebell (1984:124) gee weer wyses waarop die Woord gebruik kan word en meld onder andere dat die Woord gebruik kan word om te diagnoseer en om geestelike patologie te heel. Die Woord het beperkte waarde vir die diagnostiek. Die Woord kan wel leidrade en rigting gee in die proses van diagnoseer, maar kan nooit ‘n diagnostiese handboek wees nie. Vir verskeie situasies waarin die pastor wel ‘n rol kan speel, het die hulpwetenskappe eenvoudig beter diagnostiese metodes.

Indien die woord gebruik word in die proses om patologie te heel, sal die pastor uiters versigtig moet wees dat dit wel geestelike patologie is en nie een of ander emosionele patologie nie

Van der Meulen (2004:191) wys op die volgende gevare in die gebruik van die Woord in die pastoraat.

- ‘n Formalitiese gebruik van die Woord. ‘n Gesprek moet doodeenvoudig met Skriflesing en gebed afgesluit word.
- Die Bybel word gebruik om die pastor se eie onvermoë om tot ‘n geestelike gesprek te kom te bedek. In die geval moet die aanhaal van ‘n teks of die lees van ‘n gedeelte die gesprek red.

- 'n Oppervlakkige gebruik van die Woord, wanneer dit te vinnig of op 'n goedkoop wyse in die gesprek gebring word.
- Die onpersoonlike wat kan insluip met die voorlees van die Woord. Van der Meulen (2004:196) haal Van der Geest aan wat skryf dat die lees van die Bybel in die pastoraat 'n uitsonderlike gebeurtenis moet wees, waar die besoek 'n liturgiese karakter het. 'n Pastor op besoek het die Bybel nie nodig nie, hy kan praat en die lewende Woord is beter as die geskrewe Woord.
- Die Woord konfronteer die leser met 'n vreemde heilige outoriteit. Die persoon vir wie gelees word kan dit ervaar as dat met die lees van die Bybel aan hom iets opgedra word.

Van der Meulen moet gelyk gegee word oor die formalistiese gebruik van die Woord. Die Woord behoort deur die gesprek aan die woord te kom en nie slegs aan die einde nie. Dit gaan daaroor dat die Woord gebruik moet word waarvoor die Heer dit gegee het. Daarom mag die Woord ook nie deur 'n pastor gebruik word om agter weg te kruip nie en ook nie om aan mense iets op te dra nie. Ook wat die oppervlakkige gebruik van die Woord betref, moet Van der Meulen gelyk gegee word.

Dit lyk egter asof Van der Meulen bedenkinge het oor die voorlees van die Woord in die pastorale situasie. Indien die Woord nie deur die gesprek aan die Woord is nie, sou dit 'n geldige beswaar wees. Dit gaan egter te ver om die stelling te maak dat 'n pastor op besoek nie die Bybel nodig het nie, want hy het 'n mond. Dit kom neer op 'n afhanklikstelling van die Woord aan die woord van die pastor. Tog is daar waarde in hierdie opmerkings van Van der Meulen. Dit beklemtoon die gedagte dat die Woord in die mond van 'n pastor met deurleefde spiritualiteit uit sy eie omgang met die Woord effektief is. Dit word gestel sonder om weer die effektiwiteit van die Woord afhanklik te maak van die spiritualiteit van die pastor.

4.3.1.6 "... in al die fasette van sy menswees"

Die pastor kan nie geïsoleer word van sy konteks en verhoudings en dan pastoraal versorg word nie. Die pastor moet in sy konteks gelees word en versorg word. Daardie konteks is allesomvattend. Dit sluit die situasie in waarbinne die gemeente bestaan en leef: in sy huwelik, gesin, finansies; selfs sy kommer oor bejaarde ouers.

Hier speel die antropologie veral 'n groot rol. "Sê vir my hoe jy oor die mens dink en ek sal vir jou sê hoe 'n pastor jy is". (Thurneysen 1980:56.) Die woorde van Thurneysen is steeds geldig. Feitlik elke perspektief op die pastoraat het tekorte ten opsigte van die antropologie. Die tekorte varieer van die uitskakeling van die mens tot die mens se vooropstel dat die mens op die ou end net met homself oorbly (Heitink 1977:171).

Voorrang moet gegee word aan die Godsoekende mens bo die menssoekende God en aan die Woord as bron van die mensbegrip. Om dus die antropologie op die regte

wyse aan te spreek, moet die gevolge van die Skrifbeskouing op die antropologie eers verreken word.

i) Implikasies van die Skrifbeskouing op die antropologie.

Die Skrifbeskouing het 'n bepalende invloed op die antropologie. Die Woord werp 'n vertikale blik op die mens en op 'n tweerigtinggesprek tussen God en die mens (Heyns 1978:119). Die Woord gee begrip vir die totale mens, en wil nie klem lê op net 'n bepaalde aspek van menswees nie, byvoorbeeld siel of gees nie. Die blik op die mens is ook, realisties gesien, nie net goed of sleg nie, maar die blik is ook tydbepaald. Die skrywers praat oor die mens in die taal en idioom van hulle dag.

Die Woord teken die mens as 'n verhoudingswese. Heyns (1978:127 e.v.) beskryf die mens as verhoudingswese in sy verhouding tot God, sy naaste, homself en die natuur. Heyns voeg daaraan nog twee aspekte toe: die mens as tweegeslagtelike wese en die mens as toekoms wese.

Hierdie paar pennestrepe gee 'n aanduiding van hoe God die mens sien en dit het 'n wesenlike invloed oor hoe die mens die mens moet beskou.

ii) Die mens kan nie in enkelvoudige terme beskryf word nie.

God kan nie in enkelvoudige terme beskryf word nie. Hy is té groot daarvoor en die mens se begrip van Hom té beperk om dit in enkelvoudige konsepte te kan saamvat. Daarby is die mens se taalvermoë ook onvoldoende om aan die reeds onvoldoende begrip uiting te gee. Die mens is ook 'n ingewikkelde wese wat nie in een term saamgevat kan word nie. In die omskrywing van 'n verantwoordbare antropologie is dit beter om van terme gebruik te maak wat in woordpare uitgedruk word om daarmee die raamwerk aan te dui waarbinne die mens leef. Die woordpare moet inklusief en omvattend wees.

Die woordpare sluit in: (dit kan uitgebrei word).

- Skepping en herskepping.
- Sonde en genade.
- Skuld en verantwoordelikheid.
- Siekte en genesing.
- Bewus en onbewus.
- Groei en selfverwesenliking.
- God en wêreld.

iii) Die mens as eenheid.

Watter woordpare ook al gebruik word dit moet uitdrukking gee aan die feit dat die mens as eenheid beskou word en dat terme soos liggaam, siel en gees slegs onderskeidings is van verskillende aspekte van menswees. Vir Heitink (1977:88) gaan dit om die eenheid in die verskeidenheid. Dit is 'n waarheid waaraan vasgehou moet word, veral as die postmodernistiese tyd waarin ons leef in aanmerking geneem word. Van der Meulen (2004:26) beskryf die postmodernisme teenoor die modernisme met 'n aantal uitdrukkings wat met "nie" begin.

- Nie gefikseer op eenheid, maar het oog vir die verskeidenheid.
- Nie die gelykheid, maar die verskil.

- Nie die uniforme, maar die wisselende.

Hoeveel waardering daar ook al kan wees vir die plooibaarheid wat die postmodernisme teenoor die modernisme gebring het, mag dit nie weer daartoe lei dat die mens opnuut opgedeel word in onderdele nie.

iv) Mens van en voor God.

Dit is belangrik om die mens te sien as mens **van** God. Dit sê wat die oorsprong van die mens is en aan wie die mens behoort. Mens **voor** God sê weer dat hierdie mens elke dag voor die aangesig van sy God leef en aan Hom verantwoordelik is vir die lewe wat ontvang is.

4.3.1.7 “... met die gebruik van alle moontlike hulpmiddels ...”

Alle hulpwetenskappe, nie net die Sielkunde nie, moet optimaal ingespan word in die pastoraat. Die term wat gekies word is *optimaal* en **daarmee** word bedoel ten beste, maar ook aangedui dat daar 'n grens is vir die rol van die wetenskappe. Indien daardie grens oorskry word, neem daardie wetenskappe die pastoraat oor en kan die pastoraat nie volgens sy eie aard funksioneer nie. Die grens is tweërlei van aard:

- Die wetenskappe gee mensekennis, maar die Woord gee mensbegrip.
- Die pastoraat kan nie van 'n hulpwetenskap gebruik maak indien dit in die pad sou staan van die kommunikasie van die evangelie nie.

In dié verband is daar twee hulpmiddels wat só na aan die pastoraat lê dat baie mense dit as sinonieme gebruik, naamlik berading en begeleiding.

i) Berading

Berading is die poging van 'n pastor om iemand te help om homself te help (Hiltner 1949:80).

Beraad is nie die gee van raad nie, dit is die hou van 'n beraad. Die fokus is nie op die geloofsinhoud nie, maar op die innerlike worsteling van die mens (Van der Meulen 2004:86).

Beraad is 'n *vorm* van gesprekshulp aan psigies normale mense met gesins-, beroeps-, studie- of pastorale probleme (Heitink 1977:242).

Dit is nie meer die vraag of die pastoraat gebruik mag maak van die beginsels van berading nie, maar hoe die pastoraat sy eie karakter kan behou in die proses. Trimp (1981:62 ev.) gee uit 'n amptelike perspektief sekere riglyne.

In beraad is daar gewoonlik 'n enkel geformuleerde probleem ter sake, terwyl in die pastoraat die net wyer gespan word om die hele menswees te betrek. Die net kan in beraad ook later wyer gespan word, maar dit begin met 'n enkel geformuleerde probleem (Klink 1970:37).

Daar is sake wat 'n pastor nie kan hanteer nie omdat God dit vir Homself gereserveer het. Dit is vir Trimp nie in stryd met die karakter van ampswerk nie,

maar juis in ooreenstemming daarmee dat 'n ampsdraer die grense van sy opdrag sal ken.

Daar is sake wat die ampswerk nie kan of hoef op te los nie, maar wat die taak van hulpwetenskappe is.

Die belangrikste rede waarom die pastorale verhouding ook amptelik moet wees, is vir hom geleë in die onderskeiding in die verhouding ampsdraer/ gemeentelid en terapeut/kliënt.

Die verhouding tussen ampsdraers en lidmate is dieper as die verhouding terapeut/kliënt. Dit raak die verhouding mens/God. God se wil en beloftes kom ter sprake.

Die duur van die ampsdraer/lidmaat verhouding is veel langer as die verhouding terapeut/kliënt en is gegrond op die gemeenskap met Christus deur die Heilige Gees. Ampsdraers gaan ook na lidmate toe terwyl kliënte na terapeute toe gaan.

Faber (1983:122) merk die volgende verskille op:

Pastoraat se doel is breër as die van beraad.

Pastoraat werk uit 'n breër perspektief as beraad. Die berader sou ook die perspektief kon sien, maar dit is nie 'n vereiste vir die beraad nie. 'n Ooreenkoms is dat beraad en pastoraat in bepaalde situasies die eerste doel gesamentlik kan nastreef.

Dit is uit die oogpunt van die pastoraat duidelik dat berading kan lei tot pastoraat en pastoraat tot berading. Dus is die berading 'n belangrike hulpmiddel tot die pastoraat. In die pastorale versorging van pastors behoort die kerkverband alle moontlike hulp uit die ander wetenskappe te identifiseer en te mobiliseer om tot voordeel van die pastorskorps te kan aanwend.

ii) Begeleiding en pastoraat.

Oor die verhouding begeleiding/pastoraat moet meer uitgebreid rekenskap gegee word. Die rede daarvoor is 'n hernude belangstelling in veral geestelike begeleiding, deur skrywers soos Waaijman (2003), Van Dam (2004) en Van der Meulen (2004). Begeleiding het sy pad tot in die moderne pastoraat gevind deur veral Hiltner (1958:64) wat nader wou omskryf wat sy omvattende begrip "*sheperding*" alles insluit. Hy kies om nie van die tradisionele begrippe, dissipline, troos en "*edification*" te gebruik nie. Hy kies dan vir die begrippe "*healing*", "*sustaining*" en "*guiding*".

"*Guiding*" is om 'n persoon te help om die pad te vind (Hiltner 1958: 69). Dit is nie 'n dwingende, ooredende, interpretatiewe of alternatiefvindende funksie nie.

Begeleiding is die geestelike leiding wat aan mense gebied word waardeur hulle op grond van hulle oortuigings keuses kan maak om sodoende te groei en geestelik selfstandig te funksioneer (Heitink 1977: 300).

Dan moet daar ook 'n verdere onderskeid gemaak word tussen begeleiding en geestelike begeleiding.

Van Dam (2003:114) definieer geestelike begeleiding as 'n kontak waarin iemand, iemand anders as gids op die lewensweg, of dan 'n gedeelte daarvan, begelei. Dit

begin by iemand met 'n vraag, wat anders is as die vraag na 'n terapeut. Die vraag na die terapeut is: Daar is iets in die lewe wat so moeilik is om te hanteer dat dit in die weg van lewensgeluk staan. Die vraag na geestelike begeleiding is die vraag na hoe om verder te kom, om nie weg te dwaal van die wesenlike nie.

Dit is anders as werkbegeleiding. Werkbegeleiding is die vraag na die funksionering van die pastor. Dit kan ontstaan uit 'n onbehae oor die eie funksionering, of 'n behoefte om beter te funksioneer. Werkbegeleiding kan lei tot geestelike begeleiding (Van Dam 2003:115).

Geestelike begeleiding was deur die eeue 'n belangrike taak van die pastor gewees (Van der Meulen 2004:97). Wat in die twintigste eeu uitmekaar beweeg het, was eers baie naby aan mekaar en het selfs in mekaar opgegaan. Dus is geestelike begeleiding se wortels baie ouer as begeleiding s'n. Dit is die met raad en daad bystaan van iemand op sy geestelike reis (Van der Meulen 2004:98). Die spore daarvan kan in die ou kerk teruggevind word. Pastorale begeleiding is 'n breër begrip en geestelike begeleiding die verbesondering daarvan.

Vir die doeleindes van die pastorale versorging van pastors is beide vorms van begeleiding belangrik.

Die raakpunte tussen pastoraat en begeleiding is talryk. Begeleiding is een van die grondfunksies van die pastorale handeling (Van der Meulen 2004:83; Heitink 1977:284; Hiltner 1958:69). Dit is egter Van Dam (2003:190 e.v.) wat die verhouding tussen pastoraat en geestelike begeleiding uitgewerk het. Die verhouding tussen die twee kan op die volgende maniere uitgedruk word.

- Geestelike begeleiding as alternatief vir pastorale sorg.
- Geestelike begeleiding as 'n variant van pastorale sorg.
- Geestelike begeleiding as kritiek op pastorale sorg.
- Geestelike begeleiding as 'n dimensie van pastorale sorg.

Die moontlikhede van 'n variant en dimensie van pastorale sorg blyk die beste te wees om die verhouding tussen pastoraat en begeleiding te beskryf.

Die raakpunte tussen pastoraat en geestelike begeleiding is:

- In beide gevalle gaan dit om 'n gesprek in die konteks van die gemeente van Christus.
- Beide word gedra deur gebed.
- In beide gevalle is die gesprek die liefdevolle ruimte waarbinne die verhaal van die begeleide/pastorant vertel en gehoor word.
- Beide is onmoontlik sonder empatiese luister.
- Beide vorme van gesprek slaag as die begeleide/pastorant dit ervaar as omgee van God se kant af.
- Beide vind plaas in die kragveld van die Woord van God.
- In beide kan enige aspek van die lewe aan die orde kom.
- By beide is Jesus die model. Hy is die Goeie Herder en die Leidsman.

Verskille tussen pastoraat en geestelike begeleiding.

- Geestelike begeleiding het 'n oermodel: die woestymonnik. Pastoraat se verlede is meer verspreid en uiteenlopend.
- Die vraag in geestelike begeleiding is: Gee my 'n woord. In pastoraat is die vraag: Luister na my.
- Die kernkompetensie van die begeleier is onderskeiding en in die geval van die pastor is dit paraklese. Dit moet in sy wydste sin verstaan word.
- Pastoraat veronderstel 'n gemeente. In geestelike begeleiding is die gemeente eerder latent teenwoordig.
- Geestelike begeleiding vra om 'n kontrak. Die persoon wat begelei word, gee aan die begeleier tydelik gesag in sy lewe. Die inisiatief lê by die begeleide. In pastoraat kan en moet inisiatief ook van die pastor uitgaan.

Daar is geweldig potensiaal in beide begeleiding en geestelike begeleiding, wat tans ook in die kerk ondersoek en benut word. Dit is egter van belang vir hierdie studie om by die breër begrip van pastoraat stil te staan. Die studie handel oor pastors en hulle versorging en die term pastoraat sluit dan aan by die kommunikasie van die evangelie en amptelike dimensie van die pastor se werk. Begeleiding en geestelike begeleiding vorm egter 'n belangrike deel, nie net van die pastor se werk nie, maar ook van sy eie versorging.

4.3.1.8 “... om die pastor van die groot ontferming van God te verseker (Rom 12:1, 2 Kor 4:1) ...”

Dit is opmerklik dat Paulus in die teksverwysings belangrike argumente baseer op die groot ontferming van God en in 2 Kor 4:1 selfs die feit dat Hy in die bediening staan daaraan toeskryf. In die pastorale versorging van pastors moet die versekering van hierdie ontferming die pastor help om die uitkomst van hierdie omskrywing te help bevorder. Die boodskap wat die pastorale versorging aan pastors moet oordra, is deur Jentsch (1982:318-329) verwoord:

Aan 'n onseker pastor – Die Vader gee ag.

Aan 'n slim pastor – Jesus gee nie op nie (na aanleiding van Jesus se optrede teenoor Petrus en Thomas na sy opstanding).

Aan 'n oorvraagde pastor – Die Heilige Gees gee volmag.


4.3.1.9 “... om met nuwe selfvertroue (identiteitsekerheid), gesag (ampsekerheid) en kompetensie (beroepsekerheid) sy roeping uit te leef”

Hiermee word die beoogde uitkomst van die pastorale versorging van die pastor gegee.

4.4 Die rol van die verskillende kerkvergaderings in die pastorale versorging van pastors.


Na aanleiding van die driehoek wat gebruik is by die beskrywing van die identiteit van die pastor, word daar nou gekyk na die verantwoordelikheid van elke deel van die kerk in die pastorale versorging van die pastor.

Die pastorale versorging van die pastor kan skematies soos volg uitgedruk word. Dieselfde skema as in hoofstuk 2 word gebruik met die verskillende vergaderings van die kerk as konsentriese sirkels wat van groot na klein al nader aan die pastor kom en hom as 't ware toevou in die liefde van die Heer.



4.4.1 Sinode .

In hoofstuk 3 is beredeneer dat die kerkverband 'n verantwoordelikheid het om na die pastor om te sien. Die redenasie word nie hier herhaal nie, maar daar sal nou inhoud aan die argument gegee word.



Uit die model moet die sinode fokus op die bevoegdheid (amp) en bekwaamheid (beroep) van die pastor. In hierdie verband is dit nodig dat die kerkverband sal insien en besluit dat die sinode die professionele werkgewer van die pastor is. Die Schreudersaak het die weg hiervoor gebaan toe die hof die kerkverband opdrag gegee het om aan hom werk te verskaf en nie aan die kerkraad nie. Die sinode moet ruimte skep vir die pastor om sy werk op professionele wyse te doen en toesien dat die pastor 'n professionele opleiding kry. Dit is as uitkoms van die studie belangrik dat daar 'n beroepsraad vir die pastor in die lewe groep sal word, soortgelyk aan die mediese raad en prokureursorde. Hierdie liggaam moet ook die tug van predikante hanteer en optree as 'n appélliggaam.

Die taak van die sinode is om visie en beleid daar te stel vir pastorale versorging van die pastor. Dit is op een lyn met die taak van sinodes in die gereformeerde tradisie, maar dit moet met 'n meer pastorale inhoud gevul word. Die pleit van hierdie studie is vir 'n sterk gesentraliseerde bestuur van die korps van pastors met duidelike visioenêre leiding en beleid. Weereens word die keuse nie gemaak vir 'n óf...óf-benadering nie, maar vir 'n én...én-benadering. Met 'n duidelike visie en beleid is dit moontlik om ook op grondvlak (ring en gemeente) genoegsaam ruimte te laat vir toepassing volgens die eise van plaaslike omstandighede. Die ideaal is dat die visie en beleid so duidelik moet wees en gekommunikeer moet word dat besluitnemingsbevoegdheid op die laagste vlak moontlik moet kan plaasvind. Wat bepleit word is ook nie 'n skeiding sodat beleid op sinodale vlak slegs uitgewerk en op plaaslike vlak uitgevoer word nie. Visie en beleid moet op sinodale vlak in gesonde dialoog met alle betrokke rolspelers uitgewerk word, maar die verantwoordelikheid moet op sinodale vlak lê. Die sinodes van die kerk sal in die proses sistemies moet begin dink.



In "*Pastoral Identity*" (1977:5) word verantwoordelikheid vir "*nurture and development*" aan die sinode toegeken. Die dokument stel dit dat die pad na pastorale identiteit misterieus is. Dit is 'n stelling wat onderskryf word en reeds aangeraak is toe gewys is op die feit dat daar geen algemene roepingservaring is nie (sien 2.4.2.1) en ook toe gewys is op die mistagogiese kompetensie wat veral nodig is in geestelike begeleiding (sien 2.4.5). Gelukkig is die komponente, wat die pastorale identiteit voed, tot die kerk se beskikking en dit is dan "*nurture and development*". Die begrippe word vervolgens in Afrikaans weergegee en kortliks bespreek om daarmee die sinodale verantwoordelikheid in die pastorale versorging van die pastor weer te gee.

i) Nurture/Voeding.

Die sinode is verantwoordelik om te sorg dat die predikant gevoed word met voedsel in die vorm van lewenslange leer en geestelike voedsel in die vorm van geestelike begeleiding en empatiese luister. Dit hoort tot die verantwoordelikheid van die sinode om pastorale leiers daar te stel om die pastor te help om te kan fokus op dit wat werklik saak maak in eerste en nuwe gemeentes. Hierdie voeding moet van studentedae af gegee word, sodat pastors van hulle studentedae af daaraan gewoond moet raak dat die kerkverband betrokke gaan wees by hulle bediening. Dit is vir baie pastors wat daaraan gewoond is om alleen en ongekontroleerd te werk, 'n moeilike gedagte dat die kerk "inmeng" in sy bediening. Die doel van pastoraat aan pastors is egter nie inmenging of kontrole nie. Die ondervinding is, en Weeber (2006:20) het dit ook so bevind, dat wanneer 'n pastor blootgestel was aan die pastor *pastorum* bediening, dit positief beleef is.

Die sinode kan pastoraal baie verrig deur 'n passingsbeleid daar te stel wat kan verhoed dat veral jong pastors in gemeentes beland waar wantroue in die amp oorkom moet word. So 'n beleid hoef nie die selfstandigheid van die kerkraad aan bande te lê nie, maar kan aanvullend daartoe wees.

Een van die grootste take van die sinode is om die kontinuïteit met die geloofstradisie, maar ook die geloofsverhaal van die pastor se eie omgewing, te vestig en te bewaar. Dit sal die pastor help om die konteks van sy bediening beter te verstaan en hierdie verstaan alleen sal al klaar 'n groot vermindering in stres teweeg bring by die pastor.

Die pastor se eie geestelike groei is seer sekerlik sy eie verantwoordelikheid, maar soos aangetoon in die gedeelte oor spiritualiteit, is dit ook 'n interrelasionele saak. Die sinode kan hiertoe bydra deur gemeentes attent te maak op die belang van die pastor se eie geestelike lewe.

ii) In staat stel

In die Suid-Afrika, waar 'n pastor tans werk, is een van die trefwoorde om baie sake mee te beskryf, *bemagtiging*. Bemagtig beteken ook om iets jou eie te maak. Alhoewel die sinode op die *beroep* en *amp* in die pastoraat aan pastors fokus, is een van die uitkomstes dat hulle hulle identiteit hul eie sal maak. Volgens Heitink

(2002:204) is professionalisering van die beroep 'n medisyne met newe-effekte. Identiteitsaanvaarding is in hierdie geval ook 'n newe-effek, maar een wat met vreugde aanvaar word, tot groter selfvertroue sal lei en daarom ook tot groter kompetensie en vreugde waarmee pastors hulle roeping kan uitleef.

iii) Versorg

Om iemand te versorg is om daardie persoon van die nodige te voorsien. In die lig van die definiëring van pastorale sorg aan die pastor as die totale kompleks van handeling van die hele kerk, is dit die mening dat die sinodes van die kerk hierin die voorbeeld moet stel en aan diegene wat gekeur is en toegelaat is tot die bediening, moet voorsien wat nodig is om vreugdevolle geroepenes te wees. 'n Ander woord wat in dieselfde asem as versorg genoem word is *instandhouding*. Die pastor kan vergelyk word met 'n nuwe voertuig wat met 'n waarborg en onderhoudsplan uitkom. In die vergelyking is die kerkverband dan die vervaardiger of handelaar wat moet instaan vir die terme van die waarborg en onderhoud. Oor die pastor se eie verantwoordelikheid word onder *selfsorg* gehandel.


iv) Koester

Vertroetel, goed versorg soos in: Die moeder koester haar kindjie aan haar bors (1 Tess 2:7 OAV). Hierdie uitdrukking druk die beste uit wat mens sal wil sien die kerk met haar pastors doen: om hulle teen die bors van hulle geestelike moeder lewendig te hou. Dit is so 'n belangrike taak dat die sinodes hierin die leiding sal moet neem en die voorbeeld sal moet stel aan ander kerkvergaderings.

v) Ontwikkeling

Onder dié term word verstaan: *om in groei toe te neem*. Daar word aangetoon dat die kerk in die kerkorde nie voorsiening maak vir loopbaanontwikkeling van pastors nie (sien 6.2.3); alhoewel, sinodebesluite begin daarvoor handel. In billikheid moet die proses kans gegun word om te ontwikkel. Daar moet egter kennis geneem word van Swart(2001:95) (sien 1.3) se bevinding oor die oorsake van uitbranding onder predikante waarin loopbaanverwante oorsake en mobiliteit 'n groot rol speel. Dit is nie 'n onveranderlike saak wat as gegewe aanvaar moet word nie, maar moet aandag geniet. Loopbaanontwikkeling, saam met keuring en passing, kan 'n groot pastorale taak van die kerkverband wees.

4.4.2 Ring.



Wanneer na die ring se verantwoordelikheid in die pastorale versorging van die pastor gekyk word, word na die volgende sirkel in die model beweeg. As die definisie se formulering van die totale kerk in ag geneem word, dan is dit vanselfsprekend dat ringe se plek in die pastorale versorging van die pastors duidelik in die Kerkorde uitgespel word. Saamgevat kan gesê word dat die ring die funksie van visitasie (NGKerk 2004a:artikel 31) het asook opsig oor die gemeente en tug oor die ampsdraers. Selfs in die jongste omskrywings van die Kerkorde word die ring steeds geteken as 'n soort van waghond. Dit verklaar die negatiewe belewenis wat pastors van die vergadering het. Tans is dit een van die uitdagings van die kerk om aan die ring weer 'n plek te gee. Dit sal egter nie 'n herstel van die oorspronklike funksies kan wees nie, maar 'n nuut gedefinieerde funksie.

Dit kan begin deur 'n herformulering van artikel 3.1 Dit kan soos volg lui:

Tot die werksaamhede van die ring behoort:

- 31.1 die behartiging van die gemeenskaplike roeping en gesamentlike werksaamhede van die gemeentes binne die ring soos telkens deur die ring bepaal;
- 31.2 advies en hulp aan kerkrade om toe te sien dat kerkrade en gemeentes hulle roeping nakom;
- 31.3 die opsig (episkope) oor die gemeentes,
- 31.4 die stigting van nuwe gemeentes of ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade en die reëling van gemeentelike grense;
- 31.5 die behandeling van sake wat óf in eerste instansie óf in beroep voor die ringsvergadering gebring word;

Hierdie formulering plaas eerstens die roeping van die kerk op die voorgrond, nie die waghondrol van die ring nie. Dit laat ook meer reg geskied aan die dienskneggestalte wat 'n kerkvergadering behoort in te neem. Die opsig en tug oor ampsdraers word verplaas na die beroepsraad vir predikante soos wat bepleit word.


Die nuwe funksie van die ring in die pastorale versorging van pastors, is die *onderlinge sorg* van pastors. Die ring is die mees geskikte van al die kerkvergaderings om onderlinge sorg tot sy reg te laat kom en wel om die volgende redes:

- Gemeentes wat geografies naby mekaar is, is saam gegroep. Selfs in die meer afgeleë gebiede van die kerk is ringe tog die naaste kontakpunt met die kerkverband waar die pastor iemand kan kry wat op sy golflengte dink en werk. Die getuienis van pastors uit Namibië en ander plattelandse gebiede is dat pastors uit daardie gebiede baie meer moeite doen om pastorkringe by te woon as kollegas in die stedelike gebiede wat dikwels net 'n paar blokke van mekaar af woon. Dit bevestig die gedagte dat 'n pastor wat alleen is, is 'n eensame pastor en dat pastors meer moeite doen om kontak met mense buite die gemeente te hê.
- In die ring kan ook uiting gegee word aan wat verskeie skrywers "*peer support groups*" noem (Oswald, Lutherse Kerk in die VSA). Oswald (1998:137) bepleit groepe met eksterne fasiliteerders. Volgens hom vorder groepe eenvoudig beter as die wat uit hulleself leiers wil kies. In "*Leadership Support Department*" (14) word pastors heeltemal tereg daarop gewys dat die pastor nie die kerk konstitueer nie en dat pastors wat hulle roeping wil uitleef na ander pastors toe gaan wat verbind is om pastors te begelei en te ondersteun. Binne die konteks van die ring kan die informele kontak met medepastors die pastor se identiteit bevestig wanneer die pastor, veral jongeres, as gelykes deur die ander behandel word. Die waarde van meer ervare en ouer pastors wat hulle ervaring en wysheid, maar ook hulle mislukkings, met die ander deel, kan ook nie onderskat word nie. Pastors deel 'n unieke roeping wat nêrens anders gevind kan word nie. Binne ringsverband kan die pastor begrip en insig kry wat nêrens anders te vinde is nie.

'n Enkele woord oor die fasiliteerder. Die fasiliteerder moet oor die nodige kompetensies beskik in die bestuur van groepe en hulle ontwikkeling. Die persoon moet betroubaar wees, sodat die groepslede teenoor die persoon kan uitpraat. Oswald (1998:139) meld dat persone uit die kerklike hiërargie dikwels nie geskik is vir hierdie rol nie, aangesien die persone moontlik in die toekoms 'n rol in die pastor se loopbaan kan speel. Dit versterk weereens die pleidooi vir 'n beroepsraad vir predikante.

- In dié verband moet deeglik rekening gehou word met die duidelik uiteenlopende karakter van gemeentes binne 'n ring. Desnieteenstaande is die kans eenvoudig sóveel beter dat die pastor onder die kollegas in die ring 'n begrypende en luisterende reisgenoot sal vind.
- Die ring bied aan die pastor die geleentheid om in 'n kleingroep geestelike waardes te kan deel met mense wat nie noodwendig sy geestelike verantwoordelikheid is nie.
- In die ring kan pastors ook die groot behoefte wat onder pastors bestaan om net saam te kuier, sonder om te werk, bevredig word.

4.4.3 Die kerkraad.



Met die kerkraad bereik die studie die binneste sirkel van die konsentriese sirkels waarbinne die pastor pastoraal versorg behoort te word. Artikel dertien van die Kerkorde bepaal: Die gemeente, kerkverband of instansie in wie se diens 'n bedienaar van die Woord staan, moet omsien na sy geestelike, emosionele en fisiese behoeftes en beroepsontwikkeling en is verantwoordelik vir sy lewensonderhoud of, in geval van deelydse bediening, vir die kontraktuele deel van die lewensonderhoud en toelaes.

Hierdie artikel bepaal dat die pastor in diens van die gemeente staan, tensy anders vermeld. Na aanleiding van hierdie artikel word die volgende vrae gestel:


- In hoeveel gemeentes is daar werklik geskikte mense wat na die pastor en sy gesin se emosionele behoeftes kan omsien?
- In hoeveel gemeentes buite die stedelike gebiede is daar lidmate wat in hulle daaglikse lewe hoegenaamd met loopbaanontwikkeling te doen het?
- Is dit nie so dat die meeste kerkrade net die pos gevul wil hê en hoegenaamd nie in loopbaanontwikkeling belangstel nie?
- Het die kerk nie, deur die kerkraad die werkgewer te maak en deur die opstel van dienskontrakte, die amp van pastor en die verhouding pastor/gemeente gereduseer tot 'n blote funksionele verhouding nie?
- Is pastoraat moontlik in so 'n funksionele situasie?

Die gevolgtrekking van die studie is dat die kerkraad inderdaad die funksionele werkgewer van die pastor is, maar dat hierdie funksionaliteit aangevul moet word deur weg te beweeg van die kontraktuele na die algemene priesterskap van die gelowiges. Dit is uitgewys dat verskeie skrywers oor die pastoraat uitgaan van die algemene priesterskap van die gelowiges en nie die amp nie. Alhoewel dit ook leemtes het, kan dit goed op gemeentelike vlak funksioneer, veral as dit aangevul word deur 'n amptelike bediening op die vlak van die kerkverband.

Artikel 55.2 maak voorsiening dat die algemene dienswerk spontaan of op georganiseerde vlak kan plaasvind, maar altyd met verantwoordings aan die betrokke kerkvergadering, in dié geval, die kerkraad. Hierdeur word myns insiens genoeg ruimte geskep vir die diversifikasie van die behoeftes op plaaslike vlak. Solank die nodige verantwoordings plaasvind, sou dit goed op die wyse kan funksioneer. Dit sou deel van die funksionering van die pastor pastorum kon wees om die plaaslike versorging van die pastor te monitor of adviserend op tree.

Die kerkraad se pastorale verantwoordelikheid is dus om op wye vlak as die kontraktuele verhouding, op die vlak van die algemene priesterskap van die gelowiges en op georganiseerde of spontane wyse die pastor pastoraal te versorg.

Die opmerking is hierbo gemaak dat in die pastorale versorging van pastors die pastor self die belangrikste rol te speel het. Om dit te verduidelik word die volgende diagram gegee.



Ter verduideliking

Die diagram moet saam met die driehoek van persoon, beroep en amp gelees word en is 'n nader omskrywing daarvan. Dit sal beter deur die leser verstaan word as die beeld van 'n stapel domino's wat in 'n patroonkring gepak is in gedagte gehou word. As die eerste een omgestamp word, sit dit 'n kettingreaksie aan die gang wat veroorsaak dat almal omgestamp word. In hierdie geval stel die sinodale aksies wat bepleit word, die domino's voor. Wanneer die blokkie van selfsorg omgestamp word, stamp dit die blokkie van onderlinge sorg om en so ontstaan 'n kringloop van sinodale inisiatiewe, ensovoorts. Die onderste *blokkie* wil aandui dat hierdie nie stappe in 'n proses is wat kronologiese op mekaar volg nie, maar dat daar gelyktydig aan elke aspek gewerk moet word. Die rede daarvoor is dat 'n nuwe geslag pastors voortdurend die bediening betree wat die ou probleme gaan ervaar en hulp nodig gaan hê.


Nog 'n wyse waarop die diagram verstaan kan word is die van 'n trein of bus wat op 'n bepaalde roete loop en by bepaalde stasies stop waar mense op of af kan klim, of dan, waar pastors van die bepaalde dienste wat die kerk lewer kan gebruik.

Wanneer die visie en die pastorale inisiatief van die sinode uitgaan, is dit wenslik dat pastors hulle self sal versorg. Daarom 'n paar gedagtes oor selfsorg.

4.4.4 Selfsorg.

Die konsep van selfsorg is nie baie oud nie. Oswald het 'n boek geskryf met die titel "*Clergy self-care, finding a balance for effective ministry*". Die boek het vyf basiese uitgangspunte (Oswald, 1998:x).

1. Pastors is in die gesondheid en "wholeness" bedryf. Heelwees beteken nie om perfek te wees nie, maar om ook die eie tekortkominge te aanvaar. Dit is reeds aangetoon dat dit een van die belangrike komponente van die identiteit van die pastor is. Die visie van die pastoraat aan pastors is nie om hulle *wel* te kry nie, maar *heel*. Dit wil nie siek pastors net gesond maak nie, maar *heel*.



Vir Oswald kom heelwees, gelyktydig op vier vlakke tot stand: Fisies, emosioneel, geestelik en intellektueel. Enige iets wat die pastor op een van die vlakke doen, verbeter ook sy heelheid op die ander vlakke. Wat ook van belang is, is Oswald (1998:205) se definisie van gesondheid en siekte.

1. Gesondheid is nie die teenoorgestelde van siekte nie, dit is die vermoë om kreatief met die probleme van die lewe om te gaan. Dus is gesondheid eerder 'n positiewe krag as die afwesigheid van siekte.
2. Wie en wat die pastor as persoon is, is sy effektiwste instrument in die bediening. Dit stem ooreen met die studie se bevinding dat die identiteit en kompetensies van die pastor ten nouste saamloop. Wie die pastor **is** praat harder as sy woorde (Oswald, 1998:x).
3. Optimum gesondheid verskil van individu tot individu. Dit beteken die beste wat elke mens kan wees met in ag neming van ouderdom, genetika, laste, gestremdheid en ondervinding.
4. Die werk van die pastor moet sistemies en holisties wees. Dit is ook in aansluiting met die pleit van die studie.

5. Pastors moet hulle plek in die *heelwees*bedryf weer opneem.

Daar kan nie hier op al die aspekte van selfsorg ingegaan word nie, maar die beoogde uitkomst van selfsorg word wel aangedui.

In die eerste plek gaan dit om 'n bemagtiging van die pastor om homself te leer groei. Mens moet verantwoordelikheid vir die eie lewe aanvaar. Wat met 'n pastor gebeur, is nie altyd sy eie skuld nie, maar hy is beslis verantwoordelik vir die reaksie daarop. Oswald, soos Heitink, werk met bipolariteit en hoe om in die spanning tussen dié twee pole balans te vind. Een van die balanse wat die pastor moet vind, is dié tussen selfsorg en narsisme: 'n sieklike selfliefde. Oswald (1998:5) wys daarop dat as mense van kleins af geleer word om hard te werk in die huis, gekombineer met die boodskap van die kerk van toewyding en selfopoffering ter wille van die evangelie, dan skuif selfsorg laag af op die lys van prioriteite. Die boodskap wat die kerk aan pastors moet oordra, is dat die pastor nie net na homself omsien ter wille van die self nie, of selfs uit dankbaarheid vir die ontvangde lewe nie, maar dat wanneer pastors nie na hulleself omsien nie, hulle ander mense ook in die steek sal laat.

4.5 Die pastor pastorum.

Dit bring die diskussie by die kernsaak van die studie: die aanstel van 'n pastor pastorum. Die moontlikheid van so 'n figuur in die kerk is reeds in hoofstuk 3 bespreek en daar is bevind dat dit inderdaad moontlik is. Hier moet daar nou gekyk word na die profiel van die pastor pastorum. Alhoewel die pastor pastorum organisatories onder die sinodale verantwoordelikhede behoort te val, is die verantwoordelikhede van die vergaderings van die kerk eers vasgestel voordat die nuwe, die pastor pastorum, bygevoeg word.

Net eers 'n kort woord oor die geskiedenis van die pastor pastorum. In kerke uit die episkopale tradisie is die pastorale versorging van pastors van vroeg af bekend as 'n funksie van die biskop. In gereformeerde kerke lê die saak anders. In die Hervormde en Gereformeerde Kerke in Nederland het daar in die sestigerjare van die vorige eeu bespreking rondom die pastor pastorum ontstaan. In die Hervormde Kerk is die diskussie gevoer rondom die mutasievraagstuk en in die Gereformeerde Kerk na aanleiding van die vraag na die versorging van die bedienaars van die Woord. In die Hervormde Kerk het dit uitgeloop op die sogenaamde rapport-Berkhof (Berkhof 1972:150-160) wat in 1968 gereed was, waarin onder andere ruimte geskep is vir boplaaslike ampsdraers. Die term pastor pastorum word in die verslag gebruik. Die verslag het hewige bespreking en kritiek uitgelok en is op drie sinodes bespreek totdat dit in die woorde van Kronenburg (2003: 149) in 1972 die weg van "alle sinodale vlees gegaan het" en in die argief verdwyn het.

Kaptein (1966: 122) het aangetoon dat, toe die Hervormde Kerk in Nederland ondersoek gedoen het na die pastorale versorging van pastors, dit geblyk het dat daar 'n groot behoefte aan is, maar as die kerk probeer vorm gee het aan daardie

sorg, op bykans onoorkomelike probleme gestuit het. Hy gee die volgende redes daarvoor aan:

- Die pastoraat aan pastors word bedryf vanuit dieselfde gebrekkige strukture waarbinne die pastor worstel. Dit bring die aktualiteit van die gebrekkige manier waarop die kerk die pastorskorp bestuur na vore asook die geldigheid van Klink (1970: 1) se definisie van pastoraat as die hele kompleks van aktiwiteite wat uitgevoer word deur 'n persoon of persone, in hulle funksie as leier van 'n godsdienstige gemeenskap, dus amptelik.
- Die religieuse rede. Binne 'n bepaalde wêreldbeeld is die pastor 'n gewyde persoon met 'n sekere onaantasbaarheid en onfeilbaarheid. Die pastor kan homself net handhaaf as daardie onfeilbaarheid bly bestaan. Om dit te kan doen moet die pastor hom verset teen die stelling dat hy pastorale versorging nodig het.
- Die psigologiese rede. Die pastor voel bedreig en onseker. Diep binnekant voel hy dat die werk nie goed genoeg gedoen word nie. Die pastor durf dit nie beken nie, en dan soek hy, sy krag in onaantasbaarheid en onfeilbaarheid (Kaptein 1966:123).

In die praktyk is beide redes baie naby aan mekaar. Die ontstellende is dat, in die geval van die pastor, juis dit wat die pastor om hulp laat roep, vir hom onmoontlik maak om hulp te aanvaar.

In die Gereformeerde Kerk is daar in 1962 die behoefte aan 'n pastor pastorum uitgespreek. Die kerk het gepoog om argumente te weeg en nie net die aantal argumente, vir of teen, te tel nie. Die kommissie het wel die belangrike onderskeid getref tussen visitasie en die pastor pastorum en bevind dat eersgenoemde meer inspekterend van aard is en laasgenoemde meer pastoraal. Hulle aanbeveling was dat die werk op vrywillige basis onderneem sou word. Die voorstel het nie die sinode gehaal nie en die sinode het besluit dat die ouderling pastorale aandag aan die pastor moes gee en dat aan die pastor die vryheid gelaat moet word om self 'n helper te kies. Daar is reeds in hoofstuk 3 saam met Plomp gekonkludeer dat hierdie oplossing nie aanvaarbaar is nie.

4.5.1 Eienskappe van die pastor pastorum.

In gereformeerde kringe is daar heelwat geskryf oor die eienskappe van die pastor pastorum.

In die eerste plek moet dit 'n boplaaslike figuur wees. Dit kan nie maar net die pastor loci wees met ekstra verpligtinge nie. Die persoon moet vrygestel wees van alle werk wat bo die van basispastor uitgaan (Van Dam 2003:194).

Dit moet 'n persoon wees beklee met egte kerklike gesag (Heitink 2002:288; Kronenburg, 2003:21). Dit is aangetoon dat daar ruimte is vir uitbreiding van die aantal ampte. Daarom sal hierdie persoon, benewens die geskiktheid en bekwaamheid, die bevoegdheid moet hê om na ander pastors te gaan. Vir die

inkleding van hierdie amp sal pastorale inisiatief van die grootste belang wees.

Daar is konsensus onder skrywers dat dit 'n senior pastor is wat in die pos aangestel moet word. Dit beteken senior in ervaring en nie noodwendig in kwalifikasie nie, maar tog begenadig met die ware biskoplike gees (Kronenburg 2003:21). Die siening omtrent die biskop uit hoofstuk drie moet hier in ag geneem word. Mens sou uit die aard van die saak hier nie na 'n proponent of baie jong pastor wil kyk nie, maar ook nie die gewilde gebruik van die kerk wil volg om 'n emeritus te gebruik wat nog wil werk nie.

Die pastor *pastorum* sal 'n persoon moet wees, wat werklik as 'n vertroueling beskou kan word, maar moet ook in die beste sin van die woord 'n pastorale leier wees; in Heitink se woorde: 'n "*teamleider*" (Heitink 2002:288).

Die persoon wat aangewys word as pastor *pastorum* sal ook spesifieke opleiding daarvoor moet ontvang. Skoling in geestelike begeleiding en die tegniek van narratiewe pastoraat sal hieronder val.

Alhoewel dit bepleit word dat die pastor *pastorum* nie 'n bestuurspos moet word nie, is dit 'n leierspos wat tog sekere bestuursaspekte sal meebring. Hier word veral gedink aan 'n diens aan gemeentes wat vakant is om te help met die profilering van die vakante pos en die vul daarvan. Groot sorg in die daarstel van die pos en die omskrywing daarvan moet waak teen die skep van net nog 'n burokratiese struktuur in die kerk.

Kronenburg (2003:469) wil in sy studie duidelik meer bereik as 'n pastor *pastorum*; tog is sy profielbeskrywing nuttig. Die term biskop word vervang deur pastor *pastorum* en net die kenmerke van toepassing op die pastor *pastorum* word uitgelig.

Hy word gekies (beroep) deur die verteenwoordigers van die gemeentes. Dus op rings-, streeks- of sinodalevlak.

Hy werk nie sonder die ander ampte nie.

Is onderworpe aan die gesag van die sinode.

Hy is in woord en daad aanspreeklik vir sy integriteit, spiritualiteit en diensbaarheid.

Die pastor *pastorum* moet die werk ten minste vir vyf jaar doen. Dit is in ooreenstemming met Van Dam (2003:195) se voorstel.

Die pastor *pastorum* moet 'n persoon wees wat 'n pastor in die wyer sin van die woord is, soos in hoofstuk 2 beskryf, maar veral in enger sin soos in hierdie hoofstuk beskryf. Dit moet 'n gelegitimeerde van die NG Kerk wees, dus 'n predikant, maar dan een wat veral 'n pastor is. Iemand kan nie in die pos geplaas word wat allereers 'n prediker is nie, want hy sal baie goed moet kan luister. Dit kan ook nie 'n pastor wees wie se gawes veral op die terreine van die evangelisasie, gemeentebou of jeug lê nie. Dit sal 'n persoon moet wees wat ingegrawe is op die vakgebied van die pastoraat met sy talle vertakkinge.

4.5.2 Die funksionering van die pastor *pastorum*.

4.5.2.1 Die pastor *pastorum* as herder.

Dit is nodig dat die inkleding van die profiel van die pastor *pastorum* nou gedoen word. In pas met die tyd word 'n metafoer gebruik om dit mee te doen. Dit word gedoen met die wete dat die metafoer van die herder nie meer baie gewild in die kerk is nie. Skrywers soos Van der Meulen (2004:202) is besonder krities daarop. Hy is van mening dat die pastorant meer objek as subjek is. Die gesagdraende en wetende herder kom besoek die gehoorsame of ongehoorsame skaap.

Die keuse van hierdie metafoer is in ooreenstemming met keuses wat reeds in hierdie studie gemaak is, soos *pastoraat* in plaas van sielsorg en pastor in plaas van dominee, asook die keuse van 'n omvattende benadering tot *pastoraat*. Daar moet daarop gelet word dat dit 'n metafoer is wat gebruik word en nie 'n model wat later ook 'n stuk teologie word nie.

Die metafoer is een van die metafore wat die meeste gebruik word in die Woord, juis omdat dit so bekend was vir die mense van die tyd en veral God se verbondsverhouding met sy volk daardeur uitgedruk word.

'n Verdere rede waarom daar vir die metafoer gekies word is dat die populêre beeld wat van die herder bestaan, naamlik die van die sagte man wat in die groen velde sy skape oppas, ontoereikend en selfs misleidend is. Die korrekte verstaan van die metafoer in sy konteks, ook in die Suid-Afrikaanse omstandighede wat baie ooreenstemming met die oorspronklike Bybelse konteks vertoon, sal verhelderend inwerk op die verstaan van die pastor *pastorum* se werk. Elke metafoer het besondere punte van waarheid en bruikbaarheid, maar is onvoltooid. Die herdermetafoer gee egter 'n beter beeld van die leier as meeste ander metafore (McCormick & Davenport 2003:1).

Iets oor McCormick en Davenport. McCormick is 'n professor by die besigheidsskool van die Baylor Universiteit. Davenport is professor in regte aan die Pepperdine Universiteit. Hulle skryf die boek "*Shepherd Leadership*" na aanleiding van Greenleaf se werk "*Servant Leadership*". Al kom hulle uit 'n ander dissipline, gebruik hulle die bekende herderspsalm, Psalm 23, as uitgangspunt vir hulle werk. Al is dit nie 'n teologiese werk nie, bied dit tog waardevolle insigte veral vir die pastor *pastorum*. Die groot vraag wat die skrywers vra is: Wat sal gebeur as iemand kies om eers 'n dienskneg te wees en dan 'n leier? (McCormick & Davenport 2003:4).

i) Dekonstruksie van die herder metafoer.

Om die metafoer egter te kan aanwend, sal dit eers gedekonstrueer, moet word. Wat is dan fout met die huidige siening van die herder metafoer en wat is die



dekonstruksie daarvan? Onder dekonstruksie word verstaan dat daar 'n hersiening van die metafoor plaasvind, dat dit bevraagteken word en dat daar 'n openheid vir ander moontlikhede sal wees. Onder dekonstruksie word nie verstaan om die metafoor met 'n nuwe waarheid te probeer vervang nie (De Jager 2002:1226). Wat het fout gegaan in die omgang van die kerk met die metafoor? In die eerste plek is die metafoor geromantiseer. Meeste van die voorstellings wat mense oor die herder metafoor maak, is gegrond op Psalm 23. *"This psalm has gained immortality by virtue of the sweet charm of its train of thought and its imagery, and by the intimate character of the religious sentiments expressed therein. It is marked by the tender touch of a serene soul enjoying perfect peace of mind, a peace of mind that flows from an undoubting trust in God."* Weiser (1975:227) en Van Uchelen (1971:159) meen dat die beeldspraak nie as ornament van die psalm gelees moet word nie, maar dat die psalm betekenis kry deur die beeldspraak. Daarom moet die leser nie in die beeldspraak soek na wat die digter kon beleef het nie, maar wat die psalm in die vorm wil leer. Dit is juis die miskyk van die bedoeling van die psalm en die soek na betekenis buite die beelde om wat volgens die skrywer gelei het tot die oorlading van die metafoor en uiteindelijke teologisering daarvan. In die dekonstruksie van die metafoor moet dan juis op die onakkuraatheid daarvan gewys word.

Vermoedelik is die meeste voorstellings van die herder en sy skape gegrond op 'n Engelse of Europese voorstelling van die landskap en omstandighede. Groen weivelde is in Palestina 'n raar verskynsel. In Suid-Afrika en Namibië is die dorre Karoo en die Vrystaatse vlaktes as skaapwêreld nader aan die Bybelse omstandighede en die mense wat met skape boer is taai. Ridderbos (1955:203) wys daarop hoe die son in Palestina kan brand. Die geliefde uitdrukking uit Psalm 23 oor die waters waar rus is, wys op iets wat nie volop in Palestina was nie. Ridderbos (1955:203) skryf dat die water dikwels ver van die weiding af was. Daarby is skape met hulle wol nie juis bestand teen lopende strome water nie.

Wanneer die psalm uit die oogpunt van die skape beskou word, het die gebruik van die metafoor gelei tot die beeld van ideale skape waarmee daar niks verkeerd kon gaan nie. In werklikheid kan daar baie dinge met skape verkeerd gaan. Een van die skaap se grootste vyande is die kudde-instink. Dit maak die herder se werk in vele opsigte makliker, maar maak skape ook baie kwesbaar vir die verspreiding van siektes. Hulle word aangeval deur parasiete, luise, jeuksiekte, wurms en vele ander. Skape in 'n trop is ook nie altyd in harmonie met mekaar nie. Daar is 'n hiërargie en stamperigheid onder ramme in die paarseisoen en tydens voertye. Dan is daar ook nog eksterne bedreigings soos roofdiere. In die moderne tyd word skaapboerderye as gevolg van diefstal gestaak. 'n Skaap funksioneer op sy beste as sy behoeftes aandag geniet en in voorsien word.

Wanneer hierdie gegewe oorgedra word op die tema van hierdie studie dan sal die pastors die skape wees. Daar is deurgaans aangetoon dat alles nie pluis is in hierdie

kudde nie. Daarom sal die herder van hierdie kudde nie in ideale omstandighede en met ideale pastors werk nie. Die herder (pastor pastorum) sal 'n bewuste keuse moet maak om 'n diensknegleier te wees ten einde in die behoefte van die kudde te kan voorsien.

Wanneer die metafoor uit die perspektief van die herder beskou word, is daar ook dekonstruksie van nodig. Die voorstellings hierbo gee 'n onnatuurlike, idealistiese en selfs misleidende idee van die werk van die herder. Die herder moes dikwels in die warm somermaande lang afstande met die skape trek op soek na weiding en water. Snags is die skape in 'n oop kraal getel en het die herder voor die opening geslaap en so met risiko van sy eie lewe die skape beskerm (Alexander:1986:93).

Om 'n herder-leier te wees, is dus 'n manier van bestaan. Daarmee word bedoel dat daar met die pastor pastorum meer beoog word as om maar net saam met die ander pastor te wees, of dinge vir ander pastors te doen. Die pastor pastorum moet as herder-leier in staat wees om die lewe te sien vanuit die perspektief van die pastors wat aan sy sorg toevertrou is (McCormick & Davenport 2003:7). Dit moet ook verstaan word dat anders as wat normaalweg verstaan word, die herder-leier se verhouding met volgelinge nie eenrigting verkeer is nie. Dit is een van die hoofredes waarom daar kritiek en selfs wantroue in die metafoor is. Dit skep te veel die gedagte van hiërargie én onmondigheid. Wanneer die herder/skaap verhouding gesien word as een waarin 'n kundige ander onmondige mense lei en vir hulle besluit wat die beste vir hulle sal wees, is die kritiek geregverdig. Wanneer die perspektief egter uit die metafoor gedekonstrueer word, bring dit onmiddellik die moontlikheid na vore dat dit 'n wederkerige verhouding is. Dit is 'n verhouding wat vir beide voordelig is. In die konkrete omstandighede van Psalm 23 geniet die skape 'n langer en gesonder lewe as gevolg van die herder en die herder weer as gevolg van die skape. Toegepas op die kerk en haar pastors beteken dit dat indien daar goeie pastorale versorging op amptelike en persoonlike vlak deur 'n pastor pastorum is, die pastor kan verwag om 'n langer en meer tevrede bediening in die kerk te kan hê en dat die kerk daarby kan baat deur meer gemotiveerde en roepingsbewuste pastors in diens te kan hê.

Wanneer hierdie dekonstruksie plaasvind skep dit die volgende moontlikhede vir die bediening van die pastor pastorum.

ii) Rekonstruksie van die herder metafoor in die konteks van die pastor pastorum.

In die dekonstruksie van die metafoor is gesê dat die metafoor bevraagteken word en na ander moontlikhede gekyk word, maar nie noodwendig 'n nuwe waarheid geskep word nie. Smit (2005:16) skryf oor 'n saak wat hy voorheen met my bespreek het in my hoedanigheid as pastor pastorum. "Die pyn van transformasie het ou kanale geopen waardeur ek oper en eerliker met ander kan praat – moontlik vir die eerste keer in my lewe." Die feit dat Smit die openheid het om ons gesprek ook skriftelik openbaar te maak, bevestig dat, alhoewel die metafoor gedekonstrueer word, dit nie nodig is om daarvan af te sien nie. Muller (2005:20)

voel homself geroepe om sy geloof vraend en soekend te konstrueer en in nuwe taal uitdrukking te gee aan sy geloof. Dit is met hierdie behoefte dat daar gepoog word om die herdermetafoor in die konteks van die pastor te rekonstrueer met die wete dat dit nie onaantasbaar of tydloos is nie. Dit word gedoen met dieselfde vertroue van Smit (2005:16) dat die Een wat die ruspe tot papie kan dekonstrueer, ook die papie tot 'n skoenlapper kan rekonstrueer.

4.5.2.2 Implikasies van die herdermetafoor vir die pastor *pastorum*.

i) Die pastor *pastorum* moet 'n denkende herder/leier wees.

Om 'n herder-leier te wees is om op 'n geïntegreerde wyse leier te wees met kop en hand en hart. Dit is 'n manier van dink en doen (McCormick & Davenport, 2003:5).

Die manier van dink is om vooruit te dink. Skape beskik nie oor daardie kapasiteit nie en baie mense gebruik nie hulle kapasiteit om vooruit te dink nie. Die lewensomstandighede van baie mense dwing hulle om te konsentreer op die dag-tot-dagoorlewing. Dit is iets wat tipies is van mense wat aan stres en uitbranding lei en dit is reeds aangetoon dat pastors dit as 'n groot probleem ervaar. Die pastor *pastorum* kan in hierdie geval die pastor tot groot hulp wees indien hy vir die pastor perspektiewe op die toekoms kan open. Al het Hiltner (1958:69) geskryf dat "*guiding*" in die pastoraat nie alternatiefsoekend is nie, word eerder saamgestem met nuwer skrywers soos Van Dam en Van der Meulen (2004:89) wat in omskrywings van begeleiding die weg hiervoor ooplaai. Trouens, een van die winste van die studie is die ontdekking wat gemaak is dat daar ooreenstemming tussen herder en begeleiding is en dat daar nie altyd tussen alles 'n keuse gemaak moet word nie, maar dat indien die ooreenstemming gevind kan word, daar 'n kragtige nuwe stuk gereedskap in die hande van die pastor geplaas word.

Die dinkfunksie van die pastor *pastorum* moet hom in staat stel om rats van gees te wees (McCormick & Davenport 2003:6). Die pastor *pastorum* moet 'n persoon wees wat kan reflekteer (stadige denkproses), en baie vinnig kan oorskakel na vinnige denke in 'n kwessie van sekondes. Deel van die taak van die pastor *pastorum* is om deur van hierdie denkwyses gebruik te maak, mede pastors te bedien deur hulle voor te berei vir die slegste moontlike opsie, maar ook om 'n positiewe denkraamwerk te skep. Mens sou hierdie twee uiterstes as realisme kon beskryf. Aangesien dit reeds aangetoon is dat mense pastors word met 'n ideale selfbeeld en ideale beelde van die instituut, kan hierdie realisme wat 'n pastor *pastorum* skep, help om stres te verlig en uitbranding te voorkom.

Die dinkaktiwiteit van die pastor *pastorum* sal dikwels alleen gedoen moet word, in teenstelling met die doenaktiwiteit wat saam met ander gedoen word. Dit moet dus 'n persoon wees wat individueel en in spanverband kan optree. Wanneer die pastor *pastorum* op hierdie wyse optree, skep hy soos in Psalm 23 "groen weivelde" en "waters waar rus is". Die pastor *pastorum* kan dus vir pastors 'n situasie van tevredenheid en oorfloed skep, die tipiese situasie waarin groei kan plaasvind. Soos

aangedui, is daar in die kerk nie baie groei geleentheid vir die pastor nie. Die pastor pastorum kan dus help om in 'n kritiese tekort in die kerk te voorsien. Dit kan egter net realiseer indien die pastor pastorum ondersteun word deur 'n benadering deur die kerk wat omvattend en holisties is.

ii) Die bediening van die pastor pastorum is 'n persoonlike bediening.

Seker die belangrikste wat die pastor pastorum as herder-leier na die kerk toe kan bring, is dat dit 'n *high touch*-vorm (McCormick & Davenport 2003:7) van leierskap is. Dit is in teenstelling met die onpersoonlike kommissiestruktuur wat tans, al is dit onder ander name, steeds in die kerk gebruik word. Wat die pastors in die kerk nodig het, is nie nuusbriewe en memorandum nie, maar iemand wat soos 'n herder in die veld kan beweeg en modelleer en begelei. Die vraag wat altyd in die verband gevra word, is oor die bekostigbaarheid van so 'n bediening. Dit bewys ongelukkig hoe sekulêre denke reeds of steeds die kerk se denke oorheers. Want dit maak ekonomies nie sin vir 'n herder om die kudde te los vir een verlore skaap nie. Stander (2005:129) vertel in 'n eietydse weergawe van die Lukas Evangelie van 'n jappie wat elke moontlike stuk tegnologie besit en dan sy elektroniese dagboek verloor. Hy los al die ander tegnologie en soek tot hy dit kry. Dan bel hy met sy tegnologie (selfoon) sy sekretaresse om haar die blye nuus te vertel. Stander voeg daaraan toe dat die jappie blyer was oor die elektroniese dagboek as oor al die ander tegnologie. Dit gee in moderne idioom nie net weer wat die kerk se houding teenoor verlorene moet wees nie, maar ook teenoor haar eie pastors. Weereens beklemtoon dit dat die pastor pastorum 'n *high touch*-bediening moet hê. Die herder waaraan die metafoor ontleen is, het vir elke skaap 'n naam gehad, dikwels gegrond op eienskappe van die skaap (Joh 10:3). Dit is die tipe verhouding wat die pastor pastorum sal moet aangaan met die pastors wat aan hom toevertrou is.

iii) Die pastor pastorum sien sake uit die perspektief van die ander pastor.

Die pastor pastorum moet ook oor die vermoë beskik om vanuit die ander pastor se perspektief te kan dink en sake vanuit daardie perspektief te kan insien. Mens sou dit ook as empatiese luister kon beskryf. Vir die pastor pastorum beteken dit dat hy geleenthede moet skep vir 'n tweede kans. In die bedryfswêreld, soos in die kerk, is die druk op mense van tweërlei aard. Eerstens die druk om nie te misluk nie en tweedens die druk om wel te slaag. Die twee is nie noodwendig dieselfde nie. 'n Atleet wat sy wedloop wen het nie misluk nie, maar dalk ook nie geslaag nie, deur nie 'n rekord te breek nie. McCormick & Davenport (2003:27) gebruik die voorbeeld van Edison wat 1093 patente gepatenteer het, agter elkeen lê talle misluktings. Elke pastor misluk dikwels in sy persoonlike en professionele lewe. Die kerk toon dikwels die meeste onverdraagsaamheid teenoor sy pastors. Dit is nie altyd billik nie. Die pastor pastorum kan daartoe bydra dat dit verander deur te help om vir pastors 'n situasie te skep waarin mislukking nie noodlottig is nie. Die groot vraag wat die pastor pastorum in sy werk namens die kerk kan vra as hy met pastors wat misluk het te doen kry, is: Hoe sal ek wil hê ek begelei moet word as ek misluk?

iv) Die styl van die pastor pastorum is belangrik.



Die styl waarin die pastor pastorum sy werk gaan doen, is ook belangrik. In terme van die metafoor kan dit gekontrasteer word met dié van die moderne beeswagter. Wanneer beeste aangejaag word, word daar gewoonlik geskree, swepe geklap, met kluite gegooi en selfs van elektriese prikkels gebruik gemaak. Alexander (1986:93) wys daarop dat die herder dikwels skape én bokke gehad het. Die bokke is aangedryf en die skape gelei. Die taal wat Psalm 23 en Joh 10 praat, is die taal van skape en nie van bokke of van beeste nie. In plaas van aandrywing, word eerder van bekendheid en intimiteit gebruik gemaak. In plaas van swepe, stemme. Stemme word oor tyd meer effektief want "... *familiarity breeds not contempt but a healthy leader-follower relationship*". (McCormick & Davenport 2003:33.) Toe gehandel is oor die kompetensies van die pastor, is die kommunikatiewe kompetensie genoem. Dit moet ook as 'n kritiese kompetensie van die pastor pastorum aangewys word. Mondelinge en skriftelike kommunikasie word algemeen aanvaar as van die belangrikste bestuurskompetensies. Om dit tot sy reg te laat kom, sal die pastor pastorum homself sigbaar moet maak. McCormick & Davenport (2003:33) gee hier 'n aantal belangrike wenke:

- Maak maandelikse voorleggings aan belangrike persone.
- Kom weg van die kantoor en rekenaar vir beplande en onbeplande besoeke.
- Vir 'n leier om op te daag waar en wanneer hy nie verwag word nie is 'n belangrike instrument vir 'n leier.
- Kom weg van die rekenaar en lewer van die belangrikste boodskappe in persoon af sodat die mense die pastor pastorum kan sien en hoor.

v) Dit is 'n lae tegnologiebediening.

Tesame met die persoonlike bediening van die pastor pastorum wat bo aangedui is, gee McCormick & Davenport (2003:60) nog 'n perspektief op die werk van die herder-leier en dit is dat dit 'n lae tegnologiebediening is. Die bedoeling is nie dat die pastor pastorum geensins van die moderne tegnologie gebruik moet maak nie, intendeel. Daar moet egter kennis geneem word van Moe (1996:64) wat die rekenaar onder die verslawing van die pastor tel. Vir die pastor word die rekenaar die plek waar hy bevele kan uitreik en dit onmiddellik en sonder teenspraak uitgevoer word. Die rekenaar is 'n plek waar moeilike lidmate nie aandag vereis nie. Weereens kan die rekenaar en ander tegnologie, wonderlike hulpmiddels in die hande van die pastor pastorum wees, mits hy bewus is van die gevare daaraan verbonde.

Die herder in die Bybelse metafoor het twee stukke gereedskap tot sy beskikking gehad, sy stok en sy staf (Ps23:4 OAV). Die stok is presies wat die woord sê. Dit is gebruik om die skaap mee te dissipliner, om die skaap te keer om in 'n sekere rigting te beweeg, of in die regte rigting te stuur. Die stok is ook gebruik om die skaap se wol oop te stoot sodat die herder dit kon inspekteer. Die stok is ook gebruik om roofdiere mee af te weer. Die herderstaf met sy kenmerkende haak is gebruik om skape uit gevaar te trek, skape wat afdwaal nader te trek en selfs vir die herder om op te leun in die veld. Beide stok en staf se doel was begeleiding, dissipline en beskerming en dui op die primêre taak van die herder.



vi) Die pastor pastorum werk met 'n bepaalde ritme.

Die pastor pastorum sal 'n persoon moet wees wat in sy styl met 'n bepaalde ritme kan werk. Dit is die balans tussen vooruit wees en die regte pad te soek en tussen die kudde te wees vir bemoediging. Die pastor pastorum wat net visioenêr is kan kontak met die pastors onder sy toesig verloor en minder effektief wees. Die vooruit dink is essensieel vir die pastor pastorum, maar dit mag nooit ten koste wees nie van wat Van der Meulen (2004:55) noem: *om te bly staan by dit wat bedroef maak*. Hieruit is dit duidelik dat dit nie 'n bediening is wat oor 'n afstand bedryf kan word nie. Die omgekeerde is natuurlik ook waar: Indien die pastor pastorum net in die vallei tussen die pastors is en nie ook by geleentheid op visioenêre wyse die pad vorentoe soek en aandui nie, kan dit 'n lang reis in die donker dieptes word. Afhangende van die geografiese gebied, is sinodale afgrensing die wydste wenslike beskrywing van die omvang van 'n pastor pastorum se verantwoordelikheid. Groter sinodes sal dus vir meer pastors pastorum voorsiening moet maak.

Hierdie ritme in die pastor pastorum se werk vestig ook die aandag op die groot teenstelling in die werk van die herder. Daardie alleentje op die voorpunt en die tye saam met die kudde. Dawid as koning en dus leier van Israel, het krag geput uit die feit dat sy Herder by hom was. Daaruit die afleiding dat die pastor pastorum tegelykertyd 'n sigbare leier én kwesbare volgeling moet wees. Die pastor pastorum sal moet weet wanneer om te lei, wanneer om te volg en wanneer om uit die pad te bly. Deel van die teenstelling is dat die volgelinge (pastors) moet weet dat die pastor pastorum daar is om hom te ondersteun. Daarom is die volgende vrae 'n essensiële deel van die pastor pastorum se arsenaal:

- Wat kan ek vir jou doen?
- Hoe kan ek help dat jy jou roeping meer effektief kan vervul? (McCormick & Davenport 2003:51).

vii) Die pastor pastorum en dissipline.

Gesag het al meermale in die studie ter sprake gekom en die finale woord, sover dit die studie betref, moet nog gesprek word. In die studie is daar vir twee dinge gepleit:

(1) Die daarstel van 'n professionele beroepsliggaam vir pastors, wat ook dissipline oor pastors sal hanteer.

(2) Die gebruik van intelligente dissipline eerder as outokratiese dissipline. Daar word steeds volstaan met die twee pleitredes. Nel (2001:56) wys daarop dat elke pastor, of hy daarvan hou of nie, 'n opdrag tot gesag het. Dit is waar, maar daaraan moet toevoeg word dat elke pastor ook onder gesag staan wat in een of ander menslike vorm na hom kom. Die mate waarin die pastor sy gesag kan handhaaf, hang af van die manier waarop hy gesag kan aanvaar. Dit is aangetoon dat die gedagte van 'n pastor pastorum sekere episkopale kenmerke vertoon en dit word nie as negatief ervaar nie. Deel van die pakket van die biskop, maar ook van episkope, is dissipline. Hier word dan gefokus op die rol wat die pastor pastorum in dissipline en, meer spesifiek, die toepassing van intelligente dissipline speel.

Hiltner (1958:69) pleit daarvoor dat wanneer dit gaan oor die suiwerheid van die kerk, dit nie tuishoort onder "*shepherding*" nie, maar onder "*organizing*". Dit is duidelik dat daar nie 'n absolute skeiding kan wees tussen wat goed is vir die individu en wat goed is vir die kerk nie. Die siening van Hiltner (1958:68) dat dissipline wat goed is vir die kerk nie onder "*shepherding*" kan tuishoort nie, word van die hand gewys. Daar sal altyd individuele gevalle opduik waar die welsyn van die kerk en die individu oënskynlik gaan bots.

Een van die sogenaamde teenstrydighede in die kerk is dat die kerk tug, met 'n geestelike karakter, toepas. Die kerklike opsig en tug dra 'n geestelike karakter en pas by die kerk as 'n geloofs- en liefdesgemeenskap. Opsig en tug word dus op 'n kerklike wyse en met geestelike middele uitgeoefen (NGK 2004a: art 60). Dit is amper vanselfsprekend dat dit so sal wees. Tog meen Stadler (1979:9) dat die geestelike karakter van die tug nie gewaarborg kan word nie. Vir hom, soos vir Calvyn, sal dit tot sy reg kom in die manier waarop die Woord in die proses funksioneer en veral *in die persone* (my kursivering) wat die leiding neem (Stadler, 1979:9). Dit is veral die laaste opmerking wat hier belangrik is. Hier gaan dit nie in die eerste plek om die kerklike tughandeling nie, maar om die dissipline wat ten grondslag daarvan lê. Indien die kerk die regte persoon as pastor pastorum aanstel en daardie persoon met egte kerklike gesag beklee, sal die dissipline wanneer dit ter sprake kom op intelligente wyse ter sprake kom en nie op outoritêre wyse nie. Op die vraag of daar in die toepas van dissipline dwang by betrokke kan wees is daar teenstrydige antwoorde. Daar word saam met Stadler (1979:18) gekonkludeer dat daar wel dwang by betrokke kan wees, maar dan moet dit die dwang van die Gees, Woord en gewete wees en nie dié van die uitsprake van 'n kerklike vergadering nie.

Die hele kwessie van gesag bly 'n mynveld. Die beste opsomming van die saak is gevind by Van Niekerk (2006:10) wat die volgende geskryf het na aanleiding van die polemieke wat rondom die groep "Fokof Polisiekar" ontstaan het. Dele word met groot dankbaarheid en instemming aangehaal.

"Christene se voorbeeld is Christus. Vroeg in sy openbare optrede, pak Jesus die godsdienstige gesagdraers se interpretasie van die geboorte met mening. Aan die einde van die Bergrede is die skare verbaas omdat Jesus met gesag geleer het en nie soos die Skrifgeleerdes nie (Mat 7: 28-29).

Hoekom straal Jesus gesag uit, maar die tradisionele gesagdraers nie? Vir Ferdinand Deist is die enigste oplossing dat daar verskillende soorte gesag is. Ook woordeboeke lys dat "gesag" op "mag" sowel as op "invloed" kan dui.

Die Skrifgeleerdes-en talle godsdienstiges vandag-meen gesag is mag wat mens van bo af op ander uitoefen. Daar is situasies waar die soort gesag nodig bly. Die staat moet sy mag gebruik om misdadigers af te skrik. Maar wanneer Christene deur die mag van boikotte sangers wil keer, gaan hulle dié ouens se saak net adverteer. Jesus se gesag werk anders. Dit wil mense se harte beïnvloed. Dis 'n gesag wat dring maar nie dwing nie. Daarom oorreed Jesus mense deur gelykenisse en dreig Hy nie. Hy spel die een lewenstyl se voordele uit teenoor 'n ander. Boonop vergewe Hy. Diegene wat Hy waarsku en berispe, is "gelowiges" wat God se genade onnodig vind.

Ons word gevra om Christus se liefde, vergifnis en selfs lyde te volg. Al wat ons nie moet volg nie is God se toorn. Aan Hom alleen kom die mag van wraak toe. Net Hy kan vergeld (Romeine 12)."

Die pastor *pastorum*, as pastor by uitnemendheid, sal die kwessie van dissipline nie kan ontduik nie, maar op grond van sy identiteit, kompetensie en bevoegdheid moet dit op intelligente wyse toegepas word; op die wyse wat van Niekerk aandui. Die pastor *pastorum* behoort egter op geen wyse by enige amptelike kerklike tughandeling betrokke te wees nie.

viii) Die omvang van die pastor *pastorum* se werk.

Wanneer die definisie van pastoraat aan pastors in ag geneem word as die "totale kompleks van aktiwiteite", dui dit daarop dat die pastor *pastorum* se werk ook omvattend moet wees en alle aspekte van die pastor se lewe moet aanraak. Die omvang van die werk van die pastor *pastorum* sal verdeel kan word in die volgende tipes van ondersteuning wat deur Harbaugh (1992:41) onderskei word. Daar word hier nie verder daarop ingegaan nie, maar dit dui tog die omvang van die pastor *pastorum* se werk aan.


- Persoonlik.
- Gesin
- Gemeentelik.
- Kollegiaal.
- Gemeenskap
- Denominasioneel.
- Interdenominasioneel.

Wanneer Harbaugh (1992:53) skryf oor die *wanneer* en *hoe* van pastoraat aan pastors, dui hy die omvangrykheid van die pastoraat aan pastors aan en bevestig daarmee die studie se pleit vir 'n gespesialiseerde vorm van pastoraat. Hy noem die belang van pastoraat in goeie tye en raak in die proses ook die randfigure aan wat maklik oorgesien word in die bediening. Hy praat van enkelopende pastors en vrouepastors, wat toenemend deur die kerk in berekening gebring sal moet word om probleme eiesoortig aan vrouepastors te voorkom. Ook manlike pastors het eiesoortige probleme. Hy neem een voorbeeld van 'n manlike pastor wat op die Myers Briggs toets as 'n INFP aangedui word. Wanneer kompetensie by 'n pastor veronderstel word, wat wel die geval is, maar hy nie omgee nie, wat soms ook die geval is, sal so 'n pastor dalk 'n probleem kan ontwikkel om die gemeente te oortuig dat hy 'n omgeemens is, want hy, as introvert, kan dalk waargeneem word as gereserveerd, eerder as een wat omgee (Harbaugh 1992:59). Dit sou tipies iets wees wat deur 'n pastor *pastorum* opgevang en hanteer kan word. Nog 'n aspek wat, indien vroegtydig hanteer word, later groot probleme kan voorkom, is medeleraarskappe.

Oor pastoraat in moeilike tye onderskei Harbaugh (1992:63) tussen konflik as gevolg van persoonlikheidsverskille en wanneer gemeentede onder mekaar baklei. Daar is ook nog die situasies van substansafhanklikheid en seksuele misbruik.

Die pastor pastorum moet pastors leer om uit die aanbodkant te leef en nie die aanvraagkant nie. McCormick & Davenport (2003:89) maak die stelling dat mense se lewens beheer word deur aanvraag en nie aanbod nie. Dit is 'n stelling waarmee saamgestem word, en daarom ook met die afleiding daaruit, dat die mens se beker nooit oorloop soos die herder s'n in Psalm 23 nie. Wanneer die sin saamgelees word met vers 1, waarin die uitspraak gemaak word dat die skaap niks kortkom nie, beteken dit in terme van die opskrif hierbo, dat in beide aanvraag en aanbod voorsien is. Die pastor pastorum moet aan pastors 'n beker voorsien wat nie vol gate is en lek nie, ook nie een wat te klein of te groot is nie, maar een wat die denkwyse reflekteer dat in beide aanbod en aanvraag voorsien is. Die fout wat die meeste pastors maak is om die aanvraagkant te probeer bestuur. Die probleem daarmee is dat steeds net op aanvraag gefokus word. Om aanvraag te probeer bestuur haal ook nie die sleur van die aanvraag uit die lewe nie. Die kuns is nie om die aanvraag te verminder nie ,maar om die aanbod te vermeerder.

Dit kan soos volg voorgestel word:



Die manier waarop die aanbod vergroot word, gaan uniek wees aan elke pastor. Die pastor pastorum is egter die persoon wat dit moet voorleef en aan die pastor die pad moet aandui hoe om dit te doen. Dit bring die bespreking weer by die model van sinodale sorg, onderlinge sorg en selfsorg wat hier ineenloop. Die pastor pastorum gaan as herder voor en wys die pad. Elke pastor aanvaar verantwoordelikheid vir die unieke manier waarop hy dit kan doen en deur onderlinge sorg ondersteun pastors mekaar om die doel te bereik.

ix) Die pastor pastorum bepaal die paradigma.

Die term *paradigma* het 'n trefwoord in die wêreld geword. Amazon.com (2005) het 2931 treffers gehad in 'n soektog met dié term. Dit is inderdaad 'n belangrike term

soos in die samevatting van die studie gesien sal word. In terme van die metafoor, van oorbeweide weivelde, droogtes, roofdiere, skelms en siektes, werk die herder modelle uit vir die oorlewing van die kudde. In terme van die pastor pastorum (en dit word hier uitgebrei na die ander dele van die kerkleiding) beteken dit dat die leiers in die kerk bewus is van talle mense wat uit die kerk gaan, die geloofwaardigheid van die kerk wat afneem en krisisse in die kerk, soos tans, rondom eenheid en homoseksualiteit. Dit is die taak van die leiers in die kerk om 'n positiewe raamwerk daar te stel om die vraagstukke die hoof te bied. Die pastor pastorum sal sy bydrae in die kerk lewer deur pastors te begelei om mense te wees wat hulle roeping met kompetensie en vreugde uitleef.

x) Die pastor pastorum neem pastorale inisiatief.

Wanneer statistiek oor pastors nagegaan word, is dit duidelik dat uitbranding een van die sake is waarmee die pastor pastorum gereeld te doen gaan kry. Willimon (1989:25) meen dat uitbranding eerder die gevolg van 'n gebrek aan betekenis is as 'n gebrek aan energie. Die skrywer se persoonlike en professionele ervaring is dat iemand wat aan depressie en uitbranding ly, 'n geweldige behoefte aan ondersteuning en begeleiding deur die kerk het, maar nie oor die vermoë of wil beskik om dit te verbaliseer nie en daarom ook nie met kreatiewe oplossings kom nie. Daarom verg dit van die pastor in die gemeente moed om die deur oop te maak na so 'n persoon se binneste. Willimon (1989:59) meen dat daar so baie onbetrokke pastors en oppervlakkige kerke is omdat dit pynlik is om onder die oppervlak in te kom. Die pastor pastorum sal nog meer van hierdie moed aan die dag moet lê om die deur na pastors oop te maak en hulle nie om die pyn heen lei nie maar deur die pyn na nuwe sin. Daar is in die onderskeid tussen beraad en pastoraat aangetoon dat kliënte na beraders toe gaan, maar pastors na lidmate. Daardie onderskeid sal streng gehandhaaf moet word in die taakoms krywing van die pastor pastorum. Dit kan nie soos in die geval van Nederland 'n vrywillige saak wees nie. Die kantoor van die pastor pastorum kan nie maar net 'n adres wees in geval van nood nie, maar daar sal inisiatiefnemende aksie vanuit daardie adres moet uitgaan.

Die vraag word dikwels aan die navorser gevra of pastors die bediening van 'n pastor pastorum sal toelaat. Die waarneming is dat hulle meer oop is daarvoor as wat meeste mense dink. Onlangse gebeure in die kerk, soos sinodale predikante konferensies asook die konferensie van die Algemene Sinode in 2005 in Bloemfontein, bevorder daardie openheid. Dit sal spoedig deur die kerkverband gebruik moet word om die geleentheid nie te laat verbygaan nie. Verder sal die kerk moet begin deur studente daaraan gewoond te maak dat die kerkverband betrokke is by hulle lewens en werk (A-Z 2007:14).

4.5.2.3 Die pastor pastorum as sisteemdenker.

i) 'n Paradigmaskuif is nodig.



Die gedagterigting van hierdie studie is vreemd aan tradisionele gereformeerde denke. Om 'n episkopale figuur aanvaarbaar in die kerk te laat funksioneer, sal 'n verandering in die denkpatoon van die kerk vra. Die verandering is egter nie net 'n paar klein verstellings in denkpatoone nie, maar 'n radikaal nuwe denkraamwerk. Die kerk moet deur haar vergaderings, en daarmee saam pastors, meer begin dink vanuit 'n visie op die geheel. Die vraag is: Hoe kan 'n instansie wat letterlik deur eeue geleer is om te dink van uit die dele (plaaslike gemeentes), begin om die gehele prentjie raak te sien? Daarvoor is niks minder nodig nie as 'n *paradigmaskuif*. *Die skuif is van die dele na die geheel, van fragmentariese denke na sisteemdenke*. Die skuif sal behels dat die kerkverband uit 'n ander raamwerk oor pastors en gemeentes sal moet begin dink en pastors sal hulle siening oor die kerk en kerkverband in ooreenstemming met die Skrifgegewens moet bring oor wat die kerk is. Die term *paradigmaskuif* word vandag baie gebruik en slegs 'n kort omskrywing is nodig. Senge (1990:13), wat uit die bestuurswetenskappe werk, omskryf die begrip aan die hand van die Bybelse begrip metanoia. Dit beteken 'n fundamentele verandering of skuif wat bo die waarneembare (meta = bo) denke (nous= denke) uitstyg. Louw en Nida (1988:510) wys daarop dat die klem op die totale verandering in beide denke en gedrag val. Kerk en pastors sal op 'n manier oor mekaar moet begin dink, wat fundamenteel anders is as wat tans die geval is. Daardie manier van dink is *sistemies*. Senge (1990:73) omskryf dit as: Die raaksien van onderlinge verhoudings eerder as liniêre oorsaak-gevolgkettings; die sien van prosesse van verandering eerder as stilfoto's. Vir Klink (1970:69) is 'n paradigma 'n model wat ooreenkomste tipeer waar daar verskil in detail is. Die pastor pastorum sal ook deur sy pastorale optrede 'n fasiliteerder wees van so 'n paradigmatuif. Daarom die opskrif van hierdie gedeelte: "Die pastor pastorum as sisteemdenker." Vervolgens word dan gefokus op sisteemdenke en die argetipes wat daaruit na vore kom.

ii) Sisteem.

'n Sisteem kan beskryf word as 'n groep onderdele wat 'n geordende geheel vorm, maar ook as 'n metode of manier van handel of werk (Labuschagne & Eksteen 1993). Dit is belangrik om daarop te let dat die dele sisteme op hulle eie is, wat ook weer uit dele bestaan. Bellinger (2005), weer, beskryf 'n sisteem as 'n entiteit wat sy bestaan onderhou deur die onderlinge interaksie van die dele. Ossimitz (2005) voeg daaraan toe dat 'n sisteem uit definieerbare elemente bestaan. Tussen die elemente bestaan daar meesal 'n funksionele verhouding. Daar is 'n bepaalde struktuur aan hierdie verhouding

Elke sisteem het 'n grens met sy onmiddellike omgewing wat deurdringbaar is. Daardie grens kan ook lidmaatskap wees soos in die geval van die kerk.

Die interaksie tussen die sisteem en sy omgewing vind gewoonlik op die grens van die sisteem plaas, waar bepaal word: *wat* en *wie* mag *in* of *uit*. Die grens bepaal die identiteit van die sisteem. Sisteme toon dinamiese gedrag oor 'n

tydperk wat bepaal word deur wat die doel van die sisteem is. Elemente in 'n sisteem kan gesien word as hele sisteme of subsisteme en dikwels ontstaan hiërargiese strukture.

Uit hierdie omskrywings is dit duidelik dat die kerk ook as 'n sisteem beskou kan word. So 'n beskouing word nie teenoor metafore wat in die Skrif gebruik word, gestel nie en sluit by daardie metafore aan.

Die kerk bestaan uit definieerbare elemente, lidmate, gemeentes, ringe, sinodes, 'n algemene sinode en dienstermyne.

Hierdie elemente is interaktief en interafhanklik. Geeneen van hierdie elemente kan sonder die ander bestaan nie en is ook interaktief. Hiermee is dit meteens duidelik wat die waarde van sisteemdenke vir die kerk inhou, naamlik om hierdie interafhanklikheid en interaksie te kan raaksien en te benut sodat die sisteem sy doel kan bereik.

Die verhoudings tussen elemente is nie bloot funksioneel nie. Dit wys die duidelikste uit die verhoudings wat tussen lidmate in 'n gemeente bestaan en volgens die Skrif en die verklaarde doelstellings van vergaderings, soos die Roepingsverklaring van 2002 en die Verbintenis van 2004 (NG Kerk 2004a:i-ii) aandui, wil die kerk dat die verhouding tussen vergaderings en kerke en tussen vergaderings en lidmate nie bloot funksioneel sal wees nie.

In die geval van die kerk word die gedrag in die sisteem bepaal deur die doel van die sisteem,: Om God te verheerlik. In die kerk, soos in 'n sisteem, het die onderlinge verhoudings 'n bepaalde struktuur: kleingroepe, wyke, gemeentes. In die kerk, soos in sisteme, is daar ook duidelike grense. In die kerk se geval is dit lidmaatskap. Die vereiste vir lidmaatskap is ook duidelik: "Geloof in die God van die Heilige Skrif soos dit in die drie Formuliere van Eenheid tot uitdrukking kom, is die enigste voorwaarde om aan 'n Ned Geref gemeente as gemeente van die Here Jesus Christus te behoort." (NG Kerk 1999:55). Die interaksie tussen die kerk en die wêreld vind plaas op die grens van lidmaatskap, of dan geloof in Jesus Christus. Geloof bepaal ook die identiteit van die kerk.

In sisteme word ook erkenning verleen aan die feit dat elemente volledige sisteme kan wees. Die gereformeerde siening dat die plaaslike gemeente selfstandig kerk is, kom ook tot sy reg in 'n sistemiese benadering.

Aangesien dit heeltemal geregverdig is om die kerk as sisteem te beskou, volg daaruit dat elemente van sistemiese denke ook in die kerk gebruik kan word.

iii) Sisteemdenke.

Waarom is dit vir 'n organisasie soos die NG Kerk nodig om sistemies te dink? Die waarheid is dat die mens en sy sisteme (kerk) oorweldig word deur kompleksiteit (Senge 1990:69). Die mens produseer vandag meer informasie as


wat enige mens kan absorbeer. Ons raak interafhanklik op 'n skaal wat mens nie besef nie en dinge verander teen 'n tempo waarby niemand kan byhou nie. 'n Persoon wat sedert die opspraakwekkende toespraak van die destydse staatspresident F.W. de Klerk op 2 Februarie 1990 in Suid-Afrika geleef en die tegnologiese ontwikkeling in dieselfde tydperk meegemaak het, kan van hierdie waarheid getuig.

iv) Kenmerke van sisteemdenke.

Skrywers oor die onderwerp maak deurgaans melding van sekere strukture wat herhaaldelik in sisteme voorkom en argetipes of generiese strukture genoem word. Indien hierdie onderliggende strukture raakgesien en verstaan word, help dit mens om die kompleksiteit te vereenvoudig sonder om oor te vereenvoudig.

Ter wille van volledigheid gaan die 10 argetipes wat Senge (1990:378-390) aantoon, opsommenderwys weergegee word. By nadere beskouing word al hierdie strukture in die kerk aangetref, maar daar sal in meer besonderhede by twee: *bepersing op groei* en *skuif die las*, stilgestaan word.

a) Balanseerproses met vertraging.



Beskrywing: 'n Persoon, groep of organisasie wat vir 'n bepaalde doel werk, pas hulle gedrag aan in reaksie op 'n vertraging in terugvoer. In sisteemdenke is terugvoer nie net die teruggee van opinies nie, maar dit is enige wedersydse invloed. In sisteemdenke word niks net in een rigting beïnvloed nie. Wanneer die sisteem nie bewus is van die vertraging nie, kan daar oor reageer word in reaksie.


Vroeë waarskuwing: Ons het gedink ons is in balans, maar ons het oorreageer.

Bestuursbeginsel: Aggressiwiteit bevorder instabiliteit. Wees eerder geduldig of maak die sisteem meer responsief.

Voorbeelde: 'n Persoon wat stort, draai die warmwaterkraan oop. Dit neem tyd voordat warm water uit die kraan kom. Om die proses te verhaas, word die kraan al groter oopgedraai. Die water word té warm. Gevolglik word die kouewaterkraan oopgedraai. Die water is dan weer te koud. Die warmwaterkraan word dan weer groter oopgedraai; en so hou dit aan.

Kerklike voorbeelde: Die reaksie van die kerk op sake van die dag omdat die sinode net elke vier jaar byeenkom.

c) Beperkings op groei.



Beskrywing: 'n Proses begin goed en daar is aanvanklik goeie groei en uitbreiding. Dan begin die groei afplat en kan selfs tot stilstand kom of omgekeer word.

Vroeë waarskuwing: Hoekom moet ons, ons bekommer oor probleme wat ons nie het nie. Dit word gevolg deur die erkenning dat daar probleme is en daar word teruggekeer na wat voorheen gewerk het. Nog later kom die erkenning dat hoe harder probeer word, hoe meer lyk dit asof die proses stilstaan.

Bestuursbeginsel: Moenie groei druk nie, maar verwyder die faktore wat groei belemmer.


Voorbeeld: Individue verbeter hulleself vir 'n tyd, deur byvoorbeeld tennislesse te neem, maar bereik dan 'n plato. Dan word daar net nog harder geoefen sonder om aanpassings te maak.

Kerklike voorbeeld: Toegepas op wat in hierdie hoofstuk beskryf word, kan dit gebeur dat die veranderde houding van die kerk teenoor haar pastors die verandering, wat in hoofstuk 1 voorsien word, kan bewerkstellig dat pastors met *groter selfaanvaarding, kompetensie en gesag hulle roeping uitlewe*, maar dat dit na 'n tydperk van vinnige verandering en vrug weer kan afplat en selfs heeltemal kan verdwyn. Indien dit sou gebeur, sal die beperkings al hoe groter word en kan die hele proses selfs omgekeer word. Volgens Senge (1999:101) is die normale manier om die beperking te oorkom, om harder te probeer en die hefboom te gebruik om te versterk. Dit is egter foutief. Die

hefboom moet eerder gebruik word in die "balancing loop". Om die gedrag van 'n sisteem te verander, moet die beperkende faktore geïdentifiseer en verander word.

d) Skuif die las.

Hierdie argetipe se struktuur bestaan uit twee balanserende prosesse wat beide dieselfde effek probeer bereik. Dit kan soos volg voorgestel word:



Beskrywing: 'n Onderliggende probleem veroorsaak simptome, waaraan aandag gegee moet word. Ongelukkig is dit vir mense moeilik om die probleem te hanteer want dit is óf vaag óf moeilik om te hanteer. Daarom word vinnige, goed bedoelde oplossings gesoek wat effektief skyn te wees. Ongelukkig het dit slegs 'n korttermyn effek en die onderliggende probleem word al erger.

Vroeë waarskuwing: Hierdie oplossing het nog altyd gewerk, waarom soek na iets anders?

Bestuursbeginsel: Die regte optrede is om fundamentele reaksies te versterk. Daarvoor is dit nodig om te beseft dat fundamentele reaksies 'n langtermyn oriëntasie benodig, en te beseft dat 'n gedeelde visie noodsaaklik is. Om simptomatiese oplossings te voorkom, is nodig om simptomatiese oplossings as sodanig te erken.


Voorbeelde: Verkoop meer aan bestaande klante, eerder as om klantebasis uit te brei. Leen geld om skuld te betaal.

Kerklike voorbeeld: 'n Tipiese geval hiervan is die gebeure waar die kerk in die hof beland het oor pastors wat hulle werk verloor het. Die vinnige oplossing was om te besluit: die kerkraad is die werkgewer van die pastor en daarmee is nie net die las probeer skuif nie, maar ook die blaam.

Senge (1990:382) maak hier 'n belangrike byvoeging: Skuif die las na dié wat tussen beide kom. Byvoorbeeld: Konsultante word ingekry om bepaalde probleme in 'n sisteem op te los. Hulle doen dit so goed dat die sisteem later nie meer self probleme kan oplos nie. Gevolglik word baie geld aan eksterne kontrakteurs betaal, terwyl die eie personeel onopgelei bly.

Kerklike voorbeeld: Die kerk maak al meer van fasiliteerders gebruik en dit hoort ook so, maar dit mag nie daartoe lei dat pastors en gemeentes dink hulle hoef nie meer self hulle probleme op te los nie.

e) Erosie van doelwitte.



Beskrywing: Dit is ook 'n skuif-van-die-lasstruktuur, waarin korttermyn oplossings die langtermyn doelwit wegkalwe.


Vroeë waarskuwing: Standaarde kan maar val totdat die krisis oor is.

Bestuurbeginsel: Behou die visie.

Voorbeelde: Suksesvolle mense wat hulle eie verwagtinge en standarde verlaag en dan minder suksesvol is.

Kerklike voorbeeld: Om die begroting te laat klop word uitreikaksies gekanselleer, of noodsaaklike onderhoud nie gedoen nie.

f) **Eskalasie.**



Beskrywing: Twee mense of organisasies sien hulle welvaart as afhanklik van die relatiewe voorbeeld wat hulle oor ander het. Sodra een sukses behaal, voel die ander een bedreig en reageer aggressief om die voordeel te herwin.


Vroeë waarskuwing: As die oposisie net wou stop, sal ons kan aangaan.

Bestuursbeginsel! Soek na 'n wen-wen situasie.

Voorbeelde: Sommige groepe in 'n organisasie oor begroot en dwing ander om dit ook te doen om hulle deel van die begroting te kry.

Kerklike voorbeelde: Twee medeleraars wat die guns van gemeentede probeer wen. Gemeentes wat oor eiendomme stry na 'n skeuring.

g) **Sukses vir die suksesvolle.**



Beskrywing: Twee groepe ding mee vir beperkte ondersteuning en hulpbronne. Hoe meer sukses die een behaal, hoe swaarder kry die ander een.


Vroeë waarskuwing: Een groep begin kla.

Bestuursbeginsel: Soek na die oorkoepelende doel vir beide om balans te bereik.

Voorbeeld: 'n Bestuurder het twee beskermlinge. Een kry minder geleenthede. Die bestuurder voel skuldig daarvoor en begin hom vermy en daardeur kry die ander een nog meer geleenthede. Uiteindelik verlaat die een, teenoor wie hy skuldig voel, die maatskappy.

Kerklike voorbeeld: Twee gemeentes op 'n plattelandse dorp wat mekaar se lidmate afrokkel.

h) Tragedie van die algemene.



Beskrywing: Individue gebruik 'n skaars maar beskikbare artikel slegs op die basis van individuele behoefte. Die artikel raak skaars.


Vroeë waarskuwing: Daar was altyd baie, nou sukkel ons om te kry.

Bestuursbeginsel: Bestuur deur opvoeding tot self regulering, groepsdruk of amptelike maatreëls.

Voorbeelde: Uitwissing van natuurlike hulpbronne.

Kerklike voorbeeld. Lidmate wat die kerk as 'n verbruiksartikel sien en migreer soos dit hulle pas.

i) Oplossings wat misluk.



Beskrywing: 'n Oplossing op die korttermyn het langtermyn gevolge wat meer korttermynoplossings vra.


Vroeë waarskuwing: Dit het nog altyd gewerk, hoekom nie nou nie?

Bestuursbeginsel: Fokus op die langtermyn. Doen weg met korttermynoplossings tensy dit gebruik word om tyd te wen.

Voorbeelde: Leen geld om rente op ander skuld te betaal.

Kerklike voorbeeld: Sinodale besluite oor sake soos die troumars en die uitspreek van die seëngroet met toe oë .

j) Groei en onder investering.



Beskrywing: Groei nader 'n perk wat egter uitgeskakel kan word deur die kapasiteit te vergroot.

Vroeë waarskuwing: Ons was die beste en sal dit weer wees, maar nou moet ons uitgawes besnoei.

Bestuursbeginsel: Behou die visie veral ten opsigte van standaarde en kwaliteit en as daar werklik potensiaal is, brei die kapasiteit uit.

Voorbeelde. Mense met visie, maar wat nie weet hoeveel tyd en moeite dit kos om dit te verwesenlik nie.

Kerklike voorbeeld: 'n Gemeente het die beste basaar op die dorp gehad, maar dit is al jare nie meer so nie, maar hulle hou nog op dieselfde manier basaar.

Uit hierdie argetipes is daar enkele bestuursbeginsels wat sterk op die voorgrond tree.

Aggressiwiteit veroorsaak instabiliteit.

Moenie groei druk nie, verwyder eerder faktore wat groei belemmer.

Versterk fundamentele reaksies, fokus op die langtermyn, behou visie.

Verswak simptomatiese en korttermynreaksies.

Die belang van die toepassing van hierdie beginsels, saam met die ander van sisteemdenke, is juis op hierdie stadium van die NG Kerk se geskiedenis van groot belang. Die kerk het in die mate verander dat daar nie maklik kategoriese uitsprake gemaak word en finale standpunte ingeneem word nie. Dit word ondermeer verwoord in die Verbintenis wat in 2004 op Hartenbos aanvaar is (NGK 2004a:ii): " Ons wil naby aan die Here leef om gereed by

Hom te hoor presies wat ons roeping is. Die Sinode wil die kerk lei om op alle vlakke vanuit haar roeping te dink, te besluit en te leef." Daarmee sê die kerk dat sy steeds wil leer. Die beginsels van sisteemdenke bevorder juis die leerproses. Senge (1990:14) omskryf *leer* nie as die inneem van informasie nie maar om iets te kan doen wat voorheen nie moontlik was nie. 'n Lerende organisasie is een wat sy kapasiteit uitbrei om die toekoms te skep. Die tradisionele siening van *leer* is dat dit die inneem van informasie is. Dan word dit duidelik dat om te praat van 'n paradigmaskuif presies is wat dit sê: 'n skuif wat die verstand te bowe gaan.

Is so 'n skuif moontlik? Daar is mense wat meen dit kan nie. Ontwikkelinge en gebeure wat tans in die kerk aan die gang is, vertel 'n ander storie. Hier word onder andere verwys na die Algemene Sinode te Hartenbos in 2004, Wes-Transvaal se pastorskongres in 2004 en die Algemene Pastorskongres in 2005 te Bloemfontein. Die grondslag vir 'n paradigmaskuif is reeds gelê. Daar is in die kerk manne en vroue wat bereid is om op die Here se roepstem te antwoord en dan is alles moontlik.

Zenge (1990:6) gee vir die kerk hier handige instrumente in die hand om op hierdie pad te stap. Hy noem dit vyf nuwe "component technologies" wat geleidelik saamloop om organisasies te vernuwe.

Die vyf is:

Sisteemdenke wat reeds bespreek is.

Persoonlike bemeestering waarmee 'n buitengewone vlak van vaardigheid bedoel word.

Geestelike ("mental") modelle: Dit is indrukke wat diep in die mens ingegraveer is en waarvolgens die mens optree.

Gedeelde visie: Hy onderskei tussen 'n visiestelling en 'n egte visie. Waar laasgenoemde is, leer mense omdat hulle *wil* en nie omdat hulle *moet* nie.

Spanleer: Senge vra die vraag hoe dit moontlik is dat 'n span leiers met individuele IK's bo 120 'n kollektiewe IK van 63 kan hê? Die dissipline van *leer* konfronteer hierdie paradoks. 'n Organisasie wat *leer* arriveer nooit, maar is altyd op reis.

In die proses om sistemies te begin dink, sal beide die kerkverband en die pastorskorps hierdie paradigmaskuif moet maak.

v) Die kerkverband se paradigmaskuif.

Die skuif wat die kerkverband in hierdie proses moet maak, is om op te hou om lineêr te dink. Ten grondslag van lineêre denke lê die idee dat daar 'n oorsaak is vir elke probleem of situasie (Rendle 1998:59). Daar word egter bereken dat van die faktore wat 'n gemeente en 'n kerkverband beïnvloed, slegs 40-50 persent binne die beheer van die kerkraad of -verband lê (Rendle 1998:60). Saam met die soeke na oorsake gaan die soeke na blaam. Die huidige debatte in die NG Kerk skep baie die indruk van oorsaak soek en blamering. Debatte rondom kerkhereniging, homoseksualiteit, nuwe hervorming, fundamentalisme en teologiese opleiding kom weinig, indien ooit, daarvan weg.

Een van die eerste dinge wat die kerkverband behoort te doen, is om die kerkorde grondig te hersien en nie net veranderinge aan te bring soos nodig geag word nie. Die groot verandering wat in die kerkorde nodig is, is dat die uitgangspunt moet verander van die ampte na die gemeente. Die oortuiging is dat indien die kerkverband iets vir haar pastors wil doen, moet sy hulle allereers hulle regte posisie in die kerk laat inneem. Die pastor is veels te belangrik in die kerk en te veel hang van sy insette af. Die ongelykheid tussen die ampte sal opgehef moet word en die ouderling en die ring se plekke in die kerk opnuut gedefinieer moet word.

Sisteemdenke kan die kerk help om veranderlikes en invloede korrek te identifiseer, terwyl lineêre denke veroorsaak dat dit dikwels misgekyk word. Dit help ook kerkleiers om die onderlinge verhoudinge van sake op die tafel en situasies raak te sien. So het die 11 punte van die roepingsverklaring van 2004 onderling verband, maar as daardie 11 punte afsonderlik en een vir een aangepak gaan word, gaan dit in 'n tipiese oorsaak-en-gevolgproses eindig. Hoe sien pastors en, uit die aard van ons kerkwees, die gemeentes die kerkverband. Eerstens word die kerkverband gesien as aanvullend tot die gemeente. Dit is hoe pastors tot en met die jare tagtig van die vorige eeu geleer is om dit te verstaan. Die sinode doen dinge wat die gemeente nie kan doen nie. Byvoorbeeld, sendingwerk wat te veel is vir een gemeente. Wat egter in die praktyk gebeur het, is dat sodra die sinode 'n saak op hulle agenda neem, die gemeente dit van hulle agenda afhaal. Die gemeente doen nie meer self sendingwerk nie, want die sinode doen dit en 'n groot deel van ons sinodale bydraes gaan daarvoor.

Hierdie denkwysie het deur die jare grootliks verander, maar in die plek daarvan het daar 'n ander siening gekom, naamlik dat die gemeente en sinode kompetisie vir mekaar is. Dit hang ten nouste saam met die verswakking van sowel sinodes as gemeentes se finansiële posisies. Geld is skaars en sowel gemeentes as sinodes wil dieselfde koek deel. Waar die

aanvullingsgedagte die kerk se werk langelê het, is die invloed van hierdie kompetisiegedagte nog nie ten volle in die kerk verreken nie. Niemand hoef egter 'n kenner te wees om te kan sien dat die gevolge katastrofaal kan wees as daar nie 'n paradigmaskuif gaan kom nie. Die paradigmaskuif wat pastors moet maak, is om in te sien dat die plaaslike gemeentes en die kerkverband nie teenoor mekaar staan nie, maar dit is twee gestaltes van kerkwees. Dit beteken dat die gemeente en die sinode met presies dieselfde werk besig is, net op ander wyse. Beide gemeente en sinode lewer 'n bydrae wat onmisbaar is in die kerk se diens aan die koninkryk. Vir die onderwerp van hierdie studie is dit belangrik dat pastors dit sal verstaan en hulle kerkrade en gemeentes so sal leer en inlig.

Die kerkverband, en daarmee word bedoel die vergaderinge van die kerk, se paradigmaskuif kom daarop neer dat die vergaderinge sal moet besef dat ook hulle volgens die voorbeeld van die Meester waarlik diensknegte in die kerk sal wees. Daar is al dikwels opgemerk dat die kerk moeilik verander en mense twyfel soms daaroor of die kerk ooit kan verander. Gelukkig blyk dit wel die geval te wees. Verskeie streeksinodes het al veel gedoen om hulle werksaamhede meer vaartbelyn te maak en meer van 'n dienskneggestalte aan te neem. Daarvoor is daar baie waardering.

vi) Die pastor se paradigmaskuif.

Daar is meermale melding gemaak van die belangrike posisie van die pastor in sy eie pastorale versorging deur middel van selfsorg. In die totstandkoming van 'n paradigmaskuif binne die kerk gaan individuele pastors 'n deurslaggewende rol speel uit hoofde van hulle posisie as pastorale leiers. Die pastor se paradigmaskuif moet op twee vlakke begin: 'n ekklesiologiese vlak en 'n persoonlike vlak.

vii) Ekklesiologiese vlak.

Die pastor sal moet insien dat die kerk nie, soos in die kerkorde, by die ampte begin nie, maar dat Jesus Christus die Koning van die kerk is en dat Hy oor sy kerk regeer. In die verband geld die woorde van die Here Jesus in Joh 10:16: "Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder." In die konteks van hierdie studie beteken die woorde nie soos in die sendingkonteks dat heidene ook aan Jesus kan behoort nie, maar dat gelowiges in ander gemeentes ook aan dieselfde kudde behoort en dat die koninkryk se grense nie by die reeds vae gemeente grense eindig nie. In terme van sisteemdenke beteken dit dat die pastor homself eerstens sal sien as deel van die heel groot sisteem: die koninkryk van God. Vervolgens is die pastor ook deel van nog 'n groot sisteem: die NG Kerk (mens sou die gereformeerde wêreld ook kon invoeg). Eers daarna kom die eie plaaslike gemeente as 'n sisteem ter sprake. In sisteemdenke is dele, op hulle eie,

sisteme wat ook weer bestaan uit dele. Die pastor in die plaaslike gemeente het nie nodig om die gemeente as slegs 'n subsisteem, en dus minderwaardig, te beskou nie. Dit is in pas met die gereformeerde siening dat die plaaslike gemeente selfstandig *kerk* is. Die pastor se paradigmaskuif is dat *selfstandig* nie met *onafhanklik* en *outonoom* verwar moet word nie. As pastorale leier in 'n gemeente moet hy die gemeente lei om die interafhanklikheid van die ander sisteme in die sisteem te sien, te gebruik en te bevorder.

viii) Persoonlike vlak.

Die pastor sal op persoonlik vlak die skuif moet maak om hom werklik as 'n herder/leier te laat sien wat sy roeping tot gesag ook op 'n intelligente wyse uitleef. Na aanleiding van Nel (2001:141) word die paradigmaskuif wat die pastor in die verband moet maak, soos volg voorgestel:

Outoritêr	Herder
Doen self voor as flink en belangrik.	Geen voordoening, eg en wondbaar
'n Bewondering vir gesag en gesagdraers en oordrewe onderwerping aan gesag	Erken gesag, maar kan ook onafhanklik optree
Sien alle sosiale strukture as hiërargies	Sien die interafhanklikheid van alle sosiale strukture
Sien alle sosiale prosesse as stryd om mag	Gee mag prys en sien sosiale prosesse as geleentheid om te dien.
Deel alles in swart/wit kategorieë in	Is nie bang vir grys areas nie en beweeg deur grys areas eerder as daar om heen.
Verheerlik "in-groups", verwerp "out-groups"	Gebalanseerd in omgang met verskillende groepe.
Dikwels fatalistiese lewensbeskouing	Iemand wat dinge laat gebeur.

Hiermee saam sal die pastor ook die oogklappe moet afhaal en homself as volledige sisteem binne die groter sisteem sien. Dit, op sigself, sal 'n groot pastorale diens wees wat 'n pastor aan die self lewer deur 'n oog te ontwikkel vir die letterlik duisende in dieselfde stryd om hom heen. Dit kan die uitwerking hê

wat dit op Elia in 1 Konings 19 gehad het toe hy ontdek het dat daar nog 7000 saam met hom oorgebly het.

4.6 Samevatting.

In hierdie hoofstuk is weergegee wat onder pastoraat verstaan word en wat spesifiek verstaan word as die pastorale versorging van pastors.

Die verantwoordelikheid van elke vergadering van die kerk is aangewys in die pastorale versorging van die pastor, asook die rol van die pastor pastorum daarin.


- Die sinode funksioneer op die vlak van beroep en amp met gunstige gevolge op die vlak van die persoon van die pastor.
- Die sinode bepaal visie en beleid en voorsien mentors en begeleiers en 'n pastor pastorum.
- Die ring funksioneer op die vlak van onderlinge sorg tussen pastors.
- Die kerkraad funksioneer op die vlak van die algemene priesterskap van die gelowiges.
- Die pastor se eie verantwoordelikheid ten opsigte van selfsorg is aangedui.

Die plek en profiel van die pastor pastorum is aangedui. Daar is veral klem gelê op die pastor pastorum as herder en as persoon wat sistemies moet kan dink.

5. Empiriese Onderzoek.

Hierdie studie bereik nou die stadium van die empiriese ondersoek. Voordat dit aangepak word, moet eers teruggegryp word na die verantwoording in hoofstuk 1 en die basiese vraag wat ten grondslag van die studie lê: *Wie* doen *wat*, ten opsigte van *wie*, *waar*, *wanneer*, *waarom* en *hoe* (Heitink 1993:154)? In die beantwoording van hierdie vraag is die doel van empiriese navorsing om die "wie" en "wat" met die "waar" en "wanneer" te verbind (Heitink 1993:212). In hoofstuk een is in navolging van Heitink aangetoon dat daar geen teorie sonder praktyk en geen praktyk sonder teorie is nie en dat die een nie belangriker is as die ander nie. Dit beteken dat die teorie altyd getoets moet word in die praktyk en praktyk moet altyd krities vanuit die teorie beskou word.

Die plek van die empiriese navorsing in die praktiese teologie word deur Heitink (1993:212) soos volg beskryf:



Heitink (1993:146) praat van 'n praxis 1 en 'n praxis 2. Onder praxis 1 word verstaan die bemiddeling van die Christelike geloof. Volgens Labuschagne en Eksteen (1994) beteken *bemiddel* om deur tussenkoms 'n ooreenkoms/versoening tot stand te probeer bring. Die evangelie is dus die tussenganger om versoening tussen mens en God te bewerk. Die vraag is dus na die wyse waarop die evangelie dit bewekstellig. Praxis 2 vorm die konteks van praxis 1 en dit is die modernistiese of postmodernistiese samelewing. Volgens Heitink se teorie gaan dit dan om die vraag hoe mens die Christelike geloof in die huidige samelewing bemiddel. Toegepas op die vraagstelling van hierdie studie is dit dan: **Hoe kan die kerkverband haar predikantekorps in vandag se wêreld versorg?**

Die doel van hierdie studie is om 'n nuwe praxis 2 te skep. Die teorie van hierdie nuwe praktyk is dat die kerkverband meer moet doen om haar predikantekorps

pastoraal te versorg en dat die pastor pastorum daarin 'n belangrike en selfs noodsaaklike instrument is. Hierdie teorie moet aan die praktyk getoets word en die praktyk moet vanuit die teorie gekritiseer word.

5.1 Werkswyse.

Die navorsing is deur middel van vraelyste gedoen. Twee vraelyste is gebruik (sien aanhangsels 1 en 2). Die eerste vraelys was gerig op die predikante in die kerk en die tweede op die leiergroep in die kerk. Die leiergroep is ook as kontrole groep gebruik. Daar was vrae in beide vraelyste wat dieselfde was om vergelykings te kan tref. Vrae moes volgens die 5 puntskaal beantwoord word.

Die teikengroep vir die vraelyste is uit die 2005 Jaarboek van die NG Kerk verkry en wel uit die bloubladsye wat die gegewens van al die sinodes bevat. Dit bevat ook inligting oor watter persone leiersposisies in verskillende sinodes beklee, ook in die Algemene Sinode. Die teikengroep vir predikante is geneem uit al die sinodes van die kerk. Daar is gekyk na gemeentes se grootte. Gemeentes is gekies met meer as duisend lidmate, tussen 500 en 1000 lidmate en minder as 500 lidmate. Die predikante in daardie gemeentes is genommer van een tot drie en elke derde predikant het 'n vraelys ontvang. Eenhonderd-en-sewentig vraelyste is uitgestuur en 86 is terug ontvang en nog sewe nadat die inligting reeds verwerk is.

Onder die response was daar enkeles wat opmerkings bygeskryf het wat tog aandag verdien. Een opmerking by die vraelys vir predikante, by die vraag oor die behoefte vir pastorale sorg, het gelui dat dit goed sou wees om by predikante wat aangedui het dat hulle nie 'n groot behoefte aan pastorale sorg het nie, verdere navorsing te doen. Die vermoede is dat die predikant bedoel dat hy deel is van 'n selgroep en dáár word die behoefte aan pastorale sorg vervul. 'n Onderzoek dáárna val nie binne die fokus van die studie nie, maar kan verder nagevors word. Nog 'n opmerking was dat die respondente nie 'n bepaalde vraag kon beantwoord voordat hy nie weet wie die persoon is wat hom gaan besoek nie. Dit onderstreep die belangrikheid van die persoon van die predikant wat in hoofstuk 2 aangedui is.

5.2 Resultate.

Die eerste vraag het gehandel oor sake wat die predikant raak, naamlik alleenheid, stres en uitbranding. Die keuse op dié drie sake is gegrond op wat in die literatuur gevind is. Alleenheid by Nouwen (1972), Plomp (1967), Jentsch (1989), Cilliers (1996) en Nel (2003). Stres word veral aangetoon deur Papas (1995), Oswald (1998), die empiriese studies van Bisschoff en Schoeman (2003) en deur Pienaar (1996). Uitbranding word veral aangetoon deur Oswald (1998:57) en Swart (2001:89).



Leiergroep

	1	2	3	4	5
Alleenheid	15	25	35	25	
Stres		15	10	65	10
Uitbranding	10	5	30	40	15

Predikante

	1	2	3	4	5
Alleenheid	30.30	38.79	22.73	13.64	4.55
Stres	4.55	22.73	36.36	24.24	12.12
Uitbranding	22.73	18.18	16.67	33.33	9.09

'n Nie-parametriese toets, naamlik die Wilcox twee steekproeftoets, is gedoen om vas te stel of daar beduidende verskille tussen die twee groepe is. Die uitslag is dat wat alleenheid en uitbranding betref, daar nie 'n beduidende verskil is nie, maar dat daar ten opsigte van stres wel 'n beduidende verskil is wat aangedui word met die syfers 3.7000000 vir die leiergroep en 3.1666667 vir die pastors. Die leiergroep sien en beleef stres dus as 'n betekenisvol groter probleem as die pastors self. Die rede daarvoor sou kon wees dat mense wat leiersposisies in die kerk beklee in die meerderheid van gevalle ook predikante in gemeentes is en dat die meerdere verantwoordelikheid ook meer stres meebring. Dit mag ook wees dat die groter blootstelling wat die leiergroep aan die breër prentjie in die kerk het, hulle meer sensitief maak vir die probleem van stres.

Indien 'n predikant by alleenheid 'n drie of meer aangedui het, moes die volgende vraag beantwoord word:

Indien u **3** tot **5** in die kolomme vir "**Alleenheid**" in **Vraag 1** gemerk het, wie laat u die **meeste** alleen? (Merk **slegs een** antwoord)

Familie	1	vs	<input type="checkbox"/>	7
Kollegas	2			
Gemeente	3			
Kerkverband	4			

Die resultate is soos volg:

Familie	3.13
Kollegas	28.13
Gemeente	46.88
Kerkverband	21.88



Onder predikante wat hulleself as alleen in die bediening beskou, is dit duidelik dat die meeste voel dat hulle gemeente hulle alleen laat, terwyl kollegas en die kerkverband ook 'n beduidende rol speel. Hierdie resultaat bevestig die uitgangspunt van die studie dat die kerkverband 'n groter rol het om te speel in die lewe van die pastor.

3. Tot watter mate is u **seker** of u die regte roeping (beroep) gekies het? (Merk **slegs een** antwoord)

Baie onseker	1	v6	<input type="checkbox"/>	8
Redelik onseker	2			
Neutraal	3			
Redelik seker	4			
Baie seker	5			

Resultaat:

Baie onseker	1.52
Redelik onseker	1.52
Neutraal	1.52
Redelik seker	18.18
Baie seker	77.27

Dit is duidelik en verblydend dat die oorgrote meerderheid van pastors baie seker is dat hulle die regte beroep beoefen.

4. Tot watter mate het u 'n behoefte aan **pastorale versorging**? (Merk **slegs een** antwoord)

Baie klein behoefte	1	v7	<input type="checkbox"/>	9
Redelike klein behoefte	2			
Nie seker nie	3			
Redelike groot behoefte	4			
Baie groot behoefte	5			

Baie klein behoefte	27.27
Redelike klein behoefte	25.76
Nie seker nie	18.18
Redelike groot behoefte	22.73
Baie groot behoefte	6.06

Die reaksie op hierdie vraag toon geen duidelike tendens nie, met ongeveer een kwart van alle respondente in elke moontlike antwoord. Die redes daarvoor kan onder meer die volgende insluit:

Pastors kan bang of skaam wees om hulle behoefte te erken. Daar word op ander maniere soos byvoorbeeld deur selgroepe in die behoefte voorsien.


Pastors wat al langer in die bediening is, het vir hulleself oorlewingsmeganismes uitgewerk.

Sommige pastors dink nie dat die kerk enige iets sal kan doen wat hulle sal help nie. Een anonieme respondent het die volgende opmerking by hierdie vraag geskryf: "Ek is naby aftrede en stel nie meer belang nie. As ek jonger was sou ek baie te sê gehad het."

Dit is egter so dat 'n beduidende deel van die steekproef wel in mindere of meerdere mate 'n behoefte aan pastorale versorging het.

Die volgende vraag is aan beide die predikante en die leiersgroep gevra en bied geleentheid vir vergelykings. Die vraag handel oor wie verantwoordelikheid moet neem vir die pastorale versorging van predikante. Nege moontlikhede is gebied: van die gesin en ander kerklike instansies tot verder weg van die kerk na mediese dokters, sielkundiges en ander beraders. Die vraag wou ook spesifiek 'n opvatting wat baie in die omgang gehoor word toets naamlik dat predikante na persone van hulle eie keuse moet gaan vir hulp.

'n "n-Way Proc Freq"-toets van veranderlikes het die volgende resultate gelewer:



'n Verdere "n-Way Proc Freq"-toets is gedoen om spesifiek te bepaal of pastors verkies om kerklik-pastoraal of buitekerklik versorg te word.



Die resultate is:

	Kerklik	Buitekerklik
Predikante	84.21	15.79
Leiergroep	90.00	10.00

Uit die resultate is dit duidelik dat die oorgrote meerderheid van die pastors (87.18%) deur die kerk pastoraal versorg wil word teenoor die 12.82% vir wie die prioriteit buitekerklik is. Dit ondersteun die hipotese van hierdie studie dat die kerkverband verantwoordelikheid vir die pastorale versorging moet neem. Dit is ook opvallend dat die leiergroep sterker as individuele pastors daarvoor voel, 90% teenoor 84.21%. Dit kan daaraan toegeskryf word dat diegene in leiersposisies waarskynlik 'n breër prentjie het as individuele predikante, veral die wat alleen in 'n gemeente is, of in afgeleë gebiede werk.

5. Die volgende vraag, wat ook aan beide groepe gestel is, het gehandel oor die aanvaarbaarheid van persone uit verskillende kerklike vergaderings vir pastorale versorging van predikante. Vir die leiergroep is gevra of hulle persone uit 'n bepaalde vergadering sou stuur; vir die predikante of hulle persone uit daardie vergaderings in die hoedanigheid as pastorale versorgers sou ontvang.

Respondente moes op 'n skaal van 1-5 aandui of persone "glad nie welkom" sou wees nie, of "baie sterk welkom" sou wees. Resultate word gegee volgens respondente se "baie sterk welkom" response.

Predikante

Kerkraad	33.33
Ring	20.83
Sinode	70.83 op "tot 'n mate welkom"
Algemene Sinode	8.33 op "tot 'n mate welkom"

Leiergroep


Kerkraad	40
Ring	15
Sinode	5.56
Algemene Sinode	11.1

Hierdie resultaat moet nader verduidelik word. Die hoë syfer wat onder pastors aan die sinode toegeken word, moet gesien word in die lig daarvan dat dit deur respondente slegs as 'n 4 en deur niemand as 'n 5 gemerk is nie. Desnieteenstaande lyk dit asof die pastors nie omgee om iemand uit sinodale-verband te verwelkom nie. Dit word ondersteun deur die feit dat geen predikant

aangedui het dat 'n persoon uit die sinode nie welkom sou wees nie en slegs 4.17% dat so 'n persoon tot 'n mate nie welkom sou wees nie. Daarenteen het 8.33% aangedui dat 'n persoon uit die gemeente "tot 'n mate" nie welkom sou wees nie en 8.33% het aangedui dat 'n persoon uit die ring "glad nie welkom" sou wees nie. Die lae syfer wat aan die Algemene Sinode toegeken word moet nie vanselfsprekend as negatiewiteit teenoor daardie vergadering beskou word nie, maar eerder dat die Algemene Sinode vir baie pastors te ver van hulle af is. Daar moet onthou word dat die Algemene Sinode slegs deur ongeveer 200 van die kerk se nagenoeg 1800 pastors bygewoon word en dat baie pastors nooit by 'n Algemene Sinode uitkom nie.

Die leiergroep dink meer prinsipiël in terme van die gereformeerde kerkreg. Hulle is ook die mense verantwoordelik vir die opstel van beleid en dit verklaar die groot gewig wat die gemeente dra.

Indien die gewig wat aan syfers 4 en 5 toegeken is, saam in berekening gebring word en die twee steekproewe met mekaar vergelyk word, kan dit grafies soos volg voorgestel word.



Dit is duidelik dat vir sowel predikante as die leiergroep dit nie werklik saak maak uit watter vergadering persone gestuur of ontvang word vir pastorale sorg nie. Indien die laaste vraag met die vraag wat net vooraf bespreek is oor die voorkeure vergelyk word, is daar ook nie 'n beduidende verskil nie. Alhoewel

respondente bepaalde voorkeure uitspreek, is die voorkeur nie so sterk dat persone uit ander kerkvergaderings nie ook welkom sou wees nie.

Hierdie waarneming bevestig die hipotese van die studie dat die kerkverband verantwoordelikheid moet aanvaar vir die pastorale versorging van die predikant en dat elke kerkvergadering sy eie rol in dié verband moet definieer en toepas.

6. Watter **voorwaardes** sou u stel om so 'n persoon te ontvang? Die respons moes geprioritiseer word met vier moontlikhede: ware evangeliese gesag, vertroulikheid, broederlikheid (empatie) en die vermoë om werklik te help. Hierdie vraag het ten doel om voorwaardes en vereistes te toets nog voordat enige pastorale ontmoeting plaasvind.

Die moontlikheid oor die ware evangeliese gesag is ingesluit, om pastors se mening te toets oor die moontlikheid van 'n persoon wat met gesag bekleed is, aangesien die pastor pastorum uit die episkopale tradisie kom wat sterk hiërargiese trekke vertoon. Die opsie van die vermoë om werklik te help is ingesluit om die mening te toets of bekwaamheid en vaardigheid by die pastor pastorum die belangrikste behoort te wees.

'n "n-Way PROC FREQ"-toets van die veranderlikes het die volgende resultaat opgelewer.

	Vertroulikheid	Broederlikheid (empatie)	Vermoë om te help	Totaal
Predikant	58.33	12.50	29.17	54.55
Leiergroep	50.00	30.00	20.00	45.45
Totaal	54.55	20.45	25.00	100

Dit is duidelik dat beide die leiergroep en die pastors vertroulikheid hoog bo aan die lys van voorwaardes plaas vir die uitstuur of ontvangs van 'n persoon as pastorale versorger. Die rede daarvoor kan wees dat die pastorskorp hulleself graag op een lyn wil plaas met ander professionele persone in die hulpdienste, wat korrek sou wees. 'n Ander rede, en die vermoede is dat dit wel 'n groot rol speel, is dat pastors wat hulle eie sake betref, dikwels 'n gebrek aan vertroulikheid ondervind.

Alhoewel broederlikheid of empatie hier nie sterk na vore kom nie, is dit wel belangrik vir die studie dat ander voorwaardes, as slegs bekwaamheid, vir die predikantekorp belangrik is.

Die feit dat gesag as moontlikheid glad nie in die respons figureer nie, beklemtoon weereens watter mynvelde betree word as die kwessie van gesag aangeraak word, alhoewel dit nie vermy kan word nie.

Die volgende vraag, wat baie dieselfde klink, het ten doel om te toets watter vereistes en eienskappe in die pastorale ontmoeting verkieslik moet figureer. Die moontlike response is so gekies om verskillende moontlikhede te toets wat reeds in die kerk gebruik of aan die ontwikkel is.

Die "n-Way PROC FREQ"-toets het die volgende resultate gelewer. Na bespreking met die kundiges uit die statistiekdepartement word die kolom persentasies hier gebruik en nie die ry persentasies soos elders nie.

Predikante

Die vermoë om empaties te luister	48.57
Die vermoë om die Skrif te gebruik in die situasie	33.33
Die vermoë om op 'n geestelike reis met u te gaan	45.45
'n Opgeleide berader	57.14
'n Opgeleide mentor	47.62
'n Geestelike begeleier	36.84
'n Spesialis pastor	69.2

Leiergroep

Die vermoë om empaties te luister	51.43
Die vermoë om die Skrif te gebruik in die situasie	66.67
Die vermoë om op 'n geestelike reis met u te gaan	54.55
'n Opgeleide berader	42.86
'n Opgeleide mentor	52.38
'n Geestelike begeleier	63.16
'n Spesialis pastor	30.77

Waar empatie by die vorige vraag nie sterk na vore gekom het nie, figureer dit hier sterker, met leiergroep en pastore wat omtrent ewe sterk daarvoor voel.

Dit is opvallend dat die leiergroep dubbel so sterk voel oor die vermoë om die Skrif te gebruik as pastore (66.67 teenoor 33.33). Die rede hiervoor is nie duidelik nie en enige verklaring bloot spekulatief. Tog word die volgende met groot huiwering aangebied. Die leiergroep in die kerk is meesal pastore in hulle middeljare wat in die jare 60-80 van die vorige eeu opgelei is en 'n bepaalde Skrif en wêreldbeskouing het. Daarenteen bestaan 'n groot deel van die pastorskorp uit jonger pastore wat in die laat jare 80 tot in die vroeë jare van die nuwe millennium opgelei is. Dit kan wees dat baie pastore die rol van die Skrif anders vertolk as die leiergroep.

Die moontlikheid om op 'n geestelike reis met die predikant te gaan en die moontlikheid van 'n geestelike begeleier is ingesluit omdat dit een van die jongste neigings in die kerk is wat versterk is deur die bekendheid van die werk van Nederlandse teoloë soos Waaiman, Van Dam en Van der Meulen. Weereens heg die leiergroep meer waarde aan hierdie moontlikhede as die pastors. Dit kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat persone uit die leiergroep in die onlangse verlede meer blootstelling hieraan gehad het.

Wat die eienskappe van berader en mentor betref, heg die pastors aan berading as eienskap aansienlik meer waarde as die leiergroep (57.14% teenoor 42.86%). Die groot verskil kan daaraan toegeskryf word dat pastors wat nie die groter blootstelling kry as persone in die leiergroep nie, waarskynlik die behoefte aan spesialisasie het. In dié tyd, toe meeste van die pastors wat tans in die bediening is, was berading een van die weinige moontlikhede van spesialisasie. Die waarde wat aan die mentor toegeken word, is baie naby aan mekaar (47.62% en 52.38%). Dit kan toegeskryf word aan die feit dat mentorskap op die oomblik die saak is wat ten opsigte van pastorbediening die meeste aandag in die kerk geniet.

Die moontlikheid van die spesialis pastor kry baie meer gewig by die predikante as by die leiergroep; waarskynlik om dieselfde rede as die wat vir die berader geld (69.23% en 30.77%).

'n Opmerking moet gemaak word oor die verskil tussen die leiergroep en pastors in hierdie vraag. Dit is so dat leiers rigting aandui en die agenda van denke bepaal. Dit kan aanvaar word dat wat vandag in leiers se denke plaasvind en op hulle agendas is, in die nabye toekoms op die pastors se agendas sal kom. Dit plaas 'n groot verantwoordelikheid op die leiergroep om toe te sien dat die regte sake op die agenda kom en dat die kerk nie op die ou end met die gedagtes van individue op paaie beweeg wat nie die groot saak van die pastorale versorging van pastors tot sy reg laat kom nie.

Die laaste vraag wat in die vraelys vir pastors voorgekom het, was die vraag watter sake hulle bereid sou wees om te bespreek met 'n persoon uit 'n kerklike vergadering wat hulle pastoraal wil versorg. Geprioritiseer met 1 as hoogste prioriteit en 4 as laagste prioriteit was die respons vir elke moontlikheid as hoogste prioriteit soos volg:

Persoonlike sake	25
Gemeente sake	56
Loopbaan sake	16.67
Finansiële sake	4.47

Die resultate wys dat pastors wegskeem van persoonlike sake en eerder gemeentesake wat meer objektief en op 'n afstand is, wil bespreek. Dit word ondersteun deur die lae prioriteit vir bespreking van finansies. Die beursie is ook te naby aan die hart. Die afleiding word verder ondersteun deurdat meer pastors (29.17%) aangedui het dat die bespreking van persoonlike sake die laagste prioriteit is as die hoogste prioriteit. Dieselfde geld vir die bespreking van finansies waar 58.33% dit as die laagste prioriteit vir bespreking aandui (58.33%). Die waarneming moet saamgelees word met die groot klem wat op vertroulikheid in die pastorale optrede gelê word.

Verdere vrae aan die leiergroep

Aan die leiergroep is enkele verdere vrae gevra.

Hulle moes aandui van watter vergadering hulle voorsitter is. Die meeste van die respondente het aangedui dat hulle voorsitter is van 'n kerkrad of sinodale kommissie. Geen beduidende afleidings kan uit die respons gemaak word nie.

Hulle is gevra om aan te dui in watter mate hulle vergadering 'n verantwoordelikheid het ten opsigte van die pastorale versorging van predikante. Altesaam 60% het aangedui dat hulle vergadering 'n redelike groot tot baie groot verantwoordelikheid ten opsigte van die saak het. Die resultaat is nie van beduidende betekenis vir die studie nie.

Hulle is ook gevra om 'n prioriteit aan verantwoordelikheid toe te ken. Alle respondente (100%) wat aangedui het dat die vergadering wel 'n verantwoordelikheid het, het 'n medium tot hoë prioriteit daaraan toegeken. Dit is belangrik vir die uiteindelijke aanbevelings van die studie dat kerkvergaderings besef dat hulle 'n rol het om te speel.

Die leiergroep is gevra om die vorm wat die verantwoordelikheid het, te prioritiseer van 1 vir die hoogste prioriteit tot 6 vir die laagste prioriteit.

Die beskikbaarstelling van 'n beradingsdiens vir predikante	8.33
Mentorskap	25
Geestelike begeleiding (Hoogste gemeet is 2)	25
Pastor pastorum	50
Loopbaanbestuur	8.33
Opleiding van kerkrade vir die taak	8.33

Die beskikbaarstelling van 'n beradingsdiens meet baie laag en is op een lyn met die bevinding hierbo waar die leiergroep berading ook baie laer aanslaan as die pastors.

Mentorskap en geestelike begeleiding meet beide 25% en dit is in ooreenstemming met wat genoem is dat hierdie sake op die oomblik in die kerk in die kollig is.

Die pastor pastorum is die eerste prioriteit van 50% van die leiergroep en ondersteun die hipotese van die studie.

1. Loopbaanbestuur wat tans ook in die kollig is, meet baie laag asook die rol wat kerkrade moet speel. Die respons toon aan dat die leiergroep in die kerk na ander weë soek vir die pastorale versorging van predikante as die wat algemeen in die bedryf voorkom (loopbaanbestuur) en om dit in die hande van die werkgewer (kerkraad) te laat.

Om hierdie resultaat in perspektief te kry, word die resultate van die moontlikhede vir mentor, pastor pastorum en geestelike begeleier, wat duidelik die hoogste meet, van nader beskou.

	1	2	3	4	5	6
Mentor	25.	41.67	8.33	25		
Geestelike begeleiding		25	50	16.67	8.33	
Pastor pastorum	50	8.33	8.33	16.67		16.67

In hierdie vergelyking meet die mentor baie hoog met 75% wat dit onder die hoogste drie prioriteite aandui en geen response wat daaraan 'n prioriteit van 4 of laer aandui nie. Geestelike begeleiding word weer deur geen respondente met 'n eerste prioriteit aangedui nie, maar behaal ook 'n syfer van 75% op prioriteite 1-3 en 8.33% dui dit as 'n 5 aan. Die pastor pastorum word deur 66.66% van die respondente onder die eerste drie aangedui, maar daar is wel 16.67% wat dit as laagste prioriteit onder die gegewe moontlikhede aandui. Dit is egter duidelik dat die vorm van verantwoordelikheid wat die kerkverband vir die pastorale versorging van pastors moet aanvaar, in die rigting van hierdie drie moontlikhede gesoek moet word en waarskynlik, in die praktyk, in 'n kombinasie daarvan.

Die volgende vraag aan die leiergroep het 'n aantal ander sake aangeroeer wat die pastorskorp raak en moes in 'n keuse van 1 (raak glad nie), tot 5 (raak baie sterk) aangedui word.



Saak	G	K	N	R	S
Ongelykheid van ampte (domineeskerk)	33	8.33	8.33	25	25
Gebrek aan visie op geheel		8.33	8.33	33.33	50
Omslagtige besluitneming en bestuursprosesse		16.67	33.33	16.67	33.33
Gebrekkige versorging van ampsdraers				75	100
Die stelsel is 'n onpersoonlike stelsel		33.33	33.33	25	8.33
Die onsekerheid oor die arbeidsregtelike posisie van die predikant, arbeidswet of kerkorde	8.33	41.67	25	25	
Onsekerheid oor kerkraad as werkgewer van die predikant	9.09	45.45	36.36		9.09

Die ongelykheid van ampte wat deur feitlik elke skrywer uit die gereformeerde tradisie as groot probleem beskou word, word deur 50% van die leiergroep aangedui as 'n saak wat die pastor ervaar. 'n Groter respons is verwag.

Die gebrek aan visie op die geheel, blyk 'n baie groter probleem te wees met geen respondente wat meen dat dit pastore nie raak nie en 83.33% wat meen dat dit predikante wel raak. Die respons ondersteun ook die aanbevelings wat aan die einde gemaak sal word.

Daar word dikwels daarmee gespot dat dit in die bedryf minute deur enkelinge neem om besluite oor miljoene te neem, maar in die kerk maande deur groot getalle mense om oor eenvoudige sake soos krane en dakke te besluit. Alhoewel die respons aandui dat dit die pastor raak, is die mate wat aangedui word laer as wat vermoed is en kan verklaar word uit die feit dat elke persoon wat 'n leiersposisie in die kerk inneem, op een of ander wyse betrokke is by prosesse om die saak te verbeter en dat resultate op verskeie vlakke reeds sigbaar word.

Die respons op die saak van gebrekkige versorging van ampsdraers dui daarop dat die leierskap van die kerk deeglik bewus is van die probleem. Dit word bevestig deur die feit dat dit deur alle respondente met 'n vier of vyf aangedui is.

Die respons op die moontlikheid dat die huidige stelsel van versorging in die kerk 'n onpersoonlike stelsel is, toon dat dit 'n saak is wat die predikant wel raak. Geen respondente het aangedui dat dit nie die geval is nie, maar dit word nie as so 'n groot saak aangedui nie: Slegs 33.3% dui dit met 'n vier of vyf aan. Waar die studie wil pleit vir 'n stelsel van persoonlike episkope kan dit nie op hierdie respons daarvoor steun nie, alhoewel daar genoegsame ander redes is om daarvoor te pleit.

Die laaste twee moontlikhede het te doen met strukturele sake wat die predikant raak, naamlik die arbeidswet en die kerkorde asook die hele saak van die kerkraad as werkgewer van die pastor. Die respons dui aan dat die leiergroep

van die kerk nie van mening is dat strukturele sake die pastor so baie raak nie. Ook hier sal in die pleit vir strukturele veranderinge eerder na teoretiese en teologiese argumente as empiriese argumente gekyk moet word.

Die laaste vraag in die ondersoek het gehandel oor moontlike oplossings vir wat in die vorige vraag na vore gekom het. Die keuse moes in prioriteitsvolgorde gemaak word.

Moontlike oplossings	P
Hersiening van die kerkorde	5
Uitklaar van die arbeidsregtelike posisie van die predikant	5
Die opstel van 'n goeie bestuurshandleiding vir die bestuur van predikante (A – Z)	5
Die aanstel van persone om predikante pastoraal te versorg	15
Die herstel van die amp van ouderling in die kerk	5
'n Stelsel van persoonlike episkope in plaas van korporatiewe episkope	5
Bemagtiging van predikante om na hulle self om te sien	25
Die skep van 'n stelsel van onderlinge sorg vir predikante	35

Die respons toon aan dat die leiersgroep van die kerk in die soeke na oplossings nie struktureel nie, maar persoonsgerig dink. Dit word bevestig deur die groot ondersteuning wat persoonsgerigte moontlikhede ontvang teenoor die geringe steun vir strukturele oorwegings, soos hersiening van die kerkorde, uitklaar van die arbeidsregtelike posisie van die pastor en die opstel van 'n goeie bestuurshandleiding (saam slegs 15% as prioriteit). Opvallend is die lae meting vir die herstel van die amp van ouderling. Ook hier meet 'n stelsel van persoonlike episkope, by name genoem, laag, alhoewel die ander moontlikhede wat hoog meet: aanstel van persone, selfbemagtiging en onderlinge sorg, wel almal 'n element van persoonlike episkope insluit.

5.3 Ander empiriese navorsing rondom die pastor.

5.3.1 Die belewenis van die kerkverband deur die pastor.

In die lig van die wyse waarop die kerk die pastorskorps bestuur, moet die vraag gevra word hoe die pastor die kerk waarin hy leef en werk ervaar. Daar is gelukkig empiriese studies gedoen wat lig werp op die saak. Die een is Bisschoff en Schoeman in Kerkspieël.

Enkele bevindinge van Bisschoff en Schoeman (2000:67) is:

	Jaar	Stem beslis saam	Stem saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
Die bediening plaas my onder geweldige spanning (V. 65)	2000	9.2	32.7	14.8	36.2	7.1
	1996	8.4	35.7	24.9	27.5	3.4
	1993	10.0	36.3	12.8	33.7	7.2

Bykans 42% van pastors meen dat die bediening hulle onder groot spanning plaas. Dit is 'n afname van 4% teen 1996. Die navorser verklaar dit uit die feit dat die pastors die nawerking van die demokratisering in Suid-Afrika in 1994 verwerk het.

Die syfers stem ooreen met wat Bakker(2003:5) bevind het, naamlik dat in sy steekproef die pastors meer tevrede was om onder die arbeidswet te val as onder die kerkorde. Dit dui daarop dat pastors insien dat in die sogenaamde "Nuwe Suid-Afrika" wetgewing ook aan hulle beskerming verleen.

5.3.1 ONDERSTEUNING VAN EN HULPVERLEENING AAN DIE PASTOR.

Indien u op persoonlike vlak hulp nodig het, tot watter mate sou u wou steun op ...?

	Tot 'n groot mate				Glad nie
U kerkraad (V. 167)	6.7	21.9	23.3	25.9	22.2
'n Lidmaat/ouderling uit u gemeente (V. 168)	16.9	39.1	18.3	14.2	11.5
Ringskollegas (V. 169)	7.7	32.4	21.2	22.3	16.4
Die ringskommissie (V. 170)	2.4	13.7	23.1	30.1	30.8
'n Ander leraar (V. 171)	16.0	43.7	20.8	12.0	7.5
Sinodale fasiliteerders (V. 172)	5.1	22.3	27.0	23.8	21.9
Gespesialiseerde hulp van iemand wat nie 'n formele (of amptelike kerkverbintenis het nie)	30.9	37.2	16.3	9.2	6.4

Dit is volgens hierdie bevindings duidelik dat pastors as hulle hulp nodig het, dit nie in die kerk sal of wil soek nie. Dit vertel iets as pastors wat preek vir en werk aan 'n geloofsgemeenskap waar daar liefde en begrip moet wees, self nie bereid



is om hulle ondersteuning daar te gaan soek nie. Wat die syfer nog meer ontstellend maak, is dat Bakker (2004) bevind het dat 71% van pastors tevrede is om onder die arbeidswet te val, aangesien dit hulle meer sekuriteit bied. Dit korreleer met Bisschoff en Schoeman dat pastors hulp soek by mense en instansies wat niks met die kerk te doen het nie.

Vergelyk in hierdie verband die opmerking van Plomp vroeër dat die ouderling as hulp vir die pastor dikwels laaste in aanmerking kom. Kerkspieël maak ook die opmerking dat die konflik in die verwagtinge van gemeentede oor die rol van die leraar en die leraar se selfverstaan van sy rol, nie lig geskat moet word nie.

Pienaar (1996) het die volgende bevind:

Die bestuursliggame waarbinne die pastor primêr funksioneer, is die kerkraad, ring en sinode(s). Pienaar gee die volgende inligting. Op 'n vraag hoe die pastor die verskillende vergaderings beleef, is persentasiegewys soos volg gerapporteer:

	<i>Onseker</i>	<i>Onaangenaam</i>	<i>Baie onaangenaam</i>	<i>Totaal</i>
Kerkraad	17,7	8,7	2,5	28,9
Ring	24,7	15,7	14,8	55,2
Sinode	28,8	13,8	5,61	48,22

Dit is opmerklik dat beide studies bevind het dat die pastor die minste vertroue in die kerklike orgaan het wat, naas die kerkraad, die naaste aan hom is. Dit is tot nou toe nog 'n onbeantwoorde vraag, waarom die Ring so laag aangeslaan word deur pastors. Dit is tog 'n ideale geleentheid vir die pastor om in kleingroepomstandighede, buite die normale werksituasie, die gemeenskap van gelowiges te beoefen.

Kerkvergaderings (Bisschoff en Schoeman 2000:73).

	Jaar	Stem beslis saam	Stem saam	Onseke r	Stem nie saam nie	Stem beslis nie saam nie
Ek het die afgelope sitting van ons Ring positief beleef (V. 96)	2000	11.9	46.6	13.9	17.4	10.1
	1996	11.6	41.2	14.2	22.6	10.3
Ek het die afgelope sitting van ons	2000	18.7	52.5	11.1	12.0	5.7



"Streeksinode" positief beleef. (V. 97)	1996	13.3	45.0	14.1	16.3	11.3
--	------	------	------	------	------	------

Daar is 'n styging van 5% in die positiewe beleving van kerkvergaderings deur die pastor. Dit kan grootliks daaraan toegeskryf word dat feitlik alle vergaderings doelbewus gepoog het om die vergaderings sinvol en ook geestelik in te kleur.

Ek is baie gelukkig as pastor van die gemeente (V. 51)	2000	43.1	41.8	9.0	5.5	0.7
	1996	20.8	65.9	10,7	2.3	0.3
	1993	55.1	33.5	6.4	4.2	0.9

Die syfers wys dat die getal pastors wat gelukkig is in hulle gemeentes afgeneem het sedert 1993, maar toegeneem het sedert 1996. Dit kan verklaar word uit die stabilisering van toestande sedert 1996 en die feit dat pastors langer in hulle gemeentes is. Tabel 425 (Kerkspieël 2000:54) toon dat 40.5% van pastors graag nou van gemeente sou wou verwissel terwyl net 31% tevrede is met die huidige beroepstelsel.

Feit is dat syfers daarop dui dat die pastor die milieu waarbinne hulle leef en werk, negatief beleef. Uit die oogpunt van 'n pastorale bewoënhed teenoor pastors, lyk dit asof dit geensins die saak dien om deur middel van sinodale besluite 'n plek aan 'n vergadering te probeer toeken, waarin die eindgebruiker (die pastor in die geval) geen vertroue het nie. Trouens, dit blyk dat daar selfs weerstand daar teen is.

Daar is 'n diskrepansie tussen die bevindings van Kerkspieël 2000 en die eie ondersoek wat ses jaar later onderneem is. Die eie ondersoek toon dat pastors verkies om deur die kerk pastoraal versorg te word en dat die ring nie so negatief deur pastors beleef word nie. Die rede vir die verskil is nie voor die hand liggend nie. Dit is egter waar dat die kerk die afgelope ses jaar begin werk het aan die pastorale versorging van pastors en dat die prosesse begin deurwerk na individuele pastors. Daarmee saam gaan die vaartbelyning van kerklike prosesse wat ook besig kan wees om deur te werk.

Die wyse waarop die vraag gestel word, kan ook bydra tot verskillende antwoorde. Die vraag in die studie se vraelys het gehandel oor die ontvanklikheid van persone uit bepaalde vergaderings. Dit is op een lyn met die uitgangspunt van die studie dat die kerkverband 'n verantwoordelikheid het. As die verantwoordelikheid nagekom word en 'n persoon uit 'n aangewese vergadering kom die pastor besoek, in watter mate sou so 'n persoon uit so 'n vergadering welkom wees? Kerkspieël weer gee, in geval van persoonlike behoefte, die verskillende vergaderings as opsies. Hierdie navorsing beskou dit

as 'n gegewe en Kerkspieël toon 'n meer demokratiese styl. Die verskillende benaderingswyses kan lei tot verskillende resultate.

Die feit van verskillende resultate toon wel aan dat die hele saak van pastorale versorging deur die kerkverband nie 'n hopelose saak is nie. Die sukses gaan grootliks daarvan afhang of die benadering organisatories/struktureel gaan wees en of dit persoonsgerig en in dienskneggestalte gaan wees.

Die waarneming van pastors op byeenkomste toon dat die syfers aansienlik kan verskil, afhangende van die tydstop waarop die vrae gevra word. Die Sinodale Bestuurskommissie van Wes-Transvaal het aan die begin van 2005 'n byeenkoms gehou waartydens daar ruim geleentheid gegee is vir pastors om hulle harte uit te praat. Die gees wat daar geheers het, sou die bevindinge van Pienaar en Bisschoff en Schoeman weerspieël het. 'n Soortgelyke gesprek wat aan die einde van 2005 plaasgevind het, het eerder die bevindinge van begin 2006 weergegee. 'n Broederkring van die Ring van Potchefstroom in Maart 2006 het weer eerder die gees van 2000 weerspieël.

Gevolgtrekkings.

Die empiriese ondersoek wil die *wie* en die *wat* met die *waar* en die *wanneer* verbind. In watter mate het die ondersoek daartoe gehelp?

1. Die empiriese ondersoek bevestig die aanname dat daar 'n behoefte aan pastorale versorging by pastors is.
2. Die pastor verkies om deur die kerk pastoraal versorg te word.
3. Dit maak vir die pastor, die ontvangers van die pastorale versorging, nie regtig saak uit watter kerklike vergadering die sorg kom nie, alhoewel sorg uit 'n vergadering wat verder as die streeksinode van die predikant af is, waarskynlik oneffektief sal wees.
4. Dit blyk dat 'n gebrek aan 'n visie op die geheel, 'n groot probleem is in veral kerke uit die gereformeerde tradisie.
5. Oplossings vir die pastorale sorg van predikante sal persoonsgerig sowel as struktureel gerig moet wees.

6. Die wyse waarop die kerk haar pastors bestuur.

6.1 Inleiding.

Die basiese vraagstelling van die studie is: *Wie* doen *wat*, ten opsigte van *wie*, *waar*, *wanneer*, *waarom* en *hoe*? (Heitink 1993:154) word steeds gevolg. In hierdie hoofstuk gaan dit steeds om die vraag *hoe* en die doel daarvan is om die *wie* en *wat* met die *waar* en *wanneer* te verbind (Heitink 1993:212) ten einde 'n nuwe praktyk daar te stel. In hoofstuk 3 is besin oor die beginsels wat toegepas behoort te word wanneer die kerk een van haar belangrikste bates bestuur naamlik die pastorskorps. In hierdie hoofstuk gaan daar gekyk word na wat die kerk in sy amptelike dokumente: die Kerkorde en besluite van die Algemene Sinode, oor die pastor skryf. Daarna sal dit wat tans op sinodale vlak gebeur, bespreek word. Daar gaan gelet word op nuwe tendense in die bestuur van die pastorskorps. Terminologie wat dikwels in hierdie hoofstuk gaan voorkom sluit in: versorging, begeleiding, heelwees en bedieningsvreugde.

6.2 Die kerkorde.

Die kerkorde is die dokument wat die duidelikste riglyne gee oor die wyse waarop nie net die kerk nie, maar ook die pastorskorps bestuur word. Die kerkorde is nie 'n statiese dokument nie, maar word voortdurend aangepas na die vereistes van die tyd. Vir hierdie bespreking word gebruik gemaak van die Kerkordes wat op die Algemene Sinodes van 1998, 2002 en 2004 goedgekeur is.

6.2.1 Opmerkings.

Die kerkorde bestaan uit 70 artikels. Daarvan word 10 aan die pastor gewy en slegs 3 aan ouderlinge en diakens tesaam. Oor die arbeid van die kerk is daar slegs 10 artikels in die kerkorde en oor die dienswerk van gelowiges slegs een! Die bedienaars van die Woord word bespreek in artikels 5-14, en kom ook ter sprake in artikels 23-28. Die getal uit die totaal, die verhouding met die ander ampte asook die plasing van die artikels oor die pastor aan die begin van die kerkorde, dui op 'n oorbeklemtoning van die pastor.

Van die artikels wat oor die pastor handel (10), het 5 te doen met die wyse waarop 'n persoon pastor word, 3 het te doen met hoe 'n pastor se bediening anders as deur dood of emeritaat beëindig word. Daar is twee wat handel oor die pligte van die pastor. Daar word geen riglyne verskaf oor hoe 'n pastor begelei kan word om in die bediening te bly nie.

Artikel 5.1 wat oor die vereistes vir die amp handel, noem as eerste vereiste "geskiktheid". Daar is geen omskrywing oor wat die geskiktheid behels nie. In

die reglement vir opleiding en legitimasie (Kerkorde 2002:79) word die volgende vereistes gestel:

“Die toelating geskied op grond van:

4.1.2.1 `n Skriftelike verklaring van die kandidaat met betrekking tot die redes waarom die evangeliebediening as roeping gekies is asook sy persoonlike geloof en ondervinding van die genade van God.

4.1.2.2 `n Gemotiveerde skriftelike verklaring van die kerkraad aangaande die kandidaat se kerklike meelewing.

4.1.2.3. `n Onlangse vertroulike verslag van die kandidaat se leraar.

4.1.2.4. `n Skriftelike verklaring dat die kandidaat se attestaat/bewys van lidmaatskap ingelewer is by die gemeente waar hy lidmaat is.

4.1.2.5. Deurlopende skriftelike verslae aangaande mediese en sielkundige welstand, minstens twee maal tydens studie.”

Artikel 5.3.2 stel dat die kuratorium verantwoordelik is vir die keuring van kandidate. Daar is geen aanduiding in die artikels of in die reglement van hoe die keuring plaasvind nie. Skynbaar is die enigste keurmaatstaf die motivering wat die kandidaat self aanbied. Daar is in hoofstuk 2 reeds aangetoon dat die motiewe nie op sigwaarde geneem kan word nie. Vir baie persone is die ideaalbeeld waarvolgens keuses gemaak word nie geldig nie as gevolg van onbewuste teenstrydighede.

Artikel 6 plaas die verlening of wegneem van ampsbevoegdheid in die hande van die Algemene Regskommissie. Dit is inderdaad korrek dat alle sake rakende ampsbevoegdheid op een sentrale plek gesetel moet wees.

Artikel 9 wat die pligte van die pastor omskryf, is tans die onderwerp van baie diskussie in die kerk en sommige punte is in stryd met ander besluite wat die Algemene Sinode geneem het en wat in die kerkorde opgeneem is. So bepaal artikel 9 dat die leraar moet leiding gee aan kerkraadsvergaderings, terwyl dit volgens artikels 26 en 28 nie noodsaaklik vir die pastor is om op die kerkraad te dien of voorsitter daarvan te wees nie. Die onduidelikheid rondom die artikel sal ter wille van die pastor en die gemeente opgeklar moet word.

Artikel 11 weerspreek homself. Aan die een kant stel die artikel dit dat `n pastor die kerkdien net om ernstige en gewigtig redes mag verlaat en in die volgende paragraaf word aan kerkrade toestemming gegee om `n pastor net vir `n bepaalde termyn in diens te neem.

Dicks (2002:204) bespreek die artikel soos volg: “Die gebruik in die Nederduitse Gereformeerde Kerk is dat 'n voltydse bedienaar van die Woord nie vir 'n beperkte termyn nie, maar onbepaald beroep word, spruit na alle waarskynlikheid voort uit artikel 11 van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1998b).

Die oorspronklike hoofdoel van die artikel was dat die roeping tot die pastorsamp 'n gewigtige saak is en nie sonder ernstige en gewigtige redes neergelê kan of mag word nie, en dat hierdie beginsel beskerm moet word. By baie gereformeerde kerke moet 'n aansoek om die amp neer te lê eers deur die kerkverband beoordeel/goedgekeur word. Prinsipiëel is dit heeltemal korrek. Daarom begin die artikel met die stelling dat die bedienaar van die Woord sy lewe lank aan die kerkdienste verbonde is. Nêrens word die indruk geskep dat 'n bedienaar van die Woord glad nie die amp mag neerlê nie.

Die bedienaar van die Woord het egter 'n lewensroeping (roeping van God) wat nie sonder meer verlaat mag word nie. Die vraag is of beroeping vir 'n beperkte termyn hierdie beginsel noodwendig aantast. Mag die kerk redeneer dat die beroeping vir 'n beperkte termyn saamhang met die beskikbaarheid van fondse en daarom nie hoef te raak aan die roeping van die beroepene nie? In gevalle soos behandel in artikel 12 van die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1998b) word implisiet erken dat die roeping tot 'n bepaalde gemeente of werkkring beëindig kan word as die betrokke standplaas nie die bedienaar van die Woord kan dra of geskik is vir die standplaas nie. Sou hierdie beginsel ook kan geld wanneer 'n bedienaar van die Woord nie vir langer as 'n bepaalde termyn in die betrokke kring gedra kan word nie? Is dit 'n geldende beginsel as dit vooraf, en nie agterna nie, vasgestel word?"

Na sy bespreking kom Dicks (2002:205) tot geen gevolgtrekking oor die artikel nie. Hy meld slegs dat die kerk ernstig oor die vraagstukke wat die artikel op die tafel plaas, sal moet besin, onder andere ook in die lig van die nuwe arbeids-wetgewing.

Dicks se huiwering om tot 'n besliste gevolgtrekking oor artikel 11 te kom, is verstaanbaar. Daar is die praktiese situasie wat dit noodsaak dat sekere poste net vir sekere tydperke gevul word. Dit kan egter lei tot 'n situasie waar die pastor van die kerk moet hoor dat hy aan die een kant 'n lewenslange roeping het, maar aan die anderkant dat hy net tydelik werk het. Met al die begrip vir die situasie wat die artikel die lig laat sien het, bly dit onverstaanbaar dat die kerk in so 'n kort artikel met die loopbaan van talle pastors kan afreken. Dit is 'n skrale troos dat die besluit bygevoeg is by 11.3 wat lui: "*Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy gehad het voor hy in die pos bevestig is.*" Die kernvraag is: Wat help ampsbevoegdheid as daar nie die geleentheid is om dit uit te oefen en in die nodige lewensmiddele te voorsien nie?

Hierdie artikel plaas egter 'n ander saak op die tafel wat meer in die fokus van die studie val en dit is die volgende: Geen persoon kan pastor word sonder die kerkverband nie en dit is ook reg so. Indien so 'n persoon egter die bediening wil

verlaat, is die kerkverband geensins betrokke nie. Dit bevestig die kritiek teen die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel dat dit die pastor op kritieke oomblikke alleen laat (sien 3.2.1.2.).

Die navorser wil saam met Dicks konkludeer dat daar deeglik oor hierdie artikel en die sake wat dit op die tafel plaas besin word, maar die boodskap wat hierdie artikel aan pastors uitstuur, is negatief en die artikel behoort gesuspendeer te word totdat deeglike besinning daarvoor plaasgevind het. Die besinning behoort egter nie rondom artikel 11 alleen plaas te vind nie, maar rondom die posisie van die pastor in die kerk as geheel, sodat daar nie weer 'n antwoord op die tafel geplaas word wat slegs nóg 'n simptomatiese oplossing is nie.

Nog 'n vraag is of hierdie artikel en besluit toegepas kan word? Indien 'n pastor die bediening wil verlaat en die ring besluit die redes is nie gewigtig genoeg nie, gaan dit die pastor in die bediening hou?

Artikel 12 handel breedvoerig oor hoe die pastor uit diens gestel kan word. Die rede vir die uitvoerige behandeling is sekerlik die aantal hofsake waarin die kerk al oor die saak betrokke was en waarin die kerk baie in terme van skadevergoeding en geloofwaardigheid verloor het. Hierdie artikel is waarskynlik die mees omstrede een in die kerkorde, nie net oor die aantal hofsake wat al uit die toepassing van die artikel gespruit het nie, maar oor die spanning wat hierdie artikel met die burgerlike reg skep. Dicks (2002:207) skryf soos volg oor hierdie artikel: "Spesifieke reëlings in die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk sal herevalueer moet word, ten einde ernstige gevolge wat dit vir die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde kerk inhou, af te weer. Ondersoek na Kerkordereëlings het byvoorbeeld al gelei tot die herformulering van artikel 12 by die Algemene sinode van 1998a. Die artikel oor diensverhoudinge moes op grond van Skrifbeginsels en teologies verantwoorde formuleringe aangepas word (NGK 1998b:4-8). Dit was noodsaaklik dat die diensbeëindiging, soos behandel in artikels 12 en 13, duideliker omskryf word en ook op een lyn gebring word met kerkordelike reëlings met betrekking tot tugoptrede soos dit in hoofstuk vyf van die Kerkorde verwoord word. En verder: "As redes vir herformulering van artikel 12", word aangevoer dat *"dit geblyk het dat die hele diensverhouding van die bedienaar van die Woord in die gemeente na aanleiding van die nuwe arbeidswetgewing hierby in berekening gebring moes word."* (NGK 1998a:340.) Daar is ook aangevoer dat vanuit *"'n regs oogpunt gesien, dit onaanvaarbaar is dat 'n bepaalde gemeente werkgewer is en die kerkverband (ring en sinode) die finale sê het ten opsigte van uitdiensstelling."* (NGK 1998a:340.)" Hierdie opmerkings van Dicks beklemtoon die hele dilemma waarin die kerkverband en pastor hulle bevind ten opsigte van kerklike reëlings en die landswet. Die saak is nog nie opgelos nie en die pastor is op die oog af die grootste verloorder in die saak, alhoewel die kerkverband op die langtermyn die meeste skade gaan ly.

Coertzen (NGK 2002b:ii) skryf: "In hierdie Kerkorde kom verskeie belangrike sake na vore. Van die belangrikstes is dat die NG Kerk sy reg om sy eie interne orde te reël, bevestig; verder word gereël dat geen lidmaat, ampsdraer of amptenaar in die Kerk hulle op die burgerlike reg sal beroep voor hulle nie eers al die kerklike middele tot hulle beskikking benut het nie en dan word daar weer 'n groter gesag aan die ringe toegeken in allerlei sake betreffende die orde in die kerk onder meer die opsig en tug oor ampsdraers."

Daar kan geen fout gevind word met die opmerkings van Coertzen nie, dit is prinsipiële korrek. Daarvoor moet egter twee opmerkings gemaak word. Eerstens, as dit in konteks geplaas word, wys dit die tekortkominge van die kerkorde, en meer spesifiek, die wyse waarop die pastorskorp bestuur word. Tweedens, in enige botsing tussen kerkorde en arbeidswet, sal die arbeidswet wen. Die kerk sal dus ernstige pogings moet aanwend om die spanning tussen kerkorde en wet finaal op te los.

'n Beoordeling van die kerkorde moet nie net gevra word of dit getrou is aan die Skrif en die belydenisskrifte nie. Daardie vrae kan met vrymoedigheid bevestigend beantwoord word. Die vraag is nie net of dit prinsipiële korrek is nie, maar ook of dit pastoraal toepasbaar is. In dié opsig skiet die kerkorde van die NG Kerk te kort. Vervolgens sal gelet word op die wyse van toepassing van hierdie beginsels.

6.2.2 Die toepassing van die kerkorde.

In die toepassing van die kerkorde het daar twee dinge gebeur wat 'n radikale verandering in die situasie gebring het.

Die eerste was die Wet op Arbeidsverhoudinge (wet 85/95) wat arbeidsverhoudinge in Suid-Afrika op 'n ander grondslag geplaas het en die tweede die Schreudersaak ([J273/97](#)). Ds. Schreuder is in 1996 deur die Ring van Roodepoort ingevolge artikel 12 van die kerkorde van die gemeente Wilgespruit losgemaak. Na 'n mislukte appél na die Sinode van Wes-Transvaal in 1997 het hy hom tot die arbeidshof gewend wat in 1999 uitspraak in sy guns gelewer het en aan die **kerkverband**, en nie aan die gemeente nie, opdrag gegee het om aan hom werk te verskaf. Gedurende die tyd van die hofsaak (1998) het die Algemene Sinode (NGK 1998:340) besluit dat die kerkraad die primêre werkgewer van die pastor is en verantwoordelik is vir alles wat verband hou met die pastor se diens. Hierdie besluite is geneem vóór die uitspraak in die Schreuder saak en die besluite is ook aan die regter in die saak voorgelê wat daarvan kennis geneem het, maar, ten spyte daarvan, in ds. Schreuder se guns uitspraak gelewer het. Hierdie besluite van die Algemene Sinode in 1998 het tot gevolg gehad dat die vetoreg en ook die toesighoudende rol wat die Ring gehad het, verdwyn het.

Hierdie twee sake het verskeie vraagstukke na die oppervlak gebring wat die pastor regstreeks raak. Dit het geblyk dat die Kerkorde van 1998 onversoenbaar was met die nuwe arbeidswetgewing (Coertzen 2002:126).

Uit die hoek van die arbeidsreg gesien, is dit onaanvaarbaar dat 'n bepaalde gemeente die werkgewer van die pastor is, maar as dit by dissiplinêre optrede en ontslag kom, die kerkverband (ring en sinode) die finale seggenskap het.

Daar moes duidelikheid verkry word oor die verhouding tussen diensbeëindiging, soos in Artikels 12 en 13 van die Kerkorde omskryf word, en tugmaatreëls soos omskryf in hoofstuk 5 van die Kerkorde.

Artikel 9 van die Kerkorde moet verhelder word. Is dit 'n taakoms krywing van die pastor of beskryf dit net die karakter van die amp? Indien dit wel 'n taakoms krywing is, dan bring dit die beroepsbrief in gedrang, want in die beroepsbrief is daar geen verwysing na die Kerkorde nie.

Wat is die aard van die verhouding tussen pastor en gemeente? Is dit 'n werkgewer-werknemer-verhouding, of is die pastor in diens van God? Hooggeregshofuitsprake oor die saak is konflikterend van aard. Verplig die blote feit dat daar na die Algemene Sinode van 1998 (NGK 1998:340) dienskontrakte bestaan, nie die kerkverband om al die bepalings van die arbeidswet en ander verbandhoudende wetgewing na te kom nie?

Die kerk het gehoop dat met die besluit dat die kerkrad die werkgewer van die pastor is, enige moontlikheid van aanspreeklikheid van meerdere vergaderings in terme van skadevergoeding en hofkoste vermy kon word. Die Schreuder-uitspraak het die hoop beskaam. Volgens Coertzen (1991:127) stel die kerkorde en die aard van die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel meerdere vergaderings en hulle gevolmagtigdes nie vry van skadevergoeding en regskoste nie.

Hierdie twee gebeurtenisse het skielike en verreikende implikasies vir pastor en gemeente ingehou. Skielik moes gemeentes personeelkommissies aanstel en kerkrade en pastors moes kontrakte met mekaar sluit. Hierdie ontwikkeling het negatiewe gevolge gehad vir die posisie waarin die pastor hom bevind. Die nuwe bedeling in die kerk waarvolgens die kerkrad die primêre werkgewer van die pastor is, is 'n verskraling van die siening en posisie van die pastor. Personeelkommissies wat veronderstel is om na die pastor om te sien, is tevrede as daar 'n dienskontrak met die pastor bestaan. Dit verskraal die verhouding tussen pastor en gemeente tot 'n kontraktuele verhouding. Dit plaas die pastor en gemeente in 'n posisie waarin die ruimte vir die liefde en wedersydse begrip en omgee vir mekaar, soos die evangelie dit vereis, deur wetlike vereistes beperk



en gereguleer word. Hierdie situasie maak die behoefte aan pastorale sorg vir die pastor wat in hierdie onseker posisie verkeer, net nog meer akueel, want in die woorde wat Nouwen (1990:83) gebruik: die pastor is nou nog meer alleen.

In 2002 het die Algemene Sinode teruggegaan op die besluite van 1998 en weer die posisie van die Ring herstel, nie net ten opsigte van die beroeping van pastors nie, maar ook ten opsigte van die toepassing van die tug (vergelyk artikels 31 en 62.2 in die kerkordes van 1998 en 2002 (NGKerk 1998b en 2002b)).

Waar laat die besluite van 2002 die pastor? Aan die een kant is hierdie besluite positief en 'n stap in die regte rigting. Dit is 'n beweging in die rigting dat die kerkverband verantwoordelikheid sal aanvaar vir die mense wat die sinode tot die bediening toegelaat het. Dit is in ooreenstemming met wat hierdie studie wil bepleit. Dit is baie moeilik om hierdie redelik dramatiese ommekeer, wat stilweg en sonder enige geskiedenis in die kort tydperk van vier jaar plaasgevind het, anders te interpreteer. Dit is egter net 'n halwe tree in die regte rigting. Die kerk sal nog die volle pad moet loop en, sonder dat daar enige onduidelikheid is, moet verklaar dat die kerkverband verantwoordelikheid vir die versorging van die pastor aanvaar. Aan die ander kant werk hierdie besluite negatief in op die pastor. Die pastor is na 2002 in 'n swakker posisie as voorheen omdat die dubbelslagtigheid wat daar bestaan in die manier waarop die kerk sy pastors bestuur, nie opgeklaar is nie, maar eerder vererger het. Dit laat nie net die pastor in 'n lugleegte nie maar ook die kerkraad. As die kerkraad geen seggenskap het oor wie tot die bediening toegelaat word nie en op die ou end ook nie die mag het om 'n pastor uit diens te stel nie, laat dit die kerkraad en pastor ongelukkig in die posisie dat daar nie van veel meer as 'n kontraktuele verhouding sprake kan wees nie. Die een ding wat hierdie dubbelslagtigheid tot gevolg het, is die gebrek aan sekuriteit in die verhouding tussen kerkraad en leraar. Die implikasies daarvan vir die pastor spreek vanself. Die teenargument is dikwels dat 'n liefdesverhouding nie gereguleer kan word nie. Vir baie jare al is dit die kritiek teen die kerkorde dat dit sinodokrasie in die hand werk. Alhoewel mens heelhartig met die argumente saamstem en juis nie die verhouding tussen pastor en gemeente wil reguleer nie, moet daarteen gewaak word dat dít wat geskryf word, nie presies dít wat dit wil voorkom in die hand werk en juis 'n liefdesverhouding tussen kerkraad en gemeente verhinder nie. Verder klink die bewoording van hierdie besluite na regsterme, wat mens moet verwag in 'n kerkorde, maar daar is nie sprake van enige pastorale sorg in hierdie koue gereglementeerde formuleringe nie.

Dit is duidelik dat die laaste woord oor die regsposisie van die pastor en die kerkraad as werkgewer nog nie gespreek is nie. Die kerk sal hierdie saak as van die van hoogste prioriteit moet hanteer, want so lank as wat die dubbelslagtigheid bestaan, sal dit die posisie van pastors bemoeilik.

Wanneer begin word met die evaluering van die kerkorde, moet in gedagte gehou word dat slegs die artikels wat oor die pastor handel ter sprake is en nie die hele kerkorde nie. Verder moet in ag geneem word dat hierdie nie 'n studie in kerkreg is nie, maar in pastoraat en dat daar vanuit hierdie hoek daarna gekyk word.

Die belangrike vraag is: Wat kan mens uit hierdie hoek van die kerkorde verwag? Rossouw (1979: 5) skryf dat die kerk te maklik te veel riglyne stel, dat die mondigheid van die gelowiges bevoog word en dat dit moeilik raak om die kerk tussen al die reglemente te vind. In ooreenstemming hiermee meen Heitink (2002:228) dat daar nie van 'n kerkorde verwag kan word om op alle vrae antwoorde te gee nie, maar wel dat dit die *ruimte* moet skep vir *ontwikkeling* van sowel die pastor as die gemeente. Dit is dan ook die uitgangspunt van hierdie evaluering, nie dat daar meer geskryf moet word nie, maar of dit wat geskryf is die ruimte vir ontwikkeling van die pastor skep. Wanneer Heitink (2002:228) die ontwerpkerkorde van die Verenigde Protestantse Kerk in Nederland beoordeel, is hy verheug om te kan meld dat, anders as by ouer kerkordes, die invalshoek nie die ampte is nie, maar die gemeente. Met die plasing van die artikels in ons eie kerkorde en die oorwig van artikels oor die pastor, kan met reg gesê word dat die uitgangspunt van die kerkorde die ampte is en dan met name die pastor. Dit is 'n fout. Daarmee word die pastor op 'n plek in die kerk geplaas waar hy nie hoort nie. Enige persoon of amp, ook buite die kerk, wat nie reg geplaas is nie, kan nie reg funksioneer nie. Die persoon wat die amp beklee, asook die instansie wat hy dien, ly daaronder. 'n Pastor in 'n oorheersende rol kan nie ontwikkel nie, want die las is te swaar. 'n Gemeente waar die pastor 'n te groot rol speel, kan ook nie ontwikkel nie, want die persoon wat die leiding moet neem en die katalisator moet wees, het nie meer energie om dit te doen nie. Waar hierdie studie handel oor die swaarkry en versorging van pastors, is dit die rol van die kerkverband om toe te sien dat die pastor sy regmatige plek in die kerk inneem en nie die oorheersende plek soos tans die geval is nie.

Daar is baie pastors in die kerk wat die kerkorde as 'n bedreigende en beperkende faktor in die bediening sien. Die bedreiging word ook deur lidmate gesien wat meen dat die kerk hulle deur die kerkorde reglementeer en manipuleer. Dié siening word nie gedeel nie en kritiese opmerkings oor die kerkorde moet nie in die lig verstaan word dat kerkordes die kerk in die Middeleeue vasgeketting hou nie.

In die driehoek waarbinne die profiel van die pastor beskryf word (hoofstuk 2), gee die kerkorde feitlik uitsluitlik aandag aan die amp van die pastor en dit is ook nodig, maar die feit dat daar min of geen fokus op die persoon of beroep van die pastor is nie, maak dit ongebalanseerd. Die kerkorde maak dus in die opsig nie voorsiening vir een van die vereistes wat Heitink aan die kerkorde stel nie,

naamlik beroep en persoonlike ontwikkeling.

6.2.3 Gevolgtrekkings.

- Die Kerkorde van die NG Kerk staan op goeie teologies verantwoorde grondslag, alhoewel dit te ampsgerig is en die gemeente nie tot haar reg kom nie.
- In die toepassing van korrekte beginsels word die pastor op teenstrydige wyse bestuur.
- Die kerkorde dra daartoe by dat die pastor 'n te belangrike posisie in die kerk inneem, en nie die van dienskneg nie.
- Die probleem is dat die ampte die uitgangspunt van die kerkorde is en nie die gemeente nie. Daardeur dra die kerkorde daartoe by dat die NG Kerk in 'n groot mate 'n domineeskerk is.
- Die onopgeklarede spanning tussen kerkorde en arbeidswet, laat beide werkgewer (kerkraad) en werknemer (pastor) in 'n lugleegte en verskraal tans die verhouding tussen pastor en gemeente tot 'n kontraktuele verhouding.
- Die kerkorde maak nie genoegsaam voorsiening vir die persoonlike of beroepsontwikkeling van die pastor nie.

6.3 Besluite van die Algemene Sinode.

'n Tweede wyse om vas te stel hoe die kerk sy pastorskorps bestuur, is om kennis te neem van die besluite van die Algemene Sinode. Dit sou 'n studie op sy eie wees om besluite oor die pastor deur die jare na te vors. Vir doeleindes van hierdie studie word slegs die besluite van 2004 te Hartenbos weergegee.

1.11.3 BEDIENINGSBEVOEGDHEID - goedgekeur soos in C12.2:

Die ARK versoek die Algemene Sinode om 'n klein Taakspan van kundiges aan te wys (en daarvoor te begroot) wat 'n omvattende ondersoek moet doen oor onder andere:

1. alle sake rakende die toetrede tot die bediening en die behoud van bedieningsbevoegdheid;
2. die problematiek rondom die pastor "*as werknemer van die kerkraad*" aan die een kant en sy ampsbevoegdheid kragtens sy legitimasie en bevestiging aan die ander kant;
3. of daar sekere bedieningstake (bv sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer kan word;
4. die moontlikheid van verskillende kategorieë van pastors, beide wat opleiding, legitimasie en verantwoordelikhede betref;
5. verdere sake deur die Algemene Sinode geïdentifiseer en verwys na die taakspan vir ondersoek.

Hierdie ondersoek moet spoedeisend afgehandel word met verslag en afhandelingsbevoegdheid aan die ASK."

Hierdie besluite toon dat die kerk bewus is van die talle vraagstukke rondom die amp en bevoegdheid van pastors en dit wil oplos. Die volgende aanbeveling word gedoen in A-Z(2007:29):

"Daar word in die lig van bogenoemde voorgestel dat:

- (1) weggedoen word met die hele konsep van bevoegdheid as proponent;
- (2) besluit word dat persone wat gelegitimeer is en voldoen aan die vereistes gestel in Bepaling 2.1 van Reglement 3, naamlik as iemand wat: *"2.1.1 die innerlike roeping van die Here ontvang het, 2.1.2 die teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop het, en 2.1.3 aan 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe en die geskiktheid vir die bediening onderwerp is..."* bekend staan as 'n predikant;
- (3) besluit word dat aan so 'n persoon al die bevoegdhede verleen word wat in Artikel 9 beskryf word, met dien verstande dat sekere van die bevoegdhede net uitgeoefen kan word wanneer die uiterlike roeping gestalte vind in die beroeping na 'n gemeente. Hier word verwys na die regering, organisasie, leiding en bestuur van die gemeente saam met die ouderlinge en diakens; die uitoefening, saam met die ouderlinge en diakens, van die opsig en tug oor die gemeente en die gee van leiding aan kerkraads- en ander kerkvergaderinge;
- (4) teologiese studente wat hulle studies voltooi en aan die vereistes voldoen, georden word as predikante en diensbaar gestel word aan die kerkverband, maar ook aan die sending van die kerk aan die wêreld.
- (5) 'n predikant telkens met die aanvaarding van 'n beroep in die nuwe werkkring, georden word as uitdrukking van die uitwendige roeping.

6.5.2 Motivering

1 Die wegdoen met die konsep van bevoegdheid as predikant, verlos die kerkverband van uiters komplekse prosedures om die onderskeie bevoegdheidsregisters by te hou en telkens veranderings aan te bring na gelang van die situasie.

2 Die wegdoen van die konsep van bevoegdheid as predikant, los die onhoudbare situasie op dat predikante nie sakramente mag bedien nie en bied dus 'n antwoord vir die anomalie dat daar tans 'n onderskeid in die NG Kerk bestaan tussen Woord- en Sakramentsbediening. Die belydenisskrifte handhaaf die gelykheid van Woordbediening en Sakramentsbediening en verskeie gereformeerde kerke onderskei nie bevoegdheid om die Woord te bedien van die bevoegdheid om sakramente te bedien nie.

3 Die belangrike rol van uitwendige roeping hoef nie vertolk te word in 'n ander benaming nie. Daar is geen rede hoekom persone wat gelegitimeer

is nie as predikante bekend kan staan nie. Die uitwendige roeping vind nie neerslag in 'n benaming nie, wel in bediening.

4 Die groeiende besef van die belang van missionêre kerkwees het ingrypende gevolge vir die verstaan en verruiming van die rol van ampte en in die besonder die rol van die predikant. Predikante word nie net opgelei om bestaande gemeentes in stand te hou nie, maar ook om as gestuurdes deel te neem aan God se sending na die wêreld. Die beroeping na 'n gemeente is nie die enigste vorm van uitwendige roeping nie. Die taak teenoor die wêreld kan ook beteken dat die kerkverband al sy gelegitimeerdes beskikbaar stel om op verskillende wyses deel te neem aan God se sending na die wêreld."

Drie verdere besluite van die Algemene Sinode handel juis oor die ontwikkeling, bediening en begeleiding van pastors.

"30. PASTORS : PERSOONLIKE ONTWIKKELINGSPLAN

30.1 Versoek Aigemene Diensgroep Gemeentebediening (Pastorsbediening) in samewerking met Taakspan Diensverhoudinge (ADOD) om 'n persoonlike ontwikkelingsplan vir pastors op te stel vir die roeping, rol en uitkomste van pastorwees.

30.2 Hieruit kan riglyne vir groei-evaluasie en begeleiding opgestel word om opgeneem te word in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge."

31. PASTORSBEDIENING (Taakspan) - die Aigemene Sinode besluit dat die werksaamhede van die Kommissie vir Pastorsbediening (= Taakspan Pastorsbediening) op 'n vaste basis en met dieselfde opdrag bly voortbestaan.

32. PASTORSBEGELEIDING

1. Die Aigemene Sinode bevestig dat:

1.1 die deurlopende begeleiding en 'n versorging van sy pastors 'n prioriteit (wesens) saak van die kerk is;

1.2 die Bedieningsvreugdemodel as 'n holistiese program onmiddellik in al die sinodes van die kerk geïmplementeer moet word;

1.3 'n pastorsbegeleidingstaakgroep deur die Sinode aangestel word om die proses oorhoofs te bestuur en te koördineer. Dit neem nie weg dat elke sinode van die prosesse op 'n eiesoortige manier kan implementeer nie.

2. Die Sinode besluit voorts dat die taakgroep verdere ondersoek doen na:

2.1 'n Praktiese stelsel van standplaaswisseling en/of verplasings;

2.2 die oorhoofse bestuur van die proses vanuit 'n sentrale kantoor (dalk saam met GDO)."

6.3.1 Opmerkings.

Dit blyk dat die kerkorde en die sinode parallelle paaie stap as dit kom by die bestuur van die pastor. Die sinode het in sy besluite erken dat die begeleiding en



versorging van pastors 'n wesensaak vir die kerk is, en met besluite oor persoonlike ontwikkeling en mobiliteit het die kerk treë gegee in 'n rigting wat die swakpunte in die kerkorde op die agenda geplaas het. Die vraag is: Wie moet lei: die kerkorde of die sinode? Die Algemene Sinode van die NG Kerk is in die eerste plek 'n beleidsinode (Rossouw 1979:23). Daaruit kan afgelei word dat die sinode die besluite moet neem en beleid bepaal wat dan neerslag moet vind in die kerkorde. Dus moet gewag word om te sien *of* en *hoe* die jongste gedagtes in die kerk neerslag vind in die kerkorde. In die *voorwoord* van die Kerkorde (2004:i) skryf Niemandt soos volg: "Hierdie *Kerkorde, Bepalings, Reglemente en Kerkordelike Riglyne en Besluite (2004)* staan in die teken van 'n omvangryke transformasieproses in die Algemene Sinode van die NG Kerk. Die sinodesitting wat geboorte gegee het aan hierdie proses, het reeds heeltemal anders gelyk en gefunksioneer as vorige sinodesittings. Besluite van dié sinode het 'n nuwe pad ingelui wat poog om die werksaamhede meer visioenêr in te rig. Die Sinode het gekies om die kerk te lei om op alle vlakke vanuit haar roeping te dink, te besluit en te leef.

Die feit dat dit 'n transformasieproses is, beteken dat daar nog nie klaar gedink is oor en klaar geformuleer is aan alle werksaamhede van die Algemene Sinode nie. Daarom moet hierdie Kerkorde verstaan word as 'n uitdrukking van die ooreenkoms wat deelnemende sinodes met mekaar het om nog verder saam te reis en nog dieper te vra na die wil van die Here. Dit is daarom nie finaal nie en bevat heelwat reëlings wat in die loop van die proses, meer presies omskryf sal word. Uiteraard vra so 'n proses baie geduld, begrip en liefde van elke lidmaat, gemeente, ring en elkeen van die sinodes wat saam die kerkverband vorm."

Wat hiermee ook duidelik word, is dat die kerk nie kan wag vir die kerkorde om te kom voorskryf hoe pastors pastoraal begelei moet word nie, maar dat die kerk en pastors self in hulle denke aan die sinode en kerkorde moet leiding gee oor wat geskryf moet word.

6.4 Prosesse in die verskillende sinodes rondom die versorging van pastors.

Die kerkorde en besluite van die Algemene sinode is nou in oorsig geneem en geëvalueer. Die volgende stap is nou om te kyk wat gebeur op sinodale en grondvlak met die versorging van pastors.

Daar is tans dwarsdeur die kerk op sinodale vlak prosesse aan die gang waarin sinodes besin oor hulle doel en funksie in die kerk. In hierdie prosesse kom pastorsbediening as 'n relatiewe nuwe verskynsel by.


Sedert die begin van hierdie studie in 2001 het daar baie in die kerk gebeur rondom die pastor. Daar is byvoorbeeld in 2005 vir die eerste keer in die NG Kerk



se geskiedenis 'n byeenkoms gehou vir alle gelegitimeerdes van die kerk. Die belangstelling daarvoor is geweldig groot. Verslae uit sinodale gebiede dui daarop dat ongeveer 85% van all pastors die byeenkoms van 20-23 Junie 2005 in Bloemfontein bygewoon het. In elke sinodale gebied is daar tans pastors aan die werk wat 'n passie vir hulle kollegas se welsyn het. Die Algemene Kommissie vir Pastorsbediening se vergadering wat op 25 en 26 Mei 2005 in Skuilkransgemeente in Pretoria gehou is, bied 'n oorsig van wat in die verskillende sinodes op die terrein van die versorging van pastors gebeur.

Wanneer in ag geneem word dat, as dit by pastorsbediening kom, daar in werklikheid geloop word waar daar geen spore is nie, is hier iets merkwaardigs besig om te gebeur. Die feit dat daar dwarsdeur die kerk pastors is wat die nood raaksien en kan artikuleer, maak die deur oop vir die korrekte benadering van die nood. Ook wanneer verkennende gesprekke gevoer word oor die oplossings is dit duidelik dat daar nie net diepgaande denke besig is om plaas te vind nie, maar ook insig in vereistes vir die pad vorentoe besig is om te ontwikkel. Ook hier getuig terme wat gebruik word van daardie insig. Onder daardie terme tel "heelwees" en "bedieningsvreugde" wat die naam van die algemene sinode se model vir pastors begeleiding het. Ook die verandering in terme dui op 'n groei en ontwikkeling in 'n positiewe rigting.

Op hierdie tydstip is 'n kort woord nodig om die geskiedenis en ontwikkeling van pastorbieding in die NG Kerk aan die hand van die onderstaande skets te maak.



Pastorbieding het ontstaan aan die linkerkant van die normaalposisie (wel), toe al meer mense bewus begin word het van die simptome wat by pastors bestaan en die behandeling wat baie ontvang. Vroeë dood is nie 'n algemene verskynsel in die NGK Kerk nie, die "In Memoriam"-gedeelte van die Jaarboek getuig daarvan. Vroeë diensverlating is wel. Pastorbieding is gebore om die simptome te behandel. Mettertyd is besef dat die simptome nie alleen behandel kan word nie, maar voorkom moet word. Toe is die term *versorging* van pastors algemeen gebruik. Bieding en versorging bring die pastor egter net weer by die middelpunt van normaal, uit en dit is net halfpad op pad na God se bedoeling waarom Hy mense tot sy diens roep. Om daar uit te kom sal die pastor *begelei* moet word om aan die regterkant van normaal in die skets by *bedieningsvreugde* uit te kom. Al hierdie terme is egter voorlopige terme en dui slegs op die lig wat die kerk op hierdie oomblik het. In 'n snelveranderende wêreld skyn daardie lig nie verder as vyf jaar die toekoms in nie. Hier is daar egter 'n woord van waarskuwing nodig. Verandering in terme en klem beteken nie dat ander sake finaal afgehandel is nie. Soos omstandighede verander, sal nuwe vraagstukke na vore kom en oues weer belangrik word. Daarom moet die kerk nooit dink dat die werk aan die linkerkant van die skets ooit afgehandel sal wees nie. 'n Nuwe geslag pastors gaan weer die pyn en frustrasies van voor af beleef. Waar daar tans 'n lewendige debat in die kerk aan die gang is oor die gehalte en suiwerheid van teologiese opleiding, kan dit verwag word dat daar binnekort 'n geslag pastors in die kerkgaan wees wat nie genoegsaam toegerus is vir die eise van die bediening nie. Indien dit realiseer, sal baie van die simptomatiese behandeling weer nodig word. Mens kan verwag dat indien die begeleidingstaak ordentlik uitgevoer word, dit baie van die skok van die bediening kan versag, maar dit nooit heeltemal kan wegvat nie. Die sisteem wat ontwikkel word, sal beslis 'n herhalende funksie moet hê, amper soos die "loop until esc" in 'n Powerpoint aanbieding. Verder moet die kerk daarteen waak dat daar slegs simptomatiese behandeling van die probleme van die pastor plaasvind.

Vervolgens sal enkele sake wat uit besprekings na vore gekom het, behandel word.

6.4.1 Die eenheid waarbinne die pastor versorg moet word.

In die presbiteriaal-sinodalestelsel was daar nog nooit 'n vergadering wat spesifiek aangewys is om pastors te versorg nie. Uit die aard van dié stelsel is dit duidelik dat die plaaslike gemeente die primêre plek is waar dit moet plaasvind. Al die sinodes aanvaar dan ook hierdie rol van die plaaslike gemeente, maar daar word tog gesoek na 'n breër eenheid waarbinne versorging kan plaasvind. Die Sinode van die Oos-Kaap stel dit dat gemeentes ook op breër vlak kan saamwerk deur as ringe gesamentlike projekte aan te pak. Die Hoëveld Sinode is in 5 streke/hubs/megaringe ingedeel. In elkeen van hierdie megaringe is 'n span wat bestaan uit: 'n pastor pastorum, 'n fasiliteerder en mentor. Die naam van die span is: Vennote in Bedieningsvreugde. Die sinode van Wes-Transvaal is ingedeel in 4 streke wat ook as megaringe beskou kan word en waar in elke span ook 'n pastor is wat verantwoordelik is vir pastorbediening. Namibië plaas die persoons- en roepings/bedieningsbegeleiding van pastors as die direkte verantwoordelikheid van die kerkraad of ander toepaslike kommissies in wie se diens die betrokke leraar is. Wanneer dit egter by begeleiding en toerusting kom, raak meer as die gemeente self betrokke en speel die kerkverband 'n groter rol. Daar word dus binne die raamwerk van die gereformeerde tradisie gesoek na die korrekte plek om die versorging van pastors te plaas en dit is tradisioneel die kerkraad en die ring. Dit blyk egter dat daar wyer gekyk word as die tradisionele deur moontlikhede, wyer as die eng ringsverband (megaringe/streke), te gebruik. Dit blyk uit die empiriese ondersoek in hoofstuk 5 dat die toerusting van kerkrade om pastors te versorg en die herstel van die amp van die ouderling in die kerk, nie baie hoog op die prioriteitslys van moontlike oplossings is nie.

6.4.2 Die rol van die sinode in die versorging van pastors.

Wanneer na die breër eenheid vir versorging gesoek word, kom die sinode telkens ter sprake. Die funksies wat in die verband aan die sinode toegeken word is onder meer om:

Visioenêre leierskap aan die gemeentes te verskaf;

Gemeentes te begelei in hul strewe om hul roeping in hul plaaslike omstandighede uit te leef;

Deur navorsing die inligting te versamel en leiding te gee;

Die sinodale werksaamhede effektief te bestuur (Oos-Kaap).

Die skep van 'n sentrale/oorhoofse kantoor (ASK).

Uitklaring van die rol van die kerkverband en kerkraad (ARK).

Die keuring, toelating en begeleiding van teologiese studente (AKTO).

Die formuleer van die karakter/wese van *kerk* waartoe leraars en kerkrade in hul verstaan van kerkwees begelei moet word (AKG)

Ondersoeke na wat deur voortgesette opleiding die aandag behoort te geniet en hoe dit kan inskakel by die verwerwing van krediete (AKTO) (Noordelike Sinode).

Die voorlegging van die Noordelike Sinode wys nie net die invloed van die konteks op die wyse waarop pastors versorg word uit nie, maar ook watter invloed en verryking verskillende benaderings op die proses kan hê. Waar die Wes-Kaapsevoorlegging baie visioenêr is, is Noord-Transvaal baie deeglik, prakties en baie goed in die geskrewe aanbieding.

6.4.3 Die noodsaaklikheid vir 'n pastor om van werkkring te verander.

Alle sinodes raak die kwessie van die mobiliteit van die pastor aan. Waar dit duidelik is dat die huidige beroepstelsel onbevredigend is, geniet die uitbreiding daarvan deur die proses van standplaasverwisseling in die kerk 'n lae prioriteit en is dit die algemene gevoel dat die saak moeilik bestuurbaar is.

6.4.4 Onderlinge sorg tussen pastors.

Onderlinge sorg tussen pastors is by elke sinodale gebied 'n belangrike saak, maar die toepassing daarvan is ten nouste gekoppel aan die eenheid waarbinne die pastorale sorg van pastors moet plaasvind.

6.4.5 Koste.

Koste blyk telkens 'n probleem te wees. Die Hoëveld Sinode het drie opsies uitgewerk waarbinne pastors fisies besoek kan word. Daar word bereken vir spanbesoeke, mentorbesoeke en pastor pastorumbesoeke. Die aantal besoeke en koste wissel van 134 besoeke per span teen R380 000 tot 34 besoeke per persoon teen R30 000. Daar kan met reg vrae gevra word oor die druk wat dit op reeds streng begrotings gaan plaas en die vereistes wat dit gaan stel aan die kapasiteit van leraars wat almal ook aan gemeentes gekoppel is. Dit geld ook die toewysing van fondse. Dit is tans feitlik onmoontlik vir 'n kommissie om meer as een vergadering per jaar te hou. Die vraagstuk rondom fondse is reeds aangespreek (Sien 3.4.3(iii)).

6.4.6 'n Verbintenis van die hele kerkverband tot die saak.

'n Verbintenis behels meer as goedklinkende besluite in die notules van sinodes. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek omskryf die begrip as 'n verbond, belofte, getekende verpligting, ooreenkoms, kontrak. Dit is opmerklik dat in al die sinodale streke daar deeglik kennis geneem word van besluite van die Algemene Sinode en dat streeksinodes doelbewus poog om die versorging van pastors te inkorporeer by breër beleidsraamwerke. Dit is ook reg dat dit so is. Dit wys dat ten spyte van bevindings dat 48.7% van pastors die sinodes nie positief beleef nie, die sinode tog nog belangrik vir die pastor is en dat die pastors steeds na hierdie vergaderings opkyk vir leiding en dit ook graag wil volg. Dit is duidelik dat dwarsdeur die kerk die besef begin posvat dat die meerdere kerkvergaderings tot diens moet wees van die gemeentes omdat wat in die gemeentes gebeur, bepaal wat met die kerk gebeur. Dit geld ook die saak van die pastorale versorging van pastors.

Aangesien streeksinodes en pastors graag besluite wat die Algemene Sinode en ook ander sinodes oor die versorging van pastors neem wil gehoorsaam, plaas dit 'n verpligting op die vergadering wat die besluit neem om dit uit te voer of toe te sien dat dit uitgevoer word. Op die oomblik is dit geen uitgemaakte saak dat die versorging van pastors 'n permanente plek op die agenda sal inneem nie. Daar is tans soveel strukturering en herstrukturering aan die gang en telkens word die versorging van pastors rondgeskuif.

6.4.7 'n Holistiese/omvattende benadering is nodig vir die versorging en begeleiding van pastors.

In dié opskrif word twee begrippe gebruik, holisties en omvattend. Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek beskryf omvattend as: Insluitend; breedvoerig. Dit beteken dat 'n benadering nodig is wat die hele bediening van 'die pastor insluit: van roeping tot emeritaat en daarna. 'Holistiese benadering tot die versorging van pastors beteken aanvaarding van die standpunt dat die geheel meer as die som van die dele is. Vir die studie beteken dit dat die pastor altyd meer is as die elemente wat onderskei kan word in enige dokument. Hy is ook volledig mens.

In dié verband is daar bepaalde probleme met die benadering wat tans in die AKPB en met die bedieningsvreugdemodel gevolg word. Die uitgangspunt is op die mentorbeginsel gegrond. Dit is nie die bedoeling om die mentorstelsel te bevraagteken of die belang daarvan enigsins te minimaliseer nie, maar dit is 'n verskraling van die bediening aan pastors. Die bedieningsvreugdemodel wil 'n omvattende benadering wees, maar in terme van tyd en energie word meeste aandag aan die mentorstelsel gegee. In die elektroniese nuusbrieff van die SKPB

van Wes-Transvaal van Junie 2005 word gevra dat pastors hulle moet aanmeld om mentors te wees. Dan word die volgende omskrywing van 'n mentor gegee:

WAT MENTORSKAP NÍÉ IS NIE:

- pastoraat*** (my kursivering)
- opsig/tug
- vervanging van broedersbyeemkomste
- 'n onderlinge op-"check" van mekaar
- sinnelose/doellose tydmors
- willekeurige raadgewing
- 'n verhouding van: meerderes/minderes en ervare/onervare persone

Hierdie studie gaan oor *pastoraat* aan pastors en mentorskap wil dit nie wees nie. Mentorskap is wel 'n belangrike deel van 'n holistiese benadering, maar pastoraat is net so belangrik. Die kerk sal daarteen moet waak om 'n ongebalanseerde benadering te volg wat 'n vals skyn van 'n holistiese benadering wek.

Die rede vir die moontlike skeeftrekking van die bediening aan pastors is dat die kerk op die oomblik op 'n gefragmenteerde wyse met pastors werk. Daar is die AKPB, daar is die A-Z Taakgroep van die Algemene Sinode. Die Taakgroep vir gemeentebediening werk ook daarmee en dan is daar ook nog die Kommissie vir Fondse. Al hierdie verskillende kommissies en taakgroepe doen goeie werk. Veral die taakgroep wat besig is om 'n A-Z Handleiding vir die pastor te skryf, is besig om die grondslag te lê vir 'n werklik omvattende benadering tot die hele bediening aan die pastor, maar die feit bly staan dat die pastor steeds op gefragmenteerde deur die kerk bestuur word en nog nie ten volle holisties nie. Vir die saak om effektief te funksioneer, sal al die drade iewers op 'n punt bymekaar gebring moet word.

'n Verbintenis tot hierdie saak deur die Algemene Sinode is belangrik en sal aan hierdie werk 'n permanente plek op die kerk se agenda gee en die nodige kapasiteit verskaf om die werk te kan doen.

6.4.8 'n Gesentraliseerde of gedesentraliseerde benadering?

Hierdie is een van die belangrikste verskille, en daarmee ook vrae, wat uit die verskillende sinodale gebiede op die tafel geplaas is. Verskeie sinodes neem die plaaslike gemeente as uitgangspunt in versorging (Oos-Kaap en Namibië) en ander die sinode (Noord-Transvaal en Wes-Transvaal).

Argumente ten gunste van desentralisasie.

Dit pas in by die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel.



Die plaaslike gemeente is die primêre plek waar die liggaam van Christus sigbaar tot stand kom en werk om die Koninkryk uit te brei.

Die verskillende kontekste waarin pastors werk, maak verskillende benaderings noodsaaklik.

Die persoons- en roepings- of bedieningsbegeleiding van pastors is die direkte verantwoordelikheid van die kerkraad of 'n ander toepaslike kommissie in wie se diens die betrokke leraar is.

Argumente ten gunste van sentralisasie.

Sentralisasie sal die fragmentering wat tans bestaan, in die hantering van pastors in die NG Kerk uit die weg ruim. Senge (1990:19) gee 'n voorbeeld om die punt te illustreer. Amerikaanse motorvervaardigers het 'n Japannese motor uitmekaar gehaal om te probeer vasstel waarom Japannese motors meer betroubaar teen laer koste is as hulle Amerikaanse mededingers. Hulle het dieselfde grootte bout drie keer op die enjinblok gevind wat drie verskillende komponente vashou. Op die Amerikaanse model is dieselfde drie komponente deur drie verskillende boute vasgehou wat drie verskillende sleutels benodig om dit los te draai. Dit het die vervaardiging stadiger en duurder gemaak. In Amerika is drie verskillende ontwerpers gebruik wat elkeen net vir hulle komponent verantwoordelik was. In Japan was een ontwerper vir die hele enjin verantwoordelik. In Amerika het drie ontwerpers gedink hulle is suksesvol want die bout het sy werk gedoen. Hulle was onbewus van wat gebeur as verskillende afdelings in interaksie gaan. Toegepas op die kerk beteken dit dat nege verskillende sinodes elkeen met sy eie werk besig is en dink dat dit goed gaan, want dit werk. Intussen word die wiel herhaaldelik uitgevind.

Sentralisasie sal die Algemene Sinode en streeksinodes help om nuutgeformuleerde doestellings te bereik, soos om:
visioenêre leierskap aan die gemeentes te verskaf;
gemeentes te begelei in hul strewe om hul roeping in hul plaaslike omstandighede uit te leef;
deur navorsing die inligting te versamel en leiding te gee;
die sinodale werksaamhede effektief te bestuur.

Sentralisasie sal 'n meer uniforme en duidelike gestalte aan die werk gee. Die kritiek word vandag meermale teen die NG Kerk uitgespreek dat sy beeld onduidelik of dof is en dat daar geen duidelikheid in standpuntinname en beleid is nie. In die wêreld daarbuite word al meer gesentraliseer. Die bankwêreld dien hierin as voorbeeld. Intussen is die kerk besig om te desentraliseer. Dit is baie moontlik dat die kerk in die situasie kan beland dat 'n groot stuk werk wat met groot moeite en koste gedoen is, nie effektief gaan wees nie.

Soos verskeie kere in die studie aangetoon, is dit nie altyd nodig om keuses tussen sake te maak om by 'n effektiewe bedieningsmodel uit te kom nie. In

Bischoff en Schoeman (2000) is daar 'n nuwe vraag (73) bygevoeg waarop respondente nie voorheen 'n mening moes gee nie. Die stelling lui "Die sinode is daar om gemeentes in hulle bediening by te staan, sonder om voor te skryf." Daarop het 82.3% respondente positief gereageer. Soos ook hierbo aangetoon is, wil pastors graag die leiding van sinodale kant af volg.

Die gevolgtrekking word dus gemaak dat in 'n holistiese benadering tot die versorging van pastors daar sterk sentrale leierskap sal moet wees, met genoegsame buigsaamheid om desentralisasie, soos vereis, optimaal te benut. Op sentrale vlak moet die beleid en die parameters duidelik vasgelê word waarbinne sinodes, ringe en kerkrade dan in eie konteks die ruimte het om eie inisiatief te kan neem. Op hierdie tydstip is daar 'n groter behoefte aan sterk sentrale leierskap.

'n Belangrike onderskeiding moet gemaak word tussen diensverhoudinge ('n regsak), versorging ('n pastorale saak) en begeleiding ('n meer loopbaansgerigte saak – Namibië). Die onderskeid tussen die drie sake, maar ook hulle samehang, is van kardinale belang vir die kerk in die struktuurgewing van die saak .

Gevolgtrekkings

Uit die voorleggings wat by die AKPB gemaak is, is dit duidelik dat die kerk weet wat die nood van die pastor is. Terme soos uitbranding, alleenheid en lewensmoegheid dui daarop dat daar diep oor die saak nagedink word, heel waarskynlik ook oor die pyn van lede se eie belewenisse. Dit moet egter onmiddellik gekwalifiseer word: Die persone betrokke by die AKPB en by elke sinode se SKPB is almal pastors. Mens kan dus met veiligheid sê dat die pastors van die NG Kerk bewus is van die problematiek van hulle beroep en dat hulle dit op hierdie stadium goed verbaliseer. Die onbeantwoorde vraag is of die lidmate en die res van die leierskorps (ouderlinge en diakens) daarvan bewus is. Aangesien dit op hierdie oomblik onbekend is, word voorlopig volstaan met die bekende: die pastors se eie uitdrukking van hulle nood en situasie.

Sake wat tans op die agenda van die kerk is wanneer die versorging van pastors bespreek word, is:

- Die eenheid waarbinne die pastor versorg word.
- Die rol van die sinode en kerkverband in die versorging van pastors.
- Die noodsaaklikheid vir pastors om van werkskring te kan verander.
- Onderlinge sorg tussen pastors.
- Koste.
- Die noodsaaklikheid van 'n verbintenis deur die hele kerkverband tot dié saak.
- Die noodsaak van 'n holistiese benadering tot die versorging van pastors.

- Die noodsaak van 'n gesentraliseerde en ongefragmenteerde benadering met genoegsame buigsaamheid vir desentralisasie om in plaaslike behoeftes te voorsien.

6.4.9 Die A-Z Handleiding.

Daar is verskeie verwysings gemaak na die A-Z Handleiding aangaande predikante van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Dit is gepas om hier enkele opmerkings daarvoor te maak.

Die Algemene Sinode het in 2004 (sien 6.3) 'n opdrag aan 'n taakgroep bestaande uit kundiges gegee om oor sekere sake navorsing te doen. Die resultaat het neerslag gevind in 'n beleidsdokument onder hierdie titel wat in 2007 aan die Algemene Sinode voorgelê is vir goedkeuring. Nog voordat die verslag voor die sinode kon dien het dit al opslae gemaak en is die moontlikheid selfs genoem dat sinodes daarvoor uit die kerkverband kon tree (Jackson 2007a:4.) Die besware teen die dokument sluit onder meer in dat dit 'n manier is waarop funksies wat by kerkrade hoort, soos om 'n predikant te orden, na 'n gesentraliseerde sinodale instelling geneem word. Die sinode het dan ook by voorbaat die dokument verwerp (Jackson 2007b:12). Die sterk gevoel van die sinode van Noord-Kaapland onderstreep die uiteenlopende standpunte binne die kerk oor feitlik enige saak en is ook in stryd met wat in 6.4.8 tans bepleit word oor die behoefte aan sentralisasie in die NG Kerk wanneer dit kom by die pastorale versorging van pastors. Uiteindelik is die verslag goedgekeur, maar sekere dele wat onder meer handel oor die behoud van bevoegdheid, is terugverwys vir verdere studie.

Wanneer hierdie dokument in die lig van hierdie studie geëvalueer word, moet eerstens onthou word dat dit 'n dinamiese dokument is wat in beginsel en in die praktyk beslis in die toekoms gaan verander (A-Z 2007:2). Daarom behoort beslissings oor die dokument nie by voorbaat geneem te word nie.

Die dokument erken die belangrikheid van die pastor vir die NG Kerk en erken dat holistiese denke oor die pastor nie langer uitgestel kan word nie (A-Z 2007:2).

Die studie voldoen aan een van die sake wat dikwels na vore kom in die studie en dit is 'n omvattende benadering van die kerkverband tot haar pastors (sien 1.6.2 en 4.5).

Nadat die Algemene Sinode sekere besluite oor die dokument geneem het, is die bestuur van die pastors in die kerk steeds fragmentaries en dit sal in die toekoms steeds aandag geniet.

Op hierdie stadium is die bevinding egter dat die dokument baie van die sake, wat die pastor raak, behandel het en 'n grondslag gelê het wat, as dit geïmplementeer word, 'n beter bedeling vir die pastor in die kerk kan meebring en die kerk as geheel die grootste wenner sal wees.

6.4.10 Samevatting.

Hierdie hoofstuk het ook op gebreke gewys.

Eerstens: Gebreke in die kerkorde waarvolgens die kerk bestuur word en tweedens: Die manier waarop die NG Kerk se pastorskorps versorg word.

Hierdie is struktuurvrae wat dringende aandag moet geniet. Dit is tog wesenlik deel van die kerk se taak om hierdie strukturele probleme op te los. In die Formulier vir die Bevestiging van die Diakens staan daar; "Verlig ook die omstandighede wat tot die nood aanleiding gee." (NGKerk, 1988:113). Die kerk wil daarmee sê dat nie net *nood* die nodige aandag moet kry nie, maar ook die strukture wat die nood veroorsaak.

Daar is ook gewys op hoopvolle ontwikkelings op streeksinodevlak wat, as dit grondslag kan vind in amptelike beleid en in die kerkorde, die geleentheid vir pastors kan skep om werklik vennote in bedieningsvreugde te word.



7. Afsluiting.

7.1 Samevatting.

Hierdie studie is onderneem rondom die probleemstelling:

As gevolg van gebrekkige pastorale versorging van die predikantekorps van die NG Kerk deur die kerkverband is predikante dikwels op hulleself aangewese en ervaar meermale alleenheid. As gevolg van ontwikkelings in die samelewing en in die kerk beweeg hulle ook al meer op die periferie van mense se lewens en die samelewing. Dit het tot gevolg dat daar by predikante 'n vervreemding van hulle roeping en onsekerheid bestaan oor hoe hulle roeping in bepaalde omstandighede en in bepaalde kontekste uitgeleef moet word.

Daaruit is die volgende navorsingshipotese geformuleer:

Wanneer die **kerkverband pastors pastorum** aanstel, as 'n **noodsaaklike** onderdeel van 'n **omvattende benadering** tot die **pastorale versorging** van die **predikant**, sal predikante met nuwe selfvertroue, meer kompetensie en groter gesag hulle roeping uitlewe.

Die studie is aangepak rondom die metodologiese vraag: *Wie doen wat, ten opsigte van wie, hoe, waar, wanneer, waarom?* Wat het die studie aan die lig gebring?

Wie doen wat?

Die NG Kerk werk volgens die presbiteriaal-sinodalestelsel van kerkregering.

- Elke pastor en gemeente is, alhoewel selfstandig, ook verbonde aan die NG Kerk en die kerk van Christus as geheel.
- Die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel is nie die enigste wyse waarop die kerk bestuur kan word nie en is ook nie onfeilbaar nie.
- Die swakhede in die stelsel het veral 'n negatiewe uitwerking op pastors wat in die stelsel 'n buitengewoon belangrike plek verkry het.
- Die stelsel van korporatiewe episkope is ontoereikend in die huidige omstandighede

Oor episkope

- Die diens van episkope staan Skriftuurlik vas, maar die gestalte daarvan hang van *plek, tyd* en *omstandighede* af. In kerke met 'n episkopale karakter berus die episkope by die biskop en het 'n persoonlike karakter.

- Daar is 'n breë konsensus dat hierdie episkope uitgevoer kan word op 'n sinodaal-kollegiale wyse, **of** op 'n episkopaal-persoonlik wyse. Dit is nie nodig om dit in die gestalte van die biskop alleen toe te pas nie.
- Dit is noodsaaklik om die stelsel van korporatiewe episkope in die NG Kerk aan te vul met 'n stelsel van persoonlike episkope.
- Die funksie van episkopé moet op alle vlakke van die kerk se lewe toegepas word.

Oor die biskop

- Die amp van biskop is nie vreemd aan die Skrif nie.
- Die biskop en ouderling is nie dieselfde amp nie, eerder die biskop en pastor.
- Die besware teen die biskop in gereformeerde kringe berus nie op Skrifgegewens nie, maar op die verworping daarvan in die eerste vier eeue.
- Die nood van die tyd het 'n rol gespeel in die ontstaan en ontwikkeling van die amp van biskop en moet vandag ook 'n rol speel.
- Daar is wel sekere elemente in die amp van biskop wat nie in 'n gereformeerde kerk aanvaar kan word nie. Dit sluit veral in: hiërgargie, sakramentalisme en heilsbemiddeling.
- Daar is egter ook elemente in die amp van die biskop, waarteen die gereformeerde tradisie nie besware het nie en wat selfs nodig mag wees, veral vir die nakoming van die kerkverband se verantwoordelikheid teenoor haar pastors. Dit sluit in:
 - Die behoefte aan 'n *boplaaslike figuur, wat oor meer as een gemeente se grense heen spesifiek met pastors kan werk.*
 - 'n Figuur wat werklik met gesag en bevoegdheid (amptelik) kan optree.
 - 'n Ware pastor pastorum.
 - 'n Figuur wat kan meehelp aan die behoefte van samehorigheid onder pastors.
 - Wat ware leiding kan verskaf.
 - Iemand wat met ware ontferming kan omsien na herders wat geen herder het nie.
 - Dit hoef nie noodwendig 'n biskop te wees nie, maar eerder 'n nuwe skepping wat na aanleiding van lyne uit die Skrif 'n ampsdraer kan wees.

Oor ampsdiens

Die pastor doen al sy werk as ampswerk, daarom maak dit logies sin dat die pastor ook op amptelike wyse versorg moet word. Daar is aangetoon dat die ouderling nie die bes aangewese persoon is om die pastor pastoraal te versorg nie. Daar moet dus gekyk word na ander wyses soos onderlinge sorg en ook die

skep van 'n bo-plaaslike figuur soos die pastor *pastorum*. Dit kan nie net gaan oor wat die pastor wil hê nie, maar oor wat goed is vir hom of haar.

Wie doen wat, ten behoeve van wie?

In hierdie gedeelte is gekyk na die predikant of dan, die pastor.

- Die term pastor is verkies bó die van dominee of predikant.
- Daar is nie 'n definisie van 'n pastor gegee nie, maar twee hoofmomente in wat die pastor doen, is onderskei: verkondiging en hulpverlening.
- Die pastor is omskryf in terme van die driehoek: persoon, bekwaamheid en bevoegdheid.
- Die *roeping* van die pastor word as grondliggend tot hierdie driehoek beskou.

Roeping

- Die roeping van die pastor lê ten grondslag van alles wat die pastor doen.
- Roeping is 'n roeping tot 'n totale bediening *in, aan* en *deur* die geloofsgemeenskap en nie net *tot* 'n deel van die bediening, veral prediking, nie.
- Die *particularis* van die pastor se roeping is die geloofsgemeenskap.
- Die inwendige roeping moet ook deur die uitwendige roeping van die kerk bevestig word.
- Die funksionele benadering tot die roeping moet afgewys word, maar ruimte moet geskep word vir 'n roeping wat die koninkryk en die wêreld in fokus het.
- Om die pastor pastoraal te kan ondersteun, moet die driehoek: persoon, beroep en amp in ewewig wees.

Persoon

Daar is nie bepaalde persoonlikheidstipes wat 'n mens geskik maak om 'n pastor te wees nie. Elke persoonlikheidstipe bring sy eie positiewe en negatiewe bydrae tot die bediening.

- Vir die persoon van die pastor is selfaanvaarding, introspeksie en deurleefde spiritualiteit van kardinale belang in die bediening.
- Psigologiese en sosiologiese motiewe speel 'n rol in die besluit om die persoon te laat aanmeld vir die bediening. Die motiewe kan nie op sigwaarde aanvaar word nie.
- Die kerk het 'n keuringsbeleid nodig om kandidate te begelei om hulle roeping te verstaan en hulle plek in die liggaam van Christus te onderskei.
- Die persoon van die pastor word al hoe belangriker en dit is noodsaaklik dat die pastor begelei sal word om die samehang tussen persoon, amp en beroep te verstaan en te balanseer.
- Dit is die taak van die kerkverband om die pastor te bemagtig om dit te doen.



Bekwaamheid

- Die pastor is 'n opgeleide teoloog wat tekste en mense se verhale kan lees en hermeneuties kan integreer.
- In die beroep van die pastor word al meer klem geplaas op die deskundigheid van die pastor. Dit is 'n noodsaaklike ontwikkeling wat die weg vir spesialisasie oopmaak.
- Wanneer hierdie klem egter oorgaan in professionalisering, word die pastor 'n funksionele en, helaas, beperkte deskundige.
- Die volgende kompetensies is aangeteken:

Sagen: Hiermee word bedoel die pastor as *getuie*. As boodskapper(*keryx*) wil die pastor met sy hele wese 'n Heer(*kyrios*) aankondig (Jentsch, 1989:55).

Sorgen: Dit beteken *besorgdheid*. Die pastor is in die naam van Jesus *besorg* oor die saak van God, terwyl hy terselfdertyd mense ernstig neem (Jentsch, 1989:63).

Geben: Dit beteken *begenadig*. Die pastor mag nooit minder wees as die gawes wat hy ontvang het nie. Die pastor moet ook daarmee rekening hou dat die Heer met nulle somme kan maak en ook daaruit iets kan skep (Jentsch, 1989:61).

Amptelike kompetensie. Geen pastor kan sy roeping uitleef sonder om ook die amptelike bevoegdheid van die geloofsgemeenskap te verkry nie.

Hermeneutiese kompetensie.

Kommunikatiewe kompetensie.

Mistagogiese kompetensie.

Selfaanvaarding

Introspeksie

'n Deurleefde spiritualiteit.

Integriteit

- Daar is bevind dat by die pastor *persoon* en *bekwaamheid* grootliks ooreenstem. Die pastor is dus 'n persoon waar die *wie* hy is nie geskei kan word van *wat* hy *doen* nie. Dit is meer so ten opsigte van die pastor as in ander beroepe en dit dra by tot stres en uitbranding en verhoog die behoefte aan pastorale versorging. Vir die pastor geld: *Wie* hy is, is *wat* hy doen

Bevoegdheid

- Die bevoegdheid (amp) speel 'n belangrike rol in die identiteit van die pastor. Daarvoor is voortgaande bespreking nodig.
- Alhoewel dit nie beredeneer is nie, is dit 'n uitgangspunt dat Jesus Christus die Groot Ampsdraer is wat 'n enkelvoudige amp beklee het met drie aspekte.
- Die amp in die kerk ontstaan uit Jesus Christus die Groot Ampsdraer.
- Die amp in die kerk is nie genadige surplusse waarsonder die kerk kan klaarkom nie.
- Die amp ontstaan nie uit die algemene priesterskap van die gelowiges nie.

- Die pastor tree nie as vryskut op nie, maar as geroepene en in verbondenheid met die gemeente (Van der Meulen 2004:277). Die pastor tree as gestuurde in die lewens van ander mense in.
- Die veranderinge in die ampswerk van die pastor noodsaak ook struktuurveranderinge in die kerk.

Die pastor kan omskryf word as 'n persoon wat geskik, bekwaam en bevoeg is om sy roeping uit te leef

- Vir die toekoms van die pastor is nodig dat die drie komponente wat sy identiteit uitmaak, met mekaar in ewewig sal wees. Alle rolspelers in die kerkverband moet toesien dat dit gebeur, maar die pastor bly self die hoofrolspeler in dié verband.

Wie doen *wat*?

Die pastoraat maak deel uit van die *wat* van die studie.

Die volgende definisie van die pastorale versorging van pastors is gestel.

Die pastorale versorging van pastors is die totale kompleks van aktiwiteite van die hele kerk om op die wyse van 'n persoonlike episkope (dus amptelik) die evangelie aan die pastor te kommunikeer in al die fasette van sy menswees en met die gebruik van alle moontlike hulpmiddels om die pastor in staat te stel om met nuwe selfvertroue (identiteitsekerheid), gesag (ampsekerheid) en kompetensie (beroepsekerheid) sy roeping uit te leef.

Na aanleiding van die definisie word die volgende plek aan elke kerklike vergadering toegeken in die proses van die pastorale versorging van pastors:

- Die sinode funksioneer op die vlak van *beroep* en *amp* met gunstige gevolge op die vlak van die *persoon* van die pastor.
- Dit word bepleit dat die kerkverband sal insien en besluit dat die sinode die professionele werkgewer van die pastor is.
- Die sinode bepaal visie en beleid en voorsien mentors, begeleiers en 'n pastor *pastorum*.
- Dit word bepleit dat daar 'n beroepsraad vir pastors in die lewe geroep sal word, soortgelyk aan die mediese raad en prokureursorde. Hierdie liggaam moet ook die tug van predikante hanteer en optree as 'n appélliggaam.

Die taak van die sinode is om visie en beleid daar te stel vir pastorale versorging van pastors. Dit is in ooreenstemming met die taak van sinodes in die gereformeerde tradisie, maar dit moet met 'n meer pastorale inhoud gevul word. Die pleit van hierdie studie is vir 'n sterk gesentraliseerde bestuur van die korps van pastors met duidelike visioenêre leiding en beleid.

- Die sinode moet pastors bemagtig om na hulleself om te sien.
- Die ring funksioneer op die vlak van onderlinge sorg tussen pastors.

- Die kerkraad en gemeente funksioneer op die vlak van die algemene priesterskap van die gelowiges.

Wie doen *wat en hoe*?

Met betrekking tot die pastor pastorum word bevind dat:

Die bediening van die pastor pastorum gebou moet word op die metafoor van die herder. Om dit vandag te kan gebruik moet die metafoor eers gedekonstrueer word sodat verby die verskillende romantiese voorstellings daarvan gekyk kan word. Daarna moet dit rekonstrueer word om bruikbaar te wees vir die huidige omstandighede.

Rekonstruksie van die metafoor bring onder meer die volgende na vore wat van belang is vir die pastor pastorum.

Die pastor pastorum moet 'n denkende herder/leier wees.

Die bediening van die pastor pastorum is 'n persoonlike bediening.

Die pastor pastorum sien sake uit die perspektief van die ander pastor.

Die styl van die pastor pastorum is belangrik.

Dit is 'n lae tegnologie bediening

Die pastor pastorum werk met 'n bepaalde ritme.

Die pastor pastorum en sy rol in dissipline is aangetoon.

Die omvang van die pastor pastorum se werk is aangedui as die totale kompleks van die pastor se menswees.

Die pastor pastorum bepaal die paradigma.

Die pastor pastorum neem pastorale inisiatief.

- Die boodskap wat die pastorale versorging aan pastors moet oordra, is deur Jentsch (1982:318-329) verwoord:
 - Aan 'n onseker pastor – Die Vader gee ag.
 - Aan 'n selfversekerde pastor – Jesus gee nie op nie. Na aanleiding van Jesus se optrede teenoor Petrus en Thomas na sy opstanding.
 - Aan 'n oovraagde pastor – Die Heilige Gees gee volmag.

Empiriese navorsing

Die empiriese navorsing wat deel uitmaak van die *hoe* in die vraagstelling het die volgende aan die lig gebring:

1. Pastors beleef stres, uitbranding en alleenheid as 'n wesenlike probleem in hulle bediening.
2. Pastors se belewenis is dat die kerkverband hulle die meeste alleen laat.
3. Die empiriese ondersoek bevestig die aanname dat daar 'n behoefte aan pastorale versorging by pastors is.
4. Die pastor verkies om deur die kerk pastoraal versorg te word.
5. Dit maak vir die pastor, die ontvangers van die pastorale versorging, nie regtig saak uit watter kerklike vergadering die sorg kom nie, alhoewel sorg uit 'n

vergadering wat verder as die streeksinode van die predikant af is, waarskynlik oneffektief sal wees.

6 Pastors stel vertroulikheid en empatiese luister voorop in die *bediening* aan 'n pastor *pastorum*

7. Dit blyk dat 'n gebrek aan 'n visie op die geheel 'n groot probleem in veral kerke uit die gereformeerde tradisie is.

8. Die pastorale versorging van pastors moet op die persoon van die pastor sowel as die strukture waarbinne hy werk, fokus.

As deel van die empiriese ondersoek na die modaliteit, dit is die *hoe* van die vraag: "*Wie doen wat?*", is die volgende gevolgtrekkings gemaak oor die kerkorde en besluite van die Algemene Sinode, in sover dit die pastor raak.

- Die Kerkorde van die NG Kerk staan op goeie teologies verantwoorde grondslag, alhoewel dit te ampsgerig is en die gemeente nie tot haar reg laat kom nie.
- In die toepassing van korrekte beginsels word die pastor op teenstrydige wyse bestuur.
- Die kerkorde dra daartoe by dat die pastor 'n té belangrike posisie in die kerk inneem, en nie die van dienskneg nie. Die probleem is dat die ampte die kerkorde en nie gemeente nie as uitgangspunt het. Daardeur dra die kerkorde daartoe by dat die NG Kerk tot 'n groot hoogte 'n domineeskerk is.
- Die onopgeklarde spanning tussen kerkorde en arbeidswet, laat beide werkgewer (kerkraad) en werknemer (pastor) in 'n lugleegte en verskraal tans die verhouding tussen pastor en gemeente tot 'n kontraktuele verhouding.
- Die kerkorde maak nie genoegsaam voorsiening vir die persoonlike of beroepsontwikkeling van die pastor nie.

Dit blyk dat die kerkorde en die sinode parallelle paaie stap as dit kom by die bestuur van die pastor. Die sinode het in sy besluite erken dat die begeleiding en versorging van pastors 'n wesensaak vir die kerk is, en het persoonlike ontwikkeling en mobiliteit ter tafel gehad. Besluite van dié sinode (2004) het 'n nuwe pad aangedui wat poog om die werksaamhede meer visioenêr in te rig. Die sinode het gekies om die kerk te lei om op alle vlakke vanuit haar roeping te dink, te besluit en te leef.

In die oorsig na wat tans in die kerk gebeur op die gebied van die pastorale versorging van predikante, is op die volgende gewys.

- Daar word gesoek na 'n eenheid waarbinne die versorging kan plaasvind, wat groter is as die plaaslike gemeente en ring.
- Die fokus is besig om te verskuif van versorging na begeleiding.

- Van die kwessie van die gebrek aan mobiliteit word deeglik kennis geneem, alhoewel geen voor die handliggende oplossing tans op die tafel is nie.
- Daar word gepleit vir 'n omvattende en holistiese benadering, maar dit blyk dat die mentormodel tans die denke oorheers.
- Daar is gevind dat sommige die begeleiding sterk wil desentraliseer en ander weer sentraliseer. Dit is aangetoon dat daar nie 'n keuse tussen die twee gemaak hoef te word nie, maar dat 'n én... én benadering moontlik is. Tans behoort die klem te val op die sentralisering van die bediening.
- Pastors in die kerk word tans in die kerk op 'n baie gefragmenteerde wyse hanteer en dit behoort uitgeskakel te word.

7.2 Gevolgtrekkings.

Uit die studie kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word.

Die pastor is 'n baie belangrike figuur in kerke binne die gereformeerde tradisie en in die NG Kerk in besonder. Trouens, hy is in so 'n mate 'n té belangrike figuur dat die beginsels van die Reformasie daardeur aangetas word. Hierdie belangrike posisie wat die pastor inneem het negatiewe gevolge vir sowel die pastor self as vir die kerk in geheel. Vir die pastor kom die negatiewe gevolge daarop neer dat die balans tussen amp, persoon en beroep versteur is en eensydig op die persoon van die pastor belaaie word (sien 2.4.3.4). Baie van die probleme van die pastor kan daaraan toegeskryf word (sien 1.3 en 1.4).

Hierdie probleem moet bestuur word deur die drie aspekte van die profiel van die pastor (amp, beroep en persoon) weer in balans te bring. Hierin moet die kerkverband 'n kritiese rol speel deur:

- i) Verantwoordelikheid te aanvaar vir die pastorale versorging van pastors ten einde hulle in staat te stel om hulle roeping te vervul. Hierdie versorging moet omvattend wees in die sin dat dit moet strek vanaf bewuswording van die roeping, aanmelding en tot in emeritaat.
- ii) 'n Verbreding van die visie ten opsigte van die pastorale versorging van pastors. Dit het duidelik geword dat die siening dat die plaaslike gemeente volledig daarvoor verantwoordelik is, nie meer stand hou nie, maar dat die hele kerkverband, dit beteken elke vergadering van die kerk na eie aard, die pastor moet bestuur op 'n omvattende en holistiese wyse (sien 6.7).
- iii) Te leer ook uit ander kerklike tradisies. Die verskille wat tydens die Reformasie bestaan het, kan vandag op 'n nugter wyse hanteer word wat ruimte kan skep vir die pastorale versorging van pastors. Dit kan geskied deur gebruik van bekende wyses om dit doen (sien 3.4.3), of deur by ander tradisies te leer en dan volgens die nood van die tyd 'n nuwe figuur te skep (sien 3.4.3), met name dan die pastor pastorum (sien 4.5.1).

- iv) Die hele saak van die pastorale versorging van pastors te benader uit die hoek van sisteemdenke (sien 4.5.2.3).

7.3 Implikasies van die studie.

1. Die NG Kerk begin om doelbewus sistemies te dink. Om 'n bepaalde denkwysse te verander is moeilik en kan nie slegs plaasvind deur 'n aanbeveling of 'n besluit van 'n kerklike vergadering nie. Tog sal 'n besluit nodig wees om die proses aan die gang te sit en Senge se vyf "component technologies" doelbewus te bevorder en te implementeer.
2. Die NG Kerkverband aanvaar amptelik verantwoordelikheid vir die pastorale versorging van die pastors wat tot die bediening toegelaat is. Die kerkverband moet haarself sien as die professionele werkgewer van die predikant en die kerkraad as die funksionele werkgewer.
3. Die NG Kerk moet deur al haar vergaderings poog om die balans tussen die persoon, bekwaamheid en geskiktheid van die pastor te handhaaf.
4. Aangesien daar geen rede is om die ampte nie uit te brei nie, skeep die NG Kerk die amp van pastor pastorum om op bo-plaaslike vlak na die pastors in 'n bepaalde gebied om te sien.
5. Die pastor pastorum moet deur 'n bepaalde kerkvergadering verkies word en hy is verantwoordelik aan daardie vergadering. Daardie vergadering moet verkieslik die streeksinode wees, of op die vlak van gekombineerde ringe of streke. Koppeling aan 'n vergadering minder as gekombineerde ringe sal dit finansiële moeilik haalbaar maak, terwyl koppeling aan byvoorbeeld die Algemene Sinode die pastor pastorum se bediening weer te onpersoonlik sal maak.
6. Die pastor pastorum moet van ander diens vrygestel word en hy moet veral nie administratief oorlaai word nie.
7. In die kerkordelike hantering van die pastor pastorum moet daarteen gewaak word dat hy nie weer 'n hiërargiese biskop met 'n heilsbemiddelende en sakramentele karakter word nie.
8. Teologiese studente en pastors moet daaraan gewoond gemaak word dat die kerkverband betrokke is by hulle lewens en hulle pastoraal gaan en wil versorg.

Slotwoord

Aan die einde van die studie is die skrywer daarvan oortuig dat daar 'n toekoms is vir die "oorbodige beroep". Daar is gesien dat scenarios wat lank terug voorsien is in ontstellende mate waar geword het en vandag deur belewenisse van pastors in die bediening bevestig word. Aan die ander kant is daar nuwer studies wat van daardie scenarios bevraagteken. So is



Ammermann (2005:6) oortuig dat die sekularisasieteorie geen grond het nie en is sy nie bewus van enige gerespekteerde godsdienssosioloog wat dit onderskryf nie. Volgens haar is geloof in God nie besig om uit te sterf nie, maar te groei. Dit kan egter ook as 'n uitgangspunt aanvaar word dat die geloof in die toekoms nie in dieselfde vorm as tans uitgeleef gaan word nie. Dit hou die implikasie in vir die pastor wat ook aanpassings sal moet maak en steeds bly ontwikkel. Is die pastor daartoe in staat? Toe begin is met die omskrywing van die pastor is daarop gewys dat in die algemene omgang die pastor as 'n rigiede wese beskou is en nie hou van nuwighede nie. Die breër perspektief wat Heitink se werk bied, wys dat al is dit nie altyd skouspelagtig nie, die pastor tog oor eeue kon aanpas om *sy* en, nou ook, *haar* roeping te vervul. Die gesprekke en studie wat tans aan die gang is oor die pastor, dui daarop dat hierdie beroepsgroep reeds besig is om voor te berei vir die volgende stadium in die ontwikkeling. Mag hierdie studie daartoe 'n beskeie bydrae lewer.



Bylaag 1. VRAELYS AAN PREDIKANTE

Respondentnommer

V1 1

Beantwoord elke vraag deur 'n sirkel (O) rondom die syfer van toepassing binne 'n gekleurde blok te trek.

1. Beskou die volgende aspekte en besluit, op 'n skaal van **1 (minder** impak) tot **5 (meeste** impak) die impak van elkeen op u bediening

Alleenheid (geisoleerd)	1	2	3	4	5	V2	<input type="text"/>	4
Stres	1	2	3	4	5	V3	<input type="text"/>	5
Uitbranding	1	2	3	4	5	V4	<input type="text"/>	6

Indien u 1 of 2 in die kolomme by Vraag 1 gemerk het, gaan na Vraag 3

2. Indien u **3** tot **5** in die kolomme vir “**Alleenheid**” in **Vraag 1** gemerk het, wie laat u die **meeste** alleen? (Merk **slegs een** antwoord)

Familie	1	V5	<input type="text"/>	7
Kollegas	2			
Gemeente	3			
Kerkverband	4			

3. Tot watter mate is u **seker** of u die regte roeping (beroep) gekies het? (Merk **slegs een** antwoord)

Baie onseker	1	V6	<input type="text"/>	8
Redelik onseker	2			
Neutraal	3			
Redelik seker	4			
Baie seker	5			

4. Tot watter mate het u 'n behoefte aan **pastorale versorging**? (Merk **slegs een** antwoord)

Baie klein behoefte	1	V7	<input type="text"/>	9
Redelike klein behoefte	2			
Nie seker nie	3			
Redelike groot behoefte	4			



Indien u 1 tot 3 in Vraag 4 gemerk het is u klaar met die vraeys. Dankie vir u tyd.



5. Indien u “4” of “5” in die kolomme van **Vraag 4** gemerk het, **wie** sou u sê moet verantwoordelikheid neem daarvoor? **Prioritiseer** die volgende antwoorde deur ‘n “1” vir *hoogste prioriteit* en ‘n “9” vir *laagste prioriteit* te gee. **Moet** asseblief **nie ‘n syfer** tussen 1 en 9 **herhaal nie**.

Gesin		V8		10
Gemeente		V9		11
Kollegas (onderlinge sorg)		V10		12
Ring		V11		13
Sinode		V12		14
Algemene Sinode		V13		15
Mediese dokters		V14		16
Sielkundiges		V15		17
Pastorale beraders		V16		18

6. In watter mate sou u ‘n persoon uit die volgende instansies **verwelkom** om u pastoraal te versorg?

Gebruik die volgende kode:

1	=	G	<i>Glad nie welkom nie</i>
2	=	M	<i>Tot ‘n mate nie welkom nie</i>
3	=	N	<i>Neutraal</i>
4	=	W	<i>Tot ‘n mate welkom</i>
5	=	S	<i>Baie sterk welkom</i>

Instansie	G	M	N	W	S		
Gemeente						V17	19
Ring						V18	20
Sinode						V19	21
Algemene Sinode						V20	22

7. Watter **voorwaardes** sou u stel om so ’n persoon te ontvang? **Prioritiseer** die volgende antwoorde deur ‘n “1” vir *hoogste prioriteit* en ‘n “4” vir *laagste prioriteit* te gee. **Moet** asseblief **nie ‘n syfer** tussen 1 en 4 **herhaal nie**.

Ware evangeliese gesag		V21		23
Vertroulikheid		V22		24
Broederlikheid (empatie)		V23		25
Vermoë om u werklik te help		V24		26



8. Aan watter vereistes moet die persoon wat u pastoral versorg voldoen?

Die vermoë om empaties te luister	1	V25	<input type="text"/>	27
Die vermoë om die Skrif te gebruik in die situasie	2	V26	<input type="text"/>	28
Die vermoë om op 'n geestelike reis met u te gaan	3	V27	<input type="text"/>	29
'n Opgeleide berader	4	V28	<input type="text"/>	30
'n Opgeleide mentor	5	V29	<input type="text"/>	31
'n Geestelike begeleier	6	V30	<input type="text"/>	32
'n Spesialis pastor	7	V31	<input type="text"/>	33

9. Watter sake sou u bereid wees om met so 'n persoon te bespreek? **Prioritiseer** die volgende antwoorde deur 'n "1" vir **hoogste prioriteit** en 'n "4" vir **laagste prioriteit** te gee. **Moet** asseblief **nie 'n syfer** tussen 1 en 4 **herhaal nie**.

Persoonlikesake		V32	<input type="text"/>	34
Gemeentesake		V33	<input type="text"/>	35
Loopbaansake		V34	<input type="text"/>	36
Finansiëlesake		V35	<input type="text"/>	37

Baie dankie vir u tyd en deelname aan my navorsing



Bylaag 2: VRAELYS AAN LEIERGROEP.

Respondentnommer

V1 1

Beantwoord elke vraag deur 'n sirkel (O) rondom die syfer van toepassing binne 'n gekleurde blok te trek of skryf u antwoord binne die gekleurde spasio wat voorsien is.

1. Beskou die volgende aspekte en besluit, op 'n skaal van **1 (minder** impak) tot **5 (meeste** impak) wat die impak van elkeen op **predikante** in die algemeen is.

Alleenheid (geisoleerd)	1	2	3	4	5	V2	<input type="text"/>	4
Stres	1	2	3	4	5	V3	<input type="text"/>	5
Uitbranding	1	2	3	4	5	V4	<input type="text"/>	6

2. Wie sou u sê moet **verantwoordelikheid** neem vir die **pastorale versorging** van **predikante**? **Prioritiseer** die volgende antwoorde deur 'n "1" vir **hoogste prioriteit** en 'n "9" vir **laagste prioriteit** te gee. **Moet** asseblief **nie 'n syfer** tussen 1 en 9 **herhaal nie**.

Gesin		V5	<input type="text"/>	7
Gemeente		V6	<input type="text"/>	8
Kollegas (onderlinge sorg)		V7	<input type="text"/>	9
Ring		V8	<input type="text"/>	10
Sinode		V9	<input type="text"/>	11
Algemene Sinode		V10	<input type="text"/>	12
Mediese dokters		V11	<input type="text"/>	13
Sielkundiges		V12	<input type="text"/>	14
Pastorale beraders		V13	<input type="text"/>	15

2. In watter mate sou u 'n **persoon** uit die volgende instansies **stuur** om **pastorale versorging** aan **predikante** te gee?

Gebruik die volgende kode:

1 = **G** **Glad nie stuur nie**
2 = **M** **Tot 'n mate nie stuur nie**
3 = **N** **Neutraal**
4 = **S** **Tot 'n mate stuur**



5 = B Beslis stuur

Instansie	G	M	N	S	B			
Gemeente	1	2	3	4	5	V14	<input type="text"/>	16
Ring	1	2	3	4	5	V15	<input type="text"/>	17
Sinode	1	2	3	4	5	V16	<input type="text"/>	18
Algemene Sinode	1	2	3	4	5	V17	<input type="text"/>	19

3. Oor watter **vaardighede** moet die persoon beskik wat gestuur word, voordat, hy/sy uitgestuur kan word?

Die vermoë om empaties te luister	1	V18	<input type="text"/>	20
Die vermoë om die Skrif te gebruik in 'n situasie	2	V19	<input type="text"/>	21
Die vermoë om op 'n geestelike reis met u te gaan	3	V20	<input type="text"/>	22
'n Opgeleide berader	4	V21	<input type="text"/>	23
'n Opgeleide mentor	5	V22	<input type="text"/>	24
'n Geestelike begeleier	6	V23	<input type="text"/>	25
'n Spesialis pastor	7	V24	<input type="text"/>	26

4. Watter **vereistes** sou u aan so 'n persoon stel wat u **stuur**? **Prioritiseer** die volgende antwoorde deur 'n "1" vir **hoogste prioriteit** en 'n "4" vir **laagste prioriteit** te gee. **Moet** asseblief **nie 'n syfer** tussen 1 en 4 **herhaal nie**.

Ware evangeliese gesag		V25	<input type="text"/>	27
Vertroulikheid		V26	<input type="text"/>	28
Broederlikheid (empatie)		V27	<input type="text"/>	29
Vermoë om u werklik te help		V28	<input type="text"/>	30

5. Van watter vergadering is u voorsitter?

	V29	<input type="text"/>	<input type="text"/>	31
--	-----	----------------------	----------------------	----

6. Tot watter mate dink u het die **vergadering** waarvan u **voorsitter** is, 'n **verantwoordelikheid** ten opsigte van die **pastorale versorging** van predikante? (Merk **slegs een** antwoord)

Baie min verantwoordelikheid	1	V30	<input type="text"/>	33
Redelik min verantwoordelikheid	2			
Neutraal	3			
Redelike groot verantwoordelikheid	4			
Baie groot verantwoordelikheid	5			



Indien u 1, 2 of 3 by Vraag 7 gemerk het, gaan na Vraag 11

7. Indien u 4 of 5 by **Vraag 7** gemerk het, watter **prioriteit** sou u aan die verantwoordelikheid gee? (Merk **slegs een** antwoord)

Laag	1	V31	<input type="text"/>	34
Medium	2			
Hoog	3			

8. Indien u 4 of 5 by **Vraag 7** gemerk het, **prioritiseer** die **vorm** wat die **verantwoordelikheid** moet aanneem. Gebruik ‘n “1” vir **hoogste prioriteit** en ‘n “6” vir **laagste prioriteit**. **Moet** asseblief **nie** ‘n syfer tussen 1 en 6 **herhaal nie**.

Die beskikbaarstelling van ‘n beradingsdiens vir predikante		V32	<input type="text"/>	35
Mentorskap		V33	<input type="text"/>	36
Geestelike begeleiding		V34	<input type="text"/>	37
Pastor pastorum		V35	<input type="text"/>	38
Loopbaanbestuur		V36	<input type="text"/>	39
Opleiding van kerkrade vir die taak		V37	<input type="text"/>	40

9. Indien u 4 of 5 by **Vraag 7** gemerk het, in watter **mate** dink u **raak** die volgende sake die **predikantkorps**?

Gebruik die volgende kode:

1	=	G	<i>Raak glad nie</i>
2	=	K	<i>Raak slegs tot ‘n baie klein mate</i>
3	=	N	<i>Neutraal</i>
4	=	R	<i>Raak tot ‘n redelike sterk mate</i>
5	=	S	<i>Raak baie sterk</i>

Saak	G	K	N	R	S		<input type="text"/>	
Ongelykheid van ampte (domineeskerk)	1	2	3	4	5	V38	<input type="text"/>	41
Gebrek aan visie op geheel	1	2	3	4	5	V39	<input type="text"/>	42
Omslagtige besluitneming en bestuursprosesse	1	2	3	4	5	V40	<input type="text"/>	43
Gebrekkige versorging van ampsdraers	1	2	3	4	5	V41	<input type="text"/>	44
Die stelsel is ‘n onpersoonlike stelsel	1	2	3	4	5	V42	<input type="text"/>	45
Die onsekerheid oor die arbeidsregtelike posisie van die predikant, arbeidswet of kerkorde	1	2	3	4	5	V43	<input type="text"/>	46
Onsekerheid oor kerkrade as werkgewer van die predikant	1	2	3	4	5	V44	<input type="text"/>	47



10. Plaas die volgende moontlike **oplossings** vir die probleem van pastoraat aan pastors in **prioriteitsvolgorde** waar ‘n “1” beteken **hoogste prioriteit** en ‘n “8” beteken die **laagste prioriteit**. **Moet** asseblief **nie** ‘n syfer tussen 1 en 8 **herhaal** nie.

Moontlike oplossings	P		
Hersiening van die kerkorde	V45	<input type="text"/>	48
Uitklaar van die arbeidsregtelike posisie van die predikant	V46	<input type="text"/>	49
Die opstel van ‘n goeie bestuurshandleiding vir die bestuur van predikante (A – Z)	V47	<input type="text"/>	50
Die aanstel van persone om predikante pastoraal te versorg	V48	<input type="text"/>	51
Die herstel van die amp van ouderling in die kerk	V49	<input type="text"/>	52
‘n Stelsel van persoonlike episkope in plaas van korporatiewe episkope	V50	<input type="text"/>	53
Bemagtiging van predikante om na hulle self om te sien	V51	<input type="text"/>	54
Die skep van ‘n stelsel van onderlinge sorg vir predikante	V52	<input type="text"/>	55

Baie dankie vir u tyd en deelname aan my navorsing



Bylaag 3: Resultate van empiriese navorsing.

T05172 Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
1
(C0102-R8) : n-Way PROC FREQ of varbs RESP*VERSORG from data set
COMBOB (for PV7 > 3)

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The FREQ Procedure

Table of RESP by VERSORG

RESP	VERSORG					
Frequency						
Percent						
Row Pct						
Col Pct	Gesin	Gemeente	Kollegas	Ring	Sinode	Alg-
sinode	Sielkundige	P-berarder	Total			
Predikante	5	3	4	3	0	
1	2	1	19	7.69	10.26	0.00
2.56	5.13	2.56	48.72	15.79	21.05	15.79
5.26	10.53	5.26	42.86	57.14	75.00	0.00
50.00	100.00	33.33				
Leiersgroep	7	4	3	1	2	
1	0	2	20	17.95	10.26	7.69
2.56	0.00	5.13	51.28	35.00	20.00	15.00
5.00	0.00	10.00	20.00	58.33	57.14	42.86
50.00	0.00	66.67				
Total	12	7	7	4	2	
2	2	3	39	17.95	17.95	10.26
5.13	5.13	7.69	100.00			5.13



T05172 Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
 2
 (C0102-R8a) : n-Way PROC FREQ of varbs RESP*KVERSORG from data set
 COMBOBA (for PV7 > 3)

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The FREQ Procedure

Table of RESP by KVERSORG

RESP	KVERSORG	
	Binne-Kerk	Buite-Kerk
Frequency		
Percent		
Row Pct		
Col Pct		
Total		
-----+-----+-----+		
Predikante	16	3
19		
48.72	41.03	7.69
	84.21	15.79
	47.06	60.00
-----+-----+-----+		
Leiersgroep	18	2
20		
51.28	46.15	5.13
	90.00	10.00
	52.94	40.00
-----+-----+-----+		
Total	34	5
39		
100.00	87.18	12.82



T05172

Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
 3
 (C0102-R16) : n-Way PROC FREQ of varbs RESP*VOORW from

data set COMBOD

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The FREQ Procedure

Table of RESP by VOORW

RESP	VOORW		
	Vertroulik	Broederlik	W-help
Frequency			
Percent			
Row Pct			
Col Pct			
Total			
Predikante	14	3	7
24	31.82	6.82	15.91
54.55	58.33	12.50	29.17
	58.33	33.33	63.64
Leiersgroep	10	6	4
20	22.73	13.64	9.09
45.45	50.00	30.00	20.00
	41.67	66.67	36.36
Total	24	9	11
44	54.55	20.45	25.00
100.00			



T05172

Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
 4

(C0102-R17) : n-Way PROC FREQ of varbs RESP*PVERSORG from

data set COMBE

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The FREQ Procedure

Table of RESP by PVERSORG

RESP		PVERSORG			
Frequency					
Percent					
Row Pct					
Col	Pct	Baie-klein	Red-klein	Onseker	Red-groot
Baie-groot		Total			
-----+					
4	66	18	17	12	15
4.65	76.74	20.93	19.77	13.95	17.44
6.06		27.27	25.76	18.18	22.73
36.36		81.82	89.47	85.71	75.00
-----+					
7	20	4	2	2	5
8.14	23.26	4.65	2.33	2.33	5.81
35.00		20.00	10.00	10.00	25.00
63.64		18.18	10.53	14.29	25.00
-----+					
11	86	22	19	14	20
12.79	100.00	25.58	22.09	16.28	23.26



T05172

Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
 5

(C0102-R18) : n-Way PROC FREQ of varbs RESP*VEREIS from

data set COMBOF

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The FREQ Procedure

Table of RESP by VEREIS

RESP		VEREIS						
Frequency	Percent	Row Pct	Col Pct	Luister-Emp	Gegruik-Skr	Geeste-Reis	Berader	Mentor
Begeleier	Spes-Pastor	Total						
-----+-----+								
Predikante		17	5	10	8	10		
7	9	66	12.23	3.60	7.19	5.76	7.19	
5.04	6.47	47.48	25.76	7.58	15.15	12.12	15.15	
10.61	13.64	48.57	33.33	45.45	57.14	47.62		
36.84	69.23							
-----+-----+								
Leiersgroep		18	10	12	6	11		
12	4	73	12.95	7.19	8.63	4.32	7.91	
8.63	2.88	52.52	24.66	13.70	16.44	8.22	15.07	
16.44	5.48	51.43	66.67	54.55	42.86	52.38		
63.16	30.77							
-----+-----+								
Total		35	15	22	14	21		
19	13	139	25.18	10.79	15.83	10.07	15.11	
13.67	9.35	100.00						

Frequency Missing = 463



T05172 Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
 6
 (C0102-R21) : PROC NPAR1WAY with CLASS varb of RESP on varbs V2 - V4
 from data set COMBOG

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The NPAR1WAY Procedure

Wilcoxon Scores (Rank Sums) for Variable V2
 Classified by Variable RESP

Mean Score	RESP	N	Sum of	Expected	Std Dev
			Scores	Under H0	Under H0

41.446970	Predikante	66	2735.50	2871.0	94.753666
50.275000	Leiersgroep	20	1005.50	870.0	94.753666

Average scores were used for ties.

Wilcoxon Two-Sample Test

Statistic 1005.5000

Normal Approximation

Z 1.4247
 One-Sided Pr > Z 0.0771
 Two-Sided Pr > |Z| 0.1542

t Approximation

One-Sided Pr > Z 0.0789
 Two-Sided Pr > |Z| 0.1579

Z includes a continuity correction of 0.5.

Kruskal-Wallis Test

Chi-Square 2.0450
 DF 1
 Pr > Chi-Square 0.1527



T05172 Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
 7
 (C0102-R21) : PROC NPAR1WAY with CLASS varb of RESP on varbs V2 - V4
 from data set COMBOG

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The NPAR1WAY Procedure

Wilcoxon Scores (Rank Sums) for Variable V3
 Classified by Variable RESP

Mean	RESP	N	Sum of Scores	Expected Under H0	Std Dev Under H0
Score					

40.386364	Predikante	66	2665.50	2871.0	94.003173
53.775000	Leiersgroep	20	1075.50	870.0	94.003173

Average scores were used for ties.

Wilcoxon Two-Sample Test

Statistic 1075.5000

Normal Approximation

Z 2.1808

One-Sided Pr > Z 0.0146

Two-Sided Pr > |Z| 0.0292

t Approximation

One-Sided Pr > Z 0.0160

Two-Sided Pr > |Z| 0.0320

Z includes a continuity correction of 0.5.

Kruskal-Wallis Test

Chi-Square 4.7790

DF 1

Pr > Chi-Square 0.0288



T05172 Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
 8
 (C0102-R21) : PROC NPAR1WAY with CLASS varb of RESP on varbs V2 - V4
 from data set COMBOG

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The NPAR1WAY Procedure

Wilcoxon Scores (Rank Sums) for Variable V4
 Classified by Variable RESP

Mean Score	RESP	N	Sum of	Expected	Std Dev
			Scores	Under H0	Under H0

41.196970	Predikante	66	2719.0	2871.0	94.726505
51.100000	Leiersgroep	20	1022.0	870.0	94.726505

Average scores were used for ties.

Wilcoxon Two-Sample Test

Statistic 1022.0000

Normal Approximation

Z 1.5993
 One-Sided Pr > Z 0.0549
 Two-Sided Pr > |Z| 0.1097

t Approximation

One-Sided Pr > Z 0.0567
 Two-Sided Pr > |Z| 0.1135

Z includes a continuity correction of 0.5.

Kruskal-Wallis Test

Chi-Square 2.5748
 DF 1
 Pr > Chi-Square 0.1086



T05172 Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
 9
 (C0102-R24) : PROC NPAR1WAY with CLASS varb of RESP on varbs PVG PVR PVS
 PVA from data set COMBOH

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The NPAR1WAY Procedure

Wilcoxon Scores (Rank Sums) for Variable PVG
 Classified by Variable RESP

Mean Score	RESP	N	Sum of	Expected	Std Dev
			Scores	Under H0	Under H0
----- 23.395833	Predikante	24	561.50	540.0	39.872418
21.425000	Leiersgroep	20	428.50	450.0	39.872418

Average scores were used for ties.

Wilcoxon Two-Sample Test

Statistic 428.5000

Normal Approximation

Z -0.5267

One-Sided Pr < Z 0.2992

Two-Sided Pr > |Z| 0.5984

t Approximation

One-Sided Pr < Z 0.3006

Two-Sided Pr > |Z| 0.6011

Z includes a continuity correction of 0.5.

Kruskal-Wallis Test

Chi-Square 0.2908

DF 1

Pr > Chi-Square 0.5897



T05172 Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
10
(C0102-R24) : PROC NPAR1WAY with CLASS varb of RESP on varbs PVG PVR PVS
PVA from data set COMBOH

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The NPAR1WAY Procedure

Wilcoxon Scores (Rank Sums) for Variable PVR
Classified by Variable RESP

Mean Score	RESP	N	Sum of	Expected	Std Dev
			Scores	Under H0	Under H0
23.083333	Predikante	24	554.0	540.0	38.922594
21.800000	Leiersgroep	20	436.0	450.0	38.922594

Average scores were used for ties.

Wilcoxon Two-Sample Test

Statistic 436.0000

Normal Approximation

Z -0.3468

One-Sided Pr < Z 0.3644

Two-Sided Pr > |Z| 0.7287

t Approximation

One-Sided Pr < Z 0.3652

Two-Sided Pr > |Z| 0.7304

Z includes a continuity correction of 0.5.

Kruskal-Wallis Test

Chi-Square 0.1294

DF 1

Pr > Chi-Square 0.7191

T05172 Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
11
(C0102-R24) : PROC NPAR1WAY with CLASS varb of RESP on varbs PVG PVR PVS
PVA from data set COMBOH

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The NPAR1WAY Procedure

Wilcoxon Scores (Rank Sums) for Variable PVS
Classified by Variable RESP

Mean Score	RESP	N	Sum of	Expected	Std Dev
			Scores	Under H0	Under H0
20.8750	Predikante	24	501.0	540.0	39.988370
24.4500	Leiersgroep	20	489.0	450.0	39.988370



Average scores were used for ties.

Wilcoxon Two-Sample Test

Statistic 489.0000

Normal Approximation

Z 0.9628

One-Sided Pr > Z 0.1678

Two-Sided Pr > |Z| 0.3357

t Approximation

One-Sided Pr > Z 0.1705

Two-Sided Pr > |Z| 0.3410

Z includes a continuity correction of 0.5.

Kruskal-Wallis Test

Chi-Square 0.9512

DF 1

Pr > Chi-Square 0.3294



T05172 Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
 12
 (C0102-R24) : PROC NPAR1WAY with CLASS varb of RESP on varbs PVG PVR PVS
 PVA from data set COMBOH

10:11 Wednesday, March 29, 2006

The NPAR1WAY Procedure

Wilcoxon Scores (Rank Sums) for Variable PVA
 Classified by Variable RESP

Mean Score	RESP	N	Sum of	Expected	Std Dev
			Scores	Under H0	Under H0
----- 24.854167	Predikante	24	596.50	540.0	41.483077
19.675000	Leiersgroep	20	393.50	450.0	41.483077

Average scores were used for ties.

Wilcoxon Two-Sample Test

Statistic 393.5000

Normal Approximation

Z -1.3499

One-Sided Pr < Z 0.0885

Two-Sided Pr > |Z| 0.1770

t Approximation

One-Sided Pr < Z 0.0920

Two-Sided Pr > |Z| 0.1841

Z includes a continuity correction of 0.5.

Kruskal-Wallis Test

Chi-Square 1.8550

DF 1

Pr > Chi-Square 0.1732



Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 - T05172
 1

(C0102-R21a) : PROC MEANS with CLASS varb of RESP on varbs V2 - V4
 from data set COMBOG

14:33 Wednesday, April 19, 2006

The MEANS Procedure

RESP Median	N Obs Minimum	Variable	N Maximum	Mean	Std Dev	Std Error	Variance
2.0000000	66	V2	66	2.3333333	1.1810469	0.1453768	1.3948718
3.0000000	66	V3	66	3.1666667	1.0609623	0.1305954	1.1256410
3.0000000	66	V4	66	2.8787879	1.3418145	0.1651659	1.8004662
3.0000000	20	V2	20	2.7000000	1.0310955	0.2305600	1.0631579
4.0000000	20	V3	20	3.7000000	0.8645047	0.1933091	0.7473684
4.0000000	20	V4	20	3.4500000	1.1459310	0.2562380	1.3131579



T05172 Ds FT Cooke - Navorsingsprojek - SPR9029 - SP424209 -
 2
 (C0102-R24a) : PROC MEANS with CLASS varb of RESP on varbs PVG PVR PVS
 PVA from data set COMBOH

14:33 Wednesday, April 19, 2006

The MEANS Procedure

RESP Median	N Obs Minimum	Variable	N Maximum	Mean	Std Dev	Std Error	Variance
4.0000000	66	PVG	24	4.0000000	1.2158375	0.2481818	1.4782609
4.0000000	1.0000000	PVR	24	4.0416667	1.0417029	0.2126367	1.0851449
4.0000000	1.0000000	PVS	24	3.9166667	0.9743076	0.1988797	0.9492754
4.0000000	2.0000000	PVA	24	3.3333333	1.2038585	0.2457366	1.4492754
3.0000000	1.0000000		5.0000000				
4.0000000	20	PVG	20	3.7500000	1.4095539	0.3151858	1.9868421
4.0000000	1.0000000	PVR	20	4.0500000	0.7591547	0.1697521	0.5763158
4.0000000	2.0000000	PVS	20	4.2000000	0.8335088	0.1863782	0.6947368
4.0000000	2.0000000	PVA	20	2.7000000	1.5593521	0.3486817	2.4315789
2.5000000	1.0000000		5.0000000				

Bylaag 4. Voorveronderstellings aangaande Die Woord.

1. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk bely, as kerk wat in die Gereformeerde tradisie staan, dat die Bybel die Woord van God is en dat dit daarom:

* *gesag* het oor ons hele lewe, omdat dit aan ons betuig dat ons nie aan onself behoort nie, maar aan die Here, sodat ons geroep word om in vertroue op Hom en in gehoorsaamheid aan Hom te leef;

Kronologiese Notule 324

* *betroubaar* is, omdat ons vas glo dat God werklik is soos Hy Homself in die Skrif aan ons bekend maak: die Vader, Seun en Gees wat uit genade ons God is;

* *duidelik* is, omdat die kerk hierin die helderheid van die evangelie van God se liefde en genade hoor;

* *voldoende* is, omdat die Heilige Gees ons deur die Bybel alles leer wat ons hoef te weet om in God te glo en om sy wil te gehoorsaam (vgl NGB Artikel 7).

Daarom bely ons steeds gelowig dat dié waarheid bo alles is.

2. Soos nog altyd vir die Gereformeerde tradisie, beteken hierdie belydenis vir ons nié:

* dat die Bybel vereis dat ons ons denkvermoë, wat 'n gawe van God is, moet opoffer nie;

* dat die Bybel gesien kan word as 'n eksakte handboek vir historiese of wetenskaplike kennis nie;

* dat die hele Bybel so maklik is om te verstaan dat enige mens selfstandig en onmiddellik alles daarin kan begryp nie;

* dat die Bybel vir ons die volle kennis oor alle aspekte van die werklikheid gee, sodat geen verdere menslike nadenke of navorsing nodig is nie.

3. Ons bely verder dat God deur die Heilige Gees die kerk deur die eeue in die waarheid van hierdie Woord lei. Dit beteken vir ons dat ons die Skrif as die lewende Woord van God hoor in gemeenskap met die Heilige Gees en met mekaar. Daarom was die kerke in die Gereformeerde tradisie nog altyd oortuig van die belangrikheid van 'n verantwoordelike interpretasie van die Skrif waardeur die kerk as geloofsgemeenskap onder leiding van die Heilige Gees soek na die waarheid, geregtigheid en barmhartigheid wat God deur sy Woord in ons tot stand bring. Hierdie oortuiging dat die kerk die Skrif moet interpreteer, blyk onder meer uit:

* die klem wat van die begin af gelê is op 'n grondige kennis van die oorspronklike tale (Hebreeus, Grieks en Aramees) waarin die Bybel geskryf is, asook die soeke na die beste metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg;

* die beklemtoning dat die hele Skrif gelees moet word in die lig van die konteks waarin dit ontstaan het, sodat die tyd- en kultuurbetrokkenheid daarvan verreken kan word in die uitleg;



- * die soeke na reëls vir die uitleg van die Skrif (voorbeeld van sulke uitlegreëls uit ons tradisie is: dat die Skrif as totaliteit gelees moet word, dat Skrif met Skrif vergelyk moet word en dat die moeiliker dele in die lig van die makliker dele vertolk moet word en dat die Skrif uit sy hart, die evangelie van Jesus Christus, verstaan moet word);
 - * die onderskeid wat in die uitleg van die Skrif gemaak is tussen verskillende dele van die Skrif wat 'n verskillende soort gesag het (byvoorbeeld die onderskeid tussen die historiese en normatiewe dele van die Skrif, asook die onderskeid tussen die kultiese en morele wetgewing);
 - * die dankbare, maar kritiese luister na die manier waarop die Skrif in die geskiedenis van die kerk uitgelê is en in ons eie tyd deur medegelowiges in ons eie kerk en ander kerke uitgelê word;
 - * die vestiging van kerklike praktyke vir die interpretasie van die Skrif, soos veral die prediking, maar ook kategeese, Bybelstudie, teologiese studie en andere;
 - * en veral ook in die daarstel van belydenisskrifte waarin die kerk streef om die hart van die Skrifboodskap duidelik te vertolk en gehoorsaam te aanvaar.
4. Hoewel die kerk in elke tyd anders mag oordeel oor die beste reëls en metodes vir verantwoordelike Skrifuitleg, bly dit vir ons 'n basiese oortuiging dat die belydenis van die Skrif as Woord van God nooit teenoor verantwoordelike Skrifuitleg staan nie. Die belydenis roep ons juis op om onself, in gemeenskap met mekaar en met al die gawes wat God vir sy kerk gegee het, toe te lê op die soeke na die waarheid.
6. In die lig van hierdie belydenis glo ons dat God ook in die uitdagende tye waarin ons leef, sy kerk deur sy Woord en Gees in die waarheid sal lei. As Gereformeerdes en etiese kwessies van ons tyd betref, in hierdie oortuiging saam te soek na waarheid, geregtigheid en barmhartigheid. Ons glo dat hierdie soeke 'n ekumeniese strewe is, in verbondenheid met die kerk van alle eeue en die kerk dwarsoor die wêreld. Waar ons van mekaar verskil, glo ons dat ons in gesprek met mekaar moet bly, in die gebed dat God ons liefde al meer sal laat toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat ons die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom (Filippense 1:9-10) (Handelinge Algemene Sinode 2004 2.7 p323ev).

Bronnelys.

- ABBOT-SMITH, G. 1968. Manual Greek Lexicon of the New Testament. Aberdeen : University Press.
- ACKERMAN, D. 2006. Boetvaardige hoer of APOSTEL aan die apostels. Rapport, Perspektief, Junie 18.
- ADAMS, J. 1979. Sheperding God's Flock. Michigan: Grand Rapids.
- ADAMS, J. 1973. The Christian Councelors Manual. SL : Presbyterian and Reformed Publishing
- ADAMS. J. 1970. Competent to counsel. Sl: Presbyterian and Reformed Publishing.
- ALANT. C.J. 1970. Wat ek van my dominee glo en dink. UP Biblioteek.
- ALEXANDER, D. & P. 1986. The Lion Handbook to the Bible Kaapstad : Lux Verbi.
- AMMERMANN, N. 2005. Julle is te hard op julleself. *Kruisgewys*, Jaargang 5, Volume 2:5-6,
- ANTAL, J. M. 2000 Considering a New Call. SL. Washington: Alban Institute.
- A-Z HANDLEIDING AANGAANDE PREDIKANTE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. Pretoria 2007(NG Kerk).
- BACKER, W. Diensverhoudinge en arbeidswetgewing in die NG Kerk. 'n Opname gedoen onder 'n steekproef predikante van die NG kerk in 2003. Pretoria 2003. Kopie beskikbaar by opsteller.
- BELLINGER, G. 2005. The ways of systems.
<http://www.systems-thinking.org/theWay/theWay.htm>. (03/08/2005).
- BISSCHOFF, J.H.& SCHOEMAN, W.J. 2000. Kerkspieël 2000. Verslag van die sesde wetenskaplike opname van die NG Kerk in Maart 2000 in opdrag van die Algemene Sinode. Pretoria: NG Kerk.
- BISSCHOFF, J.H.& SCHOEMAN, W.J. 2003. Kerkspieël 2003. Verslag van die sewende wetenskaplike opname van die NG Kerk in Maart 2004 in opdrag van die Algemene Sinode. Pretoria: NG Kerk.
- BARRY, F. R. 1958. Vocation and ministry. Welwyn : James Nisbet,
- BAVINCK, H. 1967. Gereformeerde Dogmatiek iv. Kampen : Kok.
- BAXTER, R. 1656(1979). The Reformed Pastor. Edinburgh : Puritan Paperbacks.
- BERKHOF, H. 1972. Samevattend Rapport. Handelingen Synode Nederlands Hervormde Kerk (150-160) (p. 138)
- BLACKABY, H. T. & KING, C. V. 1999. Beleef God. Kaapstad : Protea Uitgewers.
- BONHOEFFER, D. 1980. The Cost of Discipleship. London : SCM Press.
- BOSMAN, L.L. 2001. 'n Narratiewe Beskouing van die pastoraal terapeutiese self in 'n postmoderne samelewing. Pretoria ; UP (Skripsie – D.D.)
- BOUTENEEFF, P.C. & FALCONER, Ad. (Red), , Episkope and Epicopacy and the quest for visible unity: Two Consultations, Ongepubliseerde verslag.



- BROWN, R.E. 1980. Episkope and episkopus: The New Testament Evidence, Theological Studies 44
- BRUCE, F.F. 1976. The Book of the Acts. Michigan : Eerdmans,
- BURGER, C, 1991. Praktiese Teologie in Suid-Afrika. Pretoria : RGN.
- BURGER, C.W., MULLER, B.A. & SMIT, D.J. 2003. Riglyne vir die prediking oor die christelike roeping. Wellington : Lux Verbi
- CILLIERS, J, 1996. Die uitwissing van God op die kansel. Kaapstad : Lux Verbi.
- CLINEBELL, H. 1984. Basic type of of pastoral counseling. London: SCM Press.
- COERTZEN, P. 1991. Gepas en ordelik.: 'n Teologiese verantwoording van die orde in die kerk, Pretoria : RGN.
- COERTZEN, P. 2003. Die Kerkorde. Wellington : Lux Verbi.
- COFFIN, W.S. jr. 1993. A Passion for the Possible. Louisville : John Knox Press,.
- CRAGG, D. 2003. (cuc@mweb.co.za) 4Jul.2003
- CROUCHER, R. 2002. Service of healing and wholeness to clergy., www.pastornet.au
- DAWN,M.J.&PETERSON, E.H. 2000. The unnecessary pastor. Vancouver :Regent College Publishing.
- DE BOOR, W. 1975. Die Apostelgeschiede, Wuppertal : Brockhaus Verlag.
- DE JAGER, JJ, 2002, Dekonstruksie van tradisionele probleem-realiteite:'n Narratief -pastorale perspektief, *Hervormde Teologiese Studies* 58(3), 1221-1239
- DE KLERK, J.J. 1978. Herderkunde. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- DE STADLER, L.G. Die groot Tesaurus van Afrikaans. 1994. Parow: Nasionale Boekdrukkers.
- DE VILLIERS, J.L. 1977. Die Handeling van die Apostels. Kaapstad : NG Kerk Uitgewers.
- DEN BOER, C. (*red.*) 1981. Met vreugde: pastorale handreiking ten dienste van predikant en kerkeraad. Kampen : JH Kok.
- DICKS, N.S. 2002. Verbi Dei Minister: 'n Teologiese Analise en Evaluering van die Diens van die Predikant soos Verwoord in die Kerkorde van die NG Kerk, Stellenbosch : Universiteit Stellenbosch. (Ongepubliseerde Proefskrif – DTh.)
- DREYER, Y, 2000, Refleksie op pastorale modelle, Deel 2: Die pastor as luisteraar: die storiemodel. *Hervormde Teologiese Studies*, 56(1):174-191.
- DU PLESSIS, 1987. Dogmas ten Grondslag van die ontwikkeling van die Episkopos-amp van die eerste tot die vierde eeue. Ongepubliseerde DTH proefskrif, Noordwes Universiteit, Potchefstroom.
- EISELE, G. & LINDNER, R. 1976. Hulp voor helpers. Den Haag : JN Voorhoeve.
- EPISCOPAL MINISTRY. 1990. The report on the archbishops' group on the Episcopate. London : Church House Publishing.
- EZELL, R. 1995. Ministry on the cutting edge. Washington: Alban Insitute.
- FABER, H. (*red*), 1983. Pastoraat-balans en perspektief 1. Kampen: Kok.
- FABER, H. (*red*), 1984, Pastoraat, balans en perspektief 2. Kampen: Kok.
- FIRET, J. 1977. Het Agogisch moment in het pastoraal Optreden, Kampen :Kok..



- GERKIN, C.V. 1997. An introduction to pastoral care. Nashville : Abingdon.
- GIBBS, E.& COFFEY, I. 2001. Church next. Leicester : Leicester : Inter Varsity Press.
- GREY, J. 1990. Predikant-wees vandag. Stellenbosch : Elise Grey Boeke.
- HANDS, D.R. & FEHR, W.L. 1993. Spiritual wholeness in clergy. Washington: Alban Institute
- HANEKOM, T.N.1951. Die liberale rigting in Suid-Afrika: 'n kerkhistoriese studie 1. Stellebosch: Christen Studentevereniging.
- HARBAUGH, G..L. 1992. Caring for the caregiver. Washington: Alban Institute
- HEICK, O. W. 1973. A History of Christian Thought. Philadelphia : Fortress Press.
- HEITINK, G. 1984. Pastoraat als Hulpverlening. Kampen : Kok.
- HEITINK, G. *et al.* 1996, Pastoraat en Geestelike Gesondheidsorg. Baarn : Ambo.
- HEITINK, G. 1993. Praktische teologie : geschiedenis, teorie, handelingsvelden. Kampen: Kok.
- HEITINK, G. 1998, Pastorale Zorg. Kampen : Kok
- HEITINK, G. 2002, Biografie van de dominee. Kampen : Ten Have.
- HEYNS, J.A. 1969. Sterwende Christendom. Kaapstad : Tafelberg
- HEYNS J.A. , 1976, Brug tussen God en mens.. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- HEYNS, & JONKER 1977. Op weg met die teologie. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- HEYNS, J.A, 1982. Teologiese Etiek 1. Pretoria: NG Kerkboekhandel
- HEYNS LM & PIETERSE, H.J.C. 1990, Eerste treë in die Praktiese Teologie. Pretoria : Gnosis,
- HILTNER, S. 1949. Pastoral Counseling. Nashville : Abingdon.
- HILTNER, S. 1958. Preface to Pastoral Theology. Nashville : Abingdon.
- HILTNER, S., 1959. The Christian Shepherd. New York : Abingdon.
- HOBGOOD, W. C. 1998,. The once and future Pastor. Washington: Alban Institute
- HUTCHEON, D. 2003. (admin@scottishbaptist.org.uk) 1 Aug.2003
- JACKSON, N. 2007a. NGK besin dán oor skeur. Beeld 3 Mei, p4.
- JACKSON, N. 2007b. Noord-Kaap bly NG. Beeld 10 Mei, p12.
- JENTSCH, W. 1989. Der Seelsorger. Moers : Brendow Verlag.
- JEROENSE, J. 2000. De Predikant is theoloog! *Woord en Dienst*, 49/24.
- KALTHOF, 1998. The Pastor: God's Servant for God's People in: Joerz, J C & McCain, P T (Eds.) Church and Ministry.
- KAPTEIN, R. 1966. De Predikant, zijn plaats en zijn taak in een nieuwe wêreld. Amsterdam : Poal en van Gennep.
- KENNEDY, D.O. 1984. The supervising minister: group therapy and ministerial training. University Microfilms International: Ann Arbor.
- KERKWEB, 2000. Werk van de predikant is geweldig zwaar. www.kerkweborg.nl. 30/08/2005.



- KINGHORN, J. *red.* 1986 Die NG Kerk en Apartheid. Johannesburg : Macmillan
- KLEYNHANS, E.P.J. 1982. Gereformeerde Kerkreg 1. Pretoria. : NG Kerkboekhandel.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1984. Gereformeerde Kerkreg 2. Pretoria. : NG Kerkboekhandel.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1985. Gereformeerde Kerkreg 3. Pretoria. : NG Kerkboekhandel.
- KLINK, T. 1970. Pastoraat: een perspectief op het persoonlijk eigene. Nijmegen: Dekker en van de Vegt.
- KOTZE, E.C.S. 1980. Wat behoort die predikant te doen? Pretoria : UP (Proefskrif – DD)
- KRAKOWER, K. 2002. Clergy in Crisis: Who ministers to the ministers? www.mtmfoundation.org/news. 29/05/2007.
- KRONENBURG, J. 2003. Episcopus Oecumenicus. Zoetermeer : Meinema.
- KUYPER, A. 1909. Encyclopedia der Heilige Godgeleerdheid, derde deel. Kampen: Kok.
- LABUSCHAGNE, L.F. & EKSTEEN, L.C. 1993. Verklarende Afrikaanse Woordeboek, Agste hersiene en uitgebreide uitgawe. Pretoria ; J.L. van Schaik.
- LEADERSHIP SUPPORT DEPARTMENT DIVISION OF MINISTRY EVANGELICAL LUTHERAN CHURCH IN AMERICA. 1977. Pastoral Identity, A reading resource for first call theological education participants.
- LEKKERKERKER, A.F.N. 1971. Oorsprong en funksie van het ambt. Gravenhage : Boekencentrum.
- LIDDEL & SCOTT. 1972. Greek-English lexicon. Oxford : Clarendon Press.
- LIDDEL, & SCOTT, 1971. (p. 93)
- LOUW, D.J. 1993. Pastoraat as ontmoeting. Pretoria : RGN.
- LOUW, J. & NIDA, E. *red.* 1988. Greek-English Lexicon. New York : UBS.
- MARAIS, F. 2005. Wat moet die predikant in die gemeente doen en hoe word die gesprek daarvoor gevoer? *Kruisgewys*, 5(2):11-12.
- MARÉ, L.P. 2005. AGS pastore se belewenis van hulle teologiese opleiding. *Verbum et ecclesia*, 26(1): 432-458.
- MARK, J. 2002. New research shows pressure on church leaders. www.pastornet.net.au. 20/08/2002.
- MCCORMICK B & DAVENPORT D. 2003. Shepherd Leadership: wisdom for leaders from Psalm 23. San Francisco: Jossey-Bass.
- MEAD, L. B. 2001. The Once and Future Church. Washington: The Alban Institute
- MIN SOO CHOI, 2005. Pastoral Care for Korean-American Pastors in the United States of America: A Narrative Approach. Pretoria : UP. (Proefskrif – D. Phil.)
- MOE, A.M. 1995. The Pastor's Survival Manual. Washington: Alban Institute
- MULLER, J. 2005. My teologiese geloof en gelowige teologie. *Kruisgewys*, 5(2):19-21.



- MÜLLER, B.A. 1981. Skrifgebruik in die Pastoraat. Stellenbosse teologiese studies; no8. Kaapstad : NG Kerk Uitgewers
- MULLER, J.C. 1998. Intercultural pastoral care and counseling:resources from narrative therapy and brief pastoral counseling. *Skrif en Kerk*, 19(2):326-342.
- NAUTA, D. 1971. Verklaring van die kerkorde van die Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen : Kok.
- NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK. 1990. Kerk en Samelewing: 'n Getuigenis van die NG Kerk, Bloemfontein : NG Sendingpers.
- NG KERK., 1998. Handeling van die tiende vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- NG KERK. 2002. Handeling van die elfde vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- NG KERK. 2003. Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Wellington: Lux Verbi.
- NG KERK. 2004. Die Kerkorde. Van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Elektronies beskikbaar by www.ngkerk.org.za
- NG KERK. 2004. Handeling van twaalfde vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.
- NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK.. 1988. Handboek vir die erediens; Uitgegee in opdrag van die Algemene Sinodale Kommissie van die Nederduitse Gereformeerde Kerk; Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.
- NEL. A. 2003. Op soek na God buite die kerk? Wellington : Lux Verbi.
- NEL, M. 1982. Jeug en Evangelie. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- NEL, M. 2001. Ek is die verskil. Bloemfontein : CLF,.
- NEL, M. 2004, Publieke pastorale leiers: Roeping, werwing en keuring, *VERBUM ET ECCLESIA*, 25(2):584-618.
- NEL, M. 2005. Publieke pastorale leiers 2: roeping, werwing, keuring, opleiding en ordening. *Verbum et Ecclesia*, 26(1):459-506.
- NOUWEN, H.J.M. 1990. The Wounded Healer. New York : Doubleday.
- ODENDAL, F.F., GOUWS, R.H., SCHOONEES, P.C., SWANEPOEL, C.J., Du Toit, S.J. & Booyen, C.M. 1994., Die Elektroniese Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. Midrand:: Perskor.
- OSWALD, R.M. & KROEGER, O. 2001. Personality type and religious leadership. Washington : Alban Institute
- OSWALD, R.M. 1998. Clergy Self Care.Washington: Alban Institute.
- OSSIMITZ, G. 2001 Teaching. System dynamics and systems thinking. <http://wwwu.uni-klu.ac.at/gossimit/eng/sdyneng.htm> (03/08/2005)
- PAPPAS, A. 1995. Pastoral stress: sources of tension, resources for transformation. Washington: Alban Institute.
- PARADIGMA. www.amazon.com. (15/10/2005).
- PETERSON, E.H. 1992a. Under the Unpredictable Plant, Michigan : Eerdmans.
- PETERSON, E.H. 1992b. Five smooth stones for Pastoral Work. Grand Rapids : Eerdmans.



- PIENAAR, J.F. 1996. Die begeleiding van 'n Predikant tydens sy midlewe. Pretoria :UP. (Verhandeling -DPhil) .Logos Information Systems
- PLOMP, J. 1967. Presbyteriaal-Episkopaal. Kampen : Kok.
- PONT, A.D. 1979. Die amp in die kerk. Pretoria : HAUM.
- REBEL, J. J. 1981. Pastoraat in Pneumatologies Perspektief. Kampen : Kok.
- RENDLE, G.R. 1998. Leading change in the congregation. Washington : Alban Institute
- RICHARDS, L & HOELTKE, C. 1980. A Theology of Church Leadership. Washington: Zondervan.
- RIDDERBOS, J. 1955. De Psalmen 1. Kampen : Kok.
- ROBERTS, J.H. 1983. Die Brief aan die Efesiërs. Kaapstad : NG Kerk-Uitgewers.
- ROSSOUW, P. 1974. Kerkverband en liggaamsverband in Jesus Christus. *NGTT Deel xv nommer 2, Maart 1974* (85-93).
- ROSSOUW, P. 1979. Kerkvergaderings. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- ROSSOUW, P.J.(red). 1988. Gereformeerde Ampsbediening. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- ROTHUIZEN, H.2007. Alle Christenen zijn geroepen. www.eo.nl (29/05/2007).
- RULLA, L.M., IMODA ,F., & RIDICK, J, 1988. Psychological Structure and Vocation. Rome: Gregorian Univeristy Press.
- SALTER, D. 1990. What really matters in ministry. Grand Rapids : Baker Book House.
- SCHREUDER, N. v Die Nederduitse Gereformeerde Kerk. (LC) (5 March 1999) (J273/97)
- SENGE, P.M. 1999 The Fifth Discipline. London : Random House Business Books.
- SERFONTEIN, J.H.P. 1982. Apartheid, change and the NG Kerk Johannesburg : Taurus.
- SHAWCHUCK, N. & Heuser, R. 1993. Leading the Congregation. Nashville : Abingdon Press.
- SIZOO, A. sj. Johannes Calvijn institutie of onderwysing in de Christelike godsdienst. Derde deel. Delft : Meinema
- SMIT , D.J. 2003. Prediking oor Christelike roeping. (In BURGER, C.W., MULLER, B.A. & SMIT, D.J. (reds) Riglyne vir die prediking oor die christelike roeping. Wellington : Lux Verbi.
- SMIT, FJ, 2005, Die pyn van transformasie - 'n Getuienis, *Kruisgewys* 5 (2), 15-16
- SMUTS, A.J. *red.* 1986. Die predikant as ampsdraer en mens. Pretoria : NG Kerkboekhandel
- SMUTS, A.J. *red.* 1989. Predikant en pastorale Praktyk. Kaapstad : Academica.
- STADLER, T.H.N. 1979. Die Kerklike Tughandelng. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- STANDER, H.F. 2005. Jesus@ons.co.za. Vanderbijlpark: Carpe Diem.
- STUART, T. 2002. New Research Shows Pressure on Church Leaders. www.pastornet.au



- SWART, T. 2001. Aspekte van uitbranding by predikante van die NG Kerk in die Sinode van Suid-Transvaal: Enkele Empiriese bevindings. *NGTT vol 42, nr 1* (89-101).
- Symington, J. *red* 2007. Jaarboek van die NG Kerke. Wellington: Lux Verbi.
- TE HENNEPE, M. Hersceppingversie1.1.
http://www.bijbelstudie.org/herscepping/09ag/leiding_roeping.htm
(29/06/2007).
- THE EVANGELICAL LUTHERAN CHURCH IN AMERICA. DIVISION FOR MINISTRY. 1996. Mentoring Partnership.
- THE INTER LUTHERAN COORDINATING COMMITTEE ON MINISTERIAL HEALTH AND WELLNESS. sa. Healthy Leaders, Healthy Church.
- THIELICKE, H. 1976. The Doctor as judge of who shall live and who shall die. Philadelphia : Fortress Press.
- THURNEYSSEN, E. 1980. Die Lehre von der Seelsorge. Zurich : Theologischer Verlag.
- THURNEYSSEN, 1968. (p. 119)
- TRIMP, C. 1982. Ministerium: Een introductie in de reformatoriese leer van het ambt. Groningen : De Vuurbraak.
- VAN RULER, A.A. 1965. Reformatoriese opmerkingen in de ontmoeting met Rome. Hilversum: Antwerpen.
- VAN DAM, G. 2004. Dichter bij het onuitspreeklijke Over Geestelijke begeleiding voor en door pastores. Baarn : Ten Have.
- VAN DAM, G. & EITJES M. 1994. Een pastor moet je toek kunnen vertrouwen. Zoetermeer: Meinema.
- VAN DER MERWE, G.A. 2003. Van toeka. Die Kerkbode:7, 26 Sept.
- VAN DER MEULEN, H.C. 2004. De Pastor als reisgenoot: Pastoraal-Theologische gedachten over geestelijke begeleiding. Zoetermeer :Uitgeverij Boekencentrum.
- VAN DER VEN, J.A. 1998. Education for reflective ministry. Leuven ; Peters Press.
- VAN DER WATT, P.B. 1976. Die Nederduits Gereformeerde Kerk: 1652-1824. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- VAN DER WATT, P.B. 1977. Die Nederduits Gereformeerde Kerk:1834-1866. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- VAN ITTERSON, G.P. 1974. Het kerkelijk amp in geding. Kampen :Kok.
- VAN NIEKERK, E.A. 1993. Stel die vlinder vry. Pretoria : Aktuapers.
- VAN NIEKERK, 2006. (p. 149)
- VAN NIEKERK, A.S. 2006. Gesag. *Beeld*, :10-25, Maart.
- VAN UCHELEN, N.A. 1971. De Psalmen deel1. Callenbach : Nijkerk.
- VELDKAMP, H. 1978a. De Balling van de Kabaroe. Franeker : T Wever.
- VELDKAMP, H. 1978b, Van Reformatie tot Deportatie Franeker : T Wever.
- Waaijman, K, 2003, Spiritualiteit, vormen, grondslagen, methoden, Kok, Kampen
- Wagenaar LG, 1959, Over een Amerikaanse wijze van pastoraat, Boekencentrum,Gravenhage



WAGENAAR, L.G.1959. Over een Amerikaanse wijze van pastoraat: Beschrijving en beoordeling van het pastoral counseling. Gravenhage: Boekencentrum

WEEBER N , 2005, Die pastor pastorum bediening in die Nederduits Gereformeerde Kerk: 'n ondersoek. MTh skripsie. Universiteit van die Vrystaat.

WEISER, A. 1975. The Psalms. Londen : SCM Press.

WIJNGAARDEN, H.R. 1969. Hoofdproblemen der Volwassenheid. Utrecht : Bijleveld.

WILLIMON, W. H. 1989. Clergy and laity burnout. Nashville : Abingdon Press.

WORD PREDIKANT. Kommentaar 9 Maart 2001.
<http://oud.refdag.nl/vp/010309vpco.html> 10/09/2005 .

This study was undertaken around the following problem statement:

As a result of erratic pastoral care for the ministers' corps of the Dutch Reformed Church (DRC) by the denomination, ministers are often left to their own resources (to fend for themselves?) and consequently experience solitude. Because of developments in society and the church, they exist and function more and more on the periphery of the lives of people and of society. With some ministers, this results in an alienation from their calling and uncertainty about how this calling should be realised in specific circumstances and contexts.

From this, the following research hypothesis was formulated:

When the denomination appoints ***pastors pastorum*** as an essential component of a **comprehensive and holistic approach** to the **pastoral care** of the **minister**, ministers will fulfil their calling with renewed self-confidence, improved competence and greater authority.

This study was approached from the methodological question: *Who does what, regarding who, how, where, when, why?*

The DRC functions according to the presbyterial synodal system of church government. Each pastor and congregation is, although self-reliant, also part of the DRC and the Church of Christ in general. The presbyterial synodal church government system is not the only way in which the church can be managed and is also not infallible. The weaknesses in the system have a negative effect especially on pastors who have attained an exceptionally important position in the system. The system of corporate episcopacy is inadequate in current circumstances.

Concerning episcopacy.

The service of episcopacy is scripturally defined, but the nature thereof depends on place, time and circumstances. In churches with an episcopal character, the episcopacy are the function of the bishop and possess an individual character.

A general consensus exists that these episcopacy can be executed in a synodal-collegial manner, OR in an episcopal-personal manner. It is not necessary to apply the service in the figure of the bishop exclusively.

It is essential to supplement the system of corporate episcopacy in the DRC with a system of personal episcopacy. The function of episcopacy must be applied to all levels of church life.

Concerning the pastor.

The term pastor is preferred to that of minister or preacher. No definition is given for a pastor, but the profile of the pastor is described in terms of the triangle: person, office and profession. The *calling* of the pastor is considered to be fundamental to this triangle.

The pastoral care of pastors comprises the totality of activities provided by the entire church in order to, by means of a personal episcopo (thus officially), communicate the gospel to the pastor in all facets of his humanity and, by utilizing all possible aids, to enable the pastor to fulfill his calling with renewed self-confidence (security of identity), authority (security of office) and competence (security of profession).

On the strength of this description, the following position is assigned to each church assembly in the process of pastoral care of pastors:

The synod functions on the level of profession and office with favourable results on the personal level of the pastor.

The circuit functions on the level of mutual care among pastors.

The church council and congregation function on the level of the general priesthood of believers.

The pastor pastorum

The ministry of the pastor pastorum should be founded upon the metaphor of the shepherd. To be able to use this nowadays, the metaphor should be deconstructed first in order to look past the various romantic portrayals thereof. Then it has to be reconstructed in order to be applicable to current circumstances. The position and profile of the pastor pastorum is pointed out. Special attention is paid to the pastor pastorum as shepherd and as person who should be able to think systemically.

Empirical research

The empirical investigation attempts to connect the *who* and the *what* to the *where* and the *when*.

1. The empirical investigation confirms the supposition that a need exists for pastoral care among pastors.
2. The pastor prefers to be pastorally cared for by the church.
3. For the pastor, the receiver of the pastoral care, it is not really important which church assembly the care emanates (comes?) from. Care from a major assembly which is removed further than the regional synod from the pastor, would, however, probably not be effective.
4. It seems that lack of a vision on the whole is a serious problem, especially in churches from the reformed tradition.
5. Solutions concerning pastoral care of pastors should be directed towards the person of the pastor as well as towards the structure in which the pastor works.

The church can and must learn from other church traditions.